# DIE OUER SE PLEK EN TAAK IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS SOOS GEÏMPLEMENTEER IN 'N TIPIESE VOORSTEDELIKE PRIMêRE SKOOL IN TRANSVAAL

deur

IZAK PETRUS SCHOLTZ, B.Com., B.Ed.

VERHANDELING INGEDIEN

TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES

vir die M.Ed.-graad

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

1973

Studieleier: PROF. B.C. SCHUTTE.

E. GEESTELIKE WEERBAARHEID 104

F. KOERANTE LEES, TAAL, GODSDIENS EN KULTUUR 105

G. GEMAKSUG EN ONKUNDE 108

H. OPSOMMING EN KONKLUSIE 111

HOOFSTUK 4

DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG EN SY OPGEWASSENHEID AL DAN NIE OM DIT UIT TE VOER 114

I. KORT HISTORIESE OORSIG VAN DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK 114

II. DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG 115

A. VEREISTES DEUR DIE TRANSVAALSE ONDER= WYSDEPARTEMENT GESTEL TEN OPSIGTE VAN: 115

1. Algemene doelstellings in die onderwys en opvoeding 115

2. Voogonderwys 116

3. Die hoof as professionele leier 117

B. ALGEMENE VEREISTES DEUR OPVOEDKUNDIGES EN ANDERE GESTEL 119

1. Idealisme 119

2. Volksleier en -opvoeder 120

3. Deelnemer aan kultuuraktiwiteite 120

4. Geestelike weerbaarheid 121

5. Rigtingaanduider 122

6. Opvoeding van die ouer 123

7. Kenner van lands- en ander vraagstukke 124

8. Buitemuurse bedrywighede 125

9. Verdere vereistes 127

a. Oordrag van ouerlike gesag 127

b. Die worsteling van 'n volk 127

III. IS DIE SKOOL OPGEWASSE VIR SY TAAK? 128

A. ONDERWYSERSOPLEIDING BEREI HOM NIE VOOR VIR SY TAAK NIE 128

1. Keuring van studente 128

2. Neutrale opleiding 129

3. Gehalte van die opleiding 130

4. Duur en aard van opleiding 131

B. DOELSTELLINGS IN SILLABUSSE KAN NIE ALTYD BEREIK WORD NIE 132

1. Najaag van resultate en prestasies 132

2. Rapport vir ouer 'n statussimbool 133

3. Onderwysersopleiding 134

C. VOOGONDERWYS LY SKADE 135

D. HOOF AS PROFESSIONELE LEIER 136

E. SIMBOLESTAAT 139

F. VOLKSLEIER EN -OPVOEDER 141

G. ONDERWYSERS : TYDSGEES EN GEESTESGESONDHEID 142

1. Tydsgees 142

2. Geestesgesondheid 143

H. NEGATIVISME VAN OUERS EN GEMEENSKAP TEENOOR DIE SKOOL 144

I. STAAT SE BYDRAE 145

IV. KAN DIE SKOOL OPGEWASSE WEES VIR SY TAAK? 147

A. STAAT SE BYDRAE 148

1. Volksopvoeding 148

2. Tersiêre onderwys 148

3. Belegging in die onderwys 149

B. KERK SE BYDRAE 150

C. OPENBARE MENING 152

D. IN-DIENS-OPLEIDING VAN ONDERWYSERS, DOSENTE, ENS. 152

/vi.

E. ORIëNTERINGSKURSUSSE 155

F. INSPEKSIES 156

G. SILLABUSSE EN DOELSTELLINGS 157

H. SAMEWERKING EN UITWISSING VAN ONKUNDE 157

I. ONDERWYSERS IS IDEALISTE 159

## HOOFSTUK 5

METODE VAN ONDERSOEK

I. INLEIDING 161

II. METODE VAN ONDERSOEK 163

A. SAMESPREKINGS MET ONDERWYSERS 163

1. Doel en roeping van die skool 164

2. Die ouer se taak en roeping in die onderwys en opvoeding 164

3. Die middele vir sedelike ontwikkeling 164

4. Voogonderwys 165

a. Die doelstellings in die verskillende vakke 165

b. Voogstaat 166

c. Voogonderwys - doelstellings 166

d. Huisbesoek by ouers en samesprekings tussen onderwyser en ouer 167

5. Klaskomitees 167

a. Konstitusie van die klaskomitee 168

b. Prosedure met vergaderings 168

c. Wenke aan elke onderwyser in verband met klaskomitees 168

d. Kultuurkomitee en ontvangs- en onthaalkomitee 169

e. Uitnodigings om klasse by te woon 169

6. Jaarlikse onthaal van nuwe leerlinge 170

/vii.

B. SAMESPREKINGS MET SKOOLKOMITEE 170

C. SAMESPREKINGS MET DIE BESTUUR VAN DIE OUERONDERWYSERSVERENIGING 170

D. BEKENDSTELLING AAN OUERS 170

E. IMPLEMENTERING VAN DIE STELSEL 171

1. Voogonderwys 171

2. Eerste algemene vergadering van ouer= onderwysersvereniging 171

a. Vergaderings in klasse 171

b. Vergadering in die saal 172

3. Funksionering van klaskomitees 172

a. Vergaderings 172

b. Fondsinsamelings 173

c. Ken-mekaar-aande 173

d. Voorligting en besprekings 173

F. SKEMATIESE VOORSTELLING 174

G. PRAATJIES EN VERDERE GEGEWENS OOR INLIGTING EN VOORLIGTING 174

H. BYEENKOMSTE VAN OPVOEDKUNDIGE AARD 175

I. PERSOONLIKE KONTAK 175

HOOFSTUK 6

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

I. INLEIDING 176

II. BYWONING VAN BYEENKOMSTE GEDURENDE 1969 EN 1970 IN VERGELYKING MET 1971 EN 1972 177

A. JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE OUERONDERWYSERSVERENIGING 177

B. SKOOLKOMITEEVERKIESING 178

C. BOEKUITSTALLINGS EN OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS 178

D. BYWONING VAN KLASSE DEUR OUERS 179

E. GEVOLGTREKKING 180

III. OUERS WAT MET AFRIGTING VAN SPELE HELP 180

A. RUGBY, KRIEKET, NETBAL 180

B. ATLETIEK 181

C. TENNIS 181

D. VOLKSPELE 181

E. GEVOLGTREKKING 181

IV. OUERS WAT MET DIE VERFRAAIING VAN DIE TERREIN HELP 182

V. OUERS WAT LEERLINGE BY SPORTGELEENTHEDE HELP VERVOER 183

VI. BYWONING VAN PLAASLIKE FEESTE DEUR OUERS ONDER ANDERE REPUBLIEKFEES, HELDEDAG EN GELOFTEDAG 183

VII. ONDERSTEUNING VAN FUNKSIES VAN KULTURELE AARD 185

VIII. ONDERSTEUNING VAN SKOOLFONDSFUNKSIES 188

IX. ANDER UITVLOEISELS VAN DIE EKSPERIMENT 192

A. KLASKOMITEES 192

B. ONTVANGS- EN ONTHAALKOMITEE 194

C. HULP IN DIE BIBLIOTEEK 195

D. HULP MET SKOOL- EN ONTWIKKELINGSFONDSE 196

E. KULTUURAKTIWITEITE 197

X. PROBLEME WAT OP NAVORSING WAG 197

XI. FINALE BEVINDINGS EN AANBEVELINGS 198


BYLAES


A1 DOEL EN ROEPING VAN DIE "SKOOL" 200

A2 DIE MIDDELE VIR SEDELIKE ONTWIKKELING 205

A3 DOELSTELLINGS IN DIE ONDERWYS EN OPVOEDING 206

A4 VOOGONDERWYS (STAAT) 212

A5 PERSONEELOMSENDBRIEF 1/1971 (OOR VOOGONDERWYS) 214

| | | |
|---|---|---|
| A6 | VOOGONDERWYS : DOEL EN WESE | 216 |
| A7 | VOOGONDERWYS : HUISBESOEK BY OUERS EN SAMESPREKINGS TUSSEN ONDERWYSER EN OUER | 220 |
| A8 | AFSPRAAK MET OUERS - VORM | 223 |
| A9 | KLASKOMITEE : KONSTITUSIE | 224 |
| A10 | PROSEDURE MET VERGADERINGS | 227 |
| A11 | WENKE AAN ELKE ONDERWYSER IN VERBAND MET KLASKOMITEES | 228 |
| A12 | KULTUURKOMITEE : KONSTITUSIE | 231 |
| A13 | ONTVANGS- EN ONTHAALKOMITEE : KONSTITUSIE | 232 |
| A14 | UITNODIGING OM KLAS BY TE WOON | 234 |
| B1 | OPVOEDINGSTAAK VAN HUIS EN SKOOL | 235 |
| B2 | UITNODIGING AAN OUERS NA VERGADERING VAN 11 EN 12 NOVEMBER 1970 | 238 |
| B3 | BEGELEIDENDE BRIEF AAN OUERS | 239 |
| B4 | DIE GESIN - VANDAG | 240 |
| B5 | WENKE MET BESOEKE AAN OUERS | 243 |
| C1 | OUERVERGADERING, 11 EN 12 NOVEMBER 1970 | 245 |
| C2 | GRADE (1971) ONTHAAL : 25 NOVEMBER 1970 | 258 |
| C3 | DIE SKOOL SE TAAK | 263 |
| D1 | BRIEF GERIG AAN PREDIKANTE | 266 |
| | BRONNELYS | 268 |
| | OPSOMMING | 280 |
| | SUMMARY | 282 |

## HOOFSTUK 1

## BEGRIPSBEPALING EN UITEENSETTING VAN DIE ONDERSOEK

### I. BEGRIPSBEPALING

### A. INLEIDING

In hierdie ondersoek word dikwels gebruik gemaak van sekere begrippe en is dit nodig om dit nader te omskryf. Nie net ouers nie, maar ook talle onderwysers heg verskillende waardes aan "onderwys en opvoeding". Kul= tuur en Christelik-nasionaal is eweneens begrippe wat verskillend vertolk kan word. Die Transvaalse Onderwysordonnansie is in hierdie ondersoek van belang in soverre dit ouers se aktiewe deelname in die onderwys en opvoeding van hulle kinders reël.

### B. ONDERWYS EN OPVOEDING

Onderwys en opvoeding is nie twee losstaande verskynsels nie, maar onderwys is in werklikheid 'n bepaalde aspek van opvoeding.[1]

Te dikwels word die twee begrippe apart gesien en word daar slegs op onderwys gekonsentreer. Greyling stel dit duidelik wanneer hy sê dat by 'n skool tref jy die kinders aan, die onderwysers, die leerplanne, miskien 'n goedtoegeruste gebou, asook goeie metodes en dissipline, maar sonder 'n mikpunt of doel - behalwe miskien om eksamens deur te kom.[2]

Beide Rienstra[3] en Schreuder[4] is van mening dat opvoeding niks anders nie is as hulp en leiding aan die kind in sy groei na selfstandig= heid en volwassenheid. Ook Donald McLean[5] sluit hierby aan en stel dit

---

1) Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p. 90.
2) Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, deel I, p. 64.
3) Rienstra, Y. Kind, school en gezin, p. 17.
4) Schreuder, Fred. Tips voor de ouders van de studerende jeugd, p. 10.
5) McLean, Donald. Your child and the school, p. 4.

/2.

dat die krag om alleen te staan en die lewe in die gesig te staar sonder vrees, belangriker as kennis is. Vir hom is onderwys van sekondêre belang. Hy sê voorts dat om die kind te help om hierdie krag te ondervinc is om 'n gevoel van onafhanklikheid by hom te kweek. Die doel van opvoedi is vir hom nie leer om in die vader se voetstappe te volg nie, maar die ve kryging van volwassenheid.

Die opvoedingsproses is nie deur die mens self geskep nie, maar is 'n inherente aspek van die lewensproses. Die mens kan dit slegs op 'n positief skeppende of 'n negatief versteurende wyse rig en stuur.[6] Die wese van die opvoeding is die omgang met mense wat aan die kind simpatieke leiding kan gee, omdat hulle die kind en die lewe en die wêreld waarin hy hom moet gaan tuismaak, ken en begryp; dat die kind werklik ontwikkel en dat hy werklik opgevoed word. Die kind moet op 'n bepaalde wyse gaan lewe Die opvoeder moet nie net die nodige kennis en behendighede aan die kind gee nie, maar veral 'n gesonde lewenshouding en karakterontwikkeling, want die opvoeder besit dit self omdat hy self weet en toon hoe 'n opgevoede mens moet lewe.[7]

Die intieme verband tussen onderwys en opvoeding word ook duidelik ge illustreer deur Prinsloo wanneer hy sê dat onderwys "nie net die intele= lektuele ontwikkeling van die jeug deur middel van die verkryging van kenn en vaardigheid, om sodoende nuttige of veral ekonomies bruikbare tegnici en professionele persone te lewer nie, maar ook (en veral vandag) om geestelik volwaardige en volwasse, goed aangepaste en geïntegreerde lede van 'n samelewing en burgers van 'n staat voort te bring."[8] Onderwys is d

6) Keyter, op. cit., p. 105.
7) Id., Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p. 76-77.
8) Prinsloo, M.J.W. Gekose komitee oor die onderwerp van die wets= ontwerp op die nasionale onderwysadviesraad verslag, p. 424-425.

ook opvoeding. "Christelike vakonderrig is terselfdertyd ook altyd Christelike opvoedingswerk. In dié sin moet elke Christelike onderwyser of dosent dus ook 'n Christelike opvoedkundige wees en die Christelike onderrig wat hy waarneem, so aanbied dat daardeur 'n bydrae gelewer word tot die Christelike karakterbou, opvoeding en vorming van die Christelike leerling of student."[9]

C. KULTUUR

Viljoen omskryf kultuur soos volg: "(Dit) behels alle aspekte van die mens se aktiwiteite, uiterlik en innerlik, in sy reaksie op die hom omringende werklikheid, in sy uitvoering van God se skeppingsopdrag aan hom om die natuur, die skepping, te beheers en te versorg ........ Kultuur omvat dus die totale manifestasie van die mens, in alle tye en plekke en in al sy aktiwiteite: klere, gebruiksvoorwerpe; taal, kuns, wetenskap; landbou, ekonomie, politiek; gesinslewe, groepslewe, volk; reg, etiek, ens. ens............ As Calviniste glo ons dat God die mens roep tot sy kultuurtaak en hom ook daarin onderskraag en onderhou."[10]

Om die verloop van hierdie verhandeling duidelik te volg, is dit nodig om twee stellings van Keyter weer te gee. Eerstens is hy van mening dat kultuurbesit en wêreld- en lewensbeskouing nie van mekaar geskei kan word nie, en as dit wel geskei word, móét kultuurbesit vermink word.[11] Tweedens sê hy dat egte ontwikkeling van kultuur slegs kan plaasvind solank die volk die innerlike geesteskrag besit om dit te handhaaf en daarop

---

9) Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p. 76.
10) Viljoen, G. van N. Godsdiens en kultuur. Handhaaf, 8(3): 14, November 1970.
11) Keyter, op. cit., p. 44.

/4.

voort te bou. "Is hy nie meer in staat om sy hoë ideale en aspirasies, sy geloof en waardevolle kultuurbesittinge teenoor die eise van sy tyd en omgewing te handhaaf en die vraagstukke wat daaruit ontstaan die hoof te bied nie, dan begin die vlug, die agteruitgang en verval wat alleen in uit= delging kan eindig." Dan rig hy 30 jaar gelede reeds hierdie waarskuwing: "Ons volk verkeer in 'n waansinnige selftevredenheid en laat-maar-loop-solank-dit-met-my-goedgaan - lewenshouding."[12)]

D. CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS

1. Inleiding

Protestants-Christelik is in Suid-Afrika ouer as die Afrikaner= volk. Met die koms van die Hollander-Geus en Fransman-Hugenoot in die laaste helfte van die 17de eeu is dit aan ons gegee. Geus en Hugenoot het gekom as nasate van die Calvinistiese Hervorming in onderskeiding van die Lutherse Hervorming en uit húlle lendene het 'n nuwe volk gespruit, die enigste wat in Calvinistiese kerkverband gebore is.

Gedurende die 18e en 19de eeu het die Piëtisme (eensydige beklemtoning van godsdienstige vroomheid) en Metodisme (eensydige toespitsing op be= kering en heiligmaking) na ons land gekom om die Calvinisties-Protestantse lewensgrondslag in kerk en godsdiens te ondermyn. Teen hierdie onder= myningsagtergrond het die Afrikaner die begrip Christelik-nasionaal as beginselnaam in gebruik geneem, omdat hy mettertyd besef het dat sy Protestantisme sowel as sy nasionalisme bedreig word.

Daarom ook dat die Afrikaner doelbewus die eerste vesting Christelik-nasionaal beveilig, naamlik die onderwys van sy kind. Hiervan getuig die C.N.O.-skole in die Vrystaat en Transvaal na 1902. Die stryd vir

---

12) Ibid., p. 28-29.

Christelik-nasionale onderwys het ononderbroke voortgeduur ook ná 1910, soos beliggaam in sy stryd vir moedertaalonderwys en die Afrikaanse skool.[13)]

In 1967 word die Wet op Nasionale Onderwys (Wet nr. 39 van 1967) gepubliseer in die Staatskoerant nr. 1705. Hierdie wet bepaal onder andere dat

a die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika Christelik van karakter moet wees;

b die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê; en

c ouers seggenskap in die onderwys moet hê deur middel van skoolkomitees, skoolrade en oueronderwysersverenigings of andersins.[14)]

2. Begrip Christelik-nasionaal

Christelik-nasionaal kan nie geskei word in Christelik en nasionaal nie. Daar moet onderskei word tussen Rooms-Katolieke nasionalisme, Mohammedaanse nasionalisme, liberaal-nasionaal, sosialisties- en selfs ook kommunisties-nasionaal. Dit was religieuse dryfkrag wat Geus en Hugenoot hierheen gebring het, en die Afrikanerdom wat uit hulle lendene spruit se lewensgeskiedenis stempel ons tot 'n Protestants-Christelik-nasionale volk, wat heeltemal iets anders is as Rooms-, Mohammedaans- of liberaal-nasionaal. Daar is ongelukkig die dwaling dat Christelik slegs ten opsigte van ons godsdiens geldig is en die res van ons volkslewe onaangeroerd laat.[15)]

---

13) Strauss, H.J. Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 1-2.
14) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool. Christelike Opvoedkunde-vereniging van Suid-Afrika, Nr. 7:1, 1971.
15) Strauss, op. cit., p. 5-7. Vgl. ook Erasmus, L.S. Die nasionale idee in die onderwys met besondere verwysing na Suid-Afrika, p. 245.

/6.

a. Christelike onderwys

Christelik-nasionale onderwys moet altyd in sy samehang gesien word, en wanneer die doelstellings van Christelike onderwys en nasionale onderwys bepaal word, moet dit as 'n eenheid en onlosmaaklik beskou word.

Om die skool met Bybellees, sang en gebed te open, maak van 'n skool nog nie 'n Christelike skool nie. 'n Skool is Christelik as die godsdiens deur kind en onderwyser in gees en rigting oorgedra word op al die aktiwiteite van die skoollewe.[16] Daar is dan ook 'n groot verskil tussen godsdiensonderwys en Christelike onderwys, tussen 'n skool bloot met godsdiensonderwys en 'n Christelike skool.[17]

Ook Strauss staan sterk op hierdie punt wanneer hy sê dat dit verkeerd is om te redeneer dat sekere vakke maar net kennis bybring, terwyl ander geroepe is om Christelikheid by te bring.[18] Hy stel dit ook dat deur slegs godsdiensonderwys te gee, kom leerlinge spoedig onder die valse indruk dat Christus met die res van die skoolvakke letterlik niks te doen het nie. Daardeur word die sogenaamde neutrale onderwys met verloop van tyd niks anders nie as 'n kweekplek van onchristelikheid.[19]

Van Wyk stel dit ook duidelik dat die Christelike skool in al sy aktiwiteite beheers moet word deur die Christelik-religieuse grondmotief: die Woord van God is die grondslag van die Christelike skool; die uiteindelike doel daarvan is die kennis, liefde vir en die diens aan God tot Sy eer en die saligheid van die kind; die inhoud van die Christelike skoolopvoeding bestaan uit die kennis van God (godsdiensonderrig), en die kennis van die mens en die natuur (die ander skoolvakke), terwyl die evangelie van Christus die hele skoolonderwys en -opvoeding deursuur;

---

16) Greyling, op. cit., p. 14-15.
17) Ibid., p. 18.
18) Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p. 73.
19) Ibid., p. 10.

/7.

die metodiek berus op 'n Christelike antropologie, kosmologie en groseologie (kennisleer); die skooltug word gelei deur die Christelike liefde en het as oogmerk die eer van God en die behoud van die kind, terwyl sy inrigting en beheer die Christelike beginsels in ere hou.[20)]

b. Nasionale onderwys

Keyter, Greyling en Strauss is dit eens dat opvoeding in wese nasionaal is. Keyter meen dat opvoeding nie 'n individuele saak is nie, want, omdat die individu en volk één is, is ook die opvoeding en ontwikkeling van die individu en volk 'n volkome ineengeskakeldheid. Ons kan van die vreemde leer, maar opvoeding sal alleen gesond en vrugbaar plaasvind wan= neer die lewensproses volgens sy nasionale samestelling en bestemming plaasvind.[21)]

Greyling sê dat 'n skool slegs nasionaal is wanneer 'n gesonde nasiona= lisme in die onderwys bestaan wat uiting vind in liefde en waardering vir 'n eie vaderland, geskiedenis, godsdiens, taal – dinge waarop elke volk groots is, wat sy eie is en geen ander volk s'n nie én wat die kultuur uit eie bodem onderskei, ken, waardeer en uitbou. Die skool moet ook nie apart van die volkslewe staan nie, maar wel daarbinne-in.[22)]

Strauss maak die stelling dat elke nasionalisme altyd 'n religieus-bepaalde sóórt nasionalisme is en dat 'n religieus-verdeelde volk vanself= sprekend 'n verbrokkelde nasionale beeld toon.[23)]

As voorbeeld dui hy aan dat vir die Spaanse Volk, wat deur die Roomse religie gedra word, is nasionale onderwys konsekwent Rooms-Katolieke onderwys. 'n Kommunistiese volk word deur Kommunisme aangedryf en vir

---

20) Van Wyk, op. cit., p. 7-8. Vgl. ook Greyling, op. cit., p. 91.
21) Keyter, op. cit., p. 45.
22) Greyling, op. cit., p. 19-23.
23) Strauss, H.J. Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 18-20.

/8.

hom is nasionale onderwys konsekwent kommunistiese onderwys.

Die Nederlandse Volksgemeenskap is daarenteen 'n religieus-verdeelde volk met Protestantse onderwys, Roomse onderwys en humanistiese onderwys.

Alleen wanneer die ware Christelike religie die dryfkrag van 'n volk se nasionale lewensgang en -geskiedenis is, is daar in beginsel geen botsing tussen sy nasionalisme en die korrekte grondslag van sy onderwys nie.[24] Vir die Afrikanerdom is nasionale onderwys dus vanselfsprekend slegs Protestants-Christelike onderwys en omgekeerd.

Vir nasionaal in ons Christelik-nasionale onderwys hoef ons nie te vrees nie, maar daar is één onverbiddelike voorbehoud en dit is dat ons nooit daartoe mag oorgaan om ons volksaard en -geskiedenis aan te sien as ons Christelike lewensgids nie. Want dán is ons besig om ons volk se vergestalting van die Protestantisme in die plek van die ordinansies van God in te skuif en dáárvan ons beginselbron te maak.

Die nasionale moet eerbiedig word in alle Christelik-nasionale onderwys, omdat dit beslis geen sonde is om Christelik-nasionaal te wees nie.[25]

Ook Erasmus wys op die gevaar van die nasionale as dit los van die Christelike grondslag is, want dan kan dit ontaard in nasie-verafgoding en nasie-aanbidding en dus 'n valse, gevaarlike nasionalisme in die vorm van totalitarisme of kollektivisme. Die nasie word dan 'n plaasver= vanger vir God.[26]

c. Christelik-nasionale onderwys

Vir die eerste keer in ons onderwysgeskiedenis kry ons ná die aanname van Onderwyswet nr. 39, onderwys wat nou 'n volksaak geword het vir

---

24) Ibid. Vgl. ook Erasmus, op. cit., p. 317.
25) Strauss, op. cit., p. 20.
26) Erasmus, op. cit., p. 317.

elke deel van die Republiek.[27)]

Terwyl dit so is, moet werk daarvan gemaak word dat onderwysers toe=gerus word vir Christelik-nasionale onderwys. In hierdie verband sê Van Wyk dat daar geen sprake kan wees van Christelik-wetenskaplike onderwys en opvoeding nie, as die onderwyser wat hierdie onderrig moet gee, nie geskool is in die Christelike vakwetenskap nie.[28)]

Vir Erasmus is daar nie so 'n vak soos Christelike Wiskunde of Christelike Biologie nie, maar daar is bepaald 'n Christelike vertolking van die inhoud. Die Christelike houding en gees van die skool moet aan=sluiting by dié van die kerk vind en van die Christelike huisgesin, en waar laasgenoemde nie Christelik is nie, moet dit daar ingedra word.[29)]

Om Christelik-nasionale onderwys werklik tot sy reg te laat kom, sal die aspirant-onderwyser gedrenk moet wees in die Bybel en die Christelike geloofsleer, die Christelike vakwetenskappe en die Christelike opvoedkunde. Alleen Christelike onderwyskolleges en Christelike universiteite sal Christelike onderwysers vir Christelike skole kan lewer.[30)]

Strauss som die hele situasie mooi op in die volgende definisie van Christelik-nasionale onderwys: "Christelik-nasionale onderwys is onder=wysende opvoeding tot Christelik-nasionale volwassenheid deur gehoor=saamheid aan álle Christelike beginsels."[31)]

## E. <u>ONDERWYSORDONNANSIE</u>

Onderwysordonnansie nr. 29 van 1953, wat op 1 April 1959 in werking

---

27) Coetzee, J. Chr. Nasionale onderwys. <u>Onderwysblad</u>, LXXVIII(836):130, Julie 1971.
28) Van Wyk, op. cit., p. 8-9.
29) Erasmus, op. cit., p. 101.
30) Van Wyk, op. cit., p. 8-9.
31) Strauss, op. cit., p. 18.

getree het, erken en maak voorsiening vir ouerdeelname in die onderwys en opvoeding van hul kinders, deur middel van skoolkomitees, ouer-onderwysersverenigings en skoolrade. Vir hierdie verhandeling is gebruik gemaak van die boekie "Die skoolkomitee en sy betekenis", wat saamgestel is deur die Transvaalse Onderwysdepartement en deur die Staatsdrukker, Pretoria, in 1958 gedruk. Verskeie aspekte van ouerdeelname in die onderwys en opvoeding word uit die Onderwysordonnansie gelig en in een=voudige taal in die boekie weergegee.

## II. <u>DOEL VAN DIE ONDERSOEK</u>

Die doel van hierdie ondersoek is om die volgende te probeer vasstel:

A. of daar 'n verskuiwing van die verantwoordelikheid van die opvoedingstaak van die ouer na die skool plaasgevind het;

B. of die skool opgewasse is vir hierdie taak; en

C. of metodes gevind kan word om die posisie te herstel indien A juis is, sodat die ouer as vernaamste opvoeder kan besin en beredder.

## III. <u>METODE VAN ONDERSOEK</u>

A. 'n Tipiese voorstedelike primêre skool in Transvaal word as voorbeeld geneem.

Na aanleiding van die pligte, verantwoordelikhede en doelstellings van skoolkomitees en oueronderwysersverenigings word die volgende vasgestel:

1. Die getal ouers wat byeenkomste by die skool gedurende 1969 en 1970 bygewoon het, dit wil sê die twee jare vóór meer doelbewuste pogings aangewend is ten opsigte van oueraande, verkiesing van 'n skoolkomitee en besture van die oueronderwysersvereniging.

/11.

2. Die getal ouers wat gehelp het met die afrigting van spele, te wete: rugby, netbal, tennis, atletiek, krieket en volkspele.
3. Die getal ouers wat gehelp het met verfraaiing van die terrein.
4. Die getal ouers wat leerlinge by sportgeleenthede gehelp vervoer het.
5. Die getal ouers wat plaaslike feeste bygewoon het, onder andere Republiekfees, Heldedag en Geloftedag.
6. Ondersteuning met skoolfondsfunksies en diverse funksies.

Die voorgaande besonderhede sal vergelyk word met resultate wat verkry is nadat positief voorligting gegee is aan lede van die skoolkomitee, ouers en onderwysers en ná reorganisasie van die bestaande oueronderwysers=vereniging.

B. Die bestaande bestuur van die oueronderwysersvereniging beskik oor 22 lede van wie 3 skoolkomiteelede is en deur die skoolkomitee aangewys word.

Die oueronderwysersvereniging is gereorganiseer om ook die volgende subkomitees te oorkoepel:

1. Kultuurkomitee: bestaan uit die Dagbestuur van die oueronderwysers=vereniging. Die kultuurkomitee, in samewerking met klaskomitees, reël kultuuraande vir musiek, sang, opvoedkundige praatjies, ope gesprekke en toneelopvoerings.
2. Klaskomitees: elke klas het 'n ouerkomitee van tien lede waarin die onderwyser leiding gee ten opsigte van kultuuraande, fonds=insamelings en besoeke aan ouers om belangstelling te wek. Daarbenewens moet ook die volgende onderneem word:
   a. Elke klaskomitee wys lede aan wat saam 'n ontvangs- en onthaalkomitee vorm.

b. Wys lede aan wat met afrigting van spele help.

c. Wys lede aan wat in die biblioteek help.

d. Wys lede aan wat twee dae na die einde van elke maand, skool= fonds- en ontwikkelingsfondsgelde by klasse insamel.

3. Ontvangs- en onthaalkomitee: ontvang en onthaal alle besoekende spanne se leerlinge, ouers en onderwysers.

C. Voogonderwys neem sy regmatige plek in en voogonderwysers doen huis= besoek en voer ouer-onderwysersamesprekings.

D. Gegewens insake die doeltreffendheid van die organisasie, 'n rekord van bywoning van funksies word gehou en vir die tydperk Januarie 1971 tot Junie 1972 verstrek.

## IV. PROGRAM VIR ONDERHAWIGE STUDIE

In hoofstuk 2 word 'n kritiese oorsig van literatuur en navorsings= bevindings gegee ten opsigte van die opvoedingstaak van die ouer, kerk en skool en word vasgestel of daar 'n verskuiwing van verantwoordelikhede is van die een na die ander.

In hoofstuk 3 word 'n kort historiese oorsig van ouerdeelname in onderwysaangeleenthede gegee, asook ouerdeelname in onderwys en opvoeding volgens die Transvaalse Onderwysdepartement Onderwysordonnansie nr. 29 van 1953. Daarna word omstandighede in die huidige tydsgewrig geskets wat ouerdeelname in die onderwys en opvoeding beïnvloed.

Hoofstuk 4 word gewy aan die skool se opvoedingstaak; histories, en ook in die huidige tydsgewrig.

Nadat die opvoedingstaak van die onderwyser en sy probleme aangedui is, word gepoog om die knelvraag, naamlik of die skool opgewasse is vir sy taak, te beantwoord.

/13.

In hoofstuk 5 word die empiriese ondersoek volledig aangedui met dokumente en bewysstukke as bylaes aan die einde van die verhandeling.

In hoofstuk 6 word die bevindings en aanbevelings aangedui.

/14. HOOFSTUK 2 ......

# HOOFSTUK 2

## DIE OPVOEDINGSVERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE OUER, STAAT, KERK, SAMELEWING EN SKOOL EN DIE VERSKUIWING VAN HIERDIE VERANT=WOORDELIKHEDE VAN DIE EEN NA DIE ANDER

## I. KRITIESE OORSIG VAN LITERATUUR EN BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN:

### A. DIE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE OUER

Verskillende aspekte van die opvoedingstaak van die ouer sal toegelig word, maar deurgaans moet hierdie aspekte altyd gesien word teen drie kern=waarhede, naamlik dat die huwelik, die huisgesin en die opvoedingstaak van die ouer voortkom uit die skepping van God; dat die grondslag van al die gesindhede by die kind in sy huis gelê word; en dat die voorbeeld van die opvoeder altyd 'n goeie opvoedingsmiddel is.

#### a. Huwelik, huisgesin en opvoedingstaak as skeppingsplan van God

Deut. 6:4-7 stel dit onomwonde wat die ouer moet doen.

Die huwelik, die huisgesin en die opvoedingstaak van die ouer kom voort uit die skepping van God.[1] Die gesin is die eintlike "bodem" van die opvoeding van die kind wat beslis wat daarin sal wortelskiet en wat nie. Daarom kan die skool of ander inrigtings nooit ten volle daardie plek inneem nie, omdat hulle almal die intieme, natuurlike verbondenheid van ouer en kind mis. Daar kan geen blywende en doeltreffende plaasver=vanger vir die gesin gevind word nie.[2]

Niemand kan die ouer se plek inneem nie, maar daar sal verder aangedui word dat baie ouers nie net onkundig is om hul kinders op te voed nie, maar ook onbevoeg en onverskillig is. Juis omdat die ouer so onvervangbaar is, is dit 'n dringende vereiste dat volksopvoeding op 'n ongekende skaal moet

---

1) Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, deel II, p. 96.
2) Keyter, J. de W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p. 80.

plaasvind. Dit word in hoofstuk 4 aangedui.

Hoe belangrik die gesin is, word treffend soos volg deur Keyter aan= gedui: "Sonder die gesin sterwe die siel van die volk, sonder die gesin word die opvoeding van sy siel beroof."[3)]

b. Grondslag van gesindhede by die kind word in die huisgesin gelê

Opvoedkundiges is eensgesind oor hierdie saak. Van die kind se geboorte af word hy deur sy gesin beïnvloed.[4)] Die grondslag van al die gesindhede by die kind word in sy huis gelê.[5)] Omdat kinders in hulle ouers glo, leer hulle hul ouers se maniere, idees en politieke en gods= dienstige gesindhede.[6)] Teen die kind se vyfde jaar is daar reeds ge= woontes gekweek en blywende indrukke, reg of verkeerd, by hom vasgelê wat 'n diepgaande invloed op sy latere lewenshouding en beskouings het.[7)]

c. Die voorbeeld 'n goeie opvoedingsmiddel

Baie van die hedendaagse klagtes en kommer oor gebrekkige belang= stelling van die jeug in landsake, asook die sogenaamde ouderdomsgaping tussen die jeug en die volwassenes, kan toegeskryf word aan dubbele standaarde en oneerlikheid in die ouer se handelinge teenoor sy kind. Die kind word opdrag gegee om kerk toe te gaan, terwyl die ouer tuisbly; die kind word gestuur na 'n volksfees, terwyl die ouer sy tyd elders verwyl; die kind mag nie dans of sterk drank gebruik nie, terwyl die ouer lustig meedoen, ens. Die kind word gepreek en bepreek in 'n "goeie" rigting,

---

3) Ibid., p. 83.
4) Wall, e.a. Failure in school, p. 65.
5) Langenhoven, H.P. Die verband tussen prestasies in die nuwe S.A. groepverstandstoets en omgewingsfaktore, p. 9.
6) Buehler, Charlotte. Childhood problems and the teacher, p. 37.
7) Oosthuizen, C.J. Die aandeel en invloed van die ouers en hulle op= vattings en menings insake sekere onderwysvraagstukke, p. 27.

/16.

terwyl die ouer se dade, sy voorbeeld net die teenoorgestelde is.

Die ouerlike lewenshouding en lewenswandel is die beste opvoedings=middel.[8) ] Dit moet egter onthou word dat dit byna onmoontlik is om 'n eienskap by 'n kind aan te kweek wat die opvoeder, ouer of onderwyser, self volkome mis.[9)]

1. Histories gesien

In tydsorde is die huisgesin die eerste opvoedingsgemeenskap. Dit was in die geskiedenis daar voordat die skool daar was. Alle op=voeding het deur middel van die ouers in die huisgesin plaasgevind. Hulle het die kennis en tradisies en die kultuur van die voorgeslag aan die na=geslag oorgedra. Soos die kultuurskatte vermenigvuldig het, die lewe meer gekompliseerd en die stryd om te bestaan moeiliker geword het, het ouers algaande minder die ontwikkeling en tyd gehad om hul kinders op te voed en moes hulle 'n hulp en plaasvervanger inroep om hulle werk vir hulle te doen of te help doen. So het die onderwysberoep en skool ontstaan.

Onderwysers is aangestel en betaal deur ouers en waar een huisgesin dit nie kon bekostig nie, het 'n paar gesinne saamgewerk en gesamentlik 'n skool gestig. Op die ouers het die opvoedingsplig gerus ten spyte van 'n plaasvervanger, en hulle het die gees en rigting van die skool bepaal. Later het die kerk en staat ook ingegryp. Dog ten spyte van die kerk en staat, is die huisgesin die natuurlike, die-deur-God-gegewe opvoedings=instituut, 'n opvoedingstaak wat deur God aan die ouers opgedra is.[10)] Gedurende die kind se skooljare verminder die ouer se rol as onderwyser, maar dit verdwyn nooit nie.[11)] Die skool is eintlik net 'n hulp vir die

---

8) Coetzee, J. Chris. Ons en ons kinders, p. 37. Vgl. ook Cronjé, G. Formulering van gesinsbeleid. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961, p. 182.
9) Schreuder, Fred. Tips voor de ouders van de studerende jeugd, p. 10.
10) Greyling, op. cit., p. 17-18.
11) Bailard & Strang. Parent-teacher conferences, p. 19.

gesin. Die huisgesin self is 'n kerklike, kulturele, opvoedkundige en ekonomiese gemeenskap in die kleine.[12]

Sy taak en verantwoordelikheid as vernaamste opvoeder kan hy nooit ontvlug nie.

2. Goddelike opdrag

Alle ouers is deur God geroepe om aan Hom verantwoordelik te wees vir hulle kinders. Ouers moet hul kinders opvoed in die vrese van die Here en in die kennis van sy weë. Elke vader moet sy kinders daarvan vertel en daarin onderrig. Waar die ouer nooit sy verantwoordelikheid as opvoeder kan ontduik nie, net so min kan die onderwyser as plaasvervangende of aanvullende opvoeder sy verantwoordelikheid in die opvoeding van die kind voor God ontduik nie, en moet ook die onderwyser voor God van sy plaasvervangende ouerskap verantwoording doen.[13] Die Goddelike opdrag in Deut. 6:4-7 is duidelik: "Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."[14] Hierdie opdragte is deur God gegee eerstens aan die ouer en tweedens aan die onderwyser.

---

12) Erasmus, L.S. Die nasionale idee in die onderwys met besondere verwysing na Suid-Afrika, p. 30.
13) Greyling, op. cit., p. 17-18. Vgl. ook Erasmus, L.S. op. cit., p. 259.
14) Vgl. ook Jos. 4:6,21; Ps. 78:1-8; Jes. 38:19; Ex. 10:2; 12:26; 13:14; Deut. 4:9; 6:7-9; 11:19; 32:46.

3. Godsdienstige opvoeding

Omdat die huwelik 'n instelling van God is, het die gesin 'n gods=dienstige funksie en moet in sy lig staan.[15] Daarom moet die gesin sorg dat sy mense vas bly aan hul ankers, dit is aan godsdiens, sedes, volk, vrou en kinders. Die grondslag vir die diens van God kan nêrens beter gelê word nie as juis in die Christelike huisgesin, omdat die Christenlewe daar begin. Waar die godsdienstige opvoeding in die huis nagelaat word, het dit nadelige gevolge vir die kerk, skool, staat, politieke party, die bedryf, die universiteit en die res van die samelewing.[16]

Ouers moet vroegtydig by kinders eerbied inboesem vir God en sy Naam en sy gebod, en geloof in sy bystand en beskerming en redding deur Jesus Christus. Die atmosfeer wat in die huis geskep word, is as opvoedings=middel belangriker as blote woorde.[17] Tesame met die atmosfeer wat in die huis geskep word en die voorbeeld van die ouers, moet ouers 'n kinder=like geloof in God en sy Woord hê, anders kan hulle nie hul kinders daartoe lei nie. Kinders moet geleer word en dit sien dat hul godsdiens nie 'n geleentheidskleed is nie, maar 'n hartsbegeerte om altyd en oral die eienskappe van hul Meester te openbaar. Ouers moet voldoende tyd aan godsdienstige opvoeding bestee. "Wie dit verwaarloos ter wille van ander belangrike werk, verwaarloos die belangrikste van hulle belangrike werk."[18]

Huisgodsdiens moet kort en verstaanbaar wees met verduidelikings aan

---

15) Pauw, S. Die funksies van die huisgesin. Ouer en kind, p. 216.
16) Strauss, H.J. Die etenstafel. Handhaaf, 9(1):23, September 1971.
17) Cronjé & Groenewald. Voorbereiding vir die gesinslewe. Ouer en kind, p. 30-31. Vgl. ook Bot, A.K. Tug en dissipline. Ouer en kind, p. 174-176; Beukes, D.P.M. Godsdiens in die huisgesin. Handhaaf, 9(1):20, September 1971; Pellisier, G.M. Die godsdienstige taak van die huisgesin. Ouer en kind, p. 280.
18) Beukes, Ibid., p. 20.

die kleinste kinders. Die verbondskinders moet van kleinsaf in die lewe van hul ouers ervaar hoe hulle gereeld, eerbiedig, spontaan-opreg met die Woord van God omgaan en in die gebed tot Hom nader. Maar hulle moet ook saam die Huis van die Here besoek.

Die gesamentlike aanwesigheid van die gesin in die erediens werk kalmerend en sekuriteitsversekerend op die kinders in. Ook die ouerlike belangstelling en besigwees in die kerk, byvoorbeeld die vader as lid van die kerkraad en die moeder se deelname in die sustersvereniging word deur kinders nagevolg.[19]

Om die regte godsdienstige klimaat in die huis te skep, is dit nodig dat die vader en moeder moet besef dat hulle 'n gesamentlike opvoedingstaak het. Hulle vul mekaar aan, maar dit is noodsaaklik dat hulle dieselfde oogmerke het, dieselfde ideale huldig en gedurig met mekaar oorleg pleeg.

Sinoniem met die godsdiens is die liefde. Een soort ouerliefde gee aan die kind alles soos kos, klere, opvoeding, ens., maar dan weerhou hulle hom van sy geboortereg, naamlik die liefde wat hom toekom.[20] En vroeg reeds voel die kind dit aan! 'n Ander soort ouerliefde is om van die kinders afgodjies te maak.[21] Eintlik vind die mens sy ware wese en dus sy ware geluk slegs in liefdebetoon. Dit is so, omdat die mens tot liefde geroepe is, want God is liefde. Slegs deur liefde word die moontlikheid in die kind ontdek en ontwikkel, word vertroue in die opvoeder by die kind gewek, voel hy veilig en kan hy selfstandig word.[22]

Ouers se opvoedende arbeid moet later wel deur hulpinstansies soos die skole, Sondagskole en Christelike verenigings aangevul word, maar nooit daardeur oorgeneem word nie. Ouers is die kind se ware opvoeders, leiers

---

19) Prins, S.J. Kerksheid, persoonlikheidstrekke en agtergrond by die vroegvolwassene, p. 163-165.
20) Pellisier, op. cit., p. 281.
21) Strauss, op. cit., p. 23.
22) Schutte, B.C. Die roepingsgedagte in die opvoedkunde. <u>Onderwysblad</u>, LXXXVIII(837):200, Oktober 1971.

en vormers. Die Christelike ouer moet ook besef dat die ouerhuis die eerste en laaste vaste punt vir die kind moet wees.[23)]

Later[24)] sal aangedui word dat hierdie godsdienstige taak van die ouer in baie gevalle na die skool en kerk oorgeskuif het. Nou sê Strauss dat "die hervormingswerk, die eer-herstel van ons Christelike samelewing moet beslis ook in die huisgesin begin."[25)] Strauss sê nie hoe nie. Keer op keer sal in hierdie verhandeling na die onkunde en gemaksug van die Afrikaner verwys word en na die noodsaaklikheid van omvattende volksopvoeding deur staat, kerk en skool. Strauss is korrek dat die herstel in die huisgesin moet begin, maar die gesin moet gelei word. Die wese van al ons probleme lê in die verontagsaming van die opdrag van God in Deut. 6:4-7 en van ons huweliks-, doop- en lidmaatskapbeloftes.

4. Gesag, tug en dissipline

Waar die godsdiens in die huisgesin tot sy reg kom, sal die tug 'n regmatige plek hê. In die Bybel is talle verwysings na tug, onder meer Spreuke 3:12: "Want die Here tugtig hom wat hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het."[26)] Die grondslag van gesag, tug en dissipline in die huisgesin berus dus op liefde, die liefde tot God.

Sonder gesag in die huis is daar letterlik en figuurlik chaos en kom daar van kinders niks tereg nie. Ouers moet as doel van hul gesag die hulp sien aan hul kinders om volwasse te word. By verstandige ouers sal die uitoefening van gesag met veel begrip en takt, met liefde, eerlikheid en regverdigheid plaasvind. Dit vereis van ouers sekerheid in optrede, wilskrag en selfvertroue, wat aan die kind nie net 'n gevoel van veiligheid gee nie, maar ook van agting en respek vir sy ouers.[27)]

---

23) Coetzee, op. cit., p. 53-54. Vgl. ook Beukes, op. cit., p. 20.
24) Vgl. afdeling II C en D, p. 64-71.
25) Strauss, op. cit., p. 24.
26) Vgl. ook Spr. 29:17; 13:24; 19:18; 19:20; 23:13-14; 12:1; Hebreërs 12:7.
27) Schreuder, op. cit., p. 32.

Tug word gewoonlik aan orde gekoppel, omdat tug toegepas word wan= neer orde versteur is. Daarom kan tug wat in driftigheid toegepas word, nooit opvoedkundige waarde besit nie. En in die goeie huisgesin heers in alles orde. Die ouer moet die voorbeeld in alles stel. Hy moet liefde gee, homself gee, sy tyd, sy aandag, sy sorg en sy inspanning, maar verkeerde neigings by die kind moet deur opvoedkundige straf onderdruk word.[28)]

Ouers wat hulle kinders wil dissiplineer, moet

a. 'n studie maak van enige tekens van anti-sosiale gedrag en die oorsaak daarvan probeer vasstel;

b. besef dat kinders goedkeuring verlang en in opstand teen ouerlike onverskilligheid sal kom;

c. met die skool in alle opsigte saamwerk en nie die onderwyser blameer vir die kind se gedrag nie; en

d. die kind 'n verantwoordelikheidsin leer en verder besef dat lof 'n sterker stimulant as beskuldiging is.[29)]

Baie ouers probeer hulle verantwoordelikheid ten opsigte van dissi= plinering ontduik en laat dit ten volle aan die onderwyser oor. "Dit kom neer op 'n ontduiking van die wese van ouerskap en een van die grofste misdade teen die kind."[30)]

Vanuit die oogpunt van die skool gesien en ook soos te dikwels in die grootstad geopenbaar, skyn daar die diepste nood aan gesag te wees. McLean en Gouws is oortuig dat daar onkunde heers, en waar onkunde heers, moet dit deur voorligting uitgewis word. Die onderwysowerhede moet landswyd brosjures met 'n Christelik-nasionale grondslag oor gesag, tug

---

28) Bot, op. cit., p. 173-178. Vgl. ook Greyling, op. cit., p. 95.
29) McLean, Donald. Your child and the school, p. 49.
30) Gouws, H.T. Jeugmisdaad : die belangrikheid van die ouerhuis en die skool by die voorkoming daarvan. Rehabilitasie, 9(2):85, Junie 1965.

en dissipline, deur primêre, sekondêre en tersiêre inrigtings aan alle opvoeders en potensiële opvoeders beskikbaar stel.

5. <u>Sekuriteit, beskerming, emosionele stabiliteit</u>

Sonder beskerming en sekuriteit in die huisgesin word die belangrikste voorwaarde van die egte opvoeding die kind ontneem. Daarom moet ouers altyd probeer om die besmoontlike gesinsverhouding na te streef, want "emotionally disturbed families may transmit their fears to their children."[31] Bernard Shaw het ook eens gesê: "An unhappy household is a bad nursery."[32]

Intellektuele groei en suksesvolle leer is inniglik met die kind se emosionele lewe, sy motivering en die sekuriteit-insekuriteit of angs-balans van sy persoonlikheid verbind. Daarom is die kwaliteit van die gesinslewe, die emosionele verhoudings tussen die kind en die ander kinders, en tussen hulle en die ouers, sowel as die algemene intellektuele rykdom of armoede van die huislike atmosfeer, van besondere belang. Wall het met 'n studie van kinders in inrigtings in vergelyking met dié uit normale gesinne gevind dat emosionele berowing van die eersgenoemde kinders die hele ontwikkeling van die kind affekteer.[33]

Waar daar 'n gemis aan rus en liefde tuis is, voel die kind nie "tuis" nie, <u>voel</u> en <u>is</u> hy ook nie veilig nie.[34] Wanneer die kind seker voel van sy ouers se liefde en ondersteuning, is hy meer gereed om op eie inisiatief nuwe ontdekkings te maak. Hierdie veiligheidsgevoel word deur Buehler soos volg toegelig: "The home gives to the child the feeling of security

---

31) Fine, B. The modern family guide to education, p. 293.
32) Aangehaal deur Rienstra, Y. Kind, school en gezin, p. 17.
33) Wall, op. cit., p. 70.
34) Schreuder, op. cit., p. 21.

that grows from affection."[35] In die goeie huis weet die kind dat sy mense hom liefhet. Hy weet dat hierdie liefde nie verdien moet word nie, en al sou hy hom slég gedra en swak presteer op skool, weet hy sy ouers het hom lief. Hy weet dat in moeilikhede sy ouers hom sal bystaan, want hulle erken dat hy foute maak en hulle sal, indien nodig, hul eie gemak vir sy welsyn opoffer. Dit gee aan die kind emosionele sekuriteit.

Die kind wat hom nie by die skoollewe kan aanpas nie, is 'n betroubare aanduiding dat daar in die gesinslewe iets verkeerd is.[36] Die emosionaliteit in die gesin, positief en negatief, is sterker en komplekser binne die gesin as by die skool en tussen maats. Ongesonde ouer-kind-verhoudings bring frustrasie en botsings mee en gevolglik emosionele steurings wat leer benadeel.[37]

Vir die ontwikkeling van 'n gesonde emosionele beheer by die kind, vereis die ouer-kind-verhouding twee emosioneelgesonde ouers wat:

a. self 'n begrip van integriteit in hul lewens ontwikkel het en wat mekaar liefhet;
b. hulle kind liefhet en dit ook toon en hom sodoende help om die gevoel van vertroue, sekuriteit en selfvertroue te ondervind;
c. onder die simpatieke, rustige beskerming van die gesin die kind kan leer om sy weg te vind, teen sy eie tempo, belangstellings en talente;
d. die kind laat besef dat hy as mens waarde het en waardevol geag word; en
e. tyd het, of tyd maak of tyd afstaan vir rustige en toegewyde omgang, meedoen en meelewe met hul kinders, sodat die kinders

---

35) Beuhler, Charlotte. op. cit., p. 36-37.
36) Stott, D.H. Unsettled children and their families, p. 44.
37) Havighurst & Neugarten. Society and education, p. 86-87.
Vgl. ook Wall, op. cit., p. 65.

die belangstelling, waardering, toegeneentheid en liefde van hul ouers keer op keer geestelik kan ervaar.[38)]

Dit is nie net die mindergegoede kind wat verwaarloos word nie, maar ook die kind in die gegoede huis. Ten spyte van sielkundige en opvoedkundige vooruitgang, word die opvoedingsprobleme steeds meer en ingewikkelder en is dit duidelik dat daar geen werklik doeltreffende plaasvervanger vir die gesin gevind kan word nie. Bowley sê in hierdie verband: "The family is the natural background for the growing child. Almost any home is better than no home. The worst and most ignorant mother, provided she is not actively cruel or wantonly neglectful, is better than no mother."[39)]

Dit is dan ook die hele opset met hierdie verhandeling om aan te dui dat niemand die ouer ooit kan vervang as vernaamste opvoeder nie, en dat die skool slegs op sukses kan boog, as daar die hartlikste samewerking tussen die huis en skool heers. Daar sal aangedui word dat dit die skool se taak en roeping is om die ouer weer sy regmatige plek as vernaamste op= voeder te laat inneem. Doen die skool dit nie, sal die botsende gesigspunte slegs toeneem, tot nadeel van die kind, skool, gesin en volk.

6. <u>Vaslegging van gewoontes en gesindhede, karaktervorming</u>

Opvoedkundiges is dit eens dat die kind se gewoontes reeds voor= skools vasgelê word. Basies is 'n kind se ouers vir hom die wonderlikste mense in die wêreld, ten minste in die begin. Hy aanvaar sonder meer die dinge wat hulle doen en hul manier van doen. Die kind aanvaar enigiets wat hulle sê as die finale woord. Ouers, ten goede of ten kwade, is die invloedrykste onderwysers. Vroeg reeds begin kinders hulle ouers naboots en hulle idees assimileer. Die gevolge van hierdie kinderdae-ondervinding

---

38) Frandsen, A.H. How children learn, p. 262-263. Vgl. ook Keyter, op. cit., p. 80, en Cronjé, G. Die formulering van gesinsbeleid, op. cit., p. 182.
39) Bowley, A.H. Child care, p. 1.

mag gewysig word, maar basies is dit blywend.[40)]

Elke gesprek wat in die huis gevoer word, elke koerant of tydskrif wat daar gelees word, elke boek in die boekrak en elke skildery wat daar hang, is deel van die kind se opvoeding. Alles dra by tot die kind se vorming en verfyning en bepaal ook die smaak wat hy later as volwassene aan die dag sal lê. Die ouers is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die kind se taal. Hulle leer die kind om algaande die belangrike nasionale lewenswaardes en kultuurbesit te waardeer. Onder leiding van die ouers leer die kind om die gebruike en gedragskodes van die gemeenskap te begryp en te eerbiedig, ontwikkel hy samehorigheid en lojaliteit teenoor die nasionale gemeenskap en word daarvan later 'n verantwoordelike lid.[41)]

Die voorbeeld wat die ouer stel, is van kardinale belang.

'n Menigte gewoontes wat fundamenteel vir karaktervorming is, word ook reeds in die kleuterjare vasgelê. Die gewoontes het tot gevolg eienskappe soos stiptheid, gereeldheid, getrouheid, eerbied, netheid, volharding, ywer, eerlikheid, ens. Die godsdienstige vorming in hierdie tydperk moet beklemtoon word, want dit is die kern van karaktervorming.[42)]

Wanneer die kind skool toe gaan "all of his home living, the home attitudes and relationships and the home expectations are part of him. He brings them to school with him every day."[43)] Hoe belangrik ouers se invloed op die kind is en hoe min invloed die skool in werklikheid het, word aangedui deur Boyd. Hy het die omvang van die morele invloed wat

---

40) Langdon & Stout. Teacher-parent interviews, p. 31. Vgl. ook McLean, op. cit., p. 2; McCreary, Anne. Intergroup relations in the elementary school. Education and society, p. 222-223; Cronjé & Groenewald. Voorbereiding vir die gesinslewe. Ouer en kind, p. 28; Langenhoven, H.P., op. cit., p. 9.
41) Keyter, op. cit., p. 86. Vgl. ook Viljoen, G. Afrikanerleier praat padlangs. Die Huisgenoot, XLII(2537):17, November 1970.
42) Nel & Naude. Die kleuter of voorskoolse kind. Ouer en kind, p. 90.
43) Langdon & Stout, op. cit., p. 5.

verskillende liggame en persone op die kind het, soos volg bepaal: die vader 40, die moeder 60, maats 78 en die onderwyser 8. Die invloed van die ouers gesamentlik, oortref die ander.[44)]

Ouers is die vernaamste opvoeders en moet hulle geweldige verant=woordelikheid ten opsigte van die opvoeding van hul kinders besef.

Daar word baie gepraat dat die wêreld siek is. Dit beteken dan dat die individuele mens siek is en om genesing te bewerkstellig, moet die indi=vidu genees word. Hierdie genesing moet plaasvind deur die opvoedings=proses in ons huise, skole en kerke. "Daar is net een genesing vir hierdie siekte. Dit is sterker en standvastiger karakters, hoër inte=griteit, breër en dieper geestelike visie, onkreukbare trou en lojaliteit teenoor mekaar, teenoor ons volk en ons land."[45)]

7. Vryetydsbesteding 3.2.2.3

Vryetydsbesteding het 'n wesentlike probleem vir die volwassene en vir die kind geword. Dit is die ouer se taak om toe te sien dat die huisgesin, as hoeksteen van die samelewing, hul vrye tyd reg aanwend. In die Republiek is die vyfdaagse werkweek wyd in swang, sodat meer mense meer vrye tyd het. Hoe word hierdie vrye tyd aangewend - om ledig te wees, rond te ry en te ontspan? Die vraag word na aanleiding van bevindings in Australië gestel. Daar is gevind dat vanweë die vermeerderde mega=nisasie en outomatisasie, die korter werkure en minder huishoudelike werkies, mans en vrouens al meer tyd bestee aan skeppende en artistieke aktiwiteite, waarvoor hulle voorheen nooit tyd gehad het nie.[46)]

Die gesin is vir die kind die primêre gemeenskapsvorm en ouers moet

---

44) Aangehaal deur Oosthuizen, op. cit., p. 43-44.
45) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 31-32.
46) McLean, op. cit., p. i.

positiewe leiding gee by vryetydsbesteding. Maar, vrye tyd het so be=langrik geword dat die mens daarvoor opgelei en toegerus behoort te word net soos vir sy werk. Vryetydsbesteding dek die grootste getal van die mens en die gesin se behoeftes, te wete sy godsdienstige, kulturele, maat=skaplike, ontwikkelings- en ontspanningsbehoeftes. Vryetydsbesteding kan ontwikkel word tot die grootste opvoedende krag in ons samelewing buite die gesin en die skool. Die grootste persentasie huisgesinne neem nog te min deel aan aktiwiteite van kerklike, maatskaplike of kulturele organi=sasies. Juis omdat daar so baie gebiede is waar die gesin hul tyd leer=saam en nuttig kan deurbring, bestaan die gevaar dat elkeen van die gesin hul tyd op verskillende plekke deurbring en daar nie tyd vir gesamentlike vryetydsbesteding is nie.[47]

Vrye tyd behoort aangewend te word vir 'n gesamentlike werksaamheid, byvoorbeeld waar die gesin saam sing, saam lees, saam werk en saam speel. Daar word ook saam stories vertel, saam gekuier by vriende, familie, 'n museum of fabriek. Baie gesinne bring hulle vrye tyd deur met ydelheid en skinder, bioskoop en prikkellektuur, dus ontspanning wat geen inspanning vereis nie. Om leeg te lê en niks te doen nie, is demoraliserend. "'n Normale mens is nooit gelukkiger as wanneer hy met die een of ander werk=saamheid besig is nie."[48]

Dit is die ouer se taak om te sorg dat die geskrewe woord in die vorm van koerante, tydskrifte en boeke ten beste as opvoedingsmiddel gebruik word. In hoofstuk 3 sal aangedui word hoeveel Afrikaners in Suid-Transvaal nooit Afrikaanse dagblaaie lees nie en hoe noodsaaklik volksopvoeding ook in hierdie verband is.

Kinders is lief om te teken, te sing, modelle van klei te maak en hulle

---

47) Van Zyl, A.J. Die vrye tyd van die huisgesin. Ouer en kind, p. 243. Vgl. ook Van Zyl, G.J. e.a. Die naskoolse jeug. Ouer en kind, p. 147-148.
48) Van Zyl, A.J. op. cit., p. 234-237. Vgl. ook Erasmus, op. cit., p. 25.

verbeelding te gebruik. Maar hulle moet aangemoedig word om op hulle eie manier te ontwikkel. In afdeling 6 is aangedui hoe dat gewoontes en gesindhede in die kleuterjare reeds vasgelê word. Ook wat vrye tyd betref, moet ouers hul kinders, terwyl hulle nog klein is, aan goeie musiek en alle vorms van kuns blootstel, hulle laat gereedskap kry en een of ander handwerk laat doen.

Waar televisie binnekort ook in die Republiek ingestel gaan word, is dit nodig om te let op wat in Australië gebeur het. Daar is gevind dat Australiese stedelike kinders (seuns en dogters) van 12 jaar, gemiddeld 12 uur per week voor televisie deurgebring het en dié van 15 jaar gemiddeld 8 uur per week. Om na televisie te kyk, het meer van hulle vrye tyd in beslag geneem as enige ander enkele aktiwiteit. Televisie kan 'n uiters opvoedkundige invloed hê, maar daar is niks opvoedkundigs in "westerns, commercials, cartoons or films punctuated with plugs for detergents and disinfectants."[49)]

## 8. Nuttige burgers en kultuur

In 'n demokratiese land het die ouer (en die skool) die verant= woordelikheid vir die ontwikkeling van toekomstige burgers vir die land.[50)] In ouerhuise waar 'n gebrek aan kulturele agtergrond heers, word kinders dikwels skool toe gestuur met so 'n kulturele agterstand en gebrek aan rypheid dat hulle selfs nie geskik is vir 'n kleuterskool nie.[51)]

Letterkunde, in vergelyking met ander kunsvorme, is maklik en goedkoop toeganklik vir die volksmassa. Sy trefkrag is uitgebrei en diep en daarom kan die volk so maklik gerig en vervorm word deur wat hy te lees kry. 'n Volk mag nie onverskillig teenoor die fisiese en geestelike

49) McLean, op. cit., p. 51.
50) Heffernan & Todd. Elementary teachers' guide to working parents, p. 47.
51) Blyth, D.J. Working with parents in disorganized urban community areas. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1) : 70, September 1957.

lewenspeil staan van die huisgesinne waardeur dit onderskraag moet word nie, want die kind aanvaar die ouers se politieke standpunte en houdinge teenoor staats- en burgerlike aangeleenthede. Vandag wil ons mense nie die voordele en geriewe van die huidige ekonomiese orde prysgee nie, maar sal eerder die gesinslewe opoffer. Daarom moet die huisgesin gerehabiliteer word. In baie huisgesinne heers 'n on-Suid-Afrikaanse gees wat aan die kinders 'n onnasionale kyk op ons volkslewe en vraagstukke gee. Die vraag is watter nuttige burgers uit sulke huise kan voortkom. Eintlik moet die skool hierdie verantwoordelikheid aanvaar en ouers opvoed en rehabiliteer. Die staat het miskien onbewus die ouers inisiatief en verantwoordelikheid=sin ontneem. Belangstelling kan weer gaande gemaak word deur hulle 'n groter finansiële verpligting ten opsigte van onderwys te laat nakom.[52)]

Deur die gesin word die kind ingelei in die nasionale kultuurbesit, die kennis van die nasionale lewensmilieu en sy betekenis en plek in die nasionale gemeenskap. Keyter meen ook dat omdat die ouer hierdie verant=woordelikhede het, die gesin noodwendig daadwerklike erkenning in die organisasie van die opvoeding en onderwys moet verkry.[53)]

Daar is egter voldoende rede om hierdie stelling te bevraagteken, omdat die meerderheid ouers traag is om deel te neem aan die bestaande aktiwiteite by skole deur daargestelde liggame, soos skoolkomitees, ouer=onderwysersverenigings en ook skoolrade. Ook by die verkiesing van hierdie ampsdraers is daar powere belangstelling.

9. Samewerking tussen ouers en skool

In die skool word die ouer se opvoedingstaak teen die agtergrond van

52) Erasmus, op. cit., p. 139.
53) Keyter, op. cit., p. 298.

ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing voortgesit en aange= vul. Daarom behoort daar niks anders as die nouste samewerking te heers nie.

Indien opvoeding werklik betekenis vir die kind moet hê, moet huis en skool saamwerk. Die skool en ouerhuis het omtrent dieselfde doel vir die kinders soos om hul sosiaal goed aangepas te kry, eties gesond op te voed, hulle persoonlikhede gesond te laat ontwikkel en van hulle goeie burgers te maak. Skool en ouers pak die take anders aan, omdat hulle verhoudinge tot die kinders anders is, maar albei is afhanklik van mekaar vir die doel= treffende bereiking van hierdie doeleindes en nie een kan alleen werk nie. Hierdie afhanklikheid van mekaar noodsaak samewerking.[54)]

Wanneer huis en skool begrypende waardering daarstel en aktief met mekaar saamwerk, dan eers kan daar kontinuïteit in die kind se ervarings= lewe wees. Die kind wat aanvoel daar is 'n begrypende band tussen ouer en onderwyser, het 'n veel groter gevoel van veiligheid.[55)]

Onderhoude en samesprekings tussen ouer en onderwyser bring die twee dele van 'n kind se lewe nader aan mekaar. Dit is beter as wanneer ouer en onderwyser nie weet of hulle saamstem oor hoe hulle die kind ten opsigte van sy agtergrond en skoolaktiwiteite sien nie. Hoe meer ouer en onderwyser mekaar verstaan, hoe minder sal die kind hierdie kant toe en daardie kant toe getrek word deur mense wat nie besef wat die verskil tussen die twee lewes is wat hulle verwag dat hy moet lewe nie.[56)]

Ouer en skool het dieselfde belang, naamlik die kind en sy welvaart. Deur samewerking en samesprekings kan hierdie doel bereik word. Die netto gevolg is: enersyds nuttige inligting vir die onderwyser van die huislike verrigtinge en van hoe die ouer oor verskillende sake voel en andersyds,

---

54) Buehler, op. cit., p. 47.
55) Leonard, e.a. Counseling with parents, p. 1-2. Vgl. ook Greyling, op. cit., p. 96.
56) Langdon & Stout, op. cit., p. 7.

nuttige inligting vir die ouer van die skoolverrigtinge en hoe die onderwyser oor sekere sake voel. Omdat huis en skool met die opvoeding van dieselfde kinders te doen het, móét hulle eenvoudig innig saamwerk.

Bonekamp sê dat ouers byna vanselfsprekend geskik geag word vir die oorspronklike opvoedingsverhouding, maar dit kom selde voor dat hulle besin oor wat opvoeding is. Ouers kan in die groot wêreld in elk geval die kind nie alles laat ondervind nie. Hulle dra deeltake oor aan ander om norme en waardes vir hul kinders te help ontdek en te verduidelik. By hierdie inleiding in die ruimere lewensgebied is dit van groot belang dat die ouers na die belewenisse tuis luister. Waar daar verskille is, moet hulle probeer om dit op te los.[57)]

Slegs wanneer ouers kennis het, kan hulle hul pligte as ware opvoed=ers nakom. Almal kan kinders hê, maar hoeveel kan kinders 'n goeie opvoeding gee? Die skool voed die hele kind op, terwyl baie ouers daardie opvoeding ongedaan maak. Die huis en skool moet daarom ten nouste saam=werk om mekaar aan te vul.[58)]

Wanneer die kind na die primêre skool gaan, begin die tydperk van samewerking met die skool in belang van die kind, enersyds deur belang=stelling in skoolaangeleenthede soos skoolfonds, uitstallings, konserte, ens. en andersyds deur die huis se bydrae tot die ontwikkeling van die kind dat dit nie te kort skiet nie. Vir die kind se ontwil moet die ouer bereid wees om saam te werk, maar meer nog, dit is die ouer se taak om die samewerking tussen die huis en skool te bewerkstellig en vol te hou.
Die ouer is dit aan sy kind verskuldig, want slegs op dié wyse sal die kind die grootste kans hê om gedurende die sewe jaar wat hy in die primêre

---

57) Bonekamp, Alf. Milieu moeilijkheden, p. 90-92.
58) Oosthuizen, op. cit., p. 49-51.

skool is, gesond op te groei in verstand, gees en liggaam.[59]

Gesonde samewerking moet nie net tussen huis en skool bestaan nie, maar ook tussen kerk en die gemeenskap as geheel.

## B. OPVOEDINGSTAAK VAN DIE STAAT

Die vorm en magte van die staat word toegesê in sy grondwet en konstitusie, wat saamgestel word uit die beginsels wat uit die wêreld- en lewensbeskouing van die nasionale gemeenskap voortspruit. Omdat die staat die grootste deel van die geldelike las van die skool dra, het hy reg tot medeseggenskap. Die staat mag egter nie alleenseggenskap hê nie en hy het ook geen totalitêre gesag nie. Waar die staat te veel seggenskap het, word die verantwoordelikheidsin van ouers vir hul kinders ondermyn, hulle verloor hulle selfrespek, inisiatief en ondernemingsgees.[60] Sake het dermate versleg dat dit noodsaaklik geword het vir die staat om 'n "Jaar van die Onderwys" van stapel te stuur ten einde die ouer meer belang te laat stel in die onderwys en opvoeding van sy kind.

Die staat se verpligtinge, met betrekking tot die skool, kan soos volg saamgevat word:

1. Die staat bepaal die peil van skoolonderrig van sy burgers.
2. Die staat mag nasionale onderwys eis en staatsgevaarlike elemente in die skoolopvoeding verbied.
3. Omdat die staat ook dienskneg van God is, het hy die reg om sedebederwende elemente in die skoolopvoeding te verbied.
4. Die staat is verantwoordelik vir die daarstelling van fasiliteite wat nodig is vir die kulturele ontwikkeling van sy toekomstige burgers.

---

59) Van Zyl, A.J., op. cit., p. 114-115.
60) Greyling, op. cit., p. 100. Vgl. ook Erasmus, op. cit., p. 33-34 en Van Wyk, op. cit., p. 10-11.

5. Deur middel van inspeksies stel die staat vas of aan sy eise met betrekking tot kulturele vorming en ewewigtige ontplooiing van sy toekomstige landsburgers uitvoering gegee word en of die beskikbare fasiliteite reg benut word.
6. Die staat verrig sy funksie met betrekking tot die skool deur 'n Minister van Nasionale Opvoeding en 'n Departement van Nasionale Opvoeding met direkteurs, inspekteurs en ander amptenare. Die Nasionale Onderwysraad bedien die Minister met aanbevelings in verband met onderwyssake en -wetgewing.[61)]

'n Feit wat dikwels uit die oog verloor word, is dat die volwasse burgers van die staat, die politieke leiers en lede van die regering se optrede sodanig moet wees dat die totaalbeeld wat hulle verskaf, die op= voedingswerk van ouers en onderwysers sal versterk. In hierdie verband laat Keyter hom soos volg sterk uit: "Tussen ons verdeelde lojaliteite en onderlinge twiste deur speel Mammon en Eie Belang mooi weer met ons mooi ideale en gesindhede en is ons besig om 'n nasie van praters en huigelaars op te voed wat soos 'n klomp aasvoëls oor ons land rondswerwe om te aas en te roof, in plaas dat ons 'n geslag van moed en durf opbou wat geleer het om te dien en om ons vaderland tot 'n waardige en waardevolle tuiste te maak."[62)]

Die staat het beheer oor die fondse. Die onderwyser kyk na die staat vir sy salaris, werkure, vakansie, ens. en die staat stel die onderwyser op dieselfde vlak as net 'n staatsamptenaar, met die ekstra las om ander se kinders te leer. Hier moet die staat beslis selfondersoek instel of hy nie deur sy totalitêre magte die onderwyser dwing om 'n afsydige houding in te neem nie.

---

61) Van Wyk, ibid. Vgl. ook Keyter, op. cit., p. 302-303.
62) Keyter, op. cit., p. 56.

Die staat, deurdat hy vry onderwys voorsien, maak ou 's net me belangeloos In Transvaal betaal ouers slegs 'oolfonds wat op 'n vr willige basis geskied. Talle artikels soos projektors, klaviere, luidsprekerstelsels, ens., wat vroeër deur skole op 'n R-vir-R-basis aangeskaf is, word nou deur die Departement uit toewysings of uit spesiale fondse verskaf. Die stelsel van vry skoolgelde is heeltemal vreemd aan 'n stelsel van Christelik-nasionale skole en soos ouers se finansiële verpligtinge teenoor hulle skole al minder word, verminder ook hulle belangstelling en verantwoordelikhede teenoor hulle skole. Wanneer ouers direkte en verpligte bydraes moet maak vir die onderwys van hul kinders, sal hulle waarskynlik meer aandag aan die opvoeding en onderwys bestee. Dit is 'n saak wat die staat se ernstige aandag eis.[63)]

C. <u>OPVOEDINGSTAAK VAN DIE KERK</u>

Dit moet begryp word dat die volwasse lidmate van die kerk inderdaad die Kerk is. Prinsipieel behoort die skool nie aan die kerk nie, maar aan die ouers. Ook histories stam die skool nie uit die kerk nie, maar uit die huisgesin. In ons geskiedenis was daar 'n tyd toe baie Afrikaners wou hê dat die kerk skole moet stig en die onderwys moet behartig. Maar kerkskole is volgens die stelsel van die Roomse. Onderwys moet tewens ver-Christelik word en nie ver-kerklik nie, want dan is dit kerkisme.[64)]

Die kerk het wel deeglik belang by die skool, omdat volgens die genadeverbond en die doop, die kind op skool lidmaat van die kerk is.

---

63) Gedurende die finansiële jaar 1969-1970 het dit die Transvaalse Onderwysdepartement R194,62 per leerling gekos in die primêre skool. Die gemiddelde koste per leerling (primêr, sekondêr en tersiêr) was R415,23. Vgl. T.O.D. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1969, p. 131.

64) Greyling, op. cit., p. 97. Vgl. ook Van Wyk, op. cit., p. 10.

/35.

Ho[illegible]el [illegible] kind [illegible] i[illegible] is dit d[illegible] plig [illegible]an die kerk om te let op die l[illegible]er en wand[illegible] v[illegible] sy lidm[illegible] en dat hulle nie onder geloof[illegible]adende in= vloede s[illegible]l opgroei n[illegible]e. Omdat die kerk egter geen direkte seggenskap in die skool as selfstandi[illegible] samelewingsverband het nie, kan hy dus ook geen tug op die skool toepas nie. Hy kan slegs sy lidmate tug. Die kerk kan nietemin wel via die kansel of kerkraads- of meerdere vergaderings die owerheid of die skooloutoriteite vermaan.

Afgesien van sy primêre taak om die godsdiensbehoeftes te bevredig en die Woord te verkondig, het die kerk 'n baie belangrike aandeel in die op= voedingsproses. Die kerk is nie self skoolmeester nie, behalwe in sy eie kerklike onderrig. Die kerk moet altyd waak teen godsdiensneutrale onderrig aan die kinders wat sy dooplidmate is en moet hom beywer daarvoor dat die onderwys Christelik sal wees omdat hy die koningskap van Christus oor die hele lewe verkondig. Die kerk oefen invloed uit op die Christelike gees en rigting van die skool. Dit geskied deur die kerk se invloed en tug op die ouers, kinders en onderwysers as lidmate van die kerk. Geen kerk sal daarom sy sout werd wees nie as hy passief sal sit en toesien dat die kind op 'n manier opgevoed word wat ondermynend mag wees vir die Christelike uitkyk van die volk.[65)]

Die Sondagskool is die primêre en vernaamste vorm van kerklike onder= rig.[66)] Maar die kerk se opvoedingstaak is nie beperk tot eng kerklike onderrig nie, dog soos reeds aangedui, op die invloed wat hy uitoefen op

---

65) Greyling, op. cit., p. 101. Vgl. ook Keyter, op. cit., p. 91-92; Treurnicht, A.P. Onder die soeklig, p. 60 ; Raath, R.J. Memorandum van die interkerklike komitee vir onderwys en opvoeding van die Hollands-Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika : Gekose komitee oor die onder= werp op die na[illegible]onale onderwys-adviesraad verslag, p 71-72.
66) Prins, op. cit., p. 150.

sy lidmate wat op skool is. Wanneer die kerk toesien dat godsdiensonderrig en alle ander onderrig prakties geskied ooreenkomstig ons Christelike wêreld- en lewensbeskouing, het die kerk 'n onberekenbare bydrae gelewer tot die besondere karakter van 'n volk se kultuur.[67)]

Hoe staan sake van die kerk ten opsigte van sy opvoedingstaak? In Suid-Afrika, net soos in die Westerse wêreld, toon die Christelike godsdiens bedenklike verskynsels van wêreldvervreemdheid, vormdiens en vroomdoenery. Dit help niks dat ouers, onderwysers en ander volwassenes na die bestuursliggame van die "kerk" wys en hulle veroordeel nie. In der waarheid en in die oë van die jeug, is die volwasse lidmate die draers van die boodskap en bydraers van die kerk tot die opvoedingsproses. Van hulle hang dit af hoe dit daar ingedra word en watter waarde daaraan geheg moet word.[68)]

Wanneer na kerkbesoek gekyk word, rapporteer die N.G. Kerk se Sinode van Suid-Transvaal dat op Sondagoggende gemiddeld 25 persent van alle doop- en belydende lidmate die dienste bywoon, terwyl dit in die aand net nege persent is. Eredienste in die algemeen word deur 46% van die lidmate getrou bygewoon, terwyl 37% dit selde en 17% dit nooit bywoon nie.[69)] Dit is 'n droewige prentjie en 'n mens wonder of dit nie van toepassing is op die hele Republiek en op al drie Susterskerke nie.

## D. <u>OPVOEDINGSTAAK VAN DIE SAMELEWING</u>

Die huis, die kerk en die skool het elk sy opvoedingstaak min of meer afgebaken. Die samelewing se opvoedingstaak is meer terloops en dit is baie jammer dat die gemeenskap nog nooit tot orde geroep is of op georganiseerde wyse voorgelig is ten opsigte van hulle verantwoordelikheid nie. Dat volksopvoeding nodig is, is gewis. Al die kragte en middele word deur die

---

67) Treurnicht, op. cit., p. 60.
68) Keyter, Opvoeding en onderwys, p. 92.
69) <u>Die Transvaler</u>, 35(165) : 1, 13 April 1972.

staat aangewend om hoofsaaklik die kind en jongmens op te voed. Ind'en aandag egter aan volksopvoeding gegee word sodat die ouer en ander vo= wassenes hulle opvoedingstaak besef, sal probleme wat ons volkslewe teister grootliks uitgeskakel word.

Verskillende opvoedkundiges wys op die verantwoordelikhede wat die gemeenskap het, maar besef die gemeenskap dit? Hoe word hy tot orde geroep?

Elke gemeenskap word gekonfronteer met die noodsaaklikheid om van elke kind wat in die gemeenskap gebore word, 'n verantwoordelike lid daarvan te maak.[70] Die gemeenskap speel ook 'n belangrike rol in die vorming van die kind se verstand en ook in sy emosionele ontwikkeling.[71]

Waar die ouer en onderwyser meer direk tot die opvoedingsproses bydra, is die ander volwassenes se bydraes meer sporadies en nie-planmatig. Die onderwyser is die wetenskaplike opvoeder maar die kwaliteit van die op= voedingswerk deur die ouer en die gemeenskap (familie, bure, vriende, winkel-, pos- en kafee-personeel, kerklike ampsdraers op huisbesoek, nuus= blaaie, tydskrifte, bioskoop, konserte, ens.) is vir die opvoeding van die mens onontbeerlik.[72]

Die nasionale gemeenskap of publiek laat hulle aandeel in die opvoedings= proses geld deur middel van die openbare mening. Ouers, onderwysers, die lidmate van die kerk en die burgers van die staat, is almal deelgenote van die nasionale gemeenskap. Hulle is die vertolkers en handhawers van die volksgewoonte, die sedelike waardes van die nasionale gemeenskap en die godsdiens. Daarom het hulle 'n baie belangrike aandeel in die opvoedings= proses en 'n uiters verantwoordelike rol as draers en vertolkers van die openbare mening. Hulle moet toesien dat die algemene lewensomstandighede

---

70) Hodges, Jnr. H.M. The acquisition of personality : a sociological perspective. Education and society, p. 130.
71) Fine, op. cit., p. 293.
72) Strauss, H.J. Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 23.

van die gemeenskap op so 'n peil gehandhaaf word dat die ontwikkelings=proses van die jeug daardeur begunstig en nie benadeel word nie.

Dit is ontstellend dat die openbare mening vandag 'n warboel van teen=strydighede, botsende, soms selfs openlik kwaadwillige publisiteit, propa=ganda en proteste is wat deur selfsugtige of eensydige belange gemotiveer word. Die openbare mening kan nooit uitgeskakel word nie, dit oefen altyd positiewe of negatiewe invloed uit.[73] Die krag van die openbare mening lê in die feit dat die individu afhanklik is van aanvaarding deur 'n gegewe groep en die feit dat die groep bepaalde standaarde het en die wil om dit af te dwing. Hierdie krag is besig om te verdwyn. Vorms van morele af=wyking wat inderdaad deur die wet gestraf word, is net so veel aan die ver=meerder as afwykings wat nie gestraf word nie en in altwee gevalle is die voorkoms groter in die stede as op die platteland.[74]

Vroeër is gesê dat ons volksopvoeding nodig het. Waarom is volks=opvoeding nodig? Keyter raak die kern van die probleem aan wanneer hy sê dat al die praat en geskryf oor die belangrikheid van lewenswaardes, deugde, nasionale ideale en aspirasies en waarskuwings teen afwykings ens., alles grotendeels huigelary of vroomdoenery is wat vir kinders bedoel is. "Terwille van die kinders bewaar jy darem nog 'n uiterlike skyn van ordent=likheid, maar pas dit aan na omstandighede dit vereis."[75] Die sogenaamde ouderdomsgaping tussen ouer en kind kan grootliks toegeskryf word aan hierdie "uiterlike skyn van ordentlikheid" wat voor kinders bewaar word. Die kind merk immers spontaan die valse dubbelstandaard. Daarbenewens is die vernuwing in die onderwys op primêre en sekondêre vlak daarop gerig om die kind self te laat ondersoek en tot gevolgtrekkings te laat kom. In die skool word hy dus geleer om krities te dink en te onderskei. Sal die

---

73) Keyter, op. cit., p. 90-94.
74) 1961 - Onderwyspaneel. Eerste verslag. Onderwys in Suid-Afrika, p. 44-45.
75) Keyter, op. cit., p. 94.

kind dan nie ook die dubbelstandaarde opmerk nie, by die opvoeder, hetsy ouer of onderwyser of die samelewing? Hierdie is 'n waarheid wat onder die samelewing se aandag deur opvoeding gebring moet word. Die staat moet dit doen deur middel van die radio en talle geskrifte en brosjures.

## E. OPVOEDINGSTAAK VAN DIE SKOOL

Die staat, soos aangedui word onder sy opvoedingstaak, sorg vir wet=gewing wat gegrondves is in ons Christelik-nasionale wêreld- en lewensbe=skouing. So is Wet nr. 39 van 1967, die "Wet op Nasionale Onderwys, 1967" gepubliseer in die Staatskoerant nr. 1705.

Die Provinsiale Raad van Transvaal gee by Ordonnansie nr. 29, soos gewysig, ook uitvoering aan hierdie opdragte. Die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement skryf die sillabusse vir die verskillende vakke in die primêre skool voor en deur die doelstellings word daar getrag om positiewe leiding te gee aan onderwysers om die opvoedingstaak van die skool te behartig.

### 1. Voorskriftelike doelstellings soos vervat in die sillabusse

Op hierdie stadium is dit voldoende om aan te dui dat die basiese opvoedkundige beskouing waarop die primêre onderwys in Transvaal gebou is, onder meer die volgende is:

a. Die algemene vorming van die hele kind, dit wil sê die ontwikkeling van sy verstandelike, morele, religieuse, sosiale, emosionele, este=tiese en liggaamlike aspekte as integrerende dele van 'n harmoniese geheel.

b. Die erkenning van die bestaan van individuele verskille tussen leerlinge ten opsigte van hulle verstandsvermoë, aanleg, belang=stelling, persoonlikheidstruktuur en liggaamlike eienskappe.

Die doel van primêre onderwys is:

/40.

a. Die algemene vorming van die hele kind;

b. die voorbereiding van die kind vir sy verdere onderwys en opvoeding.

Hierdie twee doelstellings het dan te doen met die gesonde groei en ontwikkeling van die hele kind ten opsigte van sy verstandelike, fisiese, estetiese, religieuse, morele, sosiale en emosionele ontwikkeling.[76)]

Dit is nodig dat die skool sy doelstellings duidelik sien. So waarsku Kohnstamm dat die skool meer aandag gee aan "kundigheden" as aan Christelike en maatskaplike deugde, aan kennis as aan karakter, aan vorming van die hoof as aan dié van die hart.[77)] Die onderwyser is die tussenganger tussen die opvoedingsmateriaal en die kind. Die onderwyser moet dit aan die kind interpreteer, wat in baie hoë mate gees en rigting daaraan gee en die lewensbeskouing van die kind bepaal.

Wanneer die doelstellings in die sillabus in oënskou geneem word en daarby die aard van die opvoedingsproses, dan is die onderwysberoep seker een van die weinige beroepe wat ruim geleenthede bied vir die volle bevre= diging van die aktiwiteitsneiging by die mens. Die groot verskeidenheid prikkelinge wat die onderwyser op die kind moet uitoefen om die volle per= soonlikheid van die kind tot ontplooiing te bring, bring mee dat die volle persoonlikheid van die onderwyser hier in die spel gewerp moet word. Die onderwyser kan niks van sy persoonlikheid vir die kind verberg nie en die egte onderwyser en opvoeder sal ook niks probeer verberg nie. Hy sal hom inteendeel inspan om die kind bewus te beïnvloed wanneer hy voor die klas staan, ook in sy omgang binne en buite die skool.[78)] Die onderwyser bly steeds opvoeder en hy moet die kind lei om te begryp dat die hoogste goed gevind word deur God te ken en te eer. "Dit is in hierdie opvoedingswerk

---

76) Handboek van leergange vir die laerskool, p. 2.
77) Kohnstamm, Ph. De nieuwe school, p. 8.
78) Nel, B.F. Die psigologie van die onderwyser, p. 23.

dat die onderwyser sy inisiatief, sy vryheid, oorspronklikheid en idealisme hulle grootste verwesenliking bereik."[79)]

2. Die skool as mede-opvoeder

Dit is nodig om die skool se opvoedingstaak aan die hand van be= vindings uit opvoedkundige literatuur nader toe te lig.

Naas die gesin speel die skool die belangrikste rol in die kind se hele ontwikkeling.[80)] Vyf dae per week bring die kind elke dag $5\frac{1}{2}$ uur by die skool deur. Vir die jong kind is dit amper net soveel van sy "wakker-bly-ure" as wat hy by die huis deurbring. Solank as dit waar is, moet die skool hom noodgedwonge bemoei met die kind se karakterontwikkeling en die onderrig van sedelike waardes.[81)] Die skool moet bewus en planmatig deel= neem aan doelbewuste inskerping by die jeug van die essensiële geloofsoor= tuigings en nasionale ideale en opvattings. Die beïnvloeding moet geskied deur voorbeeld en leierskap en daar moet doel en betekenis aan alles gegee word. Daarom beklee die skool 'n besondere plek in die opvoeding en is Strauss byvoorbeeld van mening dat naas die huwelik, gesin en kerk, die skool één van ons volk se intieme lewensmagasyne is.[82)] Die skool is van= dag tewens een van die belangrikste vormende faktore in die lewe van 'n volk, want as die skool neutraal of anti-christelik is, is die volk dit ook weldra.[83)]

Wanneer die kind skool toe gaan, begin 'n lang tydperk waarin die skool die gesin se beïnvloeding deel ten opsigte van die kind se persoonlike en sosiale ontwikkeling en vorming, in leer en in aanmoediging in die lang proses om 'n volwassene van die gemeenskap te word.[84)] Die rol van die onderwyser en

79) Kotzee, op. cit., p. 21.
80) Wall, op. cit., p. 71.
81) Lightner, Yvonne. What do parents expect of elementary schools. The national elementary principal : parents and schools, XXXVII,1:256-257, September 1957. Vgl. ook Keyter, op. cit., p. 89.
82) Strauss, op. cit., p. 32.
83) Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, deel I, p. 105-106.
84) Havighurst & Neugarten, op. cit., p. 95.

ouer moet apart gehou word, hoewel hulle natuurlik aanvullend is.[85] Die onderwyser is vertroueling, motiveerder, hulpmiddel en gids tot studie, in loco parentis, raadgewer, voorbeeld en regter. "Teachers are the curators of all our yesterdays and the architects of our tomorrows. Always they accomplish their mission through the minds and talents of others. To do is noteworthy: but to be able to do and to devote one's knowledge and energies to helping others learn is man's noblest work."[86]

Die onderwyser is die plaasvervangende ouer vir die kind gedurende skoolure. Die gesag van die ouer wat God aan hom gegee het in die woorde "eer jou vader en jou moeder", word gedeeltelik aan die onderwyser oorgedra. Hy kan dus die kind straf as dit nodig is, dog in laaste instansie is die onderwyser aan God verantwoordelik vir die wyse waarop hy sy gesag aanwend. Ten opsigte van gesag in die skool is die onderwyser dus 'n verteenwoordiger van God en daarom behoort hy ook 'n ware Godsman te wees. Dit plaas die verantwoordelikheid as Christen-opvoeder op die onderwyser om in handel en wandel die kind te lei dat hy 'n volwasse mens in Christus sal word. As Christengelowiges behoort dit die hartewens van elke onderwyser te wees dat sy leerlinge ook hulle uiteindelike bestemming naamlik die Ewige Lewe sal bereik.[87]

Die onderwyser beklee die status van volksleier in die skoolomgewing. Hy is vanselfsprekend, vanweë sy volwassenheid, meerdere kennis en ervaring in vergelyking met dié van die leerling, die intellektuele, sosiale en godsdienstige leier van sy leerlinge. Erasmus sê: "Die status van

---

85) Bowley, A.H. Everyday problems of the school child, p. 126.
86) Chandler, B.J. Education and the teacher, p. 159.
87) Erasmus, op. cit., p. 259. Vgl. ook Kilian, C.J.G. Die opvoedingsdoel=stelling en die betekenis daarvan vir die onderwyser. Onderwysblad, LXXVIII(836):140, Julie 1971, en De Jager, H.T. Menseverhoudinge in die onderwys. Onderwysblad, LXXVII(832):152, Julie 1970.

plaasvervangende ouer, gesagvoerder en leier is derhalwe implisiet in die benaming <u>onderwyser</u>, en dit verleen aan hom 'n magsposisie wat ongeëwenaard is in byna enige groepering van mense."[88] Elke onderwyser behoort hom dit ten doel te stel om nederig in die voetstappe van die volmaakte Meester te volg.

Onderwys is inderdaad 'n verhewe roeping en vir elkeen wat aan hierdie stem gehoor gee, behoort die onderwys hoogs aangename en betekenisvolle werk te wees.

### 3. Die skool (onderwyser) as sedelike opvoeder, voorbeeld in die nasionale lewe en kultuur

In die oë van elke skoolkind is die onderwyser 'n draer en vertolker van sedelike waardes. Hy is voortdurend besig, binne sowel as buite die skool, om dié waardes aan die leerlinge oor te dra. Waar hy gaan of staan, ook buite die klaskamer, is hy besig om die kind ten goede of ten kwade te beïnvloed. Die skool sal egter nie sukses hê nie indien die onderwyser, soos vandag al meer geredeneer word "reg het op sy eie persoonlike lewe" en in sy daadwerklike gedrag verloën hy wat hy in sy amptelike hoedanigheid verkondig. Elke onderwyser moet voortdurend besef dat alle onderrig terselfdertyd ook sedelike onderrig inhou en dat daar geen regverdiging bestaan vir 'n sogenaamde neutrale standpunt nie.

'n Geweldige verantwoordelikheid rus op die onderwyser. Benewens sy gewone taak wat van besondere betekenis is, naamlik die kulturele, geestelike en algemene voorbereiding van 'n volk, het die skool 'n addisionele taak naamlik om daardie sterkte van gees te kweek wat die volk in staat sal stel om die aanslae wat teen sy geestesgoedere gemaak word, doeltreffend

---

88) Erasmus, op. cit., p. 262. Vgl. ook Prof. G.J. du Toit. Hulde aan die onderwys, <u>T.O.-Nuusbrief</u> nr. 30, p. 2, Desember 1970. "As opvoeder leef hy (die onderwyser) in die hart van sy leerling, streef hy en vorm hy. Hy, hulle bondgenoot en steunpilaar, maar ook hulle leier en voog."

/44.

die hoof te bied. In hierdie stryd is die skool die voorste verdedigingslinie. Maar die skool (onderwyser) sal alleen sukses hê as elke onderwyser roepingsbewus is en sy verantwoordelikhede benader soos groot manne en vroue groot oomblikke in hulle lewes benader naamlik met eerlikheid, opregtheid en toewyding. "Daarom moet die onderwyser 'n duidelike begrip van die uiteindelike hê en nooit toelaat dat die onmiddellike sy uitsig op die uiteindelike belemmer nie, want hy weet die volk sal ondergaan waar geen visie is nie."[89)]

Die onderwyser is 'n sleutelfiguur, 'n grondlegger en stuurstang in die wese van 'n volk. 'n Nasie word in die klaskamer gebou of gebreek. Dit is in die klaskamer waar die kind besiel word met liefde vir sy eie vaderland en waar hy ook bewus gemaak word van ons vraagstukke. Die onderwyser moet vanselfsprekend 'n gelukkige, regskape, roepingsbewuste mens wees, want hy kan net aan die kind oordra wat hyself besit.[90)]

Een van die belangrikste motiewe wat ten grondslag van die onderwys lê, is die vermoë om die kenmerkende kultuur van die groep soos dit in sy taal, letterkunde, tradisies en gewoontes tot uiting kom, van geslag tot geslag oor te dra.[91)] Die skool moet saamwerk aan die groot taak om van die jong geslag mense te maak wat hul plek in die nasionale lewe van die volk waardig sal inneem. Paulsen sê: "Alleen hy is innerlik bekwaam om op te voed wat ten volle deelneem aan die hele kultuurlewe van sy volk en sy tyd."[92)]

---

89) Kotzee, op. cit., p. 14.
90) Nel, J. Onderwyser as sleutelfiguur, p. 6. Vgl. ook Redaksie, Onderwyser en idealisme. T.O.-Nuusbrief nr. 29:3, November 1970.
91) Onderwyspaneel, op. cit., p. 59. Vgl. ook Havighurst & Neugarten, op. cit., p. 95.
92) Aangehaal deur Keyter, J. de W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p. 48-49. Vgl. ook Greyling, Christelike en nasionale onderwys, deel II, p. 19-21.

In die skool is daar die onderlinge kameraadskap tussen leerlinge, die onderlinge gehegtheid tussen leerlinge en onderwysers en die getroue en harmoniese samewerking tussen onderwysers en ouers. Onderwyser, kind en ouer vorm saam die skool. Maar die skool kan eers werklik skool wees wanneer die ouer ook saam met die kind en onderwyser kan sê dat die skool ook sy skool is en hy daadwerklik in <u>al</u> die aktiwiteite en doel=stellings van die onderwys en opvoeding deelneem.

Van Wyk sê die onderwyser sluit met die skoolopvoeding so goed as moontlik aan by die onvervangbare oueropvoeding en by die gees en rigting van die ouers, maar nooit kan die onderwyser die ouer vervang nie.[93] Dit is waar dat die onderwyser nooit die ouer kan vervang nie. In hoof=stuk 3 word aangedui dat die skool die ouer se opvoedingstaak oorgeneem het en daarom moet die ouer wat die opvoeding van sy kind betref, meer by die gees en rigting van die skool aansluit. Die inhoud van die onderwys het so verbreed dat dit die hele wese en bestemming van die mens betrek. Dit sluit die onderrig en die opvoeding van die kind in die wydste betekenis van hierdie twee begrippe in. Kotzee sê in hierdie verband tereg: "Die skool, as hy sy taak reg aanpak, is een van die magtigste kultuur- en beskawingsmiddele in enige land," en voorts "(want) die werklike toets vir ons beskawing, die vernaamste toets vir ons trou aan ons geskiedenis en al ons ander kulturele erfenisse, lê nie in die opbrengs van ons landbou, die sterkte van ons leër of die grootte en krag van ons masjiene nie, maar in die karakters van ons seuns en dogters, ons mans en vroue en in die kwaliteit van die lewes van hulle lei."[94]

Daar kán gevra word of die voorgaande stelling van Kotzee werklik die praktiese mikpunt in ons onderwys is. Van Wyk sê byvoorbeeld dat vanweë

93) Van Wyk, op. cit., p. 4.
94) Kotzee, op. cit., p. 11.

sy struktuur beroepsopleiding nie die primêre taak van die skool is nie, maar die skool is instrument in diens van beskawingshandhawing. Die skool lei nie boekhouers, tiksters, ens. op nie, maar help om beskawingsmondige of kultuurmondige jongmense te vorm. "Die kind moet deur die skool in staat gestel word om sy beskawingsposisie volwaardig in te neem en sy kultuurtaak te vervul. Hy moet opgevoed word tot inbesitname en uit=bouing van sy beskawingserfenis."[95] Van Wyk raak hier 'n kernpunt aan. Is dit nie vandag al wat die meeste ouers en die maatskappy verlang van die skool nie, naamlik "produkte" wat in die nywerheid kan gaan werk, wat kan reken en kan spel, met ander woorde, boekhouers en tiksters? En het die skool hom nie dalk al by hierdie gedagte aangepas nie, en is ons sekondêre skole se mikpunt nie dalk net akademiese prestasies ten alle koste nie? Universiteite beskuldig dikwels sekondêre skole as die oorsaak van gebrekkige studiegewoontes by eerstejaars en daarom die hoë druip=syfer. Beide die sekondêre en die tersiêre inrigtings is skynbaar minder begaan oor die jongmens se beskawingsposisie, solank hy akademies en as boekhouer reg is. As die skool sy funksie voorheen goed gedoen het, be=hoort daar vandag baie belangstelling in die kultuur, volksfeeste, die politiek, ons kerklike lewe ens. te wees en behoort ons 'n gevoelige en rigtingduidende openbare mening te gehad het. Dit is egter nie daar nie, en die onderwyser van vandag - 'n produk van sy tyd - kan nog minder sukses hê met die huidige kind. Wat nodig is, is sterk positiewe en praktiese leiding aan onderwysers en volgehoue doelbewuste volksopvoeding.

### 4. Die skool (onderwyser) as rigtingaanduider in die gemeenskap en as volksopvoeder

Om die gehalte en opvoedende invloede van die gemeenskap te

---

95) Van Wyk, op. cit., p. 6-7.

bevorder, moet onderwysowerhede en onderwysers nou saamwerk met op=voedende instansies in die gemeenskap soos kerke, jeugorganisasies, pro=fessionele verenigings, besigheids-, industriële en arbeidsgroepe, die pers, radio, ens. Ken onderwysers die gemeenskap? Werk hulle aktief saam met ander om die menslike verhoudings en lewensmoraal te verbeter?[96] Onderwysers moet bevoeg wees om skoolaktiwiteite te ontwikkel wat die gemeenskap sal verbeter. Olsen sê: "Knowledge about and direct ex=perience with your community must be deliberately planned and developed as twin parts of one learning process."[97]

Elke skool moet in sy gemeenskap 'n verskil maak.[98] Op elke onder=wyser rus die plig om vormend en opvoedend op sy skool en omgewing in te werk. Hy moet voorts as deel van sy belangrike burgerlike pligte, leiding neem en gee, ook in die hervorming van die gemeenskap.[99] Ook Sandström sê: "Home, school and economic life of society may all pull, at times, in different directions. The onus for resolving any consequent conflicts falls on the school."[100] Daarom is dit die skool se funksie om die opkomende geslag metodies te deurdrenk met bekwaamhede, kennis en insig wat belangrik sal wees wanneer hulle later hulle plek in die samelewing moet inneem. Die onderwysers, as die vertroudes van die volksgemeenskap, is mede-leiers, mede-raadgewers en mede-informante van ouers, wat aan die jeug die regte lewensuitkyk en karaktergrondslag gee. Dit kan die onder=wyser doen met of sonder die samewerking van die ouers, met ander woorde,

---


96) Olsen, e.a. School and community, p. 33.
97) Ibid., p. 38-39.
98) Snyder, D.C. Leadership in staff relationships. The national elementary principal, XXXVII(1):54, September 1957.
99) Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 76.
100) Sandström, The psychology of childhood and adolescence, p. 233-234.

die skool moet sy gemeenskap lei.[101]

"Teaching - the predecessor of all other professions - continues to be the mother profession."[102] Onderwys was, is en sal altyd wees: die primêre middel om menslike vooruitgang en behoud te verseker. Die onderwyser moet saamwerk met die hele gemeenskap, want daar is 'n nou verband tussen die onderwyser se werk en die vooruitgang van al die aspekte van die samelewing - moreel, kultureel, burgerlik, ekonomies, vakkundig en beroepskundig.[103]

Dus om rigtingaanduider in die gemeenskap te moet wees, verg kennis, insig en samewerking.

Chandler stel die onderwyser se rol in die samelewing soos volg voor:[104]




Hoe noodsaaklik dit is dat die skool rigtingaanduider moet wees, ook in die Republiek, word weerspieël in die opvoedkundige kwalifikasies van Blankes volgens die 1970-sensus. Van die 3 726 540 Blankes het 'n totaal van 3 430 500 geen graad of diploma van watter aard ookal behaal nie.[105]

---

101) Keyter, Dringende vraagtekens........ p. 167-168. Vgl. ook Keyter, Opvoeding en onderwys, p. 215.
102) Chandler, op. cit., p. 3.
103) Ibid., p. 265.
104) Ibid., p. 278.
105) <u>Die Vaderland</u>, XXXIV(10827):9, 8 Februarie 1972.

Van die Blanke bevolking het 2 655 920 oor laer opvoedkundige kwalifi= kasies as st. 8 beskik. Wanneer voorskoolse kinders hierby bereken word, dan wil dit voorkom of die skool nie net 'n dure plig nie, maar ook 'n ver= pligting het om rigting in sy gemeenskap aan te dui.

Waar Erasmus en andere aandui dat die onderwyser in skoolverband volksleier vir sy leerlinge is, is daar etlike opvoedkundiges wat die skool ook as volksopvoeder sien. Om rigtingaanduider in die gemeenskap te wees, is eintlik ook om volksopvoeder te wees. As primêre beroep is die onderwys die grondlegger van die staat. Wanneer Du Toit van die obekende onderwyser praat, noem hy hom 'n idealistiese volksman by wie egoïsme geen rol speel nie en wie se eer en oorwinning in sy gemeenskap en in sy volk setel.[106)]

Beide Keyter en Greyling sien die onderwyser as volksleier.[107)] Keyter sê egter "dat ons..... so luidrugtig in ons volksverheerliking en so karig in ons volksdiens (is)."[108)] Hy stel ook die onderwyser se toekomstaak soos volg:

a. Ons moet weet wat die betekenis en bestemming van die menslike lewe in die algemeen is; ons moet 'n besliste standpunt daaromtrent inneem en dit as grondbeginsel van al ons denke en doen eerlik en opreg handhaaf, met ander woorde Christelik-Protestants.

b. Ons moet weet wat ons nasionale bestemming en volkslewe werklik is en daaromtrent 'n duidelike, besliste standpunt inneem. Ons moet ons volkslewe as deel van die groot skeppingsplan van God kan sien.

---

106) Du Toit, G.J. Die onbekende onderwyser. Onderwysblad, LXXVIII(834):31, Januarie 1971.
107) Greyling, op. cit., p. 21 en Keyter, Dringende vraagtekens....... p. 168-169.
108) Keyter, op. cit., p. 170.

/50.

c. Ons moet weet wat ons eie lewensbestemming en lewenstaak werklik beteken en daaromtrent 'n duidelike, besliste stand=punt inneem.[109]

Die meerderheid van die volk kan weens vreemde indringing van koers raak. Dan is die onderwyser geroepe om deur sy skool weer die koers aan te dui en oop te trap. Die skool is die stukrag van die toekoms.[110]

'n Groot mate van ongedissiplineerdheid is vaardig in ons volk, waarvan getuienis is vandalisme ten opsigte van openbare eiendom, hoë jeugmisdaadsyfer, vol tronke en wanordelikhede by openbare geleenthede. Vir die roepingsbewuste onderwyser is daar nie net die verantwoordelikheid om die grondslae van ware dissipline in die skoolomgewing te lê nie, maar moet hy ook aan die magte van ongedissiplineerdheid buitekant die skool die hoof bied.

Die onderwyser, as opvoeder, moet volgens die goeie en waardevolle in sy volk se doen en late lewe, hy moet die kwade vermy en hervormend in verband daarmee optree. "Sy gedrag moet onbesproke wees, dan dien hy as model vir die volk, en verhoog hy die peil van die volkslewe."[111]

Die onderwyser moet sy eie volk se besittings deeglik ken en harts=togtelik bemin. "Die grootheid, eer en roem, maar ook die swakhede, skande en skade, van sy volk sal hy as sy eie beskou. Liefde vir en trou aan sy eie volk en vaderland sal die rigsnoere van sy nasionale lewe wees. So sal hy lewe vir sy eie volk en bodem, maar ook daarvoor sterwe as dit van hom geverg word."[112]

---

109) Ibid., p. 171 172.
110) Greyling, op. cit., p. 21.
111) Erasmus, op. cit., p. 240.
112) Ibid., p. 242.

5. Om leiers onder ouers raak te sien en op te lei

In noue samehang met die skool se taak as rigtingaanduider in die gemeenskap en as volksopvoeder, is ook die verdere taak naamlik die identifisering en opleiding van leiers onder ouers.

Een van die belangrikste funksies van 'n skoolhoof is om leiding te gee aan sy personeel in die nastrewing van die doelstellings van sy skool. Sy doelstellings moet vir hom duidelik wees, dit is die beleid van sy skool, vorming van die leerlinge deur ons Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing, kulturele deelname, ontwikkeling van onderwysers as toekomstige leiers in die onderwys, ens. Die hoof wat 'n liassez faire-houding inneem, kan min sukses bereik. Maar dit is ook die hoof se taak en verantwoordelikheid, vandag meer as ooit te vore, om onder ouers leiers raak te sien en te laat ontwikkel.

Leonard stel dit dat sommige ouers groot bekwaamhede met wye ervaring het, terwyl ander 'n beperkte agtergrond het. Ouerdeelname in die skool kan daarop gerig wees om leierskap te ontwikkel. Deur 'n bepaalde verantwoordelikheid te aanvaar, sal elke belangstellende ouer moontlik groei. So het menige ouer al 'n projek met veel bewing aangepak, maar met begrypende leiding het hulle die tevredenheid van suksesvolle uitvoering van die taak ondervind. Deur ondervinding kan die skugtere ouer selfstandigheid ontwikkel, wat op sy beurt weer gretig sal wees om te help om by ander leierskap te kweek.[113)]

Omdat die hoof die een persoon is wat al die ouers, onderwysers en kinders in die skool ken, en omdat hy in almal belangstel, is dit basies sy taak om 'n vriendelike atmosfeer en goeie verhouding tussen huis en skool te skep. Deur onderlinge begrip help 'n hoof om leierskap in ander

---

113) Leonard, e.a., op. cit., p. 2.

persone aan te moedig. Dit 's net natuurlik dat die hoof die beste in ouerleierskap verlang, net soos hy die beste in sy onderwyspersoneel ver= lang. Maar dit gebeur net nie vanself nie: die hoof moet moontlike leiers onder ouers identifiseer en hulle oplei, en hy moet besef dat dit 'n aanhoudende proses is.[114]

✓Is daar al ooit ernstig aandag gegee aan hierdie saak? Die skool is in 'n uiters gunstige posisie om ouers te lei. Gepaard met die skool se taak, as volksopvoeder, kan die potensiële leiers onder ouers in die skool, nuttige leiers word in die onmiddellike, maar ook in die breër volksge= meenskap. Daar kan, as die saak breed aangepak word, 'n breë stroom nuttige kultuurwerkers in ons volkslewe jaarliks vrygestel word.

### 6. Emosionele sekuriteit en angstoestande

Met die ouer se opvoedingstaak is onder meer aangedui dat die huis= gesin moet sorg vir die kind se emosionele sekuriteit deur die besmoont= like gesinsverhouding na te streef.

✓ En die skool? Die onderwyser moet ook nie emosioneel versteur wees nie. Ook in die skool dus, moet die kind emosionele sekuriteit onder= vind.[115] Dit word dikwels vergeet hoe belangrik die onderwyser in die lewe van die kind is. Onderwysers moet in hul klasse 'n atmosfeer van sekuriteit skep en daar moenie angstoestande heers nie.[116]

Ouers en ook onderwysers stel dikwels te hoë standaarde en eise aan kinders, en omdat te veel van hulle verwag word, is hulle vervul met angs en angstigheid. Hulle kom in opstand en toon hulle gevoelens deur vyandiggesind teenoor ouers en onderwysers te wees.

---

114) Henne, Jean. Communication between principal and parents. <u>The nati al eleme tary principal : parents nd the schools</u>, XXXVII(1): 95-9?, September 1957.
115) Fine, op. cit., p. 293.
116) Sarason, S.B. Anxiety in elementary school children, p. 272.

Nel sê dat ten spyte van die fenomenale vooruitgang in die afgelope jare op byna elke gebied van die opvoeding en onderwys, dit opmerklik is dat in byna al die ondersoeke die persoonlikheid van die onderwyser en sy professionele toerusting relatief min aandag geniet het. Nog minder aandag word aan die geestesgesondheid van die onderwyser geskenk.[117)] Dit is 'n omvattende studie en die leser kan dit voordelig benut om sy boek te lees. Vir die doel van hierdie verhandeling is dit nodig om kortliks te verwys na N. Fenton wat deur Nel aangehaal word, om aan te dui watter groot nadelige invloed neurotiese onderwysers op die emosionele ontwikkeling van die kind kan hê.

Fenton het 'n noukeurige studie van 241 onderwysers(-esse) gemaak en gevind dat 20% van hulle aan geestesongesteldhede gely het en dus hulp en advies nodig gehad het. Nel vra wat die invloed nou op die kinders is. Die onderwys- en opvoedingsproses bestaan uit onsigbare kragte wat op die kind inwerk en 'n stempel aan sy wordende persoonlikheid gee. Vir sover dit die kind se skool betref, is dit die onderwyser wat die kragte bewustelik op die kind laat inwerk. Weens die vatbaarheid van indrukke deur die kind as religieus-geestelike wese, straal daar ook kragte van die onderwyser-persoonlikheid op die kind uit, waarvan die onderwyser glad nie bewus is nie. So byvoorbeeld kan die onderwyser se manier van praat, sy manier van skrywe, sy lag, sy kleding, sy eerbied vir die Bybel, ens. vormend op die kind inwerk.

✓ Van die onderwyser kan goeie en kwaaie invloede uitgaan. Hy is trouens geen volmaakte mens nie en is nie altyd 'n geestelik gesonde mens nie. Die simptone van geestesongesteldhede en wanaanpassings word nog makliker op die kind geprojekteer, omdat die optrede en gedrag van die onderwyser wat uitinge hiervan is, gewoonlik gevoelsbelaaide reaksies

117) Nel, B.F. Die psigologie van die onderwyser, p. 194.

is.[118]

## 7. Samewerking en samesprekings

Daar heers eenstemmigheid dat samewerking en samesprekings met die ouers van die skool se kant, 'n dringende vereiste vir suksesvolle onderwys en opvoeding van die kind is. Die samewerking en samesprekings moet 'n Christelike grondslag hê.

Die vraag kan gestel word of 'n onderwyser ooit 'n kind kan verstaan sonder om sy ouer te ken en met die ouer te gesels.[119] Ons kan slegs kinders werklik verstaan as ons iets van hul huise weet, van hoe hulle as babas opgevoed is, want wanneer die kind as vyfjarige skool toe kom "much harm or good may have been done already" en 'n onderwyser kan alleen bou op die fondamente wat reeds gelê is.[120]

Ouer-onderwysersamesprekings het in die moderne opvoeding onontbeeerlik geword.[121] Die opvoeding van die kind is die gesamentlike verantwoorde= likheid van die ouer en die onderwyser. Die een moet die ander bystaan. Ongelukkig is daar dikwels 'n gewapende stilstand tussen ouers en onder= wysers. Albei se dissipline moet konsekwent wees en hulle moet mekaar se gesag steun. Hulle moet lojaal teenoor mekaar wees,en die kind sal dit re= spekteer. Daar moet groter samewerking wees en samesprekings moet oor moeilikhede by die skool of huis gevoer word. Dit gee aan die onderwyser 'n beter insig van die kind se huislike omstandighede.[122] Oor die kwessie van uitoefening van dissipline sê Kotzee dat dissipline in sommige ouer= huise veel te wense oorlaat, en dit bring mee dat die onderwyser 'n groter

---

118) Ibid., p. 201-202.
119) Langdon & Stout, op. cit., p. 9.
120) Bowley, Agatha H. The natural development of the child, p. XV.
121) Buehler, op. cit., p 175. Vgl. ook Bailard & Strang, op. cit., p. 1-2.
122) Bowley, op. cit., p. 124-126.

verantwoordelikheid en las moet dra. Waar hoofde en onderwysers be= houdend optree, moet ouers en alle ander instansies hulle baie sterk onder= steun.[123)]

Ook in hierdie opsig, waar die gesag van ouer en onderwyser en alle ander gesag ondermyn word, is samesprekings nodig. Die volle ontwikkeling van die kind is die basiese besorgdheid van beide ouer en onderwyser. Die huis is nie meer die plek waar net na die kind se fisiese behoeftes omge= sien word en die skool maar net na die intellektuele behoeftes omgesien word nie. Beide huis en skool het te doen met alle aspekte van die kind se ontwikkeling.

✓ Die onderwyser kan die intieme familielewe alleen ken deur met die ouers te gesels. Hoe sal die onderwyser weet wat 20-30 kinders dink, sonder samesprekings? Die ouers is die enigste wat kan vertel van die kind se ontwikkeling van sy baba-dae, van sy opvoeding; wat hulle van hom kan verweg; wat hulle vir hom hoop; hoe hulle hom geleer het van wat reg en verkeerd is; sy hele lewenspatroon; sy verhouding tot die res van sy gesin en die omgewing; die dinge waarvan hy hou en nie hou nie; sy diere; sy vriende; sy vrese en sy vreugdes.

✓ Wat die kind se gevoelens vir sy ouers ook mag wees - kombinasies van liefde of afkeur, aanvaarding of verstoting, trots of skaamte, lojaliteit of ontrou; dit het betekenis vir die onderwyser, want hy sal die kind verstaan. Die kind het volkome vertroue en geloof in die onder= wyser se onpartydigheid en regverdigheid. Die onderwyser sal verbaas wees om te weet dat hy vir die kind op 'n soort troontjie sit en dat hy 'n plek inneem in die kind se gedagte waarvan hy nooit kon droom nie. Die ouer sal vertel van 'n woord van afkeuring oor 'n saak wat die onderwyser nie eens meer kan onthou nie, maar wat die kind in vervoering huis toe gestuur

---

123) Kotzee, A.L. Dissipline in ons skole. <u>T.O.-Nuusbrief</u>, nr. 31:2, Januarie 1971.

het. Hierdie dinge sal alles uit ouer-onderwysersamesprekings blyk. Party kinders aanvaar die onderwyser van die begin af as min of meer on=feilbaar. Vir die meeste kinders is daar 'n tyd van "wat my Meneer/Juffrou sê, is die finale woord", nieteenstaande van wat ouers sê.[124]

✓ Alle kinders het vier gemeenskaplike behoeftes by skole, naamlik die behoefte aan sekuriteit, geduld, kameraadskap en begrip. In skole is middelmatige, goeie en uitstaande onderwysers wat in hulle beroep verder sien as die grense van die skool. Die onderwyser wat hierdie visie het en nie net die verantwoordelikheid aanvaar om die kind te leer en op te voed nie, maar ook met die ouers samesprekings te voer en van hulle inligting te bekom, maak van sy werk 'n ware professionele diens aan die gemeenskap. Dan is daar waardigheid en plegtigheid in sy taak en dan kan hy vreugde en tevredenheid daaruit verkry.[125]

Deur onderlinge begrip van hulle onderskeie rolle om die kind vir die volwasse lewe voor te berei, is dit belangrik dat daar egte en aanhoudende konsultasie tussen skool en huis moet wees. Anders sal onderwysers die "huis" blameer vir al die kind se tekortkominge en die ouers (as hulle dink die skool handhaaf ander standaarde as hul eie) sal dink hulle gesag word ondermyn.[126]

✓ Hierdie samesprekings is deel van die moderne onderwyser se verant=woordelikheid. Om te kommunikeer is die basiese doel van ouer-onderwyser=samesprekings. Grondliggend aan kommunikasie is onderlinge begrip, respek en waardering. Aangesien die kind byna al sy tyd tussen die skool en huis verdeel, is dit noodsaaklik dat ouer en onderwyser die beste middele vir die kind se ontwikkeling voorsien. Hierdie samesprekings sal onderlinge waardering verbeter, want die ouer kry begrip van die onderwyser se probleme en die onderwyser het meer simpatie met die ouer. Hulle goeie

---

124) Langdon & Stout, op. cit., p. 31-37.
125) Leonard, e.a., op. cit., p. 2.
126) Sandström, op. cit., p. 236-237.

/57.

verhouding vermeerder die kind se vertrou in beide hui en sk ɔl.[127]

Heffernan en Todd het 'n interessante en duidelike siening oor die gebrek aan samewerking tussen huis en skool. Hulle stel dit egter eers dat ouers en onderwysers nou saamwerk, positiewe gesindhede teenoor mekaar ontwikkel, positiewe verhoudings handhaaf en doelwitte stel waaroor hulle saamstem. Hulle sê ouers se onbewuste vrees vir, en vyandskap teenoor die outori= têre onderwyser en skool, is dikwels die gevolg van hul eie ongelukkige ondervindings gedurende hulle kinderdae Sommige ouers is bang vir onderwysers. Soms dink hulle hulle is nie so goed geleerd soos onder= wysers nie, en dat die onderwyser sal dink hulle is swak ingelig as hulle vrae vra. Hulle is ook bang hulle sal beskou word as "bemoeisiekes", "moeilikheidmakers", "kruipers", ens. Hulle vrees dat kritiek tot weer= wraak op hul kinders sal lei. Sommige onderwysers is weer bang vir ouers. Hulle onderhoude was nog altyd met "kwaai" ouers oor probleme. Jong onderwysers vrees "ou" ouers met hul groter ervaring en "ou" onder= wysers vrees "jong" ouers, omdat hulle onervare en sensitief is.[128]

Onderwysers is geneig om die ouers te blameer en uit te skel dat hulle hul kinders bederf, of dat hulle te streng is, of inkonsekwent is; daarom dat kinders in die klas probleme skep. Indien die onderwyser reg= verdiglik die ouers blameer, moet hulle nogtans begrypend en simpatiek= gesind teenoor ouers wees. Só kan onderwysers 'n ouer-onderwysersame= spreking met 'n begrypende gesindheid bywoon om te wil help. Dan kan daar sukses wees. Ouers behoort en sal ook die onderwyser se opregte be= langstelling in hulle kinders waardeer.[129]

Daar is in hierdie verhandeling dikwels verwys na volksopvoeding. Daarom is dit interessant om Mays se motivering in hierdie verband te

---

127) Bailard & Strang, op. cit., p. 104.
128) Heffernan & Todd, op. cit., p. 52-53.
129) Bailard & Strang, op. cit., p. 7-8.

/58.

beskou. Hy sê dat as die skool die verantwoordelikheid vir die opvoeding van die hele kind aanvaar, die onderwysers ook deels verantwoordelikheid moet aanvaar vir die sosiale opvoeding van die gesin, deur die gesin direk of indirek te beïnvloed. Die onderwyser moet die huis aanvul, selfs deur formele voorligting, indien nodig.[130)]

Ouer-onderwysersamesprekings en huisbesoeke is die belangrikste deel van die hele ouer-opvoedingsprogram. Verder, pamflette en omsendbriewe wat huis toe gestuur word; skoolbesoeke deur ouers; saamtrekke van ouer-onderwysersverenigings; studiegroepe; klasse in kinderontwikkeling, kuns, musiek, drama en vlyte en ander dinge wat tot die persoonlike ontwikkeling en geluk van ouers as persone mag bydra. Oueropvoeding geskied ook verder deur groepsaamtrekke waar inligting deur demonstrasies, bandopnames, films, lesings en besprekings gegee word. Navorsing het aangedui dat lesings oor die algemeen minder effektief is as groepbesprekings; en wanneer 'n deskundige dit lei, is groepbesprekings meer effektief as wanneer dit deur 'n leek gelei word.

Byeenkomste waar 'n onderwyser 'n onderwysmetode met 'n groep kinders demonstreer, is altyd baie gewild. Meer en meer films, skyfies en band-opnames word gebruik as afspringplekke vir besprekings. Daar is baie redes vir die noodsaaklikheid van samesprekings maar alles kom hierop neer: die kind sal daarby baat.[131)]

Wanneer ouers, onderwysers, kinders en hoofde 'n gevoel van onderlinge agting vir mekaar het, begin hulle saamwerk en die verhoudinge is eg. Dan is begrip van wat onderwysers probeer doen, moontlik. Dan is dit ook moontlik vir onderwysers om met ouers vir 'n beter opvoedkundige program te beplan. Uit sulke beplanning sal die nodige komitees, wat nuttige doeleindes sal dien, voortspruit.[132)]

---

130) Mays, J.B. Education and the urban child, p. 105.
131) Bailard & Strang, op. cit., p. 20-29.
132) Lindb[illegible], Lucille. What do we communicate? The national elementary principal: parents [illegible]d the schools, XXXVII(1):66, Sept[illegible]mber 1957.

/59.

Woodruff noem onder andere die mooi gevolge wat uit besoeke deur ouers aan klasonderwysers gedurende skoolure spruit. Ouers het 'n beter insig in die ingewikkeldheid van onderwys gekry. Daarbenewens het 'n vriendelike, ontspanne houding tussen onderwysers en ouers ontwikkel. Die onderwyser het agtergekom dat hy nie meer alleen in die stryd staan nie, maar toegewyde bondgenote in die ouers het. Ook het die onderwysers, deur ouers beter te leer ken, die kinders en hulle huislike agtergrond beter leer ken. Met hierdie ouer-onderwyserverhouding en begrip het onderwysers meer bevrediging uit hul onderwys geput. Besprekings en konferensies met ouers het groter betekenis vir beide ouer en onderwyser verkry.

Maar ook kinders baat by ouerdeelname in die klaskamer. Hulle voel gelukkig om hul ouers in die skool te sien. Wanneer ouers genooi is om oor hulle beroepe (handel, professie, stokperdjies) in die klaskamer te gesels, het kinders 'n groter bewustheid en begeerte gehad vir die noodsaaklikheid om rekene, wetenskap, tale of musiek beter te ken.

In sommige gevalle het ouers aangedui dat hulle deelname in die skool se aktiwiteite hulle nader aan die kinders gebring het. Hulle kon dus meer effektief met hulle kinders kommunikeer.

✓ Ouers wat aan skoolaktiwiteite deelneem, ondervind dat hulle 'n werklike bydrae tot hulle gemeenskap en die skool lewer. Deelnemende ouers help om 'n gemeenskap tot 'n <u>eenheid</u> te smee. Die gemeenskap baat daardeur en het ook vir sy eie opvoedingsprogram groter begrip.[133)]

* Onderwyser en ouer moet met groepbesprekings op die volgende riglyne ag gee:

a. Ouers is geïnteresseerd in onderwysers as persoonlikhede, daarom moet onderwysers goed versorg wees en ook 'n informele, vriendelike atmosfeer bewerkstellig.

---

133) Woodruff, Myra. Important elements in parent participation. *T[illegible] national ele[illegible]entary principal : parents and th[illegible] sch[illegible]*, XXX[illegible]I([illegible]): 25-26, Sept[illegible]mber [illegible]957.

/60

b. Ouers is gretig om meer te hoor van die sko lprogr m en sal gewoonlik daarteenoor vriendelik wees i dien hull 'n eerlike prentjie daarvan ontvang.

c. Ouers haat dit om deur onderwysers toegespreek te word asof hulle kinders is. Omdat onderwysers heeldag kinders toespreek, het hulle 'n manier van praat wat onsmaaklik is vir die gehoor, en baie ouers is baie goed ontwikkel.

d. Moenie pedagogiese taal gebruik teenoor leke nie. Moenie bo mense se koppe praat nie en ook nie benede hulle nie. Plaas jouself in die plek van 'n gemiddelde ouer

e. Gebruik baie spesifieke voorbeelde in die verduidelikings en hulp= middels.

f. Dis wenslik om ouerdeelname soveel moontlik te beplan.

g. Daar is baie dinge wat vir alle ouers van gemeenskaplike belang is, omdat elkeen se kind daardeur geraak word. Hierdie dinge moet voordelig aangewend word.

h. In die primêre skool moet 'n minuut of twee vir elke ouer afsonderlik afgesonder word.

i. Onderwysers moet in hulle opmerkings versigtig wees sodat niks die skyn mag hê dat hulle dit teen 'n spesifieke kind bedoel nie.

j. Onderwysers moet onthou dat ouers nie gewoonlik weet watter spesiale dienste en selfs ook hulpmiddels, hulle skool het of aanbied nie en hulle sal in sulke inligting baie geïnteresseerd wees. Hulle voel gewoonlik trots wanneer hulle verneem van die baie voordele.

k. Onderwysers moet, as hulle eerlik kan, te kenne gee dat hulle trots is om aan hierdie skool en sy gemeenskap verbonde te wees. Dit neig om ouers in die skool vertroue te gee. Vertroue en tro skep goeie gevoelens.

/61.

l. Die onderwyser moet altyd die ouer die gevoel gee dat hulle met die steun wat hulle gegee het, verantwoordelik is vir die geleent= hede wat vir hulle kinders geskep is.

m. Humor, goedigheid, vriendelikheid en informaliteit moet die hele byeenkoms oorheers. Die ouers moet voel die onderwyser is sy vriend en 'n vriend van sy kinders; dat die skool aan elkeen behoort en dat beide ouer en onderwyser as 'n span saamwerk wie se hoofdoel die welvaart van die kinders is.[134]

Die Transvaalse Onderwysdepartement beskou samesprekings met ouers as baie belangrik en huisbesoek deur onderwysers as uiters voordelig. Daarom is voogonderwys so noodsaaklik en word dit volledig uiteengesit in hoofstuk 13 van die Handleiding vir Skoolorganisasie. Hier moet ook verwys word na die inleiding van die "Handleiding vir hoofde van skole in die voorkoming en bekamping van die verdowingsmiddelgevaar."

Voogonderwys (en volksopvoeding) kan alleen doeltreffend wees indien daar met ouers persoonlike kontak gemaak word en indien onderwysers inge= stel is om die kind in sy totaliteit te sien en op te voed.

Dit is die skrywer se ondervinding uit persoonlike navrae by studente en jong onderwysers van verskillende tersiêre inrigtings dat hierdie uiters belangrike aspek in die opvoeding, naamlik voogonderwys en ouer-onderwyser= samesprekings ontsettend verwaarloos word.

Eerstens, is die enigste opleiding wat studente in hierdie verband ontvang, net die "belangstelling" wat hulle geniet van voogdosente.

Tweedens, word geen verslag van studente verlang oor 'n skool se voogonderwysstelsel nie.

Derdens, kon geen een van talle studente onthou dat hulle op sekondêre

134) Bailard & Strang, op. cit., p. 36-38.

skool 'n voogonderwyser gehad het wat met hulle gesels het of wat hulle ouers opgesoek het nie.

Die gevolge hiervan is dat jaarliks nuwe onderwysers tot die beroep toetree wat eintlik maar ingestel is op "onderwys" en wat na skole gaan waar voogonderwys 'n deel van die hele opvoedingsprogram is of nie is nie. 'n Mens verkeer soms onder die indruk dat daar hoofde is wat hulle nie aan voogonderwys of samesprekings steur nie en dat daar ook inspekteurs is wat ewemin begaan is oor voogonderwys, solank die "akademie" oënskynlik in orde is.

Ongelukkig gee die handleiding nie duidelikheid oor sekere sake nie, soos hoe onderhoude met ouers gevoer moet word nie. Hoe moet ouers be= nader word? Hoe moet kinders benader word? As Jannie sukkel op skool, en sy ouers is geskei, of sy vader is 'n alkoholis, en dit is van die redes daarvoor, wat nou? Wat doen die onderwyser nou? Hoe gaan hy Jannie laat verbeter?

Stott sê onderwysers se onderhoude met kinders bestaan dikwels uit raas en 'n moralisering oor sekere misstappe in plaas van 'n persoonlike onderhoud as 'n tegniek van kinderstudie.[135] Is daar in ons onderwysop= leiding plek vir soiets? Is ons nie maar net besig met die vorming van die hoof nie, en die hart vergeet ons. Wanneer 'n mens met studente en jong onderwysers te doen het, kry 'n mens die indruk dat hul vakmetodiek kry, 'n bietjie administrasie, bietjie kultuur en baie wyshede oor proeflesse, maar die tegnieke om die kind te ken, te begryp en te help in die praktiese werklikheid ontbreek. Word daar werklik tot die student se hart gespreek?

✔ Huisbesoeke moet altyd vooruit bepaal word, ten einde ouers die ge= leentheid te gee om gereed te wees om hul kind se onderwyser te verwelkom.

Ons het vandag tussen skool, ouer en kerk samewerking nodig, veral ook ten opsigte van die godsdienstige opvoeding van die kind. Wanneer in

---

135) Stott, D.H. Unsettled children and their families, p. 10.

ag geneem word dat daar in 1961, 172 832 verdwene lidmate van die drie Afrikaanse kerke was, is dit duidelik hoe noodsaaklik samewerking inderdaad moet wees om hierdie erosie te keer.[136)]

## II. VERSKUIWING VAN DIE OPVOEDINGSVERANTWOORDELIKHEID VAN DIE EEN NA DIE ANDER

### A. VAN DIE OUER NA DIE STAAT

Daar is reeds aangedui dat histories en volgens die Bybel die ouer die eerste opvoeder was, dat ouers naderhand saam iemand gekry het om hul kinders te leer, en toe dit te omvangryk geword het, het die staat die taak oorgeneem.

Die staat is verplig om steeds meer daadwerklik die ouerseggenskap in te kort, eerstens vanweë die ontwrigting van die gesinslewe wat 'n dreigender omvang aangeneem het en tweedens vanweë die ouerlike verant= woordelikheid wat afgeneem het. Die staat moes wetgewing indien om kinders en jeugdiges te beskerm, hoër eise ten opsigte van verpligte skoolbesoek is ingestel, asook bepalings in verband met godsdiensonderwys, medium van onderrig, ens. Die magte en regte van ouers is ingekort in belang van die welsyn van die kind.[137)]

### B. VAN KERK NA SKOOL

Deut. 6:4-7 en Efes. 6:4 gee 'n duidelike opdrag aan elke ouer oor sy opvoedingstaak. Dit het nie net betrekking tot die huislike opvoeding nie. Dit word ook deur die ouer tot die Christelike onderwyser gerig "wat weens die veeleisende en ingewikkelde kulturele lewe vandag in die plek van die ouers staan."[138)] Greyling sê nie die onderwyser is aan= vullende opvoeder nie, maar hy staan in die <u>plek</u> van die ouer, met ander

---

136) Prins, op. cit., p. 2-3.
137) Keyter, Opvoeding en onder ys, p. 354.
138) Greyling, op. cit., p. 105-106.

woorde hy is 'n pleasvervangende ouer. Onderwys en opvoeding wat deur die staat beheer word, neem dus ook deels die kerk se taak oor.

Kerkvervreemding en kerkloosheid is 'n ernstige vraagstuk en groot besorgdheid heers oor die toestand in die drie Afrikaanse kerke, soos dikwels blyk uit artikels in kerkblaaie, referate en proefskrifte. Verdwene lidmate van die Afrikaanse kerke was in 1951 141 135 en in 1961 172 832. Die getal kerkvervreemdes het van 24 000 na 44 000 gestyg. Daar is kerk= lidmate wie se name nog amptelik op die register van die kerk is, maar wat op geen manier deelneem aan die materiële en geestelike lewe van die kerk nie; en dan is daar die groep wat op geen wyse aan die kerk verbind is of ooit wil wees nie.[139]

Uit hierdie gegewens kan aanvaar word dat 'n aansienlike getal kinders slegs op die skool vir hul godsdienstige opvoeding aangewese is, omdat nòg die ouers nòg die kinders ooit in 'n kerk kom.

Erasmus sê dan ook dat daar duisende kinders in ons land is wat nooit kennis maak met die heilsinhoud van die Bybel nie, behalwe in die skool. Daarom rus daar op die skool 'n dure plig om elke kind vertroud te maak met die Bybelwaarhede.[140]

C. <u>VAN OUER NA KERK</u>

Wanneer hy uitwei oor die funksieverandering van die gesinslewe, stel Keyter dit duidelik dat die godsdiensoefening en -ontwikkeling deur kerk= like liggame onderneem word.[141]

Ook Van Zyl sê dat die gesin se godsdienstige funksie gedeeltelik na die kerk en veelheid van kerklike organisasies oorgegaan het.[142]

---

139) Prins, op. cit., p. 1-3.
140) Erasmus, op. cit., p. 100.
141) Keyter, op. cit., p. 98.
142) Van Zyl, G.J. Gesin as arbeidsgemeenskap. <u>Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961</u>, p. 74.

Cronjé erken eintlik ook die oorname deur die kerk van die ouer se godsdienstige opvoedingstaak wanneer hy waarsku en konstateer dat die basiese godsdienstige opvoeding van die kind nog die taak van die ouers bly. Die kerk vul dit aan en bou dit uit.[143)]

## D. VAN DIE OUER NA DIE SKOOL * *

Daar heers taamlik eenstemmigheid dat die skool die ouers se op= voedingstaak oorgeneem het. Van Rooy stel dit baie duidelik. Hy sê dat 'n saak "wat in die afgelope halfeeu vir die onderwys baie nadelig ge= werk het, is die gebrekkige uitoefening van die ouerreg en die skromelike verwaarlosing van die ouerlike plig by die onderwys en opvoeding van sy kind."[144)]

In antwoord op 'n vraag het hy hom soos volg uitgelaat: "Dit is vandag die neiging by die meeste ouers om afskeid te neem van hul kinders sodra hulle skool toe gaan. Dit is nie ooreenkomstig die plig van 'n ouer nie...... Dit is vir my 'n betreurenswaardige feit dat dit nodig is om die ouer op sy plig in hierdie verband te wys. In Transvaal byvoor= beeld is daar voldoende geleentheid vir die ouer om sy invloed te laat geld, maar hierdie geleenthede word, helaas, skromelik verwaarloos. Om dié toedrag van sake teen te werk is dit ons mening dat ons volk in sy ge= heel opgevoed moet word om te besef dat die ouer wel 'n plig het teenoor sy kind en teenoor die onderwys van sy kind."[145)]

Schutte, wanneer hy uitwei oor Christelike onderwys, wys daarop dat elke opvoeder ten minste moet weet wat Christelike opvoeding en onderwys is en dat veral die onderwyser en ouer wat daagliks met die kind te doen het, hulle ernstig aan die opvoedingstaak moet toewy. Hy sê die ouer

---

143) Cronjé, G. Die formulering van gesinsbeleid, op. cit., p. 182.
144) Van Rooy, op. cit., p. 372.
145) Ibid., p. 379. Vgl. ook Pauw, S. Die funksies van die huisgesin. Ouer en kind, p. 212.

/66.

word geleidelik uitgeskakel en sy taak word "slegs dié van die teelt=kudde."[146]

Skynbaar sal die ouer nie sy taak en verantwoordelikheid insien voor=dat volksopvoeding hom daarvan oortuig nie.

Interessant is prof. J.F. Burger se getuienis voor die Gekose Komitee vir die Nasionale Onderwysadviesraad. Hy sê: "Alle onderwys (moet) vol=doen aan die Nasionale doeleindes wat betref inhoud, godsdiens, taal, ge=skiedenis, sedekunde, dat aan die ouers, as medeopvoeders van die jeug, hulle volle regte en verantwoordelikhede gegun word."[147]

Ouers is die vernaamste opvoeders; die skool is medeopvoeders of aanvullende opvoeders. Prof. Burger ken aan die skool dus 'n verantwoorde=likheid toe wat slegs bevestig dat die skool die ouerlike taak oorgeneem het. Waar Burger pleit vir "volle regte aan ouers", het prof. Van Rooy reeds duidelik aangedui dat in Transvaal ouers al die regte het. Hulle het regte deur skoolkomitees, beheerrade en oueronderwysersverenigings, maar hulle aanvaar nie hulle verantwoordelikhede nie, nie as opvoeders nie, ook nie as fondsinsamelaars, afrigters van spele, ens. nie.

Ook dr. M.J.M. Prinsloo bevestig enersyds die onkunde wat by ouers heers oor opvoeding en andersyds dat die skool hierdie opvoedingstaak vir beide kind en ouer moet doen.[148]

Prinsloo beweer ook, na aanleiding van die Uniale Gesinskongres wat van 4 tot 7 April 1961 in Pretoria gehou is, dat elk van die referate wat gelewer is, daarop neerkom dat daar geweldige onkunde oor die gesins=lewe bestaan, veral by ouers, oor die probleme waarmee die ouers van kinders te doen het. Vanweë die onkunde kan die ouers die probleme nie hanteer nie. Kinders is baie uithuisig, en omdat die ouers in baie

---

146) Schutte, B.C. Die roepingsgedagte in die opvoedkunde en opvoeding. Onderwysblad, LXXVIII(837): 200-201, Oktober 1971.
147) Burger, J.F. namens S.A. Akademie vir wetenskap en kuns. Gekose komitee vir nasionale onderwysadviesraad, p. 112.
148) Prinsloo, M.J.M. Gekose komitee vir nasionale onderwysadviesraad, p. 430-431.

opsigte nie in staat is om die kinders voor te berei nie, aangesien hulle self nie oor voldoende kennis beskik nie, is die skool vandag geroepe om nie net die kind op te lei nie, maar ook op te voed. Die kerk en ander maatskaplike groepe het ook die taak om die kind op te voed, maar eintlik is die skool die belangrikste instansie waar kinders se opvoeding aangevul word indiën die ouer in gebreke bly om die opvoeding te behartig.[149)]

Die belangrikheid van die funksie wat die skool vervul en die sleutelposisie van die onderwyser word weerspieël in die feit dat die datums van volksfeeste, kultuuraande, nagmale ens. bepaal word volgens die skool=vakansie en skoolkwartaal.[150)]

Sandström stel dit dat die skool in 'n groot mate die ou ouerlike taak om die kind op te voed tot 'n verantwoordelike volwassene in hierdie komplekse moderne samelewing, oorgeneem het. 'n Ander tradisionele plig van die ouer, naamlik "the training of character" is insgelyks deur die skool oorgeneem.[151)]

Leonard meen dat kinders vroeër skool toe gestuur is om die soge=naamde "akademiese" vakke te leer. Moderne neigings in ons samelewing het die skool egter gedwing om baie van die kind se opleiding en leiding, wat voorheen die taak van die huis was, oor te neem.[152)]

Gouws noem ook die oorname deur die skool van ouerlike pligte soos die godsdiensonderrig, beroepsopleiding, reëling van vryetydsbesteding, ens. Hy betreur die feit dat die kind nie altyd tuis fundamentele gedragspatrone

---

149) Prinsloo, M.J.M. Die gesin as arbeidsgemeenskap. Verslag van die gesinskongres 4-7 April 1961, p. 84-85.
150) Greyling, op. cit., p. 9.
151) Sandström, op. cit., p. 235.
152) Leonard, e.a., op. cit., p. 2. Vgl. ook Oosthuizen, op. cit., p. 75, waar hy sê: "Meer en meer word die skool belas met die opvoeding van die hele kind, selfs vir die dele wat die ouers aanvanklik be=hartig het."

soos gedissiplineerdheid, eerbiedigheid en die erkenning van gesag, aangeleer het nie. Vir hom is die diepste nood van ons tyd die nood aan gesag.[153)]

Du Toit meen dat die onderwys 'n diens is waarby die hele volk ten nouste gemoeid is. Die liefde vir die kind se moedertaal, sy trotse ge= skiedenis, sy pragtige vaderland, maar ook die piëteit jeens die godsdiens, word in die skool versterk en by sommiges vir die eerste keer gekweek. Dan maak hy die verwyt dat daar tye was toe die huisgesin en kerk ons volksgenote se lewensbeskouing en bestemming bepaal het, maar dit is nie meer in absolute sin die geval nie.[154)] Met ander woorde die skool het hierdie taak oorgeneem.

Van Zyl sê die gesin se opvoedingsfunksie het gedeeltelik na skole, universiteite en vakskole oorgegaan.[155)] Beide Bowley[156] en Cronjé[157)] meen dat die skool net die opvoedingswerk van die gesin aanvul en uitbou. Bowley sê "the bringing up of the child" en die finale verantwoordelikheid van sy opvoeding behoort aan die ouer. Ook Cronjé sê die basiese op= voeding van die kind bly nog die taak van die ouers. Wat behoort te wees en wat werklik gebeur, is egter twee sake en Bowley sê dan ook dat sommige ouers te gretig is om hulle verantwoordelikhede aan ander oor te dra.

Keyter stel hom aan veralgemening bloot wanneer hy sê dat die op= voedingswerk vanaf baba- en kleuterstadium deur bewaar- en kleuterskole gedoen word "en daarvandaan geheel en al deur die skool behartig moet word (huiswerk inkluis)."[158)]

---

153) Gouws, op. cit., p. 85.
154) Du Toit, op. cit., p. 30.
155) Van Zyl, op. cit., p. 74.
156) Bowley, op. cit., p. 126.
157) Cronjé, op. cit., p. 181.
158) Keyter, op. cit., p. 98.

'n Verdere duidelike bewys van die oordrag van 'n belangrike deel van die opvoedingstaak van die ouer kan gevind word in 'n beskrywingspunt van die Nasionale Party Kongres in Pretoria op 5 Oktober 1971. In die beskrywingspunt word die Regering versoek om in sy onderwysbeleid dit voor te skryf dat 'n opregte gesindheid van vaderlandsliefde, gegrond op volksgebondenheid by die skoolgaande jeug, doelbewus en planmatig ingeskerp moet word. Van die volgende menings is daar gelug:

1. Die jeug is vandag so neutraal dat hulle maklik vatbaar is vir liberalisme.

As dit só is, is dit 'n geweldige aanklag teen die ouerlike voorbeeld en opvoeding of gebrek daaraan. Dit is ook 'n aanklag teen die primêre, sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings.

2. Dat die onderwysers nie meer maklik kant mag kies nie.
3. Onderwysers moet toegelaat word om die volkskultuur emosioneel aan die kinders oor te dra.
4. Kinders moet weerbaarder gemaak word.

Die menings spreek vir hulself. Die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr. J.P. van der Spuy, het geantwoord dat daar reeds stappe aan die gang is waardeur die onderwys 'n breë nasionale karakter sal dra. Ook dat daar baie verdienstelike werk in skole in dié verband gedoen word. Maar hy het dit ook gestel dat 'n groot plig op ouers in hul huise rus om hulle kinders reg te lei. As dit gedoen word, sal ouers 'n groot guns aan die party, volk en land bewys.[159)]

Behalwe dat die beskrywingspunt en menings aandui dat ouers nie hierdie taak doeltreffend kan verrig nie, is dit baie beslis 'n aanduiding dat die volk ongelukkig voel oor die praktiese implementering van die "nasionale" onderwys, dat daar nie veel van kom nie. 'n Mens mis dit

---

159) Die Transvaler, 35(5):4, 6 Oktober 1971.

ongelukkig ook dat geen woord van Christelike onderwys gerep is nie, óf dat die nasionale sáám met die Christelike genoem word nie. Afsonderlik kan Christelik-nasionaal nooit gaan nie. Alles dui maar weer op dringende volksopvoeding.

Van der Walt sê ook dat die ouer se bydrae om die kind te laat ontwikkel nie net daarin bestaan om die kind in die wêreld te bring en na ses jaar aan die skoolhoof af te staan nie. "Sy aktiewe verantwoordelikheid, selfs in die onderrigpatroon bly voortduur tot die dag wanneer die kind op eie bene kan staan. Die ouer wat hierdie voorreg en plig ontduik, maak hom skuldig aan 'n oortreding waarvoor hy sekerlik nie net voor 'n menslike hof rekenskap sal gee nie."[160] Ook hy vind dat daar pligsversuim aan die kant van die ouer is en dat die skool die ouer se verantwoordelikhede oorneem.

Ten slotte word verwys na Kotzee wat gesê het: "Die onderwys en skole speel vandag 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die kind en moet in toenemende mate ook die opvoedkundige taak van die huisgesin oorneem."[161] Hy sê ook die onderwys is die sterkste teenvoeter teen die verval en aftakeling van die sedelike waardes en dat die jare '70 die dekade van die daad is waar die skool meer moet doen om die jeug weerbaar te maak.

Kotzee kan tereg die vader van die jeugweerbaarheidskursus wat in Januarie 1972 'n aanvang geneem het, genoem word. Hierdie kursus en veral die afdeling vir geesteswerbaarheid, is eerstens die finale bewys dat die skool hierdie uiters belangrike taak van die ouer oorgeneem het, en tweedens, die aanvaarding deur die onderwysowerheid dat, terwyl hy die

---

160) Van der Walt, C.P. Die taak van die ouergemeenskap in die onderwyssituasie. Onderwysblad, LXXVIII(837):213, Oktober 1971.
161) Kotzee, A.L. Die Transvaler, 34(55):11, 3 Desember 1970.

ouer se taak oorgeneem het, hy dan baie beslis iets daaromtrent gaan doen. Daar moet egter op hierdie stadium gesê word, dat sonder duidelike voorligting aan onderwysers deur middel van oriënteringskursusse, en sonder doelbewuste opleiding van studente in geesteswеerbaarheid, die skool nie veel hoop op sukses het nie. 'n Grondliggende feit word voortdurend vergeet en dit is dat niemand die ouer as vernaamste opvoeder kan vervang nie, en solank die ouer onverskillig staan en self nie geesteswеerbaar is of wil wees nie, sal hy deur sy voorbeeld nog altyd die kind ten kwade be= invloed. Saam met die kursus in sekondêre skole, moet die volwassene voorgelig word en self ingelig wees, sodat huis en skool dieselfde mikpunt het. Hierdie voorligting kan deur middel van die radio gegee word en verder kan die Transvaalse Onderwysdepartement of die Departement van Nasionale Opvoeding 'n mooi boek oor jeugweerbaarheid of talle brosjures saamstel wat gratis deur skole aan ouers beskikbaar gestel moet word.

/HOOFSTUK 3.

# HOOFSTUK 3

## OUERDEELNAME IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS EN OMSTANDIGHEDE WAT DIT BEÏNVLOED

## I. INLEIDING

In Transvaal is daar niks wat die ouer verhinder om daadwerklik deel te neem aan die opvoedings- en onderwysaktiwiteite van sy kind nie; inteen= deel, die ouer het die volste geleenthede om deel te neem deur middel van die skoolraad, skoolmitee en oueronderwysersvereniging.

## II. BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE TEN OPSIGTE VAN OUER= DEELNAME IN OPVOEDING EN ONDERWYS IN TRANSVAAL

Die Ordonnansie maak voorsiening dat ouers verkies en benoem kan word in plaaslike liggame soos skoolrade, beheerrade, skoolkomitees en adviesrade.

'n Skoolraad oefen in verband met nie-professionele aangeleenthede oor provinsiale skole toesig uit. Skoolraadslede word gekies deur Transvaalse skoolouers van Blanke skoolgaande kinders.

'n Skoolkomitee word saamgestel vir elke Blanke skool wat onder toesig van 'n skoolraad is en alle lede van die komitee word deur die Transvaalse ouers van die leerlinge van die betrokke skool verkies.

### Bevoegdhede en pligte van die skoolkomitee

Artikel 50 van die Onderwysordonnansie omskryf die bevoegdhede en pligte onder andere soos volg:

"(a) 'n saak wat na die mening van die skoolkomitee betrekking het op die welsyn of doeltreffendheid van sy skool onder die aandag van die raad te bring;"

(b) handel oor die goeie onderhoud van geboue, persele, meubels en uitrusting;

/73.

(c) handel oor die aanstelling van onderwysers;

(d) handel oor ander bevoegdhede wat die raad wettiglik aan die skoolkomitee opdra of wat by die Ordonnansie aan hom verleen of opgelê is.[1]

Artikel 85 gee die reg aan 'n skoolkomitee om skriftelik verslag te doen aan die Administrateur, wanneer hy van mening is dat 'n onderwyser in die uitoefening van sy politieke en burgerlike regte, sy status en geskiktheid as onderwyser daardeur benadeel.[2]

Volgens artikel 90, subartikel (7) kan 'n skoolkomitee 'n onderwyser skors in gevalle van ernstige wangedrag en moet dit by die Direkteur skriftelik aanhangig gemaak word.[3]

Die departementele komitee wat hierdie boekie saamgestel het, sê dat die beginsel van ouerreg in verband met die beheer van skole die toets meer as 70 jaar lank deurstaan het en dat dit steeds bewys lewer van sy waarde en doeltreffendheid in ons onderwysstelsel. Skoolkomitees het egter geen seggenskap in verband met die professionele aangeleenthede van die skool nie.

## Huis en skool

Daar is verteenwoordiging van ouers op skoolkomitees, omdat huis en skool aanspreeklik vir die opvoeding van die jonger geslag is. Behalwe die skoolkomitee, is daar ook vrywillige organisasies wat bekend staan as oueronderwysersverenigings. Hulle steun die skoolkomitee, maar het nie wetlike status nie.

## Skoolkomitee en skoolhoof

"Die welsyn en doeltreffendheid van sy skool is die goeie skoolhoof

---

1) Die skoolkomitee en sy betekenis, p. 6. Vgl. ook Transvaalse Onderwysdepartement Ordonnansie nr. 29 van 1953, p. 26.
2) Ibid., p. 39a-40.
3) Ibid, p. 44-45. Vgl. ook Skoolkomitee en sy betekenis, p. 8.

/74.

se lewensroeping en -ideaal, en dit verg baie inspanning binne sowel as buite skoolure."[4]

Die sukses van samewerking is afhanklik van die hoof se houding en optrede. Van die komitee kan daar nie daaglikse inspanning ten voordeel van die skool verwag word nie en daarom laat hulle die inisiatief in die hande van die beroepsman, te wete die hoof.

Geen voorskrif vir voortreflike resultate kan gegee word nie, omdat die onderlinge verhouding te persoonlik en te subjektief is.

Die skoolkomitee en die ideaal van diens

Onderwysers, sover dit die nakoming van hul professionele pligte aangaan, is slegs verantwoordelik aan die inspekteur. Daarom is daar geen plek in 'n skoolkomitee vir persone wat seggenskap soek oor onderwysers of oor die huishoudelike sake van die skool nie. Enige ouer het in elk geval die reg om oor verkeerde gesindhede van 'n onderwyser by die hoof, inspekteur of direkteur te kla.

Vir die moontlikhede van dienslewering is daar 'n oop veld. Slegs dié persone is geskik vir lidmaatskap "wat die kinders se belange op die hart dra en bereid is om opofferings te maak in hulle belang; persone wat die moeilikhede waarmee onderwysers soms te kampe het, verstaan; wat insig het in die geestelike behoeftes van die gemeenskap en daarin rigting en leiding wil gee; wat glo dat die geluk en welsyn van die opkomende geslag slegs verseker kan word deur samewerking tussen huis en die skool."[5]

Die ideaal van diens beteken die bereidheid om met die skoolhoof en ander belangstellendes saam te werk aan alle skemas wat aangepak word om die opvoeding in die huis sowel as in die skool doeltreffend te maak. Middele moet gevind word om saam met die hoof en sy personeel die skool=

---

4) Ibid., p. 10.
5) Ibid., p. 14.

terrein te verbeter, bome te plant, sportterreine en tuine in 'n goeie en aantreklike toestand te hou, sportfunksies, konserte, toneelopvoerings en tentoonstellings te laat slaag, hulp te verleen aan Voortrekkers as hulle uitkamp, uitstappies te organiseer en voorsiening te maak vir die nodige vervoer. Hulle sal die skoolfondskomitee daadwerklik bystaan om skoolfondse te styf ten einde die biblioteek uit te brei, hulpmiddels aan te koop en selfs om 'n swembad te bou.[6]

Belangstelling van ouers in hulle skool

Om soveel moontlik ouers in die skool en sy werksaamhede te laat belangstel behoort die skoolkomitee, in samewerking met die hoof, 'n ouer-onderwysersvereniging in die lewe te roep. Hierdie liggaam kan help met fondsinsamelings, skoolterreine uitlê, tuine aanlê en goeie diens lewer op opvoedkundige, kulturele, maatskaplike en liefdadigheidsgebied.[7]

Paragraaf 4 is belangrik en lui soos volg: "Die Departement keur die gebruik van ouers om 'n oueronderwysersvereniging te gebruik as 'n forum om hulle klagtes te lug ten sterkste af. Die hoof moet te alle tye bereid wees om ondersoek in te stel na persoonlike klagtes wat privaat in sy kantoor aan hom bekendgemaak moet word, en wanneer hy nie in staat is om die individuele ouer tevrede te stel nie, kan hy reëlings tref vir 'n bespreking met die plaaslike inspekteur van onderwys."[8] Die inspekteur is in laaste instansie die beampte wat oor die bevoegdheid van die onderwysende personeel uitsluitsel gee.

'n Voorbeeld van 'n konstitusie van 'n oueronderwysersvereniging word gegee. Dis nodig om ook na die doelstellings van hierdie vereniging te kyk. "Die doelstellings van hierdie Vereniging is om die belange en

---

6) Ibid.
7) Ibid., p. 18.
8) Ibid., p. 20.

welsyn van die kinders van hierdie skool te bevorder, asook om die same=werking en goeie gesindheid van die ouers, leerlinge en die onderwys=owerhede te erlang; om die beheerraad/skoolkomitee te ondersteun en wenke aan die hand te doen."[9] Laasgenoemde liggame is die erkende behoorlik saamgestelde en wettige verteenwoordigers van die ouers. Hierdie liggame sal deur die hoof onderhandel met die Transvaalse Onderwysdepartement of die Transvaalse Administrasie.

Ook die funksies is duidelik en word soos volg aangedui:

"(a) Om algemene vergaderings so dikwels moontlik te organiseer sodat ouers in die geleentheid gestel word om mekaar te ont=moet en om 'n vriendelike verstandhouding te bestendig met diegene wat vir die bestuur van die skool aanspreeklik is, insonderheid die hoof en personeel, die skoolkomitee en beheerraad.

(b) Om toesprake en besprekings te reël oor onderwerpe van algemene belang, oor die breër aspekte van onderwys, die psigologiese en burgerlike grondslae van karakterontwikkeling en die voor=bereiding vir die na-skoolse lewe en werk, ens.

(c) Om byeenkomste en kermisse ens. te organiseer ten einde fondse ten bate van die skool in te samel.

(d) Om die skool, waar dit ook al nodig is, in sy buitemuurse be=drywighede soos byvoorbeeld atletiekbyeenkomste, afrigting in spele, ontvangs van besoekende skole, ens. by te staan.

(e) Om uitstappies vir kinders tydens vakansies te reël of om kinders in die geleentheid te stel om aan sodanige uitstappies

---

9) Ibid., p. 20-21.

deel te neem.

(f) Om besoeke tussen Engels- en Afrikaanssprekende kinders te reël.

(g) Om behulpsaam te wees met die stigting van sosiale klubs of klas=se vir stokperdjies, ens. vir sover dit moontlik of wenslik is."[10)]

Artikel 2(1)(b) van Wet nr. 39 van 1967 beoog om aan die ouer in die opvoeding en onderwys seggenskap te gee deur middel van skoolrade, beheer=rade, skoolkomitees en oueronderwysersverenigings, of andersins, met ander woorde deur die liggame wat reeds bestaan. Die wet impliseer ouerseg=genskap in die skool se opvoeding en onderwys van die volk se kinders, maar ook word die verantwoordelikheid op hom gelê om 'n positiewe bydrae tot die onderwys van sy kind te lewer. Baie ouers kom hierdie verant=woordelikheid na, maar dis ook so dat 'n groot persentasie òf geen belang=stelling in die skool aan die dag lê nie, òf dat hulle belangstelling slegs beperk is tot die benoeming van beherende skoolligame, laasgenoemde dikwels om eie belange, kerklik en andersins, te bevorder.[11)]

Ouers se bemoeienis in die skool strek nie tot die professionele aan=geleenthede van die skool nie, want dan sal opvoeding en onderwys skade ly.[12)]

Ouers, en nie onderwysers nie, moet fondse insamel en help met die terreine. Ouers moet hulself gee.[13)] Wanneer ouers nie seggenskap soek

---

10) Ibid., p. 22.
11) Du Toit, G.J. Die onderwyser (en aspekte wat hom raak). Onderwysblad, LXXVII(832):177, Julie 1970.
12) Ibid. Vgl. ook Thom, H.B. Ouer en die onderwyser. Handhaaf, 8(2):11, Oktober 1970.
13) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 70. Vgl. ook Du Toit, ibid.; Thom, ibid., en T.O.D.-omsendminuut 58 van 8 Junie 1972, regulasie 4(a): "Die insameling van gelde vir skoolfonds is nie die verantwoorde=likheid van die hoof van die skool of sy personeel nie, maar hoort tuis by die ouers en die beherende liggaam van die skool."

/78.

nie of 'n teenprestasie verwag nie, maar hulself gee, dan dra hulle by tot die geluk en welsyn van hulle eie kinders. Dan is hulle lojaal aan hulle kinders se skool. Waar die ouervereniging in harmonie met die skool saamwerk, bestaan daar 'n positiewe instelling van die kinders teenoor die skool en die personeel en 'n gesonde klimaat waar elke leerling die beste kan vorder. "Saam met die skool loop die ouervereniging die steiltes uit, met die wete dat dit alleen opdraandes is wat na hoogtes lei."[14)]

Daardie ouers wat op een of ander wyse in die skoollewe deelneem, toon gou meer belangstelling in die skool. Dit word hulle skool. Hulle voel hulle behoort aan die skool, dat hulle nodig is. Hulle word bewus daarvan dat hulle 'n bydrae maak tot 'n waardevolle onderneming. Hulle begryp beide die probleme en suksesse van die skool. Daar is meer begrip van die skool se beleid en saam met die begrip kom ook vertroue in die skool.[15)]

Die ideaal sou wees dat wanneer iemand die skool betree, elkeen sou sê: Dit is ons geliefde skool. Daarbinne leer ons en word ons geleer maniere van denke, gevoelens, gedrag en 'n lewenswyse wat ons self en ons gemeenskap sal verbeter. Almal van ons werk daar, almal van ons tel daar, almal van ons het 'n aandeel in die sukses. Elkeen van ons het verskillende kragte, talente en bekwaamhede om na die skool te bring. Ons deel hierdie gawes van ons in 'n gees van onderlinge aanvaarding en betrokkenheid, en ons strewe om saam te werk in vermeerderde effektiewe maniere.[16)]

---

14) Kotzee, op. cit., p. 73.
15) Woodruff, Myra. Important elements in parent participation. The national elementary principal : parents and the schools, Vol. XXXVII(1):24-25, September, 1957.
16) Efraemson, Margaret W. Togetherness can be built. Ibid., p. 46.

/79.

## III. HUIDIGE TYDSGEWRIG EN OMSTANDIGHEDE WAT OUERDEELNAME BEÏNVLOED

### A. INLEIDING

In die volgende afdeling sal aangedui word dat die gebrekkige be= langstelling in opvoeding en onderwys al tradisie geword het en dat ook verdere faktore vandag meehelp om ouerbelangstelling nog meer te verflou.

### B. REDES VIR GEBREKKIGE BELANGSTELLING

Die gebrekkige belangstelling van die volk in onderwyssake begin naas= tenby in 1902 en kan hoofsaaklik aan die volgende faktore toegeskryf word:

1. Die politieke stryd

Vir die Afrikaner was dit nog altyd 'n verbete politieke stryd waarvan sy identiteit as volk afgehang het. Vir die Afrikaner was daar geen ander saak wat hiermee gelyk gestaan het nie.

2. Ekonomiese stryd

Van 1910 tot 1945 was ons volk uiters arm. Hierdie armoede was so oorweldigend dat daar nie belangstelling in die onderwys was om dit enigsins te beïnvloed nie.

3. Verengelsing

Die pogings om deur middel van die skole die bevolking te ver= engels het ouers minder laat belangstel.

4. Staatshulp

By die armoede het die staat gratis onderwys gegee. Ouers was maar te bly om van dié verpligting los te kom, maar hulle het ook laks en traag geword en min belangstelling in skole getoon.

5. Tot in 1962 is primêre en sekondêre onderwys só onbelangrik geag, dat die parlement dit nooit eens ter tafel geneem het nie, wat onteenseglik steeds die indruk geskep het dat dit nie teen

/80.

enige van die ander staatsdepartemente opweeg nie.[17)]

## C. DIE VERANDERENDE WêRELD

Die wêreld waarin ons vandag lewe, maak dit skynbaar ook moeilik vir die ouer om werklik in die skool belang te stel.

Die hedendaagse mens het geen tyd en rus in die huidige tydperk van sosiale en ekonomiese vernuwing nie. Die volwassene moet nog in hierdie tydsvak aanpas, die wêreld opnuut ontdek en self opgevoed word. En ter= selfdertyd moet hulle hul kinders lei en opvoed. Ons ouers kon ons opvoed in 'n tyd wat nie so radikaal verskil van hoe hulle opgevoed is nie. In die vorige twee eeue saam het dinge nie soveel verander as in die afgelope dertig jaar nie.[18)]

Die "veranderende wêreld" het nie wesenlik verander nie. Die betowe= rende en verbysterende veranderinge lê eintlik op tegniese vlak: massa-kommunikasie, atoomeeu, ruimteprestasies en tegnologiese mag. Maar ideologieë, filosofieë en lewensbeskouings het nie wesenlik verander nie. Kommunisme, Liberalisme en Calvinisme is in hul diepste wese onveranderd. Hulle kon hoogstens in werkmetode en benadering verander het. Te midde van die uiterlike en oppervlakkige tegnologiese en metodiese "veranderinge"

---

17) Bingle, H.J.J. Memorandum namens Potchefstroomse universiteit vir Christelike hoër onderwys. Gekose komitee vir die nasionale onderwys= adviesraad, p. 132-133. Vgl. ook Greyling, E. Christelike en nasionale onderwys, deel II, p. 101; Oosthuizen, C.J. Die ouers se aandeel en invloed in die opvoeding van die kind en hulle opvat= tings en menings oor sekere onderwysprobleme, p. 64-66.
18) Schreuder, Fred. Tips voor de ouders van de studerende jeugd, p. 9.

staan dus die immer onveranderlike kernprinsipes ankervas. Sterker gestel: die Woord van God bly tot in ewigheid! Geen atoombom sal die diepste bestaansprinsipes en werkprinsipes van die mens, die kerk, die staat, die huisgesin, die bedryf, die skool, ens. verander om iets anders te word nie.[19]

Die mense van vandag kan nog nie behoorlik rekenskap gee van die rol wat die huisgesin in die veranderde omstandighede moet en kan speel en van die wyse waarop hy tans sy probleme die hoof moet en kan bied nie.[20]

Die probleem is dat daar by mense 'n gevoel van onsekerheid is. Daar is mense wat nie aan die idee van veranderinge gewoond is nie en wat in die lewe na die statiese soek. Daar is ook mense wat fundamenteel nie toegerus is om hulle aan te pas nie of wat meen dat hulle nie toegerus is nie. Ander voel hulle onbekwaam om die prosesse van verandering te begryp of om te sien waarop veranderings waarskynlik gaan uitloop. Nuwe lewenseise word aan ons gestel, maar die mens durf nie van verandering tot verandering voort te slenter nie. Pas hy hom maar op passiewe wyse by veranderings aan, dan word hy 'n reisiger na nêrens en na selfvernietiging. Daarom is dit die skool se taak om aan mense basiese begrippe te gee waarvolgens hulle vir die res van hulle lewe die wêreld sal verstaan of probeer verstaan. Die onderwys en opvoeding van mense mag nie deur die opvoedkundige sisteem aan die toeval oorgelaat word nie.[21]

Met die industriële rewolusie is die vader in die fabriek en die moeder in 'n kantoor of elders. En die kind word beroof van sy ouers. "Hy loop en hy huil hier in sy hart al is hy drie-, vier-en-twintig. En

---

19) Rosslee, D.D. Onveranderlik in 'n "veranderende wêreld". Handhaaf, 8(1):12, September 1970.
20) Cronjé, G. Die formulering van gesinsbeleid. Verslag van die gesinskongres, p. 174.
21) Onderwys in Suid-Afrika. Eerste verslag, p. 38-39. Vgl. ook Keyter, J. de W. Gesinsontwrigting - die aard en omvang. Verslag van die gesinskongres, p. 32.

/82.

hy huil daaroor dat hy 'n beroofde, 'n onterfde is wie se kinderjare hom ontneem is."[22] Die kind ken nie sy ouers nie. Hulle het nie tyd vir hom nie en hulle ken nie sy skool nie.

In hierdie veranderende wêreld moet ons veral oppas dat daar nie onder ons oë 'n moreelverlore geslag opgroei nie wat vir die doel van rewolusie nodig is om die Weste in duie te laat stort. Daar is vier Kommunistiese reëls vir rewolusie deur Joseph Stalin neergelê: ruineer (corrupt) die jeug; vervreem hulle van die godsdiens; maak hulle geïnteresseerd in seks; vernietig moraliteit.[23] Dit is die skool se taak om al die gevare onder oë te sien en rigting en koers vir kind, ouer en gemeenskap aan te dui.

D. <u>GESINSLEWE IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG</u>

Van al die instellings in ons volkslewe is daar nie één so belangrik as die gesin nie. Die huisgesin is die natuurlike lewenskring van die kind. Ook van al die omgewingsfaktore is die ouerhuis seker die belangrikste. Die ouer se invloed is direk en blywend. Vervalle gesinne lewer verdwaalde kinders en verdwaalde kinders stig weer onstabiele huisgesinne.

Teen hierdie agtergrond moet die gesinslewe in die huidige tydsgewrig gesien word.

In wat volg, is baie gebruik gemaak van gegewens soos vervat in die "Verslag van die Gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961". Van die beste opvoedkundiges, sosioloë, geestelikes, ens. het hier referate gelewer. Die erns van 'n gesonde gesinslewe is voortdurend beklemtoon. Sou daar iets met die kongres bereik wees? Volgens ds. J.R. Lückhoff, direkteur van "Die gesinsjaar en gesinskongres" is die volgende bereik:

---

22) Kotzee, A.L. 'n Toekomsblik. <u>Onderwys-Bulletin</u>, XIV(4): 176, Desember 1969.
23) Kotzee, A.L. Die ouer se taak. <u>Onderwysnuusflitse</u> 25: 14, Desember 1970.

1. Al die stukke oor die Gesinsjaar en -kongres is ná afhandeling van die opdragte aan die argief van die Universiteit van Pretoria oorhandig.
2. Die legio instansies wat oorspronklik betrek is, het volgens kongresbesluite en neergelegde beginsel "elk op eie terrein" voortgegaan met opvolging.
3. Die Voortsettingskomitee (insake Nie-Blanke gesinslewe) het sy werk in 1968 formeel afgehandel, en die stukke, asook 'n beursfonds vir navorsing oor Nie-Blanke gesinslewe, aan die Universiteit van Suid-Afrika oorhandig.
4. Sekere studiestukke, onder andere 'n doktorale verhandeling oor die werkende vrou, is gepubliseer of ter insae by vermelde twee universiteite.[24)]

1. <u>Funksieverandering van die huisgesin</u>

Vanweë die geweldige veranderinge wat buite die huis plaasgevind het, word aan ouers hoër eise as ooit te vore, ten opsigte van hul op= voedingstaak, gestel. Ouers moet nie net op die hoogte wees van hierdie eise nie, maar moet ook in staat wees om dit na te kom. Dit beteken dat daar 'n gesonde huweliks- en gesinslewe gehandhaaf moet word. Dit beteken nie dat die gesinslewe, net soos vroeër, gehandhaaf word nie, maar wel dat die wesentlike kenmerke en funksies daarvan behou moet word, anders word dit ontwrig en vernietig.[25)]

Die gesin word op toenemende wyse van sy wesentlike betekenis en funksies beroof: die handel met sy geriefsmiddele; die skool, kerk en staat met hulle opvoedingsdienste; die georganiseerde en gekommersialiseerde

---

24) Brief van ds. Lückhoff ontvang 11.1.1971, in antwoord op navrae.
25) Keyter, J. de W. Opvoeding en onderwys, p. 98.

vryetydsbesteding met hulle monopolisering van di ouers kinders se vrye tyd; die staat met sy hulptoelaes, sy kinde en jeugbeskerming; sy kultuurfunksie deur kurltuurorganisasies; sy beskerm=ingsfunksie na 'n verskeidenheid afdelings en departemente; almal help om die toenemende ontwrigting wat deur die verval van die funksies en verant=woordelikhede van die gesin veroorsaak word, die hoof te bied en almal dra weer op hul beurt by om daardie verval aan te help.[26)]

2. Gesinslewe in 'n oorgangsproses

Die gesinslewe moet nie op verandering nie, maar op behoud inge=stel wees. Die binding van die verlede is die beste fondament waarop in die toekoms voortgebou moet word. In die verlede is die gesin in sy bindingskrag deur die familie onderskraag, die buurt en 'n heg saamgesnoerde gemeenskap. Vandag is dit veel moeiliker vir die gesin om sy lede te vind en bymekaar te hou. Die grootste gebrek in die gesin is gemeenskap=like gesinstake en hier is die gebruik van bediendes 'n ondermynende faktor vir die eenheid en binding van die gesinslewe.

Die gejaag na geld en goed daarbuite en die onpersoonlike massa versteur die mens se ewewig in só 'n mate dat hy die helende afsondering in die intieme kring van die huisgesin nog meer nodig het. Meer eise word in die moderne wêreld aan die mens gestel en daarom moet kinders 'n stewige fondament in hul huise ontvang. Dit gebeur ongelukkig al minder, omdat die huisvrou en moeder minder tyd aan haar kinders bestee. Die vrou ontvang nie genoeg erkenning in haar huisgesin nie, met die gevolg dat sy alternatiewe ten koste van die huweliks- en gesinslewe soek. Daar moet opnuut besef word dat die eintlike betekenis en bevrediging van ons bestaan

---

26) Ibid. Vgl. ook Van Zyl, G.J. Die gesin as arbeidsgemeenskap. Verslag van die gesinskongres, p. 74.

gesoek en gevind kan word in ons daaglikse verkeer met ons eie huisgenote en vriende. Dan sal ook 'n geleentheid tot groter bevrediging en erkenning vir die vrou in haar rol as eggenote en moeder volg.[27)]

In hierdie oorgangsproses vind mens dat daar talle veranderings in die gesinslewe plaasgevind het, soos dat

a. ouers nie meer die onbetwiste seggenskap oor hul kinders het soos vroeër nie;

b. 'n losser verband tussen gesinslede bestaan;

c. die Afrikaner huisgesin veel minder 'n belangegemeenskap is;

d. die huisgodsdiens grootliks verdwyn het en ook 'n groot mate van godsdiensloosheid aangetref word;

e. huwelike vandag op 'n hoër ouderdom plaasvind met 'n flouer gesinsbesef;

f. kleiner kindertalle voorkom vanweë materiële faktore, gemaksug, buitehuislike belange, ens.;

g. die gesin vandag in geringer mate 'n kultuurgemeenskap is, omdat die gesinslede meer buitehuislik verkeer;

h. die familietrots op die agtergrond raak. Vernoeming (familiename) vind minder plaas en mense is minder op familieherkoms gesteld.[28)]

3. <u>Kenmerke van gesinsontwrigting</u>

Waar armoede en onmag van ouers om in die materiële behoeftes van kinders te voorsien, voorheen die hoofoorsaak vir opname van kinders in inrigtings was, is die hoofoorsaak vandag die <u>onwil</u> of onmag van die ouers

---

27) Cilliers, S.P. Gesinslewe in oorgangsproses, ibid. p. 19-20.
Vgl. ook Pauw, S. Gesinslewe in oorgangsproses, ibid., p. 15-16.

28) Cronjé, G. Die oorgang van die patriargale huisgesin na die klein huisgesin by die Afrikaner. <u>Handhaaf</u>, 8(10):4-5, 15, Junie 1971.

om gesonde huislike omstandighede te voorsien en te handhaaf en om oor die geestelike belange van die kind te waak. Onverskilligheid, onverantwoordelikheid, belangeloosheid, onbeheersdheid en onsedelikheid van die ouers skyn in stygende mate die voorrang onder oorsake van kinder- en jeugverwaarlosing in te neem.

Baie kinders uit ekonomies goed versorgde huise en uit intellektueel ontwikkelde ouers, sien hul ouers selde. Hulle ken byna geen gesinslewe nie en word aan die sorg van bediendes, kleuterskole en dagskole oorgelaat, of hulle loop in strate rond en gaan bioskoop toe. Hierdie "geoorloofde en ordentlike" verwaarlosing bly vir ouer en kind 'n gevaarlike simptoom van gesinsontwrigting.[29)]

Ons belewe vandag in toenemende mate 'n dreigende geestelike en kulturele bankrotskap van die huwelik en gesin. Dit word nog gewaardeer as middel tot die bevrediging van die liggaamlike en materiële behoeftes en aspirasies van die individu, maar as bindende, geestelike en dissiplinerende groep of gemeenskap, word dit geredelik verwerp. Daarmee word dan ook die opvoedingstake vanselfsprekend aan die kerk, die skool, die jeugorganisasies, ens. opgedra, of oorgelaat aan die willekeur van die staat of liggame en persone wat hulle daarmee wil bemoei. "So groei die geledere aan van die ontnugterde, verbitterde, gefrustreerde, chronies ontevrede en gegriefde, van verwarde, ongebalanseerde en neurotiese mense wat nie hulle plek in die samelewing kan vind nie en menslike verhoudinge gedurig vertroebel."[30)]

Een van die grootste klagtes van die hedendaagse jeug teenoor die volwassene, eintlik 'n aanklag, is die dubbele standaarde en volkome staat van huigelary. Baie van die jeug sien die volwassenes as 'n harde,

---

29) Keyter, J. de W. Gesinsontwrigting - die aard en omvang, p. 26.
30) Ibid., p. 29-30.

egoïstiese geslag wat grootgeword het op die "dog-eat-dog"-beginsel, en heeltemal onbekwaam om na enigiemand anders om te sien behalwe na hulself.[31] Groot kinders, tieners en jongmense kan skynheiligheid nie verdra nie. Moenie preek oor iets wat jy self doen nie.[32]

Ouers gee nie genoeg eerlike, onverdeelde aandag aan hul kinders nie. Plaasvervangers word gegee, byvoorbeeld onbeperkte sakgeld en speelgoed. Die ouer se liefde is dikwels ook nog voorwaardelik: ek het jou lief, mits jy so en so maak; as jy drie onderskeidings kry, kry jy 'n fiets, in plaas van: ek het jou lief soos jy is! Dan wil sommige ouers hê die kind moet hul eie gefrustreerde ambisies uitleef.

'n Belangrike oorsaak vir die ontwrigting in die gesinslewe vandag én vir die sogenaamde "opstand" van die moderne jeug, moet toegeskryf word aan die verlies van die sterk vader-beeld. Dit het verlore geraak in die nywerheidswêreld van vandag. Sodra die vader weer besef dat hy net so 'n belangrike rol in die gesinslewe en die opvoeding van sy kinders het as die moeder, sal hy dalk die vervulling van daardie rol geniet. Vroue kan hul plek vol staan in die ekonomiese wêreld sowel as in die kulturele lewe en boonop nog hul plig as ouer nakom, mits hulle begryp dat die kwaliteit van die aandag wat hulle aan hul kinders gee, baie belangriker is as die kwantiteit. Dis nie hoeveel nie, dis hóé.[33]

## 4. Die vrou en die huisgesin

### a. As belangrikste bindingskrag

Sonder om afbreuk te doen aan die gesag van die man as hoof van

---

31) Rose, Brian & Chilvers, Bryan. The broken link, p. 18.
32) Aniel, J. Wat het geword van ons "natuurlike" ouers? Buurman, 2(1):13, September-November 1971. Vgl. ook Pieterse, J.E. Jongmense verwerp alle gesag. Die Transvaler, 34(232):7, 3 Julie 1971.
33) Aniel, op. cit., p. 13.

die huis, moet erken word dat die vrou die belangrikste bindingskrag in die huisgesin is. Sy is die hoofmiddelaar om sosiale norms van die kind vas te lê. As vrou en moeder is sy ook die hoofpersoon, tesame met haar man, in die skepping van die huislike atmosfeer en die versorging en opvoeding van die kinders.[34)]

Daarom moet die gemeenskap die waardering wat aan die vrou toekom, aan haar betoon. Die gemeenskap behoort ook die eer van die vrou te beskerm, waar sy voortdurend in leesstof, rolprente en handelsartikels voorgestel word as blote middel tot wellusbevrediging. Sy kan tog nie haar taak behoorlik volvoer as die gemeenskap toelaat dat haar eer dag na dag besoedel word nie.

b. <u>Die werkende moeder</u>

Baie moeders werk, omdat hulle daardeur aan hul kinders 'n hoër lewenspeil wil verseker en 'n beter kans vir die toekoms wil bied, terwyl baie ander werk vir weeldeartikels, na afleiding buite die huis soek en gemak- en genotsugtig is.

Herzog sê navorsingsbewyse dui aan dat werkende moeders een van vele faktore is wat kinders raak sover dit kinderontwikkeling en -aanpassing aangaan. In die geheel is werkende moeders egter 'n sekondêre en nie 'n primêre faktor nie. Primêre faktore het skynbaar te doen met die gesinsklimaat en -funksionering, die persoonlikheid en temperament van die ouers, die soort sorg en opvoeding wat die kind ontvang, afgesien daarvan of die moeder werk en of sy nie werk nie. Hierdie dinge <u>mag</u> natuurlik beïnvloed word deur die feit dat sy werk.[35)]

In Suid-Afrika word die mening meer algemeen gehuldig dat die werkende

---

34) Pauw, S. op. cit., p. 17. Vgl. ook Hodges, Jnr. H.M. The acquisition of personality : a sociological perspective. <u>Education and society</u>, p. 130; Cronjé, G. Die vrou en die gesin, op. cit., p. 184.
35) Herzog, Elizabeth. Children of working mothers, p. 30-31.

moeder baie nadelig vir die gesin is. Daar word verwys na die moeder wat saans moeg by die huis kom. Sy is ongeduldig en gespanne en wil nie nog na die geneul van kinders luister nie. Talle kinders word tydens hul kostelike vormingsperiodes in die sorg van swak toegeruste, onverfynde en onopgeleide bediendes gelaat. Kinders se opvoeding moet in sulke omstandighede skade ly en hulle word geestelik en emosioneel verwaarloos. Die gesinstaak eis eintlik alle liggaamlike en geestelike kragte van die huisvrou. Deurdat die moeder uitwerk, word kinders groot met min verantwoordelikheidsbesef, min lewensgevoel vir ander, sonder karaktervastheid en sonder ankers. Toe hulle in krisistye hul moeder nodig gehad het, was sy nie daar nie. "In haar taak om haar kinders te lei, en in en uit die daaglikse werklikheid waardes op te bou en vas te lê, het sy gefaal."[36)]

Waar beroepsarbeid die moeder oormatig besig hou, is dit gelykstaande aan die onvolledige gesin. Vir die kind om tuis te kom en sy moeder is nie daar nie, is dit 'n ernstige gemis. Die verwagte belangstelling en sorgsaamheid van die moeder gee aan die kind 'n diepe sin aan "huis toe gaan".[37)]

Feit is dat die werkende moeder reeds as deel van ons maatskaplike struktuur gevestig is en sy vorm reeds een derde van die blanke arbeidsmag van ons land in die letterlike produktiewe sin. Die vraag is of die werkende moeder oor die kennis beskik om haar optrede te skik volgens die belangrikheid van haar bydrae tot die uitbouing van haar samelewing en daarom ook haar eie persoonlikheid. Benewens die werkende moeder se produktiewe arbeid buite, dra sy ook in 'n onbepaalde mate by tot die geweldige, byna fantastiese kultuurbou van 'n jong en klein volk. Hierdie laasgenoemde

---

36) Strating, H.H. Die beroepsarbeid van die vrou. Ouer en kind, p. 196-197. Vgl. ook Leighton, op. cit., p. 127; Duvenage, A.P.C. My kind = R10,00. Die Vaderland, XXXV(10694):3, 2 Augustus 1971.

37) Rienstra, Y. Kind, school en gezin, p. 87.

arbeidstaak word nooit na waarde geskat nie. Twee vrae kom na vore:

a. Hoe word die vrou in haar taak gehelp? Word sy voorberei vir hierdie onmisbare take?[38)]

b. Is ons samelewing besig om die vrou te ooreis deur haar kragte en haar tyd irrasioneel vir ekonomiese welvarendheid, welsyns-, politieke- en ander kultuurdienste op te eis, sonder om aan haar die nodige kennis te bring wat die enigste en onmisbare sleutel is om enige mens werklik vry te maak om naamlik wanneer die tyd aanbreek, dit wat die belangrikste is, te kies?

In die lig van die voorgaande behoort

a. die owerheid deur middel van sy onderwysstelsel meer kennis tot die jeug en toekomstige ouers ten opsigte van persoonlikheidsvorming en menslike verhoudinge te bring;

b. 'n spesiale buro vir vroue-arbeid ingestel te word om spesifieke arbeidsmarkte te bestudeer en te organiseer, omdat vroue-arbeid nie van die gesin as arbeidseenheid en die aandeel van die vrou in beide gebiede los staan nie.[39)]

Dat die werkende moeder, tewens die meeste moeders, kennis bygebring moet word, tesame met die vaders, is nie te betwyfel nie. Volksopvoeding is nodig en dit kan suksesvol deur middel van skole gedoen word wanneer ook die skoolkomitee en oueronderwysersvereniging daadwerklik hulp verleen. Eerstens is volksopvoeding nodig om bestaande ouers te aktiveer en daarna

---

38) Prinsloo, M.J.M. Memorandum. Gekose komitee vir die nasionale onderwys-adviesraad, p. 426. Vgl. ook Leighton, R.E. Opvoeding van die kind in die gesinslewe: Verslag van die gesinskongres, p. 128. Hy voel sterk oor die afrigting en opleiding van die moeder oor hoe sy haar kind en gesin en ook buitestaanders, indien nodig, moet behandel.

39) Prinsloo, M.J.M. Die gesin as arbeidsgemeenskap. Verslag van die gesinskongres, p. 84-85.

/91.

sal die skool sukses hê om in sy opvoedingstaak te slaag, omdat huis en skool se opvoedingstake dan meer in lyn sal wees. Die voorbeeld van die ouer bly van deurslaggewende belang, afgesien van hoe lofwaardig die skool se opvoedingsprogram ook al is.

5. Die man en die huisgesin

Volgens die skeppingsordinansie is die man die hoof van die vrou en van die huisgesin. Dit beteken onder andere

a hy is die hoogste gesagsdraer in die gesinsgroep, maar nie die enigste nie, want in sy gesagsuitoefening teenoor die kinders, staan sy vrou hom by;

b hy is die beskermer van die belange van sy vrou en kinders en moet toesien dat aan hulle reg geskied.

Wat gesagsuitoefening betref, het die man te kampe met uithuisigheid wat met sy beroepswerksaamheid saamhang. As die man tuiskom, is hy meestal werklik of denkbeeldig só moeg dat hy geen of hoogstens min tyd aan die kinders kan of wil bestee. Hoewel die man tóg sy plig ten aansien van die tug van sy kinders kan nakom, is dit die moeder wat die hoof gesags=rol van die vader moet oorneem, omdat hy te besig is.[40)]

Dit is ook deur God verorden dat die man die broodwinner moet wees. Dit is vandag nie meer altyd so nie.

Die man moet ook die vrou in die versorgingsarbeid bystaan. Hy be=hoort nie toe te laat dat bediendes hom van hierdie verantwoordelikheid onthef nie. Sy buitehuislike belange moet nooit die oorsaak daarvan wees dat hy sy opvoedingstaak saam met sy vrou, verwaarloos nie.

Vanweë die vader se voortdurende afwesigheid kry die seuns nie kans

---

40) Cronjé, G. Die formulering van gesinsbeleid. Verslag van die gesinskongres, p. 184. Vgl. ook Coetzee, J.C. Ons en ons kinders, p. 68; Pieterse, J.E. Ek en my huis, Handhaaf, 8(10):12, Junie 1971; Sonnekus, M.C.H. Ons kinders en hulle probleme, Onderwysblad, LXXVIII(836):136, Julie 1971.

om hulle met hul vaders te identifiseer nie. Seuns sal hulle op die moeders fikseer.[41)]

Mans is skynbaar besig om die aftog vanweë hulle selfsug en gemaksug te blaas. Dit is nodig dat mans ernstig besin, hul verantwoordelikhede aanvaar en die vrou die eer gee wat haar toekom. Waar sy ook werk, moet hy beslis help met die versorgingsarbeid. Hy moet eenvoudig tyd maak om met sy kinders te verkeer. Dit is moontlik om deur middel van die skool se verenigings hierdie verantwoordelikhede van die mans aan hulle tuis te bring.

6. Die huisgesin en die godsdiens

In die vroeë Christelike kerk was die huisgesin 'n huisgemeente. Die kerk is gevind in die woonhuis van die gesin, elke dag van die week en nie net Sondae nie.

Op 'n vasgestelde tyd van die dag het die huisgesin rondom die Heilige Skrif vergader, en by bepaalde geleenthede is ook die bure na hierdie samekoms uitgenooi.

Aan die begin van die dag en ook aan die einde van die dag het die gesin so vergader. Die daaglikse ontmoeting voor die aangesig van God het 'n suiwerende en verstewigende uitwerking gehad op die onderlinge ver=houdinge tussen man en vrou, ouers en kinders, buurman en kneg. Die goeie invloed van die godsdiens in die huiskring het in die breër kring van die maatskaplike en staatkundige lewe deurgewerk.

Is dit moontlik in die moderne samelewing om 'n paar minute aan te wend vir huisgodsdiens? Baie ouers het ongelukkig hierdie stryd gewonne gegee. Daar is te veel botsings van belange, daar heers selfsug, mis=verstande ontstaan en verhoudinge word gespanne en kinders kom teen die

---

41) Pieterse, op. cit., p. 12. Vgl. ook Sonnekus, op. cit., p. 136.

/93.

ouers in opstand. Die eenheid van die gesin kan weer tot sy reg kom, mits vaders en moeders toesien dat daar wel 'n tydjie elke dag ingeruim word waarop hul huisgesin 'n paar oomblikke kerk word.[42)]

In die godsdienstige opvoeding, soos in alle opvoeding, vereenselwig die kind hom met sy ouer. Behalwe vir die huisgodsdiens, is dit noodsaaklik dat die gesin saam kerk toe gaan en saam aan allerlei kerklike werksaam= hede deelneem. Die kind volg die ouer se voorbeeld na.[43)]

Omdat die kind die ouer se norme oorneem, het die skool 'n verlore stryd wanneer die ouer se norme anders as die gangbare Christelik-nasionale is.

Die liefde van die hedendaagse godsdienstige gesin is onder verdenking. Wanneer hulpverlening of liefdadigheid geskied, vind dit te dikwels plaas sonder enige liefde of meegevoel en is dit heeltemal onpersoonlik. Dit is nie diens nie - maar Hy wat gekom het om te dien.."het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense ge= lyk te word." [44)] Wanneer kinders hulle ouers se selfopoffering sien en meemaak dan begryp hulle naderhand dat hulle ouers se woorde en dade oor= eenstem en dat dit op waaragtigheid en opregte godsvrug berus.[45)]

Is dit nie vandag die wese van die Afrikaner se gesindheid naamlik lief= deloosheid nie? Alles word reggemaak met geld in plaas van met bly= moedige diens. 'n Bydrae word gegee vir die kerk, die party en die skool en daarmee word die gewete gesus dat jy jou plig gedoen het. Dit is net 'n lastigheid, 'n verpligting wat met die spaargeldjies vereffen is, sonder liefde, sonder belangstelling en ongelukkig sonder dat ek myself gee. Hierdie wonderlike bydrae wat sonder emosie gegee is, kwalifiseer die gewer daarvan dan om eise te stel en links en regs te kritiseer, weer, sonder

---

42) Groenewald, E.P. Suiwer menslike verhoudings. Verslag van die gesinskongres, p. 41-42.
43) De Villiers, A.R. Die godsdienstige taak van die huisgesin, op. cit., p. 37-39.
44) Vgl. Fil. 2:7,8.
45) Venter, P.W. Die diens van barmhartigheid. Verslag van die gesinskongres, p. 45-47.

om diens te lewer, en ongelukkig ook met groot vertoon voor die kinders. In hierdie geval ook weer 'n voorbeeld wat deur die kind nagevolg word.

Wanneer gedink word aan hoe baie Afrikaners kerkvervreemd en kerkloos is, doem die vraag onwillekeurig op of die kerk nie ook doelbewus diens sal lewer en die skape gaan opsoek nie. Maar weer, as die godsdiensbe= oefening in die huis reg is, sal dit ook in die samelewing en gemeente reg wees. Om dit egter in die huisgesin reg te kry, lyk dit of volksopvoeding deur die skool met sy hoof en onderwysers, met sy skoolkomitee en ouer= onderwysersvereniging, die logiese oplossing is.

7. Die huisgesin en emosionele sekuriteit

Die atoomeeu, die snelle tegniese ontwikkeling en spanning op internasionale gebied het die gesin baie kwesbaar gemaak. Langtermynbeplanning met die oog op eksterne en materiële veiligheid, het haas onmoontlik geword. Om dié rede het liefde, naastediens en gesonde menslike verhoudings des te belangriker geword.

Om emosionele sekuriteit te verwerf moet daar aktief aan die onder= linge verhoudings van mens tot mens gewerk word. Emosionele sekuriteit is 'n basiese vereiste vir die kind, terwyl emosionele onsekerheid nie net 'n baie swak fondament vir die lewe van die individu is nie, maar ook vir die voortbestaan van 'n volk. Ouers kan geen beter belegging vir die toe= koms van 'n kind maak as juis sy gesonde emosionele ontwikkeling nie. Elke ouer behoort ernstig na te dink oor die volgende: "Moenie so hard werk om vir julle kinders 'n geldelike belegging te maak nie, belê liewers 'n bietjie meer van julself en jul tyd in jul gesin - die dividende is groter en meer lonend."[46]

Daar word te veel gepraat oor hoe ouers hul kinders liefhet of moet

---

46) Bührmann, M. Vera. Die huisgesin en sy emosionele sekerheid. Verslag van die gesinskongres, p. 48-51.

liefhê, maar 'n mens hoor selde van respek. Die kind moet as 'n skepping gerespekteer word vir wat hy is en vir die sluimerende moontlikhede wat daar in hom opgesluit is. Daar moet onderlinge respek in die huisgesin wees, maar die lede moet ook geestesgesond wees. Geestesgesonde mense het die beste geleentheid om kinders te lei tot emosionele volwassenheid.[47)]

8. Die huisgesin en vrye tyd

Die hedendaagse gewone man het van 6 tot 8 uur per dag tot sy beskikking waarin hy kan doen wat hy wil.[48)] Vir baie mense is dit gedwonge vrye tyd wat deur die winsmotief raakgesien is en daarin met gekom= mersialiseerde vrye tyd voorsien.[49)]

Die gesin se belangstellings word versnipper en verdeel. Daar word oormatig nadruk gelê op spel, sport, ontspanning en sensasie. Vrye tyd word veels te min vereenselwig met nuttige en waardevolle werk. Dit is waar dat ons kerkwerk, ons volksdiens, ons kultuurarbeid en ons deelname aan kultuurbedrywighede ook vryetydsaangeleenthede is, maar die gesin kan dikwels nie sáám daaraan deelneem nie. Die bybring van 'n lewenshouding en inskerping van lewenswaardes, die vorming van gesindhede, die aanleer van goeie gewoontes en maniere ens. kan alleen waardevol geskied deur medebelewing en voorbeeld, deur die gesamentlike gesinsarbeid.

Deur die huisgesin moet die kind met kultuurgoedere deur die geskrewe woord, die radio, ens. kennis maak. Die lede van die gesin moet ook op die regte wyse ingeskakel word in opbouende kulturele en vryetydsbe= drywighede in gesonde lewenskringe. Anders raak kinders losser van die gesinsverband en neem die verantwoordelikheidsgevoel teenoor die gesin

47) Cheetham, R.W.S. Huisgesin en emosionele sekerheid, op. cit., p. 64.
48) Vgl. ook p. 91-92. Die man het geen rede om aan te voer dat hy te besig of te moeg is om aandag aan sy kinders te bestee nie.
49) Van Zyl, G.J. Die gesin as arbeidsgemeenskap, op. cit., p. 77-78.

/96.

af. Daarom moet vrye tyd deur die gesin beplan word, want beplanning skep gemoedsrus en ook selfdissipline. Ook die benadering teenoor vrye tyd moet só wees dat besef sal word dat 'n verlies aan tyd, wat nie vrugbaar en produktief aangewend word nie, in sigself 'n onherstelbare verlies is, omdat tyd nooit teruggekoop kan word nie; maar verder dat die blote verlies aan tyd deur planlose niksdoen, niks is in vergelyking met die verlies aan morele en sedelike waardes, geesdrif, inisiatief, selfrespek en geesteskrag wat daardeur veroorsaak word nie. Vrye tyd moet ook fiksheid van liggaam, gees en verstand voor oë hê. Die maatstaf van vryetydsbesteding moet ook wees of dit my gees, my menseverhoudings, my verhouding teenoor my naaste en teenoor God verryk.[50)]

Die vraag is, hoe word, of hoe kan hierdie inligting oor vryetydsbesteding aan die deursnee-ouer tuisgebring word – deur koerante en die radio? Hoeveel lees die koerant of luister na opvoedkundige praatjies?

Die skool, in samewerking met die huis en ander instansies, is in 'n gunstige posisie om die vryetydsbesteding van die volk te hervorm en te vervorm. By die kinders moet die skool 'n gesonde leeslus asook die beoefening van stokperdjies kweek. Erasmus beveel vir die ouers aan, 'n verenigingslewe met die skool as middelpunt. Die ouergemeenskap word in die begin van die jaar verdeel, byvoorbeeld moeders, vaders, jongmense, onderwysers, klerke, ens. en elke groep is vir een of twee programme gedurende die jaar verantwoordelik, en deur verder verskillende soorte aande te reël, soos wetenskaplike aande, historiese, letterkundige, parlementêre, musiek- en debatsaande, kan 'n jaarprogram maklik opgestel word.[51)]

9. <u>Die huisgesin en opvoeding tot burgerskap</u>

Goeie burgerskap beteken onder andere dat die burger goed toegerus

---

50) Roux, Gerhard. Die positiewe benutting van ons vrye tyd, <u>Handhaaf</u>, 8(4):13-15, Desember 1970. Vgl. ook Cronjé, G., op. cit., p. 183.
51) Erasmus, L.S. Die nasionale idee in die onderwys met besondere verwysing na Suid-Afrika, p. 154-155.

/97.

en opgelei sal wees vir sy nering of professie en die werk sover moontlik met pligsgetrouheid, doelgerigtheid en vreugde sal verrig.[52)]

Die verantwoordelikheid vir die vorming van goeie burgers berus by die gesin en by die gemeenskap. 'n Groot deel van wat die kind leer, leer hy deur nabootsing en identifikasie, met ander woorde deur die voorbeeld. Die ouer, wat so intiem met die kind saamleef, besef dit nie altyd nie. As gevolg van die ouer se tekortkominge en pligsversaking in hierdie opsig, kry ons veral aan die Witwatersrand vroeë skoolverlating en onbekwaamheid om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied.

In 1970 het 49 uit elke 100 st. sesse in Transvaal gevorder tot st. 10 terwyl daar slegs 33 uit elke 100 aan die Rand tot st. 10 gevorder het.[53)]

Kotzee sê: "In die wêreld van vandag is daar 'n moordende wedloop teen 'n geweldige tempo en die plek van ons volk in daardie wedloop sal bepaal word deur die poging wat elkeen van ons doen om die meeste kennis wat vir ons moontlik is, te bekom en te help om dit toe te pas. Daar rus dus 'n verantwoordelikheid op elkeen van ons om ons verstandstalente tot die uiterste te ontwikkel."[54)]

Moedig ouers hul kinders hiertoe aan? Probeer die volwassene sy kennis vermeerder, ook oor heersende landsake en -probleme?

Opvoeding tot burgerskap is 'n taak en roeping wat klaarblyklik deur baie ouers nie besef word nie. Ook hier moet die skool deur die skoolkomitee en oueronderwysersvereniging volksopvoeding doen.

10. Verminderde waardering vir die kind

Hoewel ouers hulle kinders liefhet, verwag hulle maklik te veel

---

52) Theron, Erica. Opvoeding tot burgerskap. Verslag van die gesins=kongres, p. 147.
53) Die Transvaler, 34(234):8, 6 Julie 1971.
54) Kotzee, A.L. 'n Ideaal vir ons jeug, p. 46.

/98.

van hul kinders, hulle raak gespanne, omdat die kinders nie aan hulle verwagtings voldoen nie, en so word ouer én kind gespanne – 'n kringloop van onderlinge en groeiende besorgdheid. Baie ouers het die ongelukkige houding aangeneem waar die klem verskuif het van kinderontwikkeling na skolastiese prestasie. Van die kleuterskool af word die rapport 'n statussimbool.[55]

Die huislike lewe van die ouer mag onbevredigend wees en die vyandigheid, emosionele spanninge en frustrasies wat in die huis heers, word na die skool geprojekteer. Die skool word dan blameer vir hulle kinders se gedrag en leerprobleme. Kinders "reflect critical parental attitudes in their school relations" en ook: "Usually a problem of a child is attributable, wholly or in part, to parental behaviour."[56] Kinders is telkens die lydende partye.

Behalwe vir te hoë verwagtings wat ouers van hulle kinders koester en wat gespannendheid teweegbring, word die kind se geestesgesondheid ook deur egskeidings geraak. Ongeveer 5 000 Blanke kinders word jaarliks getref deur die egskeiding van hulle ouers, talle ander ly onder die verlating of akute onenigheid van hul ouers, terwyl sowat 3 000 kinders jaarliks sorgbehoewend bevind word, benewens baie ander wat verwaarloos word sonder dat hulle sorgbehoewend verklaar word. Hierdie gegewens geld vir 1961.[57]

---

55) Leighton, R.E. op cit., p. 128-129. Vgl. ook Strom, R. Family influence on school failure. The educational digest, XXX:10, Februarie 1965.
56) Heffernan, Helen & Todd, Vivian E. Elementary teachers' guide to working with parents, p. 9 en p. 32. Vgl. ook Walter, Ralph. The parental school team. The national elementary principal: parents and the schools, XXXVII(1): 117-118, September 1957.
57) Cronjé, G., op. cit., p. 177.

In 1969 is 10 092 kinders slegs deur egskeidings geraak.[58] Daar is talle kinders vir wie stoflik ruimskoots of minstens voldoende voorsien word, maar wie se behoefte aan liefde en toegeneentheid van hulle ouers tog nie behoorlik bevredig word nie en wat dus geestelik verwaarloos word.

Die kind mis daardie vroeëre rustige, gesonde huislike lewe en daarmee het hy oneindig veel verloor. Van alle kante is die agteruitgang van die huislike lewe te bespeur en word die nadelige invloed daarvan op die ontwikkeling van die kind gesien. Daar is ontsettende opvoedings=probleme, ten spyte van sielkundige en opvoedkundige vooruitgang, omdat daar geen werklik doeltreffende plaasvervanger vir die gesin gevind kan word nie.[59]

Die voorgaande onderstreep weer eens duidelik dat ouers deur middel van komitees in skole self opgevoed moet word. Opvoedkundiges be=klemtoon die tekortkominge, lewer referate, hou kongresse, vind oplossings, maar nooit word dié kennis, dié noodsaaklike volksopvoeding na die volk, die huidige volwassene oorgedra nie. Selfs die Gesinskongres wat 'n om=vattende studie oor vele en dringende vraagstukke in ons gesinslewe deur deskundiges op alle terreine in die jaar 1961 na vore gebring het, het as hoofresultaat gehad dat elk op sy eie terrein uitvoering aan die be=sluite sal gee.

By baie Afrikaners het die valse idee ontstaan dat sekere soort arbeid Bantoe-arbeid en vernederend vir 'n Blanke is. Hierdie idee van "kafferwerk" het oor 'n tydperk van 250 jaar gegroei. 'n Mens wonder soms of baie Afrikaners dit nie as 'n lewensgewoonte en lewenswyse aanvaar het dat, terwyl die Bantoe die sogenaamde "onaangename" werk vir hulle doen, alle ander dinge, behalwe miskien om geld te maak, aan ander oorgelaat moet

---

58) Die Transvaler, 35(21):2, 25 Oktober 1971.
59) Keyter, J. de W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p. 81.

word, solank dit met my goed gaan. En in die proses moet ander sorg vir die opvoeding van my kinders.

Die toekomstige krag van 'n volk hang grootliks af van sy getalle kinders en van die mate waarin die potensiaal van elke kind ontwikkel word. "As 'n volk meer waarde heg aan ander dinge as aan die onderwys van sy jeug, sal die onderwys agteruitgaan tot op daardie vlak wat die volk dan wel daaraan toeken. Die ironie van die saak is egter dat die volk dan dié dinge wat hy hoër as die onderwys van sy kinders ag, daardeur ook verloor."[60] Kotzee is van mening dat die jeug van vandag basies net so opvoedbaar as enige jeug uit die verlede is. Waar hulle opvoeding vandag soms minder goed verloop, is dit beslis toe te skryf aan faktore buite hulle beheer.

Laat dit erken word dat die kind die voorbeeld van die opvoeder navolg. Daarom kan hierdie "foute" van die jeug maar vierkantig die ouers en die skool ten laste gelê word. Kan 'n volk dit bekostig om sy kinders minder te waardeer? Sekerlik sal elke opvoeder eendag moet antwoord voor die Regterstoel.

As ons ons kinders se toekoms wil beveilig, is dit nodig dat ons ouers hulle in 'n ondeurdringbare kordon om ons skole skaar en te alle tye hulle volle ondersteuning en positiewe samewerking sal verleen om ons skole tot vestings van ons Westerse leefwyse te help omskep.[61]

## 11. Toekomstaak vir die gesin as arbeidsgemeenskap

Handearbeid is 'n belangrike vorm van arbeid waartoe elke mens en elke nasie geroepe is, omdat dit die enigste weg is waarlangs rykdom op materiële en geestelike gebied vir die mens as individu en vir die gemeen= skap verkrygbaar is. Elke mens en elke nasie moet egter vir eerlike

60) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 26.
61) Ibid., p. 29.

arbeid opgevoed word en daarom moet hande-arbeid as 'n onderdeel daarvan, 'n plek in die program van die nasionale skool kry.[62)]

In Transvaal word skole wat dit verkies, vergoed vir selfwerksaam=heid wanneer leerlinge self klaskamers skoonmaak in die plek van 'n skool=skoonmaker. Dit leer kinders om self op te ruim waar hulle gemors het. Hulle moet ook meer op die skoolterrein help om onkruid te verwyder, tuine in stand te hou en papiere op te tel ook in die skoolomgewing. Ongelukkig bestempel baie ouers hierdie handearbeid as "kafferwerk" en maak beswaar dat hulle kinders selfs klaskamers uitvee.

By ouerhuise is die posisie nog erger. Ons werk nie self nie, want ons gesinsarbeid is in die hande van bediendes en daardeur ontneem ons ons kinders die geleentheid om deur die verrigting van arbeid selfdissipline te kweek. Daar is byna geen beter opvoedingsmiddel in die lewe van 'n kind nie as juis arbeid. "Nie goud nie, maar arbeid is 'n volk se rykdom."[63)]

Dit is nodig dat daar 'n heroriëntering in ons opvoedingsprogramme moet kom. Voorheen is die opvoeding vir die gesinslewe en die opvoeding tot ouerskap aan die gesin oorgelaat, waar dit ook tuishoort, maar met al die strewe na doeltreffendheid is daar so gedifferensieer en gespesialiseer, totdat die gesin sy opvoedingsgeleenthede ontneem is. Daar is toegelaat dat die gesinslede in toenemende mate buite die gesinsverband by allerhande splinteraktiwiteite betrek word. Die ouer moet weer sy regmatige plek inneem. Dit kan slegs deur opvoeding en voorligting teweeggebring word. Van Zyl beveel die volgende aan:

a. Opvoedingsinstansies moet hulle leerplanne en programme só inrig dat die opvoeding vir die gesinslewe 'n belangrike plek daarin kan kry.

---

62) Erasmus, L.S., op. cit., p. 147-148.
63) Pieterse, J.E., op. cit., p. 12-13.

b. Die werkende moeder moet 'n dubbele taak doen. Indeling van werk behoort só te wees dat sy slegs 'n paar dae per week, of verkieslik net in die voormiddae, buitenshuis werk.

c. Waar moontlik behoort die hele gesin soms by skoolaktiwiteite betrek te word. Dit is egter 'n moeilike taak om betroubare samewerking van ouers te kry, wat maar te bly is as en daaraan gewoond is dat die skool deel van hulle verantwoordelikhede oorneem.[64)]

12. Taak om gesinslewe te bevorder

Met die Gesinsjaar en Gesinskongres van 1961 is allerweë 'n ernstige behoefte en noodsaaklikheid gevoel dat die gesinslewe bevorder moet word. Cronjé het ook by die formulering van Gesinsbeleid die vraag gestel wie die gesinslewe moet bevorder, dit wil sê sy gehalte verhoog. Sy antwoord is: "Almal, elkeen na sy eie vermoë, op sy eie wyse en vanuit sy eie gesigspunt."[65)]

Nòg Cronjé, nòg die Kongres sê egter hoe die man en vrou op straat sal weet wat skort in die gesinslewe, wat is elkeen se plig en verantwoordelik= hede, wat is die verlammende veranderinge in ons tydsgewrig, ens. Moet daar dan nie liewer op georganiseerde wyse deur die skool leiding geneem word, om die gesin by die skool te betrek en dan voor te lig nie?[66)] En veral ook, omdat die doelstellings van die oueronderwysersvereniging voor= siening maak daarvoor?

Nou lees ons in die Onderwysblad wat prof. M.C.H. Sonnekus sê oor ons kinders en hul probleme, naamlik:

a. Ouers (onderwysers) moenie die kind sonder meer veroordeel nie en moet hom probeer verstaan;

---

64) Van Zyl, op. cit., p. 78-80.
65) Cronjé, G., op. cit., p. 185.
66) Vgl. Van Zyl soos op p. 101 hierbo bepleit.

b. daar moet doelbewus meer tyd aan kinders gegee word - selfs 'n kort periode elke dag speel 'n groot rol;

c. ouers en kinders moet meer saam dinge doen, byvoorbeeld saam ontspan, saam vakansie hou, werk, ens.;

d. ons pragtige natuur moet 'n groter rol in die ontspanning van ons kinders speel, byvoorbeeld toere, uitstappies, kampe, ens.;

e. die ouer moenie net belangstel in die kind se huiswerk, skoolwerk en rapport nie;

f. gebou op 'n sterk vertroue in mekaar en 'n goeie kennis van mekaar, moet die godsdiens die basis vir die huislike opvoeding wees.[67)]

Hierdie kennis is bevorderlik vir die gesinslewe, maar dit kom nooit onder ouers se aandag nie. Is dit nie die groot gebrek van alle tye in die opvoeding en onderwys nie, naamlik dat al die kennis en al die voor=skrifte deur opvoedkundiges te boek gestel word in dik boeke, dun boekies, in artikels en referate, waar dit hoofsaaklik tot die beskikking van studente en navorsers in die opvoedkunde is, maar hulle waaroor dit alles gaan te wete die gesin, bly in totale onkunde? Was daar al ooit 'n doelbewuste landswye poging om eerste dinge in die opvoeding eerste te stel, en in hierdie geval, om kennis oor die opvoeding by die vernaamste opvoeder van die kind, naamlik die ouer, tuis te bring? Skole sal hier en daar deur oueronderwysersverenigings aan klompies ouers miskien voorligting gee, maar dit is uiters noodsaaklik dat skole op 'n georganiseerde wyse hierdie taak verrig. Dit sal waarskynlik met die voorgenome onderwysjaar gedoen word.

Daar word egter met Cronjé saamgestem wanneer hy pleit dat daar ge=loof moet wees in die onmisbaarheid en onvervangbaarheid van die gesin in die hede en vertroue in die noodsaaklikheid en noodwendigheid van die

67) Sonnekus, M.C.H., op. cit., p. 137.

voortbestaan van die huisgesin in die toekoms. Hy sê onder meer: "Die huwelik en die huisgesin is instellings van God waarmee Hy 'n doel het. Hy sal die wèrk van Sy hande nooit laat vaar nie. Laat ons ook daarom met geloof en vertroue, en tot Sy eer, die hand aan die ploeg slaan."[68)]

E. <u>GEESTELIKE WEERBAARHEID</u>

Primêr bestaan die militêre weerbaarheid van 'n land uit die geestelike weerbaarheid van sy volk en van sy soldate. Daarom gaan die stryd van die onderwys vandag ook vir geestelike weerbaarheid, morele insig, on=kreukbare integriteit en vir leierskap. Hulle moet nie net deurdrenk word met ons bestaande kultuur nie, "maar ook om hulle sodanig toe te rus dat hulle kultuurskeppers en kultuurbouers kan word, met ander woorde handhawers en uitbouers van ons bestaande beskawingsorde."[69)]

Geestelike weerbaarheid of sterkte berus op twee grondslae naamlik kennis en geloof. Sonder kennis is 'n volk soos 'n blinde wat nie weet waar hy is nie.

Dit hang van die individue self af of hulle bereid is om kennis deel=agtig te word uit die geriewe wat die owerheid verskaf. Geloof is egter 'n ander saak, wat die owerheid nie kan verskaf nie. Dis 'n saak tussen die individu en sy Skepper. Daarom "indien die Afrikaners in 1981 die twintig=jarige bestaan van hul Republiek wil herdenk, sal 'n aansienlike persentasie van hulle in die volgende tien jaar 'n groot geestelike verandering moet ondergaan."[70)]

Die skool het reeds hierdie taak in die sekondêre skool begin om die kind geesteswerbaar te maak. Die skool moet ook die taak onderneem om die ouer bewus te maak van <u>sy</u> taak, naamlik om kennis en geloof te verwerf.

---

68) Cronjé, G., op. cit., p 187.
69) Kotzee, op.cit., p. 39-41.
70) Scholtz, G.D. Geestelike sterkte kan die vyand oorwin. <u>Die Transvaler</u>, 34(201):6, 28 Mei 1971.

/105.

## F. KOERANTE LEES, TAAL, GODSDIENS EN KULTUUR

Indien die volwassene geestesweerbaar moet word uit kennis wat hy uit 'n Afrikaanse dagblad of boek verwerf, sal hy altyd soos 'n dobber op die wye oseaan wees. Die Afrikaanse Pers se afdeling bemarking en statistieke kom met verstommende feite voor die dag oor die leserstal van Afrikaanse dagblaaie. Hulle het gevind dat in die Witwatersrand en Suidelike Trans= vaal, daar 117 757 gesinne of 'n halfmiljoen mense is wat selde of ooit 'n Afrikaanse dagblad koop. Vir Johannesburg-stad is dit 14 000 gesinne.

Vir hulle het die Afrikaanse dagblad geen betekenis nie. Hierdie gesinne se kinders word groot sonder om ooit met 'n Afrikaanse dagblad in aanraking te kom. Vir baie van hierdie huise is die geskrewe Afrikaanse woord 'n lastigheid wat hulle net op skool mee te doen kry. By hoeveel van die gesinne het daar nie 'n sorgwekkende proses van vervlakking ingetree nie; by hoeveel van hulle het reeds die neiging posgevat om die oorsese "coke"-kultuur van popsang en permissiwiteit aan te hang?

Uitgewers van die Afrikaanse boek is lank reeds daarvan bewus dat die geskrewe Afrikaanse woord 'n knou van prent- en fotoverhale en radiover= volgverhale weg het.

Hierdie tragiese verskynsel is 'n aanduiding dat die Afrikaner vinnig besig is om sy verband met sy volk te verloor en gepaard daarmee sy kultuur. By baie Afrikaners is daar nie meer 'n taal- en nasietrots nie. Die Afri= kaner is besig om sy sterkste wapen uit sy hand te laat val.[71)]

Na aanleiding van die voorgaande bevindings van "Die Vaderland" is dit meteens duidelik dat lees, en dan lees van Afrikaanse lektuur, beslis nie 'n aktiwiteit van vryetydsbesteding is nie. As fotoverhale en radioverhale al só inslag gevind het, dan wonder 'n mens wat gaan gebeur as daar nie streng

---

71) <u>Die Vaderland</u>, XXXV(10633):13, 19 April 1971.

staatsbeheerde televisie gaan wees nie.

Erasmus, wanneer hy oor "Taal en die Nasionale Karakter" uitwy, stel dit treffend soos volg: "Die nasionale of volkstaal word saam met die volk gebore, groei en sterf saam met hom, en is die draer van sy geskiedenis en van sy hele geestesinhoud."[72] En ook: "Omdat 'n volk se taal so innig verweef is met sy hele wese en bestaan, is dit een van sy kosbaarste besit= tings, en sal hy tot die dood toe vir die behoud daarvan stry wanneer dit bedreig word."[73]

Hierdie aanhalings, in samehang met "Die Vaderland" se bevindings, laat mens neig om te dink dat ons taal saam met ons volk besig is om te sterf. Hoe kan jy vir jou taal stry as jy nie eers 'n dagblad lees nie? Hoe word Afrikaans nie vermink deur volwassenes, studente en kinders nie? Hoeveel kinders kom in gr. i met 'n vaste Afrikaanse woordeskat van "jersey" in plaas van "trui", "bicycle" in plaas van "fiets", "yard" in plaas van"erf", "banana" in plaas van "piesang", ens.?

Wat doen die Afrikaner omtrent sy kultuur?

Hy moet nie sy selfbewussyn as Afrikaner verloor nie, nie sy taal en sedelike en godsdienstige norme oorboord gooi nie en homself daarby hand= haaf as 'n onderskeibare volks- en kultuurgemeenskap. "Dis nie net die eis van nasionale selfrespek nie; dis die eis van ons wese as 'n afsonderlike kultuurgemeenskap."[74]

En wat is die Afrikaner se kultuurtaak vandag?

Prof. dr. H.B. Thom sê in Augustus 1970 dat die F.A.K. hom nou en in die toekoms nog veel meer moet beywer en toelê as in die verlede op die ko= ordinering van ons kultuurkragte, die bevordering van ons musiek, handhawing van ons taal, viering van ons feesdae, die proses van ekonomiese bewusmaking,

---

72) Erasmus, L.S., op. cit., p. 20.
73) Ibid., p. 21.
74) Treurnicht, A.P. Onder die soeklig, p. 22.

ens. Hy lê die vinger op een van die Afrikaner se grootste gebreke en 'n mens kan dit byna noem 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor Engels. Dit is een van die onverstaanbare verskynsels dat in 'n stad soos Johannesburg, waar die Afrikaner en Afrikaans ver in die minderheid is, en waar die toekoms van nie net die Afrikaner nie, maar ook die Blanke in die Republiek beslis word, 'n doelgerigte allesomvattende poging skynbaar nog nooit deur die F.A.K. aangewend is om 'n uitdaging aan die Afrikaner te rig nie. Die Afrikaner het nog altyd, wanneer hy die rug teen die muur gehad het, met geloof tot oorwinning geveg. In Johannesburg is hy in alle opsigte in die minderheid, lees hy nie Afrikaanse koerante nie, besoek sy kerke swakker as in ander gebiede, is hy meer God-loos en goddeloos, is hier meer gevalle van jeugmisdaad, drank- en verdowingsverslaafdheid as in ander gebiede, is die vroeë skoolverlating die hoogste, is hy nie Afrikaner- en kultuurbewus nie, ens. Is dit nie genoeg om die regsinnige Afrikaners te motiveer nie; om só al die Afrikaners aan die hand te neem en voorwaarts te beweeg? By die meeste Afrikaners is dit die geval "ons het nie die lewenshouding, wat vir ons 'n gewone lewenshouding behoort te wees, naamlik om op doodnatuurlike wyse eers en veral Afrikaans te dink, te praat en te handel nie......"[75]

Die ou gebruiklike vorm van kultuuraande sal moet plek maak vir veel meer besprekingsaande, musiekaande, letterkunde-aande, oueraande, jeugaande, ens. Ook die radio en rolprent sal veel meer aangewend moet word en ook later die televisie, in diens van die Afrikaner se kultuur.

Die Afrikaner moet ontwaak uit die valse droom van gerustheid. Hy sal self sy taal en kultuur moet handhaaf - niemand anders sal dit vir hom doen nie. Die volk moet sy kultuur self beoefen, dit self voed en koester.

---

75) Thom, H.B. Die F.A.K. en sy huidige taak. Handhaaf, 7(12):4, Augustus 1970. Vgl. ook Viljoen, Gerrit. Afrikanerleier praat padlangs. Die Huisgenoot, XLII(2537):18, 20 November 1970.

/108.

Wanneer ons na taal, kultuur en godsdiens in Johannesburg kyk, dan het die F.A.K. 'n geweldige taak, 'n taak wat in wese net welslae deur die opvoedkundige inrigtings kan behaal, want nou, in die hede, kan meteens die meeste Afrikaners bereik word en kan daar meer georganiseerd, meer doel= gerig en meer doeltreffend van skole en bestaande oueronderwysersverenigings gebruik gemaak word. Ernstige aandag moet gegee word aan opvoedkundige rolprente, wat daarna ingeskerp word deur brosjures oor dieselfde sake. Het dit nie ook tyd geword dat tersiêre inrigtings meer doelgerig ouers by hulle aktiwiteite betrek nie?

G. <u>GEMAKSUG EN ONKUNDE</u>

Daar is dikwels verwys na die noodsaaklikheid van volksopvoeding. Daar is aangetoon dat om geestelik weerbaar te wees onder meer kennis en geloof vereis. Oor opvoeding en opvoedkunde heers ontsettende onkunde by baie ouers en ook by baie onderwysers. Onkunde heers oor die gesin, oor die ouer se plek in die onderwys en opvoeding en oor 'n menigte ander sake. Daar word voortdurend gewys op die gevare van die Kommunisme, 'n swart oormag, ens. maar die deursnee Blanke in die Republiek verlustig hom in sy gemaksug en in sy wysheid as beterweter in alle aspekte van die kerk, die skool en die staat. Hy het 'n bydrae te lewer, materieel en fisies, tot elkeen, maar vir sy eie gemoeds- en gemaksrus verkies hy om 'n toeskouer te wees. En daarby verwerdig hy hom nie om sy kennis te ver= meerder, wat hom dalk sou laat insien, dat hy die toekoms van sy kinders en van homself verdonker nie.

Oor ons gemaksug het iemand gesê dat middagslapies en ronde magies ons volk se ondergang is. Oor komitees en die tydsgees sê Swart: "Ons hou vergaderings, skryf briefies, doen voorstelle, is begaan oor die notule, reël teebeurte en oor twee, drie jaar vorentoe het van al hierdie gepleegde

woelings in die praktyk niks tereggekom nie. Omdat 'n liggaam te bang is om na buite standpunt in te neem, word knaend na klein komiteetjies terug=gedeins wat na maande se vertraging as verslag indien: die stryd duur voort! Daarom sal ons vergader en vergader, totdat ons tot die vaders vergader word, maar ons saak sal nie gevorder het nie."[76] Hy sê ook dat taakpraatjies taakdade moet word. En dat ons nog notule sal skryf of vir almal bevre=digende antwoorde sal probeer formuleer, dan klop die vyand aan die voordeur.[77]

Iemand het ook gesê dat die Afrikaner al sy probleme op vergaderings oplos, daarby bedoelende dat ons die probleme identifiseer en die oplossings het. Al wat kort kom, is die wil, die begeerte en ywer van werkers, van werklike diens om daardie probleme daadwerklik op te los.

Ons moet indringend dink en ernstig aandag gee aan vele sake, maar vanweë gemaksugtigheid en selfsug, bly die grootste getal Afrikaners liewer onkundig.

Volgens berigte is in Zambië 15 000 Chinese soldate wat aan die spoorlyn werk en 20 000 Chinese vroue het onlangs by hulle aangesluit, met ander woorde Kommunistiese China is hier by ons agterdeur.

Die terroriste waarmee Portugal, Rhodesië en ons Republiek te doen het, is geïnspireerde kommunistiese aanslae op die Blanke- en Christendom in Suider-Afrika. Is ons mense daaroor begaan? Is botterpryse en belasting al kwelling?

Dit is nodig om sekere feite uit dr. G.D. Scholtz se boek "'n Swart Suid-Afrika?" weer te gee, om enigsins die wortel van die onbekwaamheid van die ouer en die onderwyser om ware opvoeders vir die kinders van ons volk te wees, bloot te lê. Ons een groot probleem is ons rassevraagstuk.

---

76) Swart, M.J. Staanplek en standpunt. Handhaaf, 8(12):22, Augustus 1971.
77) Ibid., p. 23. Vgl. ook Viljoen, op. cit., p. 15 en Kotzee, A.L. 'n Ideaal vir ons jeug, p. 35.

Waarom dit nog nie opgelos is nie kan slegs aan ONKUNDE en SELFSUG toe=geskryf word.[78]

"Die tragedie is dat hierdie mense van hul onkunde en selfsug nie eens bewus is nie, omdat hul meestal nooit iets lees nie en ook niks doen om selfs die geringste mate van kennis deelagtig te word nie."[79] As voorvereiste vir 'n behoorlike oplossing van die Bantoevraagstuk, is dit nodig dat daar by soveel duisende Blankes 'n groot geestelike verandering moet intree – 'n geestelike verandering wat die vrug is van lees, studie en be=peinsing. "Sonder hierdie geestelike verandering kan daar nouliks 'n oplos=sing van die rassevraagstuk verwag word........ Daarom moet alles in die werk gestel word om alle onkunde uit te roei."[80] Scholtz kom met posi=tiewe voorstelle hoe om die onkunde uit te roei. Hierdie boek van hom is reeds in 1962 gepubliseer, maar sy waarskuwings het op dowe ore geval en sy aanbevelings is deur niemand opgevolg nie. Dit is net of daar 'n lam=heid by die Afrikaner ingetree het, of hy van alle veggees en dryfkrag ont=neem is. Hy beveel aan dat op skole en universiteite, afgesien van watter rigting ook gevolg word, kennis oor die nie-Blanke probleem met al sy implikasies bygebring moet word. Ook moet die ouer lede van die publiek deur woord en geskrif tot die besef gebring word van hoe gevaarlik dit is om nog verder in onkunde voort te leef.[81] Op die oomblik kan die hand=hawing van die beskawing en die voortbestaan van die Blanke ras met sweet betaal word. Word dit nie gedoen nie, gaan die volgende geslag met sy bloed betaal vir die ondergang van die beskawing en die Blanke ras.[82]

---

78) Scholtz, G.D. 'n Swart Suid-Afrika?, p. 60.
79) Ibid., p. 140.
80) Ibid., p. 141.
81) Ibid.
82) Ibid., p. 142.

Dit is weer eens duidelik dat volksopvoeding lank reeds agterweë is. Skole kan dit gee, maar is skole in staat daartoe? Alles moontlik moet gedoen word om van die onderwys 'n instelling te maak wat net die beste mense kan lok.

Wanneer 'n mens nou die onkunde van die Afrikaner koppel aan die 14 000 Afrikaner gesinne in Johannesburg wat nooit 'n Afrikaanse dagblad lees nie; aan die ekonomiese agterstand en aan die feit dat Johannesburg die toekoms van die Afrikaner en die Blanke ras bepaal, dan sidder mens vir die ooglopende onverskilligheid en traak-my-nie-agtigheid.

Op die skool rus die groot taak om onkunde uit te roei, om deur per= soonlike kontak die ouer by die skool te kry waar hy deur deskundiges inge= lig kan word. Die skool moet die ouer uit die staat van valse gerustheid ruk.

## H. OPSOMMING EN KONKLUSIE

In hierdie hoofstuk is aangedui dat daar voldoende geleenthede vir ouers bestaan om deur middel van skoolkomitees en oueronderwysersverenigings 'n volle aandeel te hê in die opvoeding en onderwys. Hierdie aandeel het eerstens betrekking op diens, dit is die gee van die ouer self deur sy teenwoordigheid by die skool met funksies, met musiek- en sangaande, kon= serte; die hulp met afrigting van spele; die hulp en middele om die skool= terrein en sportfasiliteite te verbeter en om hartlik saam te werk met die onderwysers. Tweedens het ouers se aandeel te doen met voorligting aan ander ouers. Een van die funksies van die oueronderwysersvereniging is immers "om toesprake en besprekings te reël oor onderwerpe van algemene belang......" Onderwerpe van algemene belang sluit sake soos opvoeding, die gesinslewe, gesinsontwrigting, dwelmmiddelgevaar, geestelike weerbaar= heid, kultuur, ens. in.

/112.

Daar is aangedui waarom ouers gebrekkige belangstelling in hul kinders se skole en hulle opvoeding en onderwys toon.

Vervolgens is ook aangedui hoedat die mens self deur tegnologiese ontwikkeling hom in 'n veranderende wêreld bevind, wat die gesin in sy diepste wese raak. Daar is aangedui dat daar 'n gebrek aan geestesweerbaarheid is; gebrekkige belangstelling in godsdiens, kultuur, taal; dat die Afrikaner oningelig, egoïsties en gemaksugtig is; dat 'n liassez faire gesindheid heers oor alle vraagstukke wat sy toekoms en voortbestaan raak; en les bes dat volksopvoeding 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Telkens is aangedui dat die skool eintlik aangewese is om volksopvoeding te doen.

Besef die skool dat hy hier 'n taak het? Het die hoof nie skuld aan hierdie toestand wat sedert 1902 ontstaan het nie? Het die skool nie in die afgelope 70 jaar gefaal in sy opvoedingstaak en roeping om ook in sy gemeenskap 'n verbetering aan te bring nie? Is die onderwyser en dosent nie maar net so 'n produk van sy tyd as die deursnee-ouer nie - net so egoïsties en onkundig, net so gesteld op sy vrye tyd en net so onverskillig omtrent die voorbeeld wat hy as opvoeder stel?

Waardeer ons die kinders wat God aan ons gegee het? Gee ons aan hulle leiding as ouers, deur die eie voorbeeld, deur deelname aan kerklike en kulturele aktiwiteite, die bybring van kennis en diepgaande belangstelling in landsake en -probleme?

Die jeug is 'n volk se grootste besit, want op hulle berus die volk se toekoms. Van ons kinders hang die toekoms van ons volk, ons taal, ons beskawing, ons godsdiens en alles wat ons eie is, af. Ons voortbestaan berus op die jeug se getalle, hulle geestelike weerbaarheid en hulle liefde vir alles wat ons volkseie is.[83]

---

83) Kotzee, A.L., op. cit., p. 1. Vgl. ook Oosthuizen, op. cit., p. 120.

Die grondslag van die hele opvoeding, met al sy vertakkinge, dien die kind en sy toekoms. Selfs ook opvoeding vir die volwassenes is in= direk vir die kind en sy huislike geluk - sy geluk moet bestendig word.

Die kind, deur sy gesin, is die lydende party soos talle deskundiges aangedui het in die "Verslag van die Gesinskongres, Pretoria 4 - 7 April 1961." Elf jaar ná die gesinsjaar het nog niks gebeur om enigsins landswyd voorligting te gee nie. Dit bevestig slegs, soos reeds aangedui, dat ons al ons probleme by vergaderings identifiseer, die oplossings aan= bied, maar die uitvoering daarvan in die praktyk vanweë gemaksugtigheid nalaat. Op die skool en ook tersiêre inrigtings, rus die verpligting om volksopvoeding kragdadig aan te pak.

/HOOFSTUK 4.

# HOOFSTUK 4

## DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG EN SY OPGEWASSENHEID AL DAN NIE OM DIT UIT TE VOER

### I. KORT HISTORIESE OORSIG VAN DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK

Sedert die vroegste tye het elke sosiale groep sy versamelde gelowe praktyke en instellings op sy kinders oorgedra, wat dit weer aan hulle kinders oorgedra het. Die lewe was eenvoudig en ongekompliseerd en gevolg= lik was die proses van oordrag ook eenvoudig en hoofsaaklik deur ouers waar= geneem. Met die kumulatiewe vooruitgang van die beskawing het die sosiale, industriële en staatkundige omstandighede verander en meer ingewikkeld en gespesialiseerd geraak.[1)]

Die skool moet beskou word as 'n sosiale of maatskaplike instelling wat doelbewus in die lewe geroep is om die ouers en gemeenskap by te staan in die taak van voorsiening in die ontwikkelingsbehoeftes van die jeug.[2)]

Alleen kon die ouers nie hulle kinders na die eise van die lewe opvoed nie en spesiaal uitgesoekte persone is afgesonder om die taak te behartig wat die huis en samelewing nie op hulle kon neem nie. So het dit dan ge= beur dat die onderwyser in loco parentis te staan gekom het.[3)] En, om doel= treffend te kan wees, moet die skool in samewerking met die gesin en gemeen= skap as geheel meedoen.[4)]

Om die onderwyser se roeping as opvoeder in die Christelike lewens= beskouing na behore te waardeer, moet besef word dat die lewe aan God be= hoort en dat kinders aan die mens toevertrou word om te versorg en tot Sy eer op te voed. Alle ouers is dus geroepe deur God om aan Hom ver= antwoordelik te wees vir hulle kinders. Die onderwyser as plaasvervangende

---

1) Erasmus, L.S. Die nasionale idee in die onderwys, p. 258.
2) Keyter, J. de W., Opvoeding en onderwys, p. 305.
3) Erasmus, ibid.
4) Keyter, ibid.

/115.

ouer staan dus ten opsigte van die leerlinge onder sy sorg in dieselfde verhouding tot God as hulle ouers. Hy moet ook aan God verantwoording doen vir sy plaasvervangende ouerskap. In die skoolomgewing neem die onderwyser dus die plek van die ouer in, met gelykmatige hoewel meer beperkte verpligtinge teenoor die kind. Op 'n grondslag van liefde is die onderwyser in die beperkte omgewing van die skool die intellektuele en sedelike opvoeder van die leerlinge en staan hulle teenoor hom in afhanklikheid en onderdanigheid. Die verhouding tussen onderwyser en kind is dieselfde as dié tussen ouer en kind.[5)]

## II. DIE SKOOL SE OPVOEDINGSTAAK IN DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG

In hoofstuk 2 is aangedui dat die skool in 'n groot mate die ouer se opvoedingstaak oorgeneem het. Een van die doelstellings van hierdie ondersoek is dan ook om te probeer vas stel of die skool opgewasse is vir hierdie taak wat in afdeling III bepaal word. Voordat dít vasgestel word, is dit nodig om te bepaal presies wat van die onderwyser (skool) verwag word as mede-opvoeder van die kind, dit is vereistes wat deur die Departement gestel word en ook vereistes wat deur opvoedkundiges gestel word. Met ander woorde teen die agtergrond van die take wat aan die onderwyser opgedra is, moet vasgestel word of hy dáárdie take na behore kan verrig en dán eers of hy die addisionele taak van die ouer kan oorneem. As die skool nié die ouer se opvoedingstaak kan behartig nie, sal in hierdie hoofstuk aangedui word wat gedoen behoort te word om die skool vir sy opvoedingstaak opgewasse te maak.

### A. VEREISTES DEUR DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT GESTEL TEN OPSIGTE VAN:

#### 1. Algemene doelstellings in die onderwys en opvoeding

Die basiese opvoedkundige beskouing waarop die primêre onderwys in

---

5) Erasmus, op. cit., p. 259.

Transvaal gebou is, is die algemene vorming van die hele kind, dit wil sê die ontwikkeling van sy verstandelike, morele, religieuse, sosiale, emosionele, estetiese en liggaamlike aspekte as integrerende dele van 'n harmoniese geheel. Verder word ook die bestaan van individuele verskille tussen leerlinge ten opsigte van hulle verstandsvermoë, aanleg, belang= stelling, persoonlikheidstruktuur en liggaamlike eienskappe erken.[6]

Besondere doelstellings in verskillende vakke wys op Christelike en nasionale opvoeding.[7] Daar bestaan eintlik geen geldige rede waarom primêre onderwys in Transvaal nie Christelik-nasionaal kan wees nie.

Om verder aan die Transvaalse Onderwysdepartement se basiese opvoed= kundige filosofie uitvoering te gee, te wete die opvoeding van die hele kind en die erkenning van die bestaan van individuele verskille, het hierdie Departement ook die stelsel van voogonderwys ingevoer, om die voogonderwyser, as aanvullende opvoeder van die ouer en mede-verantwoorde= like teenoor God, in staat te stel om die kind na volwassenheid te lei.

2. Voogonderwys

Die doel en wese van voogonderwys, die voogonderwyser en sy taak, die leerling-voogonderwyser-verhouding, huisbesoek en die hoof se plek in voogwerk, word duidelik omskryf.[8]

Die Departement beskou huisbesoek van groot waarde vir die suksesvolle implementering van voogonderwys, maar is bewus van die veelvuldige probleme wat dit inhou. In hoofstuk 2 is aangedui hoe noodsaaklik samesprekings

---

6) Handboek van leergange vir die laerskool, p. 2.
7) Vgl. Godsdiensonderrig, op. cit., p. 16-17; Geskiedenis. Leergang vir geskiedenis in die laerskool, p. 4-6; Omgewingsleer. Leergang vir omgewingsleer gr. i en ii, p. 4; Aardrykskunde. Leergang vir aardryk= skunde in die laerskool, p. 6-8; Gesondheidsopvoeding. Nuwe leergang vir gesondheidsopvoeding in die laerskool, p. 3-5; Algemene Wetenskap. Finale leergang vir algemene wetenskap vir die laerskool, grade-st. 5, p. 1,; Kunsvlyt. Handboek van leergange vir die laerskool, p. 152. Vgl. ook Bylae A 3, p. 206-211.
8) Transvaalse onderwysdepartement handleiding vir skoolorganisasie, p. 118-123

tussen ouers en onderwysers is. Dit word as onontbeerlik in die onderwys en opvoeding beskou. Behalwe huisbesoek is beplande of toevallige gesprekke met ouers tydens samekomste noodsaaklik. Besoeke en gesprekke is noodsaaklik om beter kennis te maak en om goeie verhoudinge te bevorder. Huisbesoeke moet vooruit bepaal word, om ouers die geleentheid te gèe om gereed te wees om hul kind se onderwyser te ontvang.[9)]

Daar bestaan groot geleenthede vir die hoof om die beleid wat in die breë opvoedingsprogram van die skool opgeneem is, te implementeer binne die raamwerk en organisasie van voogwerk.

Die belangstelling, inisiatief en inspirasie wat van die hoof uitgaan, sal grotendeels die sukses met voogwerk bepaal.[10)]

Tereg kan gevra word of die skool nie 'n groot aandeel in die gebrekkige belangstelling van ouers in hul kinders se opvoeding het nie. Het die skool nie maar gods waters oor gods akkers laat loop nie? Soos in die volgende paragraaf aangedui sal word, moet die hoof hom beslis inspan om samewerking te verkry.

## 3. Die hoof as professionele leier

Die hoof as professionele leier moet die skoolkomitee en ouer-onderwysersvereniging motiveer en deur hierdie liggame ook die ouers. Baie kan bereik word deur belangstelling te prikkel, maar dit verg inspanning en opofferings. Om agteroor te sit en te dink dat samewerking vanself sal kom, is 'n ydele droom. Die algemene klagte dat onderwysers verantwoordelik gehou word vir fondsinsamelings, verkoop van grondboontjies, rondloop met kollektelyste, ens. kan seker grootliks toegeskryf word aan die

---

9) Heffernan & Todd. Elementary teachers' guide to working with parents, p. 40.
10) Transvaalse Onderwysdepartement........, op. cit., p. 123.

hoof se mislukking om die skoolkomitee en oueronderwysersvereniging te motiveer, want dit is hierdie liggame se taak om fondse in te samel en nie die onderwysers sn nie. Waar daar egter 'n aktiewe en lewenskragtige oueronderwysersvereniging is, behoort daar harmonie te heers en onbaatsug= tige samewerking tussen ouers en onderwysers.

Die hoof as leier moet aan talle vereistes voldoen. Dit is werklik prysenswaardig dat die Transvaalse Onderwysdepartement wat wel deeglik van die vraagstukke in hierdie verhandeling genoem, bewus is, hoofde= kursusse ingestel het wat moontlik kan lei in die rigting van volksopvoeding in die toekoms. Hierdie leiers in skole moet vir die uitdagings van ons tyd toegerus wees.

Die hoof moet onderwysers help ontwikkel en die beste gebruik maak van die potensiaal tot sy beskikking. "..... Dit is die eer en voorreg van die hoof om sy mense te help ontwikkel sodat sy skool eintlik die kweekplek word van uitstaande onderwysers en toekomstige hoofde en vise-hoofde......"[11)]

Om konstruktiewe leier te wees moet die hoof die volgende eienskappe hê: goeie liggaamlike en geestelike gesondheid; 'n gesonde lewensbeskou= ing en 'n gevoel van geroepenheid; onbaatsugtigheid, optimisme, entoesiasme, besieling en dryfkrag; intelligensie en kennis; selfversekerdheid, self= vertroue, geloof in homself, maar ook nederigheid; durf en moed; wilskrag en doelgerigtheid; aanpasbaarheid en buigsaamheid; skeppende verbeelding en visioenêre inisiatief; gebalanseerde oordeel, 'n sin vir verhoudinge, gesonde verstand; begrip, vertroue, organisasievermoë; beslistheid en karakter.[12)]

---

11) Transvaalse onderwysdepartement, ontwikkeling van personeel, p. 1.
12) Rupert, Anton. Vereistes van konstruktiewe leierskap: leiers en leierskap. Kursus in organisasie, bestuur en leierskap vir hoofde van laerskole, p. 3.2-3.13.

Die hoof, as leier, is nie daar om te hiet en te gebied nie; hy het die grootse taak en roeping om sy personeel te inspireer, want ook húlle is leiers - volksleiers van die leerlinge wat aan hulle sorg toevertrou is. Ook die onderwyser moet hierdie eienskappe sy eie probeer maak.

Maar die hoof het ook die verdere taak om leiers onder ouers te identifiseer en húlle te lei om te ontwikkel - 'n voortdurende proses wat vrugte afwerp. As volksbouer is dit 'n taak wat die hoof nooit links mag laat lê nie, want ons volk het leiers nodig op alle terreine, maar dan leiers wat nie net met die woorde besiel nie, maar ook met die daadwerklike voorbeeld.

B. ALGEMENE VEREISTES DEUR OPVOEDKUNDIGES EN ANDERE GESTEL

In die huidige tydsgewrig word meer eise as ooit voorheen aan die skool gestel. Vir die skool (onderwyser) is dit eenvoudig 'n dure plig en roeping om uitvoering te gee aan hierdie eise, in die besef dat hy 'n geroepene is om die volle wapenrusting van God aan te trek en die goeie stryd te stry vir die behoud van hom en sy volk se toekoms.

1. Idealisme

Om onderwyser-opvoeder te wees is nie om maar net 'n betrekking te beklee met vier vakansies per jaar nie.

Daar kan geen sprake wees van geslaagde en vreugdevolle onderwys en opvoeding nie waar die onderwyser-opvoeder nie besiel is met hoë idealisme nie. Die ware onderwyser is volksman en patriot wat sy nasionalisme in sy suiwerste vorm uitleef. Omdat hy besield is as lid van sy volk, sal hy sy leerlinge besiel op 'n natuurlike, ongedwonge, onweerstaanbare wyse.[13]

---

13) Venter, I.J. Idealisme in die onderwys. Onderwysblad, LXXVIII(834) : 32-33, Januarie 1971.

/120.

2. Volksleier en -opvoeder

Die onderwyser moet deurdrenk wees met godsdiens, vaderlandsliefde, kennis, kultuur, met vaardighede en professionele insig. Die vraag is of die onderwyser aan hierdie vereistes voldoen. Kotzee het skynbaar bedenkinge hieroor, want hy stel dit dat opleiding in die toekoms só moet wees dat die onderwyser breed en diep geskool en professioneel ryp is vir die groot taak wat hy moet verrig.[14)]

Benewens die menigte belangrike funksies wat die onderwyser in en buite die skoolomgewing verrig, is hy bouer van 'n nasie.[15)] Daarom moet die volk se onderwysers volksmanne en -vroue wees wat vas glo dat hierdie Godgegewe, onderskeidende volkseie goedere en wetenskaplike kennis nie net uitgebou moet word nie, maar ook oorgedra word aan die volgende geslag vir verdere uitbouing.[16)]

3. Deelnemer aan kultuuraktiwiteite

Die oordrag van kultuur en die aktiewe oorname en uitbouing daarvan word wêreldwyd as een van die belangrikste take van die skool beskou.[17)] Dit word egter betwyfel of die skool nog as kultuursentrum beskou kan word. Cronjé, in 'n artikel oor geslotebaantelevisie, beklemtoon die nuwe moontlikhede wat hierdie hulpmiddel kan skep om weer 'n geestelike en kulturele gesondheid of ewewig te bewerkstellig.[18)]

Feit is dat die skool by hernuwing intensiewe deelnemer aan kultuuraktiwiteite sal moet wees. Die neiging is alhoemeer vandag daar om al

---

14) Kotzee, A.L. 'n Toekomsblik. Onderwys-Bulletin, XIV(4):181, Desember 1969.
15) Erasmus, op. cit., p. 258.
16) Venter, op. cit., p. 33.
17) Snijders, H.J.C. Memorandum van F.A.K. Gekose komitee nasionale onderwys-adviesraad, p. 249.
18) Cronjé, A.P. Die opvoedkundige waarde van geslotebaantelevisie. Onderwys-bulletin, XIV,1:57, Maart 1969.

die tekortkominge van die volk op die regering se rekening te plaas. Die staat het vandag selfs 'n Departement van Kultuur met betaalde amptenare om kultuur te bevorder, maar as die volk nie kultuur wil hê nie, kan die staat beswaarlik daarvoor blameer word.

Dit moet altyd onthou word dat niemand die ouer as vernaamste opvoeder kan vervang nie en dit is vir die skool moeilik om met blywende sukses tradisies en norme by die jeug vas te lê, as hulle dit nooit by hul ouerhuise ontvang het nie. Daarom is dit noodsaaklik dat daar oueropvoeding moet wees, tewens "enige volk moet opgevoed word."[19) ] Die skool is dus geroepe om wat kultuuraktiwiteite betref, die hele skoolgemeenskap daarby in te sluit.

As ons skole fynbeskaafde kultuurmense wil lewer, moet hulle mense lewer wie se verhouding tot God en tot hulle medemense reg is en wat 'n gesonde begrip van die Skepping en van die mens in die Skepping toon.[20)]

4. Geestelike weerbaarheid

Geestelike weerbaarheid begin by die huis. Dit is ook nie beperk tot die sekondêre skool en die senior onderwysers wat die kursus moet aanbied nie, maar dit is van die uiterste belang dat elke onderwyser-opvoeder op hoogte is met die gevare wat die siel van ons volk bedreig.

Een van die grootste take van die skool van die toekoms, is om die mens sy perspektief te laat behou, en om daardie waardes van die samelewing wat die moeite werd is, in die samelewing in te bou.[21)]

Ondeurdringbare geestelike weerbaarheid is 'n voorvereiste vir ons

---

19) Viljoen, Gerrit. Afrikanerleier praat padlangs. Huisgenoot, XLII (2537):20, 20 November 1970.
20) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 44.
21) Kotzee, 'n Toekomsblik, op. cit., p. 174.

voortbestaan. Dit word dan ook met die kursus in jeugweerbaarheid wat in Januarie 1972 'n aanvang geneem het, beoog.

Hierdie addisionele taak van die onderwys naamlik om die volk geestelik weerbaar te maak, dui eerstens daarop dat die skool die dure verpligting van die ouer om sy kind reg op te voed, finaal op hom geneem het. Tweedens, dui dit daarop dat die onderwysowerhede in Transvaal doelgerig besig is om ook die onderwyser toe te rus vir die geweldige verantwoordelikheid wat op hom rus as volksopvoeder en leier van die jeug. Dit word vertrou dat 'n omvattende kursus in jeugweerbaarheid ook in ons universiteite en onderwyskolleges ingestel sal word, eerstens vir alle voornemende onderwysers en tweedens ook vir alle ander universiteitstudente. 'n Jeug wat bewus is van die heersende gevare kan ons hele volkslewe net ten goede beïnvloed.

Maar dit is ook nodig dat oriënteringskursusse vir alle hoofde van skole en soveel moontlik senior personeel ingestel word. Dit moet soos 'n suurdeeg werk reg deur die onderwys.

5. Rigtingaanduider

Byna op elke gebied word 'n rewolusie beleef en dit is daarom noodsaak=lik dat op die gebied van die opvoeding ook aanpassings gemaak moet word. Die onderwys moet die eise van die moderne tyd sorgvuldig bestudeer en rigting gee in alles wat bepalend vir die lewe van die volgende geslag is.[22)]

---

22) Vgl. Raath, R.J. Memorandum van die Interkerklike komitee vir onder=wys en opvoeding van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika: Gekose komitee vir nasionale onderwys-adviesraad, p. 71,; Bingle, H.J.J. Memorandum namens die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., op. cit., p. 136,; Smith, P.M. Memorandum van Interkerklike komitee, op. cit., p. 72. Hy sê: "....na elkeen van die afgelope twee wêreldoorloë, is na die onderwys gegryp as middel om dit wat deur die oorlog ontwortel is, weer in die regte bane te plaas."

## 6. Opvoeding van die ouer

In hoofstuk 3 is uitvoerig gehandel oor die gesinsomstandighede van vandag en aangetoon dat ouer- of volksopvoeding nodig is.

Ten opsigte van die verdowingsmiddelgevaar het die Transvaalse Onderwys=departement ook hierdie taak oorgeneem en rus die verantwoordelikheid op die hoof se skouers om ouers en onderwysers in te lig en voor te lig. "Voorligting aan jeugdiges is in die eerste plek die taak van die ouer, maar omdat baie jeugdiges weens gebrek aan kommunikasie met die ouer nooit hierdie voorligting ontvang nie, is dit nodig dat ander instansies daarmee belas word."[23)] En ook: ".... Veral die laerskool....... kan in dié opsig naamlik leiding aan ouers oor die algemene opvoeding van hulle kinders en spesifiek ook ten opsigte van die verdowingsmiddelgevaar, van onbe=rekenbare waarde wees."[24)]

Die gesinslewe is nog steeds aan die versleg en as daar gesinsorga=nisasies bestaan, het hulle skynbaar geen verbetering teweeg gebring nie. Waar die Departement ook al meer besef dat die ouerlike opvoedings=taak oorgeneem is, moet die skool doelbewuste bearbeiding van die ouer en die bevordering van die gesinslewe deur die skoolkomitee en oueronder=wysersvereniging behartig.

Ook ten opsigte van gesonde en doeltreffende kleding is die skool se doel die innerlike opvoeding van beide kind en ouer.[25)]

Een van die skool se belangrikste opvoedingstake is die kind en die ouer se gesindheid teenoor hande-arbeid. Die onderwyser, as opvoeder,

---

23) Transvaalse onderwysdepartement. Handleiding vir hoofde van skole in die voorkoming en bekamping van die verdowingsmiddel=gevaar, p. 1.
24) Ibid., p. 2.
25) Keyter, Opvoeding en onderwys, p. 182.

moet die voorbeeld stel. Hoe hierdie gesindheid deur onderwysers oor=gedra kan word, is moeilik om te begryp, omdat onderwysers na aanleiding van 'n ondersoek wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement ingestel is, by sekere skole beswaar maak daarteen dat van hulle "verwag word om sport=velde uit te merk, toesig oor skoolskoonmakers te hou, snoeiskêre skerp te maak, klaskamers self met die hulp van leerlinge skoon te maak, skoolmeubels te herstel, ......" "..... omdat hulle van oordeel is dat sulke pligte nie deel van hulle werk as professionele mense is nie en dat hulle gevolglik benadeel word."[26] Om arbeid te verrig behoort vir 'n persoon wat volks=opvoeder moet wees, tog geen benadeling te wees nie.

Indien die algemene gesindheid teenoor hande-arbeid kan verander, sal die Afrikaner se geestesingesteldheid teenoor alle ander pligte, wat so baie van ons volksgenote so gerieflik op ander afskuif, van onver=skilligheid na daadwerklike meedoen verander. Soos iemand gesê het: "Om hard te werk is om 'n heldedaad te verrig."

7. Kenner van lands- en ander vraagstukke

Om volksleier en -opvoeder te kan wees, om aktiewe deelnemer in kultuuraktiwiteite te wees, om innerlik sterk en oortuig te wees, vereis van die onderwyser om op die hoogte van lands- en ander vraagstukke te wees.

Daar is reeds aangetoon hoe die Blanke en die Afrikaner in Suid-Afrika deur sy gemaksug, fisiese en geestelike luiheid en onkunde, nou besig is om die Blanke beskawing prys te gee. Weinig Blankes is bereid om opofferinge

---

26) Handleiding vir hoofde en verslag : moontlike oorbelading van onderwysers, 1969, p. 14.

te maak om die beleid van afsonderlike ontwikkeling te laat slaag en laat dit oor aan die Regering om dit deur te voer.

Dit is gebiedend noodsaaklik dat die Afrikaneronderwyser die nie-blanke en alle ander vraagstukke tot op die bodem toe sal deurskou en dan 'n oplossing sal probeer vind in volle ooreenstemming met die Christelike wêreld- en lewensbeskouing van sy volk. In die skool moet hy sulke vraagstukke vir sy leerlinge kan uiteensit, vertolk en aan hulle die weg na 'n oplossing aandui. As hy nie in staat is om dit te doen nie, dan kan hy nie in die ware sin van die woord 'n nasionale onderwyser wees nie.[27)]

Die hele opset van die skool vandag is die bevordering van die kritiese oordeelsvermoë van leerlinge. Die kind sal beswaarlik krities kan besin en oordeel as die onderwyser nie self deeglik oor alle sake kan besin nie.

8. Buitemuurse bedrywighede

Opvoeding en onderwys in die skool het as grondslag die algemene vorming van die hele kind. Hierdie vorming geskied nie slegs in klas=kamerverband nie, maar ook op die speelgrond, die sportterrein en daar=buite. Ook as voogonderwyser kan die voog nie maklik voog wees tensy hy die kind ook daarbuite waarneem nie.

In 'n verslag van moontlike oorbelading van onderwysers maak die be=trokke komitee melding van die huisgesin wat nie meer soveel tyd en aandag aan die buiteskoolse opvoeding en ontwikkeling van die kind kan bestee nie. Die skool moet help om die kind van die straat weg te hou, weg van spyker=tafels en van bioskope en van die gebruik van drank en verdowingsmiddels. "Indien die skool hierdie taak sou veronagsaam, sal hy nie aan sy hoë

27) Erasmus, op. cit., p. 245.

roeping voldoen nie."[28)] "Die opvoedkundige waarde van buitemuurse bedrywighede word erken as deel van die opvoeding van die kind en daarom ook as deel van die skoolprogram."[29)]

Wat die gebruik van drank en verdowingsmiddels en kinders van die strate, bioskope en spykertafels weghou, betref, is die taak in die groot stad vir die skool gewis noodsaakliker, want hier is gesinsontwrigting seker die omvangrykste. Inderdaad is buitemuurse aktiwiteite hier veel méér as slegs ontwikkeling van die hele kind, dit is volksopvoeding.

Uit hierdie verslag het Roux 'n samevatting gemaak en gevind dat die primêre onderwyser 50 uur per week vir 40 skoolweke per jaar werk. Aan buitemuurse bedrywighede word gemiddeld 5 uur per week bestee.[30)]

In verband met die oorbelading van onderwysers keur onderwysers dit sterk af om fondse vir die skool in te samel by wyse van kermisse, klas= funksies en konserte, om met kollektelyste te loop en bedel, die bou van stalletjies en alles wat met 'n kermis gepaard gaan.[31)]

In wese behoort hieroor nie klagte te wees nie. Dit is 'n taak wat aan die skoolkomitee en oueronderwysersvereniging behoort. Hoofde wat hulle personele met hierdie take belas, sal waarskynlik ook ander aspekte van ouer- en gemeenskapsopvoeding verwaarloos.

Ander klagtes dat ouers verwag en selfs eis dat onderwysers hulle kinders na tandarste en geneeshere moet neem; dat ouers verwag dat die onderwyser moet sorg dat hulle kinders in kompetisies presteer en dat die

---

28) Ibid., p. 10.
29) Ibid., p. 11.
30) Roux, J.W.T. Buitemuurse bedrywighede in die primêre skool. Onderwysblad, LXXVIII(837):23, Oktober 1971.
31) Verslag oor moontlike oorbelading, op. cit., p. 12.

/127.

onderwyser verantwoordelikheid moet aanvaar vir alles wat met die kind na en van die skool gebeur,[32] is moontlik bietjie oordrewe, hoewel dit in die groot stad voorkom. Dit is egter die hoof se plig om by wyse van omsendbrief of ouervergaderings ouers op hulle verantwoordelikhede te wys. Dit wys nietemin ook dat hier 'n duidelike taak vir skole is, naamlik dat die skool nie goedsmoeds alle verantwoordelikhede van die ouer kan oorneem nie.

9. Verdere vereistes

a. Oordrag van ouerlike gesag

In die primêre skool is die kind, behalwe vir buitemuurse bedrywighede, elke dag vir $5\frac{1}{2}$ uur onder die direkte toesig van die onderwyser. Omdat dit só is, kan die onderwyser nooit van een groot verantwoordelikheid vrygespreek word nie, naamlik dié van elke kind se karakterontwikkeling.

Omdat baie moeders werk, het dit nou die onderwyser se werk geword om die kind te lei tot 'n beskaafde kultuurmens.[33] Baie kinders is op die skool en die onderwyser aangewys "vir 'n bietjie begrip en warme deernis en belangstelling en dis van die uiterste belang dat elke sodanige kind dit in ons skole en koshuise sal ontvang. 'n Skoolhoof het baie pligte en verantwoordelikhede, maar van almal is hierdie seker een van die belangrikste."[34]

b. Die worsteling van 'n volk

Die Afrikanervolk is in 'n worsteling met homself betrokke om tot

32) Ibid., p. 14.
33) Murfin, H.C.G. Die onderwyseres van die jare '70. Onderwysblad, LXXVIII(836):150, Julie 1971.
34) Handleiding....... in die bekamping van die verdowingsmiddelgevaar, op. cit., p. 2.

helderheid te kom oor sy roeping. Baie volksgenote is vandag materieel beter daaraan toe as voorheen en is ekonomies selfstandig. Ongelukkig het hierdie "rykdom" en ekonomiese selfstandigheid nie altyd gepaard gegaan met 'n wins aan geesteskrag nie, en het baie Afrikaners hulle beginsels ver= saak, is die volksentiment afgesterf en word dit selfs verfoei. Die dinge van die gees word gering geskat. Daarom, wanneer die een of ander nie-ma- teriële belang van ons volk op die spel is, kan hierdie mense die belange wat bedreig word, nie na waarde skat of beskou nie.[35]

Hierdie worsteling van 'n volk met homself word verder deur persoonlike ambisie, naywer en agterdogsaaiery beswaar. Die skool het ook bepaald belang by die worsteling van sy volk, want dit is juis vanweë die voor= spoed, materialisme en versaking van beginsels, dat ons volk benewens sy verpligting teenoor sy kinders, ook sy plig op die kerklike, politieke en kulturele gebiede versaak. Die skool moet ook in hierdie stryd probeer met ouersamesprekings, gesprekke en inligtingstukke koers aandui.

## III. IS DIE SKOOL OPGEWASSE VIR SY TAAK?

Dit is moontlik vir die skool om sy opvoedingstaak suksesvol te kan volvoer, maar dan sal daar ernstig en haastig tot die daad oorgegaan moet word. Faktore wat die skool ongeskik maak om sy taak na behore te verrig, sal vervolgens aangedui word.

### A. ONDERWYSERSOPLEIDING BEREI HOM NIE VOOR VIR SY TAAK NIE

#### 1. Keuring van studente

Om werklik die doelstellings en die vereistes wat aan die skool gestel

---

35) Treurnicht, A.P. Onder die soeklig; 'n reeks uitsaaipraatjies, p. 101.

word te bereik, is dit nodig om die beste jong manne en vroue vir die groot taak te vind. Dit kan alleen geskied indien die Staat die onderwys na waarde skat en voldoende rekrute getrek kan word.

Hoewel daar nie 'n oorvloed kandidate vir onderwysopleiding is om so= doende werklik van keuring te praat nie, laat die huidige keuringsproses veel te wense oor. "Die keuring van kandidate vir die onderwys in Suid-Afrika, as daar van soiets wat die naam werd is, sprake kan wees, is 'n onoordeelkundige onderneming wat aan laissez faire grens."[36] Die per= soonlikheid van die onderwyser is 'n uiters belangrike faktor in die opvoed= ing van die kind en alle pogings behoort aangewend te word om gesonde per= soonlikhede vir die onderwysberoep te kies en te keur.[37] Dit gebeur egter nie en tot groot nadeel van baie kinders.

Solank daar nie surplus kandidate is waaruit wetenskaplike keuring kan geskied nie, sal die beste jong manne en vroue nie gevind kan word nie. Die swakker beskikbare aanbod kan nie altyd aan die hoë eise voldoen wet vandag aan die onderwyser gestel word nie.

## 2. Neutrale opleiding

Kotzee sê as jy 'n land se kultuur wil ken, moet jy na sy skole kyk. Byna in erkenning dat daar iets skort, sê hy dat die Christelike en nasionale karakter stelselmatig in ons onderwysersopleiding ingebou moet word.[38]

---

36) Erasmus, op. cit., p. 246. Vgl. ook Spies, P.G. van Z. The selection of prospective student teachers in the Republic of South Africa: National bureau of educational and social research, research series No. 30, p. 95-97.
37) Nel, B.F. Die psigologie van die onderwyser, p. 102-103.
38) Kotzee, A.L. op. cit., p. 181. Vgl. ook Cronjé, op. cit., p. 58.

/130.

Opleidingskolleges en universiteite lei studente nie op in die Christelike wetenskap en Christelike vakonderrig nie, met uiters nadelige gevolge vir die kinders van die Afrikanervolk. Kan daar dan nog twyfel wees dat die skool van vandag nie opgewasse is vir sy opvoedingstaak nie?

Die humanistiese onderwyser word in die hoofsom van alle humanistiese beginsels opgelei en die Rooms-Katolieke onderwyser in die hoofsom van alle Roomse beginsels en daarom is Christelik-nasionale onderwysersopleiding, as allesdekkende Christelik-wetenskaplike beginselopleiding, beslis moontlik en uiters noodsaaklik.[39)]

Om volksopvoeder en rigtingaanduider te wees, moet die onderwyser diep bewus wees van sy roeping. Solank as wat dit nie die geval is nie, sal die skool en onderwys nie opgewasse wees vir hul taak nie.

3. Gehalte van die opleiding

Prinsloo kom met 'n verdoemende aantyging wat nie ligtelik weggeredeneer kan word nie, naamlik: "Die onderwyser as aanvullende opvoeder, in die vorming van die persoonlikheid en gedragspatrone van die jeug vertoon weinig (of geen) beter toerusting as die van die ouers, eenvoudig omdat aan Onderwyskolleges en Fakulteite van Opvoedkunde weinig meer (indien enige) aandag aan die studie van die mens in sy groepsverband geskenk word, as in skole."[40)] Ook Keyter meen dat veral die openbare mening met sy dubbele standaarde dié tragiese gevolge het dat die skool daardeur almeer inhoudloos, kleurloos en rigtingloos gemaak word ten opsigte van werklike menslike opvoeding.[41)]

Uit hierdie stellings moet afgelei word dat die onderwyser weinig

39) Strauss, H.J. Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 25.
40) Prinsloo, M.J.M. Memorandum aan die gekose komitee vir die nasionale onderwys-adviesraad, p. 428.
41) Keyter, op. cit., p. 99.

/131.

beter, indien wel, toegerus is vir sy opvoedingstaak as die deursnee-ouer, en met hierdie toerusting moet hy die uitdagings teen die gees van die volk afweer.

Die onderrig van wiskundige en wetenskaplike vakke, sowel as vir ander vakke, hou in groot mate verband met die opleiding en die kwalifikasies van die dosente wat vir die opleiding verantwoordelik is.[42)]

Waar die aanslae gemik is teen die geestelike en morele weerbaarheid van ons volk, het ook dosente aan kolleges en universiteite die taak en roeping om studente geestelik weerbaar te maak, en moet hulle self begeesterde en uitgesoekte persone wees wat hulle studente kan besiel.

4. Duur en aard van opleiding

Die onderwysprofessie moet ontslae raak van die idee dat hy aansien en status kan geniet sonder om daarvoor te werk en dat die opleiding kort en goedkoop is, maar die besoldiging daarvoor in vergelyking aansienlik is. As die onderwyser dieselfde agting wil geniet as die ander geleerde professies, dan moet hy die gestalte van ware deskundigheid probeer ontwikkel. Onderwysers behoort 'n minimum opleiding van 5 jaar te geniet.[43)]

Opvoedkunde is 'n wetenskap wat steeds ontwikkel en kan beswaarlik in 'n 1-, 2- of 3-jarige kursus tot sy reg kom. Daarby moet studente 'n vaste Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing en 'n stewige persoonlikheid ontwikkel. Dit kan seker moeilik in 3 jaar gebeur maar meer geredelik in 5 jaar.

Na aanleiding van Wet nr. 39 van 1967 stel Van Wyk die vraag: "Hoe

---

42) Kotzee, A.L. en Steyn, G.H.A. Die opleiding van onderwysers vir die onderrig van die natuurwetenskaplike vakke en wiskunde: 'n Verslag van 'n sending na oorsese lande, deel 6, p. 59.
43) Erasmus, op. cit., p. 252.

lei 'neutrale' universiteite en kolleges met 'neutrale' vakwetenskappe en ŉ 'neutrale' opvoedkunde Christelike onderwysers vir die Christelike skool op?"[44] Dit is die wese van die mislukking en onopgewassenheid van die skool om sy opvoedingstaak in Suid-Afrika na behore uit te voer.

B. DOELSTELLINGS IN SILLABUSSE KAN NIE ALTYD BEREIK WORD NIE

Indien slegs die skool verantwoordelik gehou moes word vir die vorming van die hele kind en om hom te lei tot ŉ bruikbare en nuttige burger van ons land, wat op elke terrein sy plek volstaan, dan het die skool vir ŉ groot aantal jare al hopeloos in sy taak gefaal. Dit is immers die pro= dukte van die skool wat veral gedurende die afgelope twee dekades al minder belangstel in kultuuraktiwiteite, kerkbesoek, staatsleer en die opvoeding van hulle kinders.

Die skool is nietemin nie opgewasse vir sy opvoedingstaak nie, omdat die doelstellings in die sillabusse nie altyd bereik word nie. Daarvoor kan die volgende oorsake aangevoer word:

1. Najaag van resultate en prestasies

ŉ "Goeie" sekondêre skool word vandag gemeet hoofsaaklik aan die st. 10-uitslae, dit wil sê die aantal onderskeidings, eersteklasse en die min druipelinge. ŉ Man se bevordering, behalwe vir ander sake, hang ook af van sy st. 10-uitslae, die aantal onderskeidings en hoeveel die gemiddelde van sy st. 10-leerlinge meer of minder as die Transvaal se gemiddelde is. ŉ Skool, die hoof en personeel, die beheerraad en ouers, voel almal trots op die mooi resultate, die goeie prestasies! Maar ŉ mens wonder of opvoeding

---

44) Van Wyk, J.H. Die Christelike skool. Studiestuk nr. 7 van COVSA, p. 13.

nie daaronder gely het nie.

Ook in die primêre skool kom hierdie najaag van resultate voor. Die primêre onderwyser kan so maklik verval in die blote onderrig van vakke en afrigting vir toetse en eksamens, om die ouer tevrede te stel en aan die hoof te toon hoe 'n goeie onderwyser hy is. Daar is spogboekies, stelwerk word eers "rof" gedoen, dan gekontroleer en dan in die stelwerkskrifte geskryf, om die netheid en korrektheid ten toon te stel. Wat opvoeding be= tref kan met groot stelligheid gekonstateer word dat seker elke primêre onderwyser konsensieus aandag gee aan stiptheid, getrouheid, beleefdheid, goeie maniere, netheid, ens. wat alles noodsaaklike karakterbou-eienskappe is. Maar, word dit gedoen teen die agtergrond van 'n uiteindelike doel met die kind, of word dit gedoen omdat by gebrek aan hierdie eienskappe in 'n klas die leerlinge die onderwyser baie sal verontrief en in sy gewone gang van sake sal steur?

Sien elke onderwyser die kind voor hom as 'n kosbare siel en is sy onderwys en opvoeding daarop ingestel om deur die woord, daad en voorbeeld, binne en buite die klaskamer die "hele" kind op te voed? Die antwoord hierop is waarskynlik oorwegend negatief.

2. Rapport vir ouer 'n statussimbool

Dit is al dikwels gesê dat daar nie probleemkinders is nie, maar wel probleemouers. Ouers wat self nie 'n sukses van hul onderwysloopbane ge= maak het nie en dikwels daarna ook geen poging aangewend het om hulle kennis te verbreed nie, is uiters gesteld op hul kinders se rapporte. Baie ouers se ego kan net nooit genoeg gestreel word nie en behalwe vir die rapport, moet die kind presteer in kunswedstryde met voordrag, sang, musiek, ballet; op die sportvelde, ens. en die kind het geen geleentheid om kind meer te wees nie.

/134.

Hierdie statussimbool, die enigste belangstelling wat baie ouers in 'n skool het, help mee dat onderwysers uit die aard van die saak, hoof= saaklik op onderwys konsentreer en opvoeding links laat lê.

3. <u>Onderwysersopleiding</u>

Prinsloo se stelling dat onderwysers weinig, indien enige, meer kennis van opvoeding het as die ouers, omdat hulle niks van menseverhoudinge leer nie, tesame met die oppervlakkige bybring van die waarhede van opvoed= kunde, die afwesigheid van 'n basis van die Christelik-nasionale as grondslag en die besondere klem op onderwysmetodiek, bring mee dat weinig aandag aan die algemene en besondere doelstellings wat heenwys na die Christelik-nasionale en selfs gronddoelstellings van die opvoeding gegee word.

By die deurblaai van studente se proefjoernale het hulle talle besondere doelstellings, maar behalwe miskien met 'n godsdiensles hier en daar, is daar byna geen doelstelling wat die kind kan help in ons Christelik-nasionale lewenswyse nie.

Waarnemingsverslae handel oor administrasie, organisasie, kultuursake, sport, ens. Maar daar word nie van die student verwag om te skryf oor die skool se opvoedingsprogram nie of oor die mate waarin die skool slaag as Christelik-nasionale inrigting nie. In die beoordeling van die student deur die dosent, die klasonderwyser en die hoof, word die student ook nie beoordeel as opvoeder nie, nog minder as Christelik-nasionale opvoeder of 'n heenwyse dan na sy vermoë om die doelstellings in die onderwys te bereik.

Van die student se opleidingsdae af dus leer hy dat hy 'n "onderwyser" is, nie 'n onderwyser-opvoeder nie, dat hy beoordeel word volgens sy onder= wysende hoedanighede en nie sy opvoedende hoedanighede nie en met hierdie gesindheid word hy onderwyser en word hy ook as onderwyser geëvalueer.

Neutrale opleiding lewer neutrale onderwysers en neutrale onderwysers het nie 'n positiewe opvoedingsdoel voor oë nie en kan dus nie hul op= voedingstaak uitvoer nie.

C. VOOGONDERWYS LY SKADE

Daar word te min besef, indien ooit, watter geweldige wapen voog= onderwys in die hand van die onderwyser is as daar pligsgetrou huisbesoek gedoen word. Daar word so baie gepraat van uitwaarts beweeg, maar indien onderwysers ook uitwaarts beweeg en ouers besoek, sal ouers mettertyd meer daadwerklike belangstelling toon in die onderwys en opvoeding van hulle kinders. Huisbesoek, indien onderwysers reg opgelei en gelei word, kan grootliks daartoe bydra dat volksopvoeding wat voortdurend gepropageer maar nooit deur iemand geïmplementeer word nie, momentum kry. Met huis= besoeke sal die entoesiastiese onderwyser sy skool as 't ware "verkoop" en die ouer se belangstelling en samewerking verkry. Persoonlike kontak en belangstelling in die ouer en sy kind het nog altyd goeie vrugte afge= werp. Die ouer móét besef dat die onderwyser sy vernaamste en grootste bondgenoot in die opvoeding van sy kind is.

Dit kan net wees dat baie hoofde en onderwysers voogonderwys as net nog 'n lastigheid beskou en dat waar vooronderwys wel in swang is, dit baie lighartig gedoen word. Huisbesoek word selde indien ooit gedoen. En tog moet voogonderwys die gestalte van professionaliteit aan onderwysers gee, daardie professionaliteit wat hulle opvoeders behoort te maak wat hulle van die deursnee-ouer as opvoeder onderskei.

Indien voogonderwys ernstig bejeen word, behoort een van die groot probleme, veral aan die Witwatersrand, naamlik vroeë skoolverlating sukses= vol bekamp te word. In die sekondêre skool sal veral aandag gegee word aan elke kind se "persoonlike belangstelling en toekomsgerigtheid." As die

kind nie verder wil leer nie, moet die voogonderwyser die ouers besoek. "Wat gaan van die volk van môre word, waar die ouers van vroeë skoolver=laters reeds in één opvoedingsverantwoordelikheid gefaal het, as ook die kind se laaste hoop en in hierdie geval die voogonderwyser, ook sý op=voedingstaak versaak? Is 20 tot 40 ure per jaar vir hom te veel gevra om sê maar 10 gesinne ten goede te beïnvloed?"[45] Ook hier word daadwerklike optrede van die skool vereis en kan die skool ook skuld daaraan hê dat so baie breinkrag van die Afrikaner onnodig verlore gaan.

Die skuld hiervoor moet eerstens aan die deur van opleidingskolleges gelê word, wat onderwysers nie in die praktyk of selfs in die teorie van voogonderwys onderlê nie. Tweedens, gee die Departement nie duidelike leiding aan hoofde nie. Derdens gee hoofde nie positiewe leiding aan hulle personele nie.

Solank as wat daar nie die nodige aandag aan voogonderwys bestee word nie, sal die skool nie daarin slaag om aan sy hoë verantwoordelikheid as opvoeder te voldoen nie.

## D. HOOF AS PROFESSIONELE LEIER

Die Transvaalse Onderwysdepartement verdien lof vir die instelling van hoofdekursusse waardeur praktiese pogings aangewend is om hoofde vir hulle verantwoordelikhede toe te rus. Verdere kursusse sal waarskynlik ook gehou word om hoofde toe te rus vir die uitdagings om ons kinders en volk geestelik weerbaar te maak.

In hierdie verband moet na die handleiding oor die verdowingsmiddel=gevaar wat op 12 Desember 1971 aan hoofde uitgereik is, verwys word.[46]

---

45) Scholtz, I.P. Die Transvaler, 34(302):10, 23 September 1971.
46) Vgl. Handleiding ...... verdowingsmiddelgevaar.

Dit is 'n deeglik op-die-man-af-handleiding, met 'n duidelike aanduiding hoe leerlinge, onderwysers en ouers deur hoofde op die hoogte van die gevaar gebring kan word.

Daar is egter 'n agterstand en leemte wat slegs oorbrug kan word deur 'n hartsverandering en algehele hersiening van die benadering teenoor die opvoedingstaak. Die klem word te veel en byna hoofsaaklik op blote onderwys toegespits. Swart sê in hierdie verband: "Menigmaal beklemtoon die skoolhoof of skoolinspekteur slegs die waarde van netheid, van goeie studiemetodes, van sportbekers, van 'n mooi tuin en hoë bome op die skool= terrein, maar daar word selde 'n woord oor beginsels en standpunt en koers teenoor kind en kollega gerep."[47]

Met inspeksies val die klem byna uitsluitend op onderwys, op die onderwyser as onderwyser, op die hoof as onderwyser, organiseerder en onderwysende leier en sal daar moontlik terloops verwys word na voogonder= wys, na die netheid, goeie gedrag en gedissiplineerdheid van leerlinge. Maar daar word selde verwys na die opvoedkundige doelstellings en tog moet die onderwyser deur die inspekteur geëvalueer word as opvoeder - hoe hy daarin slaag om die doelstellings te verwesenlik.

Geen wonder dat hoofde, onbewus miskien, meer bepaald aandag bestee aan die beste onderwysmetodes en die geskikste en beste verskeidenheid hulpmiddels vir die tuisbring en begrip van kennis.

Die brosjure "Die ontwikkeling van personeel" is bedoel as positiewe leiding aan hoofde hoewel dit "nie voorskriftelik nie, maar bloot hulp= verlenend" is. Dit is deur die Departement in medewerking met 'n groep

---

47) Swart, M.J. Staanplek en standpunt. Handhaaf 8(12):22, Augustus 1971.

hoofde opgestel. Behalwe vir nuttige instruksies wat nie hier ter sake is nie, tref dit ongelukkig dat die ontwikkeling van personeel ook hier toegespits word op onderwys en is daar geen heenwyse na opvoeding nie, soos die volgende aanhaling wat in vet druk verskyn, bewys: "Klasbesoek en klas=hulp bly die belangrikste vorm van ontwikkeling van personeel. Dit is ook die belangrikste taak van die hoof, want die doeltreffendheid van en die sukses in die onderwys hang af van die gehalte werknemer wat hy help ont=wikkel. Waar daar spesiale vakkennis nodig is waaroor die hoof nie beskik nie, moet hy die hulp van sy ervare vakonderwysers inroep. Hy sal ook van sy ander werk moet delegeer om tyd te maak vir klasbesoek."[48)]

Verder is die hoof só vasgevang in administratiewe pligte en verpligte lesure wat hy moet behartig, dat hy beswaarlik kan voorbly met klasbesoeke, hulp aan onderwysers en soms selfs ook buitemuurse bedrywighede, dat hy dit wat die inspekteur die belangrikste ag, voorrang laat geniet. Hoofde het deurgaans baie verpligtinge buite die skool met talle vaste vergaderings elke maand. Kan die hoof dus erg verkwalik word dat hy soms nie die doelstellings wat van owerheids- en ander weë aan sy skool gestel word, goed deurdink nie?

Die 1961-Onderwys-Paneel is van mening dat "as die onderwyssisteem in die jare wat voorlê, lewendig moet bly en met die tyd moet tredhou, sal dit vir ons nodig wees om die inisiatief en skeppende krag van elke onderwyser te gebruik.

Inspekteurs moet hulle kennis, uit eie ervaring, en uit ervaring van ander skole, as deskundige opvoedkundige konsultante, aan individuele onderwysers beskikbaar stel."[49)]

---

48) Die ontwikkeling van personeel, op. cit., p. 5.
49) 1961-Onderwys-paneel. Eerste verslag. Onderwys in Suid-Afrika, p. 68.

Hierdie is 'n prysenswaardige aanbeveling, maar huidig is die grootste tekortkoming gebrek aan opvoedkundige insig en onkunde wat die grootste gedeelte van ons volk, onderwysers, hoofde en inspekteurs inge= sluit, raak. En as dit nie onkunde is nie, is dit 'n gebrek aan ywer en visie om wat verkeerd is, reg te maak.

## E. SIMBOLESTAAT

Dit is nodig om ook aandag aan die evaluering van onderwysers te gee, omdat dit so nou saamhang met onderwysersopleiding, met die doelstellings in die onderwys en opvoeding en omdat hier probeer sal word om aan te toon dat skole nie duidelik ingestel is om Christelik-nasionale onderwys tot sy reg te laat kom nie.

"Evaluering van die metodes en tegnieke wat deur 'n onderwyser toege= pas word, moet altyd ondergeskik wees aan die opvoedkundige beginsels wat doeltreffende onderwys ten grondslag lê."[50)]

Van die 14 kwaliteite waarvolgens die onderwyser beoordeel moet word, gaan slegs die eerste drie oor persoonlikheidskwaliteite, terwyl nrs. 4 tot 14 (opvoedkundige praktyk) alles om suiwer onderwys gaan. Die onder= wyser moet "aan die opvoedkundige beginsels wat doeltreffende onderwys ten grondslag lê", beoordeel word, aan die mate waarin hy "geslaag het om die doelstellinge in die onderwys te verwesenlik" en as mens.[51)]

Nêrens word enigsins na die onderwyser as Christelike en nasionale opvoeder verwys nie, of na sy praktiese uitlewing buite skoolverband van sy Christelik-nasionale lewensbeskouing nie. As die onderwyser geëvalu= eer kan word vir sy "sosiale status in die gemeenskap", kan hy seker ook

---

50) Bredell, H.C. Evaluering van onderwysers, p. 7.
51) Ibid., p. 6-7.

/140.

vir sy aktiewe deelname op Christelik-nasionale terrein buite die skool beoordeel word. Spesifieke opdragte behoort te bestaan waarvolgens hoofde onderwysers moet evalueer oor die doelstellings wat bereik of nie bereik is nie. Daar heers groter beheptheid oor die onderwys, as oor die opvoeding en dit is 'n bose kringloop wat telkens aansluit by skolastiese prestasies, die tasbare en sigbare resultaat.

Nêrens word die onderwyser spesifiek beoordeel as voogonderwyser nie en nog minder ontvang hy krediet vir huisbesoeke wat hy doen. Dit gaan nie op om te sê dat die onderwyser beoordeel word teen die agtergrond van die opvoedkundige doelstellings nie.

Met ingang Januarie 1972 is 'n nuwe inspeksiestelsel van krag waar=volgens 'n aantal inspekteurs uitsluitlik verantwoordelik is vir die inspeksie van sekere vakke oor die hele Transvaal om groter eenvormigheid te bewerkstellig en leiding op al die vakgebiede te gee. Dit het sonder twyfel akademiese nut, maar is dit nie nog 'n verdere aanduiding dat die evaluering van die opvoeder nie werklik 'n saak van erns is nie? Ook primêre skole sal inspeksies ontvang van vakspesialiste deur inspekteurs wat weinig kontak het met die skole, omdat hulle gebied die hele Transvaal is. Hulle sal dit wel doen saam met die betrokke kringinspekteur maar selfs sy getal skole word nou meer met 'n gevolglike mindere kennis van al die aktiwiteite van elke skool en groter onpersoonlikheid.

Solank die onderwyser op 'n vae niksseggende wyse oor opvoeding ge=evalueer word, sonder dat daar spesifiek 'n beoordeling is van sy doeltref=fendheid as voogonderwyser en as Christelik-nasionale opvoeder binne en buite skoolverband, kan daar nie sprake wees van groei en ontwikkeling van die onderwyser in hierdie opsigte nie, en sal en kan die hoof as

/141.

professionele leier die onderwyser ook nie help in sy ontwikkeling nie. Die onderwyser kan nie doelbewus gelei word tot verbete volksopvoeder nie en met die huidige evaluering kan die skool beswaarlik opgewasse vir sy opvoedingstaak wees.

F. VOLKSLEIER EN -OPVOEDER

Mnr. J.P. Bekker, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, het vraelyste oor verskillende opvoedingsaspekte aan die hoofde van 95 Afrikaanse skole in Kaapland gestuur. Die skole het bestaan uit 59 platte= landse en 17 stedelike sekondêre en 10 plattelandse en 9 stedelike primêre skole.

Hy het onder meer gevind dat die belangstelling in kulturele bedrywig= hede ontnugterend was. Daar was 'n oorweldigende "nee" op die vraag of leerlinge genoeg in debatsverenigings, die Voortrekkerbeweging, volkspele, volksfeeste, musiekuitvoerings en die toneel belangstel. Die gebrek aan belangstelling in volksfeeste was skokkend.

Maar wat vir die skool as volksleier en -opvoeder beslis skokkend moet wees en ook vir elkeen wat sulke hoë verwagtinge van die skool koester, is die feit dat 75% van hierdie hoofde getuig het dat onder onderwysers daar nie bevredigende belangstelling in kultuursake is nie.[52)]

Dit is gevaarlik om te veralgemeen, maar die prentjie sal waarskynlik dieselfde of erger in Transvaal wees, veral in die groot stadsgebiede.

Kan met reg aanvaar word dat die skool opgewasse is vir sy opvoedings= taak as hy dit in een opsig, naamlik die kultuurtaak, nie is nie? Seker nie.

Die vraag kom na vore wat elk van hierdie 75% hoofde as professionele en geestelike leiers van hulle skole doen om onderwysers te motiveer. Wat

---

52) Voorsittersrede gelewer by die S.A.O.U.-kongres 1971. Die Unie, 68(2):53, Augustus 1971.

is daardie hoofde se eie bydraes op kultuurgebied binne en buite die skool en watter voorbeeld stel hulle in die praktyk?

Die bevindinge van Bekker noop mens om te aanvaar dat baie onderwysers nie kultuurbewus is nie en net so belangeloos soos vele van ons volksgenote is. Sulke onderwysers is immers geen volksleiers en -opvoeders nie en ook nie opgewasse vir hulle taak nie.

## G. ONDERWYSERS : TYDSGEES EN GEESTESGESONDHEID

### 1. Tydsgees

Vrye tyd word oorwegend en hoofsaaklik as ontspanningstyd gesien, tyd vir jolyt, van niksdoen en 'n algehele gebrek aan fisiese of geestelike inspanning. Daar is aanhoudend agitasies om hoër salarisse op alle terreine, 'n hoë lewenstandaard wat gehandhaaf moet word en waar 'n persoon se status al hoe meer aan sy hoë inkomste, sy spoggerige woning, aantal motors, ens. gemeet word. Al hoe meer mense wil al hoe minder werk vir al hoe meer geld. Kan daar met alle eerlikheid aanvaar word dat onderwysers immuun is teen hierdie gees en gesindheid?

Hoe die tydsgees die onderwyser raak kan die beste aan die hand van die "Onderwysblad" weergegee word. In November 1971 skryf die redaksie dat "vir die meelopers in die onderwysberoep - dit is diegene wat nie lid van 'n erkende onderwysersvereniging wil word nie, is die skrif aan die muur...... Vraag is hoelank sal die georganiseerde professie nog hierdie rugryers in die onderwysberoep duld? Is hierdie mense wat nie bereid is om aan een van die basiese vereistes van 'n professie te voldoen nie, geskik om professionele leiers by skole te word?"[53)]

---

53) T.O.-Nuusbrief, nr. 29:1, November 1971.

ʼn Opname is gedurende 1970 gemaak waaruit geblyk het dat die gemiddelde bywoning van T.O.-takvergaderings 20% was. "ʼn Onrusbarende verskynsel is dat hoërskoolonderwysers nie die vergaderings in groot getalle bywoon nie."[54)]

Die bywoning van takvergaderings is ʼn goeie aanduiding dat onderwysers deelgenote van hierdie tydsgewrig is, waarskynlik van hulle bywoning ook van kerkdienste, partyvergaderings, sang- en musiekaande. Is die deursnee-onderwyser beter daaraan toe as opvoeder, as die deursnee-ouer, of is dit die geval dat die een blinde die ander blinde moet help?

Na aanleiding van die baie stellinge en kritiek en baie raadgewers uit eie geledere, stel die redaksie hierdie indringende vraag: "Dit is ʼn ope vraag of baie lede van die onderwyskorps nie al meer in die versoeking verval om op alles met betrekking tot die onderwys negatief te reageer nie."[55)]

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die deursnee-mens al meer toe= skouer is wat vryelik kritiseer en veroordeel. Hy is ʼn meeloper. Uit die kantoor van die T.O.-redaksie word hierdie stelling ten opsigte van onderwysers slegs bevestig. Met só ʼn gesindheid in ons skole kan aller= mins verwag word dat reg sal geskied aan die opvoedingstaak.

2. Geestesgesondheid

Baie onderwysers is emosioneel nie aanpasbaar vir die onderwys nie. As hierdie aanpasbaarheid as persoonlikheidsprobleem aandag sou geniet, sal dit sulke onderwysers beter toerus vir hul taak.[56)]

Persoonlikheidsprobleme spruit voort onder andere uit gebrek aan

---

54) T.O.-Nuusbrief, nr. 31:4, Januarie 1972.
55) Ibid., p. 1.
56) Nel, op. cit., p. 103.

professionele groei, dit wil sê 'n geestelike agteruitgang ten opsigte van professionele kennis as 'n gevolg van gebrek aan belangstelling, verflouing van inisiatief en oorspronklikheid.[57] "Dat hierdie geestelike stagnasie of ook agteruitgang, helaas, 'n kenmerk is van talle diensdoende onderwysers kan nie ontken word nie : ja, nie net van assistente nie, maar ook van hoofde en selfs inspekteurs."[58]

Dit kan aanvaar word dat toestande in Transvaal baie met die talle oriënterings- en streekskursusse verander het, hoewel van die ouer onderwysers en hoofde waarskynlik negatief daarteenoor staan, maar dit wil voorkom of 'n nuwe visie vir die verdieping en groter omvang van die opvoedingsverantwoordelikhede ongelukkig ontbreek.

## H. NEGATIVISME VAN OUERS EN GEMEENSKAP TEENOOR DIE SKOOL

Minister P.W..Botha het op 12 Oktober 1971 by Goudini-Spa verklaar dat ons te veel chroniese beswaarmakers en verspreiders van stories het, wat verwar. Daar moet meer mense wees wat wil werk. Hy het gesê: "Ons groot taak vorentoe is om 'n ordelike regering in stand te hou. Ons groot taak is om Suider-Afrika met bestendige groei te besiel en te voorsien. Ons groot taak is om ons idealisme met realisme te temper, om minder te praat en meer te doen."[59]

Saam met die chroniese beswaarmakers kan die "chroniese" kritici genoem word wat gedurig die onderwyser kritiseer.

Die onderwyser word steeds bespreek oor die hele linie van ongeskooldes tot akademies hoog gekwalifiseerdes. Hierdie "belangstelling" toon selde die begeerte om die onderwys as sodanig te bevorder, maar is meestal leke=

57) Ibid., p. 107.
58) Ibid., p. 108. Vgl. ook Erasmus, op. cit., p. 266.
59) Die Transvaler, 32(11):5, 13 Oktober 1971.

kritiek wat heel dikwels met ergerlike felheid en veroordeling uitgespreek word.[60]

Oosthuizen het bevind dat ouers wat die skool nooit besoek nie, die kwaaiste kritiek teen onderwysers het. Hulle gaan slegs skool toe as daar moeilikheid is.[61] Hy het na 'n omvattende ondersoek vasgestel dat ouers nie waarde daaraan heg dat die ouers en die skool, as die twee vernaamste opvoeders van die kind, moet saamwerk nie. Uit die antwoorde was ouers se belangstelling soos volg: 61,8% van die ouers het nog nie die klas= onderwyser van hulle kind ontmoet nie of vind dit onnodig; 40,1% het gemeen dat dit nie bevorderlik is nie; 60,8% besoek die skool een keer per jaar en 81,8% besoek die skool 2 keer of minder per jaar.[62]

Ouers en die gemeenskap verwag vele dinge van die skool maar dikwels in hulle eie optrede, loënstraf hulle wat hulle eis. Behalwe vir die gemeenskap se openbare handelinge en optrede, word die skool (onderwyser) dikwels aangeval, gedreig en aangekla, wanneer opgetree word teen kinders met uitspattige kleredrag, teen seuns met uitspattige haredosse en veral wanneer lyfstraf toegedien word as laaste toevlugsoord in gevalle van pligsversuim, wangedrag en ongedissiplineerdheid.

Die skool het eintlik min hoop om in sy opvoedingstaak temidde van die heersende negativisme te slaag.

I. <u>STAAT SE BYDRAE</u>

Die staat moet in sekere opsigte ook vader staan vir die onvermoë

---

60) Du Toit, G.J. Die onderwyser en aspekte wat hom raak. Onderwysblad, LXXVII(832):169, Julie 1970.
61) Oosthuizen, C.J., op. cit., p. 91.
62) Ibid., p. 113.

van die skool om sy opvoedingstaak na behore uit te voer. In hoofstuk 2 is aangedui waarom ouers nie veel belangstelling toon in die onderwys en opvoeding nie en één van die geldige redes was dat die staat die onderwys wil oorheers. Maar ook die staat meet met dubbele standaarde. Die staat sien die skool as 'n vesting van die volk; hy sien die kinders as die volk van môre; hy sien graag die volk as geestesweerbaar en kerngesond en hy sien die toekoms van die Republiek van Suid-Afrika in die hande van 'n sterk jeug; maar 'n mens kry die indruk dat die staat dink aan die onderwys en opvoeding as net maar 'n minder belangrike staatsdepartementjie, waar die Direkteur van Onderwys nie 'n hoër salaris as 'n Sekretaris van 'n Staatsdepartement mag ontvang nie.

Erasmus sê in die oë van die landswette is die onderwyser maar 'n staatsamptenaar, 'n dienaar en 'n bediende.63) Omdat die staat en onderwysowerhede toegelaat het dat onderwysers met 1 en 2 jaar opleiding en ook sonder opleiding, goed genoeg geag is om onderwys te gee, word 'n onderwyser se werk nie as dié van 'n deskundige beskou nie. Onbewus is die onderwys op 'n gelyke voet geplaas met die werk van 'n ongeskoolde arbeider, anders sou leke nie soveel vermeende wysheid daaroor kwytraak nie.64) Van die 16 228 onderwysers wat op 31 Desember 1969 in Transvaal in diens was, het 203 1 jaar opleiding gehad, 2 756 het 2 jaar, 8 465 het 3 jaar, 3 730 4 jaar, 918 5 jaar en 127 het 6 jaar opleiding gehad.65)

Die staat is dus verantwoordelik vir die swak toerusting waaroor onderwysers beskik - die lengte of duur van opleiding is in die verlede aangepas by die vraag na onderwysers en die gehalte is veelal ingeboet.

---

63) Erasmus, op. cit., p. 267.
64) Ibid., p. 264.
65) Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1969, T.O.D., p. 47.

/147.

Met 11 424 onderwysers wat 3 jaar en minder professionele opleiding het en 'n verdere 3 730 wat vermoedelik almal net 1 jaar professionele op=leiding het, het die staat die minimum bydrae gelewer om professionele opvoeders wat aan die staat se vereistes behoort te voldoen, te lewer. Vanweë hierdie kort opleiding is die onderwysers nie voldoende toegerus vir hulle opvoedingstaak nie.

## IV. KAN DIE SKOOL OPGEWASSE WEES VIR SY TAAK?

Die posisie is sodanig dat die skool veel van die ouer se opvoedings=taak oorgeneem het. Die skool is, soos reeds aangedui, nie opgewasse vir hierdie taak nie. Van al die instellings is die skool waarskynlik die nouste gemoeid met die ouer en behoort hy ook die invloedrykste te wees om die ouer tot die besef te bring dat die ouer onvervangbaar as die be=langrikste opvoeder van die kind is.

Die skool kan opgewasse wees vir sy taak mits eerste dinge eerste gestel word en daar sonder verwyl kragdadig aan die werk gespring en van 'n kant gebreke uitgeskakel word.

Die opvoedingsdoelstellings wat deur onderwysowerhede en opvoedkundiges gestel word en vereistes wat deur geestelike, kultuur- en volksleiers gestel word, kan slegs bereik word indien elkeen wat in onderwys en op=voeding betrokke is, daarvan bewus is en volkome op die hoogte is. Daar moet met ander woorde nie slegs op die akademiese klem gelê word nie; eerder moet die opvoedeling as 'n goedopgeleide skolier wie se hart en niere, elke polsslag getuig van gelowige Christen en gebalanseerde vaderlander, ingestel op diens en liefde vir God en die medemens, vir Volk en vir Vaderland gesien word.

In hoofstuk 2 is na die opvoedingstaak van die staat, die kerk en die openbare mening verwys. Vervolgens sal aangetoon word hoe hierdie in=

/148.

stansies kan bydra om die skool te help om opgewasse te wees vir sy opvoedingstaak.

A. STAAT SE BYDRAE

1. Volksopvoeding

Die staat, wat deur sy handelinge in die verlede aan die belange-loosheid van ouers in die onderwys en opvoeding, aandadig was en is, moet probeer regmaak wat verkeerd gegaan het. In hierdie opsig het die staat sy erns (en ook sy skuld) bewys deur die voorgenome Onderwysjaar wat van stapel gestuur gaan word met die doel om ouers 'n nuwe belangstelling in onderwys en opvoeding te gee.

Die Departemente Inligting en Nasionale Opvoeding moet egter sonder versuim daarvan werk maak om die hele volk op te voed deur middel van die radio en brosjures. Wanneer beeldradio werklikheid word, moet hierdie medium ingespan word.

Hierdie praatjies en brosjures moet kort, eenvoudig en verstaanbaar, maar ook aanhoudend wees. Die opset moet wees om onkunde op alle terreine uit te wis. Dit moet deur deskundige opvoedkundiges, geskiedkundiges, volkekundiges, ens. opgestel word.

Brosjures en inligtingstukke moet aan alle Blanke huisbewoners in die Republiek deur die poskantoor afgelewer word.

Genoeg opvoedkundige rolprente moet aan skole beskikbaar gestel word om aan ouer en kind voorligting te verskaf.

2. Tersiêre onderwys

Die staat moet toesien dat ernstige aandag en uitvoering aan die implementering van ons Christelik-nasionale lewenswyse in alle universiteite

gegee word. Al is dit outonome liggame, moet die staat veral in Afrikaanse inrigtings 'n grondslag vind vir die eenheid van ons onderwys van gr. i tot die hoogste vlak in die universiteit ten opsigte van doel=stellings.[66)]

Die gewetensklousule ten opsigte van dosente aan universiteite en studente behoort deur wetgewing afgeskaf te word en dosente moet aan 'n Christelik-Calvinistiese oortuiging kan voldoen.

Om talle gegradueerdes die Republiek in te stuur met 'n neutrale op=leiding doen ons land geen goed nie.

3. <u>Belegging in die onderwys</u>

In hoofstuk 3 is aangetoon dat die staat nog altyd die indruk geskep het dat primêre en sekondêre onderwys nie in belangrikheid teenoor ander staatsdepartemente opweeg nie. Die staat kon of wou nog nooit in=stem dat die onderwys van die staatsdiens losgemaak word nie. Om die beste mensemateriaal vir die onderwys te trek, moet ook die beste salarisse betaal word. Met aantreklike salarisse sal daar 'n oorvloed kandidate wees en dan kan daar behoorlike keuring wees. Kotzee sê: "Onderwys is 'n belegging in menslike kapitaal en menslike kapitaal is 'n volk se grootste rykdom."[67)]. Die staat moet bereid wees om die onderwysberoep die aantreklikste beroep te maak. So het Edward Dennison bevind dat 23% van die ekonomiese groei van die Verenigde State gedurende die tydperk 1929 tot 1957 toegeskryf kan word aan doeltreffender onderwys en doel=

---

66) Vgl. Kotzee, A.L. & Steyn, G.H.A. <u>'n Verslag van 'n sending na oorsese lande</u>, deel 3. Vereistes en prosedures van keuring van kandidate vir universiteitstoelating, p. 74-75.
67) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 74.

/150.

treffender opleiding op die gebied van die arbeid.[68)]

Met 'n groot aanbod van rekrute kan slegs die beste talent ten opsigte van aanpasbaarheid, persoonlikheid, geroepenheid, ens. vir hierdie grootse verantwoordelikheid gevind word.

Die staat word voortdurend op die gevare van sy traagheid in verband met onderwys gewaarsku en gewys. 'n Volk wat nie die nodige waarde aan die onderwys en opvoeding van sy kinders heg nie, sal nieteenstaande so 'n volk se heldemoed, sy prestasies en oorwinnings, uitsak. "Daarom is die onderwys van ons jeug prioriteit nommer een en daarvoor is geen tyd beter as die hede nie."[69)]

Ook Viljoen waarsku dat ons op 'n ramp afstuur. "....'n Veel groter ramp as terroriste of buitelandse bedreiging, veel groter as ons waterskaarste, omdat die owerheid weier om 'n radikale - maar dan 'n radikale - hersiening aan ons onderwysers se salarisstruktuur aan te bring."[70)]

Die staat het dus 'n groot verpligting om die skool vir sy opvoedings=taak waardeur ook die staat self uiteindelik veel sterker sal staan, opgewasse te maak.

B. <u>KERK SE BYDRAE</u>

Hoe pas die kerk en die skool aan? Hoe is hulle samewerking? Bestaan die gangbare samewerking nie maar daarin dat 'n predikant voor=sitter is van die skoolkomitee nie? Dat vóór 'n skoolkomiteeverkiesing die drie susterskerke erg organiseer om húlle kerk se verteenwoordigers op die komitee te kry, húlle lidmate aangestel te kry as hoof of assistent

---

68) Redaksioneel: Onderwys in diens van die Republiek. <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 27:3, Junie 1971.
69) Kotzee, op. cit., p. 75.
70) Viljoen, Gerrit, op. cit., p. 16.

/151.

nie? En dan vergeet hulle van gevoelens wat gewek is, vergeet hulle dat die skool 'n volksaak dien, dat húlle 'n volksaak deur partikuliere eiebelang dien.

Bestaan die samewerking nie verder ook net daarin, dat 'n predikant soms gevra word om 'n skoolopening op 'n Maandagoggend waar te neem en periodiek in die kerk vir die skole te bid nie?

Hoe oneindig baie kan dit nie vir skool en kerk beteken as elke predikant ook in elke onderwyser belangstel, of hy 'n lidmaat van sy kerk is of nie, deur vooraf 'n afspraak te maak met die hoof, en miskien een of twee maal per jaar, gedurende 'n pouse met die personeel tee te drink, 'n kort woordjie van aanmoediging en waardering uit te spreek en 'n gebed te doen. Hoe baie sal dit nie waardeer word deur skole as predikante uit eie wil 'n hoflikheidsbesoekie daar bring nie?

Hoe baie sal dit nie beteken, waar daar duisende leerlinge in ons skole is wat slegs in skole kontak maak met godsdiens, as skool en kerk saamwerk en die skool aan kerke inligting van leerlinge gee wat geen kerk=verband het nie, sodat hulle ouers opgesoek en bearbei kan word.

Hoe min word ouers in kerke daarop gewys dat die skool, soos die kerk, deel van die kind se lewe en opvoeding is, en dat die positief daadwerklike belangstelling van ouers in hulle kinders se skole slegs hulle kinders kan bevoordeel.

Skrywer het 'n kort gemotiveerde skrywe en ope uitnodiging aan ses predikante gepos en slegs een het daarop gereageer.[71)] Die leiers in ons kerke moet ook ernstig besin en miskien minder hul lot bekla by 'n Ring=sitting of Sinode, en meer doen.

---

71) Vgl. Bylae Dl, p.266-267.

C. OPENBARE MENING

Om die skool vir sy taak opgewasse te maak, is dit noodsaaklik dat die verstomping van die openbare mening doelbewus teëgewerk moet word.

Soos reeds aangedui, moet die staat deur middel van die radio en brosjures alle volwassenes opvoed. Die kerk moet ook sy taak met moed en oortuiging aanpak. Hierdie gesamentlike aanslag behoort die openbare mening te kan hervorm.

Teen so 'n agtergrond sal die skool met groter welslae sy opvoedings=taak kan uitvoer en self ook die openbare mening beïnvloed.

D. IN-DIENS-OPLEIDING VAN ONDERWYSERS, DOSENTE, ENS.

Om eerste dinge eerste te stel moet by die opvoeders van die opvoedeling, te wete die onderwyser, hoof, dosent en inspekteur begin word.

In Transvaal is daar in-diens-opleiding van onderwysers om hulle kwalifikasies te verbeter en is daar talle oriënterings- en streekskur=susse waardeur onderwysers beter toegerus word om beter onderwys te gee. Ook hoofdekursusse word periodiek gereël om aan hoofde leiding te gee en is die prysenswaardige Jeugweerbaarheidskursus met ingang 1972 van stapel gestuur.

Om egter aan die staat genoegsame rede te gee om te glo dat onderwys die belangrikste faktor in ons staatshuishouding is, en die besoldiging dus ooreenkomstig moet wees, is dit gebiedend noodsaaklik dat 'n spesiale kursus in opvoedkunde vir alle diensdoende onderwysers en dosente ingestel word, wat aan hulle die ekwiwalent van 2 jaar addisionele opleiding kan besorg. Die kursus kan deeltyds en deur middel van korrespondensie aange=bied word.

Hierdie ná-professionele diploma in opvoedkunde moet 'n uiters gesogte diploma wees en gelykstaande aan 'n B.Ed.-graad. Dit moet ook

/153.

die begin van 'n register vir onderwysers wees.

In Desember 1969 het 203 onderwysers slegs 1 jaar opleiding gehad. Ná verkryging van hierdie ná-professionele diploma sal hulle dus beskik oor 3 jaar opleiding. Dan sal daar verder 2 756 onderwysers wees met 4 jaar opleiding (voorheen slegs 2 jaar opleiding), 8 465 onderwysers met 5 jaar opleiding (voorheen slegs 3 jaar) behalwe die 3 730 met hulle 4 jaar, 918 met 5 jaar en 127 met 6 jaar opleiding.[72] Byna 100% van die onderwysers sal dan oor opleiding van 4 jaar en meer beskik.

Na skrywer se mening sal die gevolg wees dat onderwysers vol selfvertroue, met 'n doel voor oë en die wete dat hulle méér kennis van opvoeding en opvoedkunde as die deursnee-ouer het, sal optree.

Daar behoort van owerheidsweë seker geen beginselbeswaar te wees teen 'n ná-professionele diploma in opvoedkunde nie; inteendeel, behoort daar 'n ernstige begeerte te wees om aan 11 424 onderwysers die geleentheid te bied om suiwer opvoedkundige toerusting te bekom wat ons hele volk net ten goede kan beïnvloed.

Om onderwysers bekwaam en opgewasse vir hulle taak te maak behoort die volgende sake in so 'n opvoedkunde-sillabus ingesluit te word: ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing; menseverhoudinge; voogonderwys; eienskappe van 'n leier; evaluering van onderwysers; professionele groei; geestesweerbaarheid.

Slegs onderwysers wat reeds 3 jaar ervaring het, behoort hierdie kursus te volg. Om soveel moontlik onderwysers daartoe in staat te stel moet die Departement by omsendbrief alle skole opdrag gee om op 'n bepaalde wyse buitemuurse bedrywighede effens te verminder. Verpligte vakansieskole

---

72) Vgl. p. 146 hierbo.

/154.

moet ook ingestel word waar verdere voorligting verskaf word.

Die onderwyser wat dan nie bybly nie, het geen aanspraak om deel te hê in finansiële voordele wat hiermee gepaard gaan nie. Daar sal buitendien 'n outomatiese sifting van die kaf en die koring wees.

Alle opleidingsinrigtings moet die sake wat genoem is, pertinent uitlig en in opvoedkunde-kursusse beklemtoon wat in die professionele opleiding aangebied word.

Dit moet verder ook as 'n vereiste aan alle studente wat met proef= onderwys besig is, gestel word om insiggewende verslae oor die volgende sake in te dien:

1. Hoe word die opvoedkundige doelstellings
   - a deur die onderwyser in sy klaskamer bereik?
   - b in die skool bereik?
   - c deur die hoof bereik? (Hier moet studente, behalwe wat hulle waarneem, ook met die onderwysers en hoofde gesels, wat ook sal meebring dat daar beter kommunikasie tussen skool en student is).
2. Hoe het u in u proefonderwys hierdie doelstellings probeer bereik?
3. Hoe gee die klasonderwyser én skool uitvoering aan voogonderwys?

U moet ná samesprekings met die klasonderwyser en hoof, ten minste twee leer= linge se huise besoek en met die ouers samesprekings voer.[73] Daarna moet

---

73) Die volgende vrae kom onder andere na vore, nl. namens wie en op watter gesag studente huisbesoek doen; en ook of hulle nie nog te onervare en onverantwoordelik is om met ouers samesprekings te voer nie. Dit kan aangevoer word dat hulle namens hulle kollege of universiteit huisbesoek doen as deel van hulle praktiese opleiding. By navorser se skool doen onderwysers huisbesoek gedurende die eerste drie weke van die eerste kwartaal. Indien by alle skole soortgelyke reëlings bestaan, is dit 'n gulde geleentheid vir studente om saam met ervare onderwysers huis= besoek te doen en om deeglik ervaring op te doen. Dit veronderstel ook dat studente dan al teoretiese agtergrond besit van voogonderwys.

u die voogstate (vorms) wat aan u voorsien is, volledig voltooi en aandui hoedat u as voogonderwyser die kind en gesin verder sou benader. (L.W. Vir die doel van die verslag word slegs 'n kode A of B of C vir die naam van die kind en sy gesin gebruik en dit moet verstaan word dat hierdie inligting vertroulik is).

Dit word begryp dat studente vervoer- en verblyfprobleme het en ook dat daar talle koshuisleerlinge is, maar, studente behoort só geplaas te word, dat hulle ten opsigte van voogonderwys ten minste twee keer gedurende hulle opleiding wel prakties kennis maak met huisbesoek.

Hierdie prosedure sal die student beter oortuig dat hy in 'n professie is waar hy onlosmaaklik verplig en verantwoordelik is vir die karakterontwikkeling van elke kind.

E. ORIËNTERINGSKURSUSSE

Dit kan begryp word dat dit tyd sal neem om hierdie spesiale kursus in opvoedkunde volledig op te stel, en moontlik 'n jaar kan neem om dit gereed te kry en bekend te stel. Daarom moet daar intussen kernagtige referate opgestel en aangebied word by oriënteringskursusse wat slegs by wyse van uitsondering en met die goedkeuring van inspekteurs deur iemand anders as hoofde van skole bygewoon moet word.

Hierdie referate moet handel oor: Christelik-nasionale onderwys; voogonderwys; geestesweerbaarheid; evaluering van onderwysers as voogonderwysers, as Christelik-nasionale opvoeders wat veral deur eie voorbeeld motiveer; die herkenning en opleiding van ouers as leiers; menseverhoudinge.

Die afgelope aantal jare is kursusse in byna elke vak gereël, maar die opvoeding en die praktiese probleme wat daarmee vandag ondervind word,

/156.

het nog nie aandag ontvang nie. Dit is van soveel belang, omdat ons die agteruitgang in ons volkslewe daagliks opmerk. Die indruk word maklik geskep met al die vorige kursusse, dat vakkennis en -metodiek, hoe belang=rik dit ook werklik is, die alfa en omega is, terwyl opvoeding in die dieper sin, naamlik om geestesgesonde Christelik-nasionale seuns en dogters die Republiek in te stuur, geringe indien enige, aandag kry.

F. <u>INSPEKSIES</u>

Dit is 'n netelige saak. Inspekteurs se pligte en verpligtinge is omvangryk, maar terwyl 'n inspeksie tog uitgevoer word, is dit noodsaaklik dat spesifiek aan die volgende sake aandag en, indien nodig, leiding gegee word en ook sterk motivering en aanmoediging aan hoofde en onderwysers:

1. Die mate waarin geslaag is om die Christelik-nasionale opvoedkundige doelstellings in al die vakke en in die skool te bereik.
2. Geslaagdheid van voogonderwys en huisbesoek.
3. Geestesweerbaarheidsprogram.
4. Ouer-onderwysersamewerking en hoe skoolkomitees en oueronderwysers=verenigings by al die aktiwiteite van die skool ingeskakel word.
5. By die evaluering van onderwysers moet elke onderwyser duidelik beoordeel word as Christelik-nasionale opvoeder en as voogonder=wyser en die mate waarin hierdie doelstellings verwesenlik word.

Hierdie T.O.D. 174-vorm moet spesifieke hoofde hê waaronder onder=wysers ten opsigte van die punte in 5 genoem, beoordeel word en <u>nie</u> teen die vae agtergrond van opvoedkundige doelstellings nie.

Indien inspekteurs doelbewus hieraan aandag gee, sal skole se op=voedingsprogramme groter betekenis kry en groter aandag geniet en sal die skool mettertyd opgewasse vir sy taak wees.

/157.

## G. SILLABUSSE EN DOELSTELLINGS

Al die sillabusse moet in hul doelstellings duidelik 'n Christelik-nasionale grondslag hê en dit aandui.

Alle leerboeke vir die primêre skool word saamgestel volgens die sillabusse. Du Plessis het meer as 200 van hierdie boeke wat vir die gebruik van Christelik-nasionale skole geskryf is, ondersoek en gevind dat weinig van die Christelike en nasionale beginsels in die sekulêre in=houde ingeweef is.[74] Hy kom tot die volgende ontstellende gevolgtrekking: "In Transvaalse laeronderwys word geen enkelvoudige wysgerige of gods=dienstige beskouing toegepas nie. In teorie word gesinspeel op 'n Christelik -nasionale basis, maar by gebrek aan differensiasie volgens geloofsoortuiging kan dit nie in die praktyk toegepas word nie."[75]

Hier is dan ook dringende aandag nodig as die skool sy opvoedingstaak suksesvol gaan uitvoer.

## H. SAMEWERKING EN UITWISSING VAN ONKUNDE

Die skool kan en sal opgewasse wees vir sy opvoedingstaak as daar ook eerlik en volhardend gestrewe word na samewerking tussen huis en skool. Hierdie samewerking moenie as hoofdoel hê slegs die insameling van fondse nie. Dit moet 'n samewerking wees wat ten doel sal hê om onkunde uit te wis en ouers oor alle aktuele opvoedingsverantwoordelikhede in te lig.

In hoofstukke 2 en 3 is aangedui hoe noodsaaklik samewerking is.

---

74) Du Plessis, S.J. Pragmatistiese tendense in Transvaalse laer=onderwys, p. 119-125.
75) Ibid., p. 178.

Sonder samewerking en samesprekings kan daar eintlik geen sprake wees van suksesvolle onderwys nie.[76)]

Onkunde moet beveg word. Om op te voed verg kennis en dit kan net werklik goed gedoen word deur hulle wat opgelei is en ondervinding het, te wete onderwysers.[77)] Daarom is die skool eintlik verplig om die opvoeding van die skool en die opvoeding van die huis te integreer.[78)]

Oor hoe effektief ouer-opvoeding is, is navorsing gedoen oor die vrae: kan ouers se gesindhede verander? Volg ouers die advies wat hulle kry? Pas hulle toe wat hulle hoor en lees en waaraan hulle deelgeneem het? Daar is bevind dat kinders verander het. Soos ouers kennis opgedoen het, het hulle houding en gedrag teenoor kinders verander. Die kind se houding en gedrag het ooreenkomstig verander. Uit die studies van die gevolge van oueropvoeding is besluit dat dit 'n meetbare invloed gehad het op die Amerikaanse ouer en dat hierdie uitslae die gevolg is van langtermyn programme.[79)]

Die resultate van navorsing oor verskillende metodes in oueropvoeding is nie afdoende nie. So sal ouers met 'n hoë sosio-ekonomiese status meer waarde aan gedrukte materiaal heg, terwyl ouers met min skoolagtergrond, min sal verstaan van die geskrewe kommunikasies van die skool, of van boeke en pamflette wat aan die ouers gerig is. Hierdie ouers leer meer deur waarneming en persoonlike kontak met die onderwyser.[80)]

---

76) Bailard & Strang. Parent-teacher conferences, p. 24-29. Vgl. ook Heffernan & Todd, op. cit., p. 10.
77) McLean, Donald. Your child and the school, p. 10.
78) Bailard & Strang, op. cit., p. 20.
79) Ibid., p. 31-32.
80) Ibid., p. 33.

Die skool, huis, kerk en staat moet saamwerk en die een moet die ander steun "en dat ons in 'n groot magtige poging vooruit beur. Want as daar ooit 'n tyd was wat die onderwys belangrik sal wees, dan is dit môre."81)

Indien die staat sy landswye poging aanwend om onkunde uit te roei en voorligting te verskaf, die kerk sy opdrag na behore uitvoer en die skool daadwerklik sy taak as opvoeder uitvoer en die ouer saam met hom trek, kan daar met harde werk, met geloof en vertroue op 'n geestessterke en kragdadige Afrikanervolk in die toekoms staat gemaak word.

Bly dit egter by praat, konferensies, uitstel en diplomatiese op=hemeling van die onderwys en ons Christelik-nasionale Afrikanerdom, dan bespoedig ons slegs die Blanke se ondergang in ons mooi land.

I. ONDERWYSERS IS IDEALISTE

Dit is bewonderingswaardig dat onderwysers nog altyd in die verlede ten spyte van vernederende en onnodige salarisstryde, hulle waardig gedra het. Hulle salarisse is altyd aan die groot klok gehang en elke jan-rap-en-sy-maat het lustig meegedoen aan al die belaglikhede oor die persoon van die "onnies" en die werk, of liewer gebrek aan werk, van die "onnies". Ook te midde van hierdie neerbuigende uitlatings het onder=wysers waardig gebly. Hulle het "iets" wat hulle altyd bo die plat=vloerse kon laat uitstyg en daardie iets is idealisme. Waar dit wel miskien individueel ontbreek, kan dit deur motivering tot 'n hoogtepunt ge=voer word, want onderwys is inderdaad 'n roeping, 'n voortdurende uitdaging, 'n volksaak en 'n geloofsaak.

Kotzee sê: "As daar ooit 'n tyd was dat die onderwys 'n roeping gehad

---

81) Kotzee, A.L. 'n Toekomsblik, op. cit., p. 183.

het, 'n tyd waarin die onderwys geleenthede gehad het, dan is dit vandag."[82] Om aan hierdie eise te voldoen moet daar egter voorligting aan die onderwyser gegee word deur middel van 'n spesiale kursus in opvoedkunde deur oriënteringskursusse in opvoedkunde en opleiding in tersiêre inrigtings.

Benewens al die vereistes wat gestel word vir die bevorderbaarheid van 'n onderwyser, moet dit van deurslaggewende belang wees of die onder= wyser 'n praktiese idealis is, wat die uitdagings van ons tyd kan aanpak.

Die hoof as professionele leier moet 'n duidelike siening van sy taak in hierdie verband hê ten opsigte van sy personeel, sy leerlinge en ouers. "As roepingsbewuste idealiste sluit hulle hande en kragte saam vir 'n grootse poging om 'n doeltreffende onderwysgebou op te rig."[83]

/HOOFSTUK 5.

---

82) Kotzee, A.L. Die ideaal in ons onderwys, p. 82.
83) Ibid., p. 84.

# HOOFSTUK 5

## METODE VAN ONDERSOEK

### I. INLEIDING

In die empiriese ondersoek om die moontlikhede van die ouerbelang= stelling en -verantwoordelikheid te implementeer, is 'n voorstedelike primêre skool gekies. Die navorser is self die hoof daarvan. Die werk= like eksperiment het in Januarie 1971 begin, nadat ouers en onderwysers in November 1970 toegespreek is, en het geduur tot Julie 1972.

Die ondersoek is in sekere opsigte 'n voortsetting van wat reeds begin is in Julie 1967, maar voorligting is meer doelbewus en gesiste= matiseerd aan onderwysers, komiteelede en ouers gegee. Gegewens oor ouers se bywoning van funksies, vergaderings, hulp met spele en ondersteun= ing van kermisse vir die tydperk Januarie 1969 tot Desember 1970, sal in hoofstuk 6 verstrek en vergelyk word met die tydperk Januarie 1971 tot Julie 1972.

Hierdie nuwe moderne skool wat vir 700 leerlinge gebou is, is in Julie 1966 geopen met 165 leerlinge en 6 personeellede. Dit is geleë in 'n klein, nuwe, skoon en rustige voorstad. Een derde van die leerlinge is afkomstig uit hierdie voorstad, terwyl die res almal van 'n aangrensende voorstad, wat hoofsaaklik bestaan uit 'n subekonomiese behuisingskema, kom.

Die ouers in laasgenoemde voorstad het almal twee of meer kinders en behoort tot die laer inkomstegroepe. Die kinders is byna honderd persent netjies geklee en versorg en wat die algemene gesondheid betref, soos blyk uit mededelings van die skoolgeneeshere, is hulle baie beter daaraan toe as leerlinge uit sogenaamde welvarender voorstede. Slegs enkele gesinne is huiseienaars.

/162.

Van die 200 gesinne het slegs 10 gesinne nie 'n eie motor nie.

Van die 200 moeders is 104 huisvrouens, terwyl 96 werk.

Die navorser het op 25 Julie 1967 by die skool oorgeneem toe die leerlingtal 275 en die onderwysertal 11 was. Van Januarie 1968 tot Julie 1972 wissel die leerlingtal tussen 326 en 346 en het die personeel konstant op 12 bly staan.

In Julie 1967 is die volgende omstandighede aangetref:

a. ernstige tweedrag en meningsverskil het bestaan tussen die skool= komitee en oueronderwysersvereniging oor onaangewende fondse wat die laasgenoemde liggaam die vorige kwartaal ingesamel het;

b. ernstige tweedrag het geheers oor die skool se naam. Die naams= verandering is deur die skoolkomitee aanbeveel op 6 Desember 1966. Sommige ouers het daarteen beswaar gemaak en eers op 12 Oktober 1967 is die naamsverandering goedgekeur;

c. etlike ouers was daarop ingestel om met ouervergaderings te "baklei", omdat groot onmin met die vorige algemene vergadering geheers het en die waarnemende hoof gedreig het om die vergadering summier te beëindig;

d. in die saal was slegs 'n klavier waarop R385 verskuldig was, sonder stoele of gordyne;

e. daar was geen sportgeriewe nie en die terrein is eers gelyk gemaak en afgehandel in Januarie 1970;

f. 'n begin is gemaak om gras aan te plant, maar geen struike en bome is aangeplant nie;

g. 'n banksaldo van R1 900 is opgebou;

i. die personeel het almal uit tydelike dames bestaan behalwe die hoof wat 'n permanente aanstelling gehad het.

Die eerste permanente personeel is in Januarie 1968 aangestel en het

/163.

bestaan uit beginners of mense met een jaar ervaring.

Van die skool se ontstaan in Julie 1966 tot in Julie 1972 het nie minder nie as 47 onderwysers hier skoolgehou. Behalwe vir enkele be= vorderings, was die verskuiwing van personeel te wyte aan verplasings van onderwyseresse se mans, huwelike van jong onderwyseresse en wat dikwels dan moes verskuif en omdat al die poste voorheen net nie deur geskikte permanente kandidate gevul kon word nie.

Die wisseling van personeel het ook met hierdie projek sake bemoei= lik. In 1971 en in 1972 het elke keer drie nuwe onderwysers bygekom, dit wil sê aan 25% van die personeel moes opnuut voorligting en kennis bygebring word.

Tot in Desember 1970 het daar twee ouerorganisasies bestaan naamlik die skoolkomitee, bestaande uit 7 lede en die oueronderwysersvereniging, bestaande uit 22 lede. Hierdie 22 lede word saamgestel deur 3 aangewese skoolkomiteelede en 19 lede wat met die jaarlikse algemene vergadering verkies word.

Gesien in die lig van die voorgaande, het dit kommer gewek dat die skool nie aan sy doel om volle samewerking van die ouer te verkry, na wense geslaag het nie. Daar is toe besluit om met vooropgestelde doel= bewuste beplanning sekere neergelegde beginsels, metodes en tegnieke op die huidige situasie toe te pas, dit planmatig uit te voer, deeglik rekord van alles te hou en sodoende vergelyking met die vorige tydperk te tref, tendense te soek en moontlike vordering te boekstaaf. Daar is soos volg te werk gegaan:

## II. METODE VAN ONDERSOEK

### A. SAMESPREKINGS MET ONDERWYSERS

In November 1970 is begin om met individuele onderwysers te gesels

/164.

om hulle samewerking te verseker ten opsigte van die doelstellings naamlik om ouers werklik belangstelling in die onderwys en opvoeding van hulle kinders te laat ondervind. Daarna is verskillende inligting=stukke met personeelvergaderings bespreek en is hulle samewerking verkry.

1. Doel en roeping van die skool

Hierdie inligtingstuk is aan die personeel voorgehou en met hulle bespreek. Dit handel oor Christelik-nasionale onderwys; die einddoel van ons onderwys; die onderwyser as volksleier en die waarde van ouer-onderwysersamesprekings.[1]

2. Die ouer se taak en roeping in die onderwys en opvoeding

Hierdie stuk wat 'n toespraak is wat op 11 en 12 November 1970 voor ouers gelewer is, is ook vir agtergrondkennis aan elke onderwyser beskik=baar gestel. In hierdie dokument is die volgende sake beklemtoon: die ouer as opvoeder en die feit dat niemand hom kan vervang nie; die skool as opvoeder; die stelling dat die skool die ouerlike opvoedingstaak groot=liks oorgeneem het; die redes vir gebrekkige belangstelling van ouers in onderwyssake; die einddoel van die opvoeding van die Calvinisties-Christen=gelowige; die waarde van die eie voorbeeld; vryheid; aanslae van die Kommunisme, ens.; voorsiening vir ouerdeelname in die onderwys en opvoeding van skole.[2]

3. Die middele vir sedelike ontwikkeling

Gedurende 1971 is hierdie inligtingstuk aan ouers gestuur en ook

1) Vgl. Bylae A1, p. 200-204.
2) Vgl. Bylae C1, p. 245-257.

aan onderwysers oorhandig. Hierin word beklemtoon dat die lewende voorbeeld van deurslaggewende betekenis vir die kind se sedelike ont= wikkeling is. Daar word verwys na die onoordeelkundige kritiek wat ouers dikwels voor kinders uitspreek teenoor die skool, kerk en regering. Kommunisme en doofmiddels word aan die hand van "The Broken Link" saam= gekoppel.[3)]

Saam met Bylae B1 is 'n bykomstige stuk oor sedelike ontwikkeling spesifiek met 'n personeelvergadering bespreek. Dit is beklemtoon dat elke onderwyser 'n draer en vertolker van sedelike waardes in die oë van die leerlinge is en steeds besig is, binne sowel as buite die skool, om die waardes aan die leerlinge oor te dra. In sy handel en wandel, ook buite die klaskamer, is hy nog voortdurend besig om sy leerlinge ten goede of ten kwade te beïnvloed.[4)]

4. Voogonderwys

Omdat voogonderwys so 'n belangrike saak is, is daar oor 'n lang tyd= perk kort-kort deeglik aandag aan gegee. Voortdurend is daar gesels oor voogonderwys, oor individuele kinders en het daar samesprekings met ouers plaasgevind.

Om die ouer werklik doeltreffend te bereik is dit nodig om een van die belangrikste vereistes van voogonderwys na te kom, en dit is huisbesoek.

Voogonderwys vorm inderdaad die hart en die siel van die hele opvoeding en onderwys.

a. Die doelstellings in die verskillende vakke

Hier is probeer om die geheel beknop saam te vat en aan te dui

---

3) Vgl. Bylae B1, p. 235-237.
4) Vgl. Bylae A2, p. 205.

/166.

dat die hele kind opgevoed word.[5]

b. Voogstaat

Die staat, soos hier aangedui, word in elke klas gebruik. Dit word voltooi vir elke nuwe kind wat hier begin. Van gr. i af gaan die staat na die gr. ii-onderwyseres, na st. 1 en tot by st. 5. Elke voog= onderwyser(-es) maak voortdurend 'n studie van die kind en help die kind. Daar sal dan ook veranderings en wysigings aangebring word. Die doel sal altyd wees om tekortkominge in verhoudinge en gesindhede by die kind te probeer verbeter.

'n Kind wat in gr. ii byvoorbeeld 'n afwyking toon, sê maar om te steel en wat in st. 5 steeds nog steel, het in 6 jaar nooit ten goede verander nie, met ander woorde die skool en minstens 6 onderwysers het dan in hierdie aspek van hul opvoedingstaak gefaal.

Onderwysers maak aan die begin van elke jaar 'n deeglike studie van die beskikbare inligting op die voogstaat om meteens elke kind en sy besondere omstandighede te ken.[6]

c. Voogonderwys - doelstellings

Personeelomsendbrief 1/1971 is aan die personeel oorhandig ná deeg= like bespreking.[7]

Die stuk oor voogonderwys is uittreksels uit hoofstuk 13 van die Transvaalse Onderwysdepartement se Handleiding vir Skoolorganisasie soos dit op die primêre skool van toepassing is. Hierdie voorskrifte is uiters belangrik en is deeglik bespreek.[8]

---

5) Vgl. Bylae A3, p. 206-211.
6) Vgl. Bylae A4, p. 212-213.
7) Vgl. Bylae A5, p. 214-215.
8) Vgl. Bylae A6, p. 216-219.

d. Huisbesoek by ouers en samesprekings tussen onderwyser en ouer

Hoewel die Departement huisbesoek van groot waarde ag, word geen aan= duiding aan hoofde gegee hoe onderwysers ouers moet benader nie. Nie een van die jonger onderwysers dra enige kennis van voorligting wat hulle ge= durende hulle opleiding as onderwysers oor voogonderwys ontvang het nie. Dit was nodig om uit verskillende bronne 'n aantal algemene doelstellings vir ouer-onderwysersamesprekings saam te stel wat in ooreenstemming is met die skool se opvoedingsbeleid. Ook is 'n aantal "moets en moenies" saamgestel.

Hierdie inligting het onderwysers gesterk en hulle kon met selfver= troue ouers besoek.[9)]

Onderwysers is aangemoedig om gedurende die eerste drie weke van die eerste kwartaal huisbesoek te doen en om onder andere ouers aan te moedig om die jaarlikse ouervergadering by te woon en daardeur hulle belangstel= ling in hulle skool en kinders te toon.

Afsprake met ouers is op 'n voorgeskrewe vormpie gedoen.[10)] Onder= wysers in die laer klasse het meer hiervan gebruik gemaak, terwyl onder= wysers in die hoër klasse meesal deur leerlinge boodskappe aan ouers gestuur het.

5. Klaskomitees

Waar daar tot Desember 1970 slegs 'n skoolkomitee en oueronderwysers= vereniging was, is die volgende subkomitees van die oueronderwysersvereniging in die vooruitsig gestel: klaskomitees waaruit die volgende komitees weer spruit: ontvangs- en onthaalkomitee en kultuurkomitee.

---

9) Vgl. Bylae A7, p. 220-222.
10) Vgl. Bylae A8, p. 223.

Die rol wat elke onderwyser in so 'n klaskomitee speel, is breed=voerig behandel en toegelig.

a. Konstitusie van die klaskomitee

Die konstitusie[11] is deeglik behandel. Hierdie is eintlik ten op=sigte van die doelstellings 'n baie belangrike komitee en waar 'n geesdrif=tige onderwyser sy ouers goed ken en die regte mense aan die roer van sake kan kry, kan veel goeds vir opvoeding en onderwys bereik word.

Uit hierdie komitee word ouers aangewys wat moet help met die afrig=ting van spele, wat moet help in die biblioteek en met die ontvangs- en onthaal van besoekende spanne, met die insameling van fondse en die maak van hulpmiddels.

Besondere klem word gelê op die feit dat ouers in geen omstandighede mag inmeng in die interne sake van die skool nie.

b. Prosedure met vergaderings

'n Inligtingstuk oor die prosedure met vergaderings is veral met die oog op onervare onderwysers, beskikbaar gestel en bespreek.[12]

c. Wenke aan elke onderwyser in verband met klaskomitees

Hierdie inligtingstuk is saamgestel en met onderwysers bespreek. Dit behels die hele prosedure wat elke onderwyser moes volg met die bekend=stelling en verkiesing van klaskomitees.[13]

---

11) Vgl. Bylae A9, p. 224-226.
12) Vgl. Bylae A10, p. 227.
13) Vgl. Bylae All, p. 228-230.

d. Kultuurkomitee en ontvangs- en onthaalkomitee

Die konstitusies van hierdie komitees is volledigheidshalwe ook aan die personeel beskikbaar gestel. Daaruit blyk dan wat die oogmerke van die kultuurkomitee[14] is en ook hoe die ouers die onderwysers se taak kan verlig met die ontvangs en onthaal van besoekende spanne.[15]

e. Uitnodigings om klasse by te woon

Ook hier is verduidelik dat die oogmerk beter ouer-onderwyser-kind-verhoudings is en om groter belangstelling by ouers in die opvoeding en onderwys te wek.

Oor 'n tydperk van drie maande is daar onderhandel met 'n maatskappy om geslotebaantelevisie aan die skool te voorsien. Die idee was dat ouers in die saal kon sien en luister wat in die betrokke klas aangaan en dat hierdie opnames ook aan die klasse en aan alle belangstellende ouers vertoon kon word.

Omdat die vrees by onderwysers bestaan dat ouers baie maklik in die professionele sake van die skool kan inmeng, is daar by voorbaat en spesiaal by die aanvaarding van 'n uitnodiging[16] aan ouers gestel dat hulle geensins kan en mag inmeng in die huishoudelike en professionele sake van die skool nie.

Uit die getal aannames van uitnodigings is vasgestel vir hoeveel ouers sitplekke in elke klaskamer ingeruim moes word, indien geslotebaantelevisie nie werklikheid sou word nie.

Elke onderwyser moet die ouers in sy klas verwelkom en ná afhandeling van die les, hulle bedank dat hulle teenwoordig kon wees.

---

14) Vgl. Bylae A12, p. 231.
15) Vgl. Bylae A13, p. 232-233.
16) Vgl. Bylae A14, p. 234.

/170.

6. Jaarlikse onthaal van nuwe leerlinge

Sedert 1969 word alle ouers van kinders wat die volgende jaar vir die eerste keer skool toe kom, genooi om gedurende die vorige November saam met hulle kinders skool toe te kom. 'n Paar items word in die saal aangebied, waarna 'n grade-onderwyseres die ouers oor verskillende organisatoriese sake inlig. Na nog 'n item lewer die hoof 'n kort praatjie.[17] Ouers en kinders verdaag dan na 'n grade-klaskamer waar die kindertjies op die stoeltjies sit. Die tweede hoogtepunt vir die kleintjies is dan gewoonlik koek en koeldrank wat in die kunsvlytkamer bedien word.

B. SAMESPREKINGS MET SKOOLKOMITEE

'n Vergadering is belê en die inligtingstuk wat op 11 en 12 November 1970 met die ouers behandel sou word, is met die lede bespreek.[18]

Die gedagte van positiewe leiding en beïnvloeding deur skoolkomiteelede is sterk beklemtoon.

Die skoolkomitee was eenparig in hulle voorneme om hulle deel by te dra. Elkeen het 'n afskrif van die inligtingstuk ontvang.

C. SAMESPREKINGS MET DIE BESTUUR VAN DIE OUERONDERWYSERSVERENIGING

Net soos met die skoolkomitee, is ook 'n bestuursvergadering van die oueronderwysersvereniging belê. Dieselfde inligtingstuk[19] is bespreek en toegelig en afskrifte is aan die lede gegee.

D. BEKENDSTELLING AAN OUERS

Op 9 November 1970 is 'n skriftelike uitnodiging aan elke ouer gestuur om 'n vergadering op 11 of 12 November 1970 by te woon. Twee datums is

17) Vgl. Bylae C2, p. 258-262.
18) Vgl. Bylae C1, p. 245-257.
19) Ibid..

/171.

genoem sodat ouers makliker een van die twee aande kon bywoon. Ouers moes ook aandui op watter datum hulle teenwoordig sou wees.[20]

Op 11 en 12 November 1970 is vergaderings gehou en is "Die ouer se taak en roeping in die onderwys en opvoeding" behandel. Besprekings is toegelaat en het plaasgevind.

Elke teenwoordige ouer het ná afloop van die vergadering 'n afskrif van hierdie inligtingstuk ontvang.

Ouers wat nie teenwoordig was volgens die presensielys nie, is almal met afskrifte van die praatjie voorsien.

E. IMPLEMENTERING VAN DIE STELSEL

1. Voogonderwys

Onderwysers het gedurende die tydperk 13 tot 30 Januarie 1971 huisbesoek gedoen en onder meer ouers aangemoedig om die eerste algemene vergadering van die oueronderwysersvereniging by te woon.

2. Eerste algemene vergadering van oueronderwysersvereniging

a. Vergaderings in klasse

'n Omsendbrief is op 26 Januarie 1971 aan elke ouer gestuur. Ouers is gevra om op 28 Januarie 1971 om 7/15 nm. by dié klasse te ver= gader waar hulle 'n kind het.

Daar is twee gr. i-, twee gr. ii-, twee st. 1-, een st. 2-, een st. 3-, twee st. 4- en een st. 5-klasse.

Waar ouers twee of meer kinders in verskillende klasse gehad het, het sommige ouers hulle belange verdeel en het die vader na die een en die

---

20) Vgl. Bylae B2, p. 238.

/172.

moeder na 'n ander klas gegaan. Met 'n derde of vierde kind het ouers deurgaans hulle voorkeur aan slegs twee klasse gegee.

In elke klas het die betrokke onderwyser(-es) die vergadering gelei in ooreenstemming met die prosedure en wenke wat aan hulle voorgehou is.[21)]

Bestùre is gekies en verteenwoordigers vir die biblioteek, vir die ontvangs van skoolfonds en ontwikkelingsfonds en vir die ontvangs- en onthaalkomitee is aangewys.

Name, adresse en telefoonnommers van die teenwoordige ouers in elke klas is geneem.

Om 8/30 nm. het al die ouers in die saal byeengekom.

b. Vergadering in die saal

Nadat die opening, verwelkoming, notule en ander sake afgehandel is en die bestuurslede vir 1971 verkies is, is die doelstellings van die kultuurkomitee[22)] asook die ontvangs- en onthaalkomitee[23)] verduidelik.

Dit is voorgelê en eenparig goedgekeur dat die dagbestuur van die oueronderwysersvereniging ook die bestuur van die kultuurkomitee sou wees.

Daarna is 'n bestuur gekies uit die 44 verkose verteenwoordigers van die ontvangs- en onthaalkomitee.

3. Funksionering van klaskomitees

a. Vergaderings

Binne die bestek van twee weke het al die onderwysers(-esse) in

---

21) Vgl. Bylae A10 en A11, p. 227-230.
22) Vgl. Bylae A12, p. 231.
23) Vgl. Bylae A13, p. 232-233.

/173.

oorlegpleging met hulle dagbesture vergaderings belê met die oog op fondsinsamelings, besoeke aan ouers wat nie opgedaag het met die stigtingsvergadering nie en behoeftes en hulp wat onderwysers nodig gehad het.

b. Fondsinsamelings

Die twee st. 4-klasse het begin met hulle insamelings wat hoogstens 4 weke sou duur.

Die verskillende klasse sou deur die jaar elkeen net 4 weke besig wees met die insameling van fondse.

c. Ken-mekaar-aande

Periodiek is sosiale byeenkomste deur klasse gereël waar verversings voorgesit is en waar ouers informeel gesels en kennis gemaak het.

d. Voorligting en besprekings

Omdat klaskomitees so maklik fondsinsamelings as hoofdoel en enigste doel mag aanvaar, en omdat sommige klasse se fondsinsamelings afgehandel is en ander s'n nog in die verskiet is, is al die dagbesture en onderwysers na 'n vergadering op 13 April 1971 genooi.

Op hierdie vergadering is die doelstellings van die klaskomitees weer onder die aandag gebring en is dit beklemtoon dat ouers (huis) en skool saam in die verantwoordelikheid van die opvoeding van die kind deel.

Die onderwerp "Die gesin - vandag"[24)] is behandel en bespreek. Voorsitters is versoek om vergaderings te belê en hierdie onderwerp met hulle klasouers te bespreek. Deur in klein groepe besprekings te hê, kan ouers dink en besin en kan veel moontlik bereik word.

Hierdie inligtingstuk is saam met 'n begeleidende brief[25)] aan ouers beskikbaar gestel.


---

24) Vgl. Bylae B4, p. 240-242.
25) Vgl. Bylae B3, p. 239.

/174.

## F. SKEMATIESE VOORSTELLING

Skematies kan die hele stelsel soos volg voorgestel word:




## G. PRAATJIES EN VERDERE GEGEWENS OOR INLIGTING EN VOORLIGTING

Een van die mooi reaksies was ŉ eenparige besluit van die skoolkomite met die laaste vergadering in 1971 dat skoolkomiteelede al die nuwe gr. i-leerlinge en ander nuwe leerlinge se ouers gedurende 1972 gaan besoek. Die idee was om hierdie ouers te verwelkom en uit te nooi om aan die aktiwiteite van die skool deel te neem.

In Januarie 1972 is ŉ klompie "Wenke met besoeke aan ouers" saamgestel

en aan skoolkomiteelede vir inligting gegee.[26] Dit is ook aan onderwysers beskikbaar gestel. 'n Praatjie wat gelewer is met die jaar=likse algemene vergadering van die oueronderwysersvereniging is op 2 Februarie 1972 aan alle ouers gestuur.[27]

H. BYEENKOMSTE VAN OPVOEDKUNDIGE AARD

Daar is probeer om minstens een keer per kwartaal 'n byeenkoms in die saal te reël waar musiek of sang aangebied is en waar moontlik 'n opvoed=kundige praatjie gelewer is.

I. PERSOONLIKE KONTAK

Daar is voortdurend probeer om met individuele onderwysers te gesels, om hulle menings te verneem en om hulle aan te moedig. Nooit is 'n wan=klank verneem nie, inteendeel het onderwysers dikwels te kenne gegee dat hulle "skoolhou" eintlik betekenisvoller is.

In gesprekke met individuele ouers is daar ook dikwels aangemoedig en veral is skoolkomiteelede, bestuurslede van die oueronderwysersvereniging en klaskomitees positief beïnvloed.

In die volgende hoofstuk word van die probleme, die bevindings en aanbevelings aangedui.

/HOOFSTUK 6.

26) Vgl. Bylae B5, p. 243-244.
27) Vgl. Bylae C3, p. 263-265.

/176.

# HOOFSTUK 6

## BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### I. INLEIDING

Ouers is skriftelik uitgenooi na die vergaderings van 11 en 12 November 1970[1] en hulle moes op 'n skeurstrokie aandui na watter een van die twee byeenkomste hulle sou kom en of hulle glad nie teenwoordig sou wees nie. By albei vergaderings is presensielyste gesirkuleer en die resultaat was soos volg:

A. 154 ouers sou op 11 November 1970 kom, dog slegs 86 het opgedaag;

B. 150 ouers sou op 12 November 1970 kom, maar net 80 het opgedaag;

C. 96 ouers kon of wou nie kom nie.

Uit die 400 ouers (of naastenby 200 gesinne) het 166 (41,5%) dus woord gehou, 138 (34,5%) het woord gebreek en 96 (24%) het vooraf te kenne gegee dat hulle nie kon kom nie.

Hierdie is 'n gedragspatroon wat hom telkens herhaal het en wat op 7 Augustus 1971 met die vyfde verjaardag van die skool, 'n hoogtepunt bereik het, toe 140 ouers wat uitnodigings aanvaar het, eenvoudig weggebly het. 'n Omsendbrief is daarna aan alle ouers gestuur waarin die volgende onder andere duidelik gestel is: "..... Vir die dames wat so hard gewerk en soveel moeite gedoen het om alles in orde te kry en aan te bied was dit 'n klap in die gesig en 'n growwe belediging!...... U moet asseblief ook ont= hou dat u kinders weet u het die uitnodiging aanvaar en hulle weet u het net weggebly. Kan ons by die skool sukses hê in ons opvoedingsprogram deur sulke onbedagsaamheid?..... Dit sal goed wees om bietjie ernstige selfondersoek toe te pas, veral omdat dit 'n gedragswyse is wat maklik

---

1) Vgl. Bylae B2, p. 238.

naderhand 'n lewenswyse word. Ons het darem nou genoeg daarvan gehad by hierdie skool."[2)]

Na aanleiding van die voorgaande ondervinding wil dit voorkom of dit vandag 'n algemene verskynsel en klagte is dat mense na willekeur op uitnodigings reageer. Net so maklik as wat 'n uitnodiging aanvaar word, word dit ook nie nagekom nie en nog makliker word ook geen verskoning vir afwesigheid aangebied nie.

Vervolgens word die bywoning van ouers van byeenkomste by die skool gedurende 1969 en 1970 aangedui, dit wil sê vóór meer doelbewuste pogings aangewend is om ouers te motiveer ten opsigte van oueraande, verkiesings van besture, ens.

## II. BYWONING VAN BYEENKOMSTE GEDURENDE 1969 EN 1970 IN VERGELYKING MET 1971 EN 1972

### A. JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE OUERONDERWYSERSVERENIGING

Dit dien gelet te word dat die getal leerlinge tussen 1968 en 1972 baie konstant is en gewissel het tussen 326 en 346. Die getal huisgesinne het ook gewissel tussen 196 en 205 en wanneer van persentasies gebruik gemaak word, is die getal gesinne as 200 en die getal ouers as 400 geneem. Die onderwysers, met die hoof ingesluit, het ook konstant op 12 bly staan.

Die volgende tabel dui ouerbywoning van vergaderings aan:

Getal ouers wat vergaderings bygewoon het : 1969 tot 1972

| Jaar | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 1969 | 52 | 13 |
| 1970 | 40 | 10 |
| 1971 | 180 | 45 |
| 1972 | 122 | 30,5 |

2) Vgl. Nuusbrief 10/1971 van 10 Augustus 1971 aan ouers.

Ná doelbewuste huisbesoek en samesprekings verander die prentjie aansienlik en woon 180 ouers die eerste vergadering in 1971 by, terwyl 122 dit in 1972 bywoon.

Die afname in 1972 bied 'n interessante verklaring. Talle ouers, veral onder die jongeres, het aan onderwysers te kenne gegee dat hulle hulle nie weer so maklik sal laat "vang" soos die vorige jaar nie. Baie van hulle het in klaskomitees gedien en moes vir 4 – 5 weke help met klein klasfunksies. Vir baie van hulle was dit 'n verskriklike opoffering. Dit vorm eintlik 'n skrille kontras met daardie ouers wat sedert die skool se ontstaan 6 jaar vantevore, jaar in en jaar uit diens gelewer het sonder om te mor. Dit is skynbaar die gangbare tydsgees van selfsug en gemaksug.

B. SKOOLKOMITEEVERKIESING

Die verkiesing van 1969 het plaasgevind volgens die destydse reëling dat ouers die hele dag kan stem. Daar was 11 kandidate waaruit 7 lede gekies moes word. Uit 'n moontlike 400 ouers het slegs 15 ( 3,8%) gestem.

In 1972, volgens die stelsel waar kandidate genomineer word en die stemming daarna plaasvind, woon 24 (6%) ouers die verkiesing by.

Die verbetering van 9 of 60% is tog beduidend. 'n Mens sou egter baie groter belangstelling wou sien.

C. BOEKUITSTALLINGS EN OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS

Elke jaar word ouers vroeg in die tweede en vierde kwartale na die verskillende klasse genooi om na hulle kinders se skrifte te kom kyk en om met onderwysers te gesels.

Die bywoning was soos volg:

/179...

Getal ouers wat boekuitstallings bygewoon het : 1969-1972

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| April 1969 | 149(37,2%) | 1970 | 161(40,2%) | 1971 | 163(40,7%) | 1972 | 238(59,5%) |
| Oktober 1969 | 167(41,7%) | 1970 | 154(38,5%) | 1971 | 168(42%) | | |

Belangstelling verbeter in só 'n mate in 1972 dat 238 (59,5%) ouers in April 1972 met onderwysers kom gesels. Dit is 70 of 19,5% meer as die vorige beste bywoning van Oktober 1971.

Die mooi verbetering kan moontlik toegeskryf word aan die positiewe beïnvloeding van die ouers deur die voogonderwysers en ook die besoeke van individuele skoolkomiteelede aan ouers wat in 1972 eers deel van die skool= gemeenskap geword het.

D. BYWONING VAN KLASSE DEUR OUERS

Om by ouers groter waardering vir onderwysers se werk tuis te bring, om die ouer die geleentheid te gee om sy kind in die klassituasie waar te neem en vir die kind om sy ouer se belangstelling in die skool te er= vaar, is ouers uitgenooi om gedurende skoolure na 'n bepaalde les op 'n vas= gestelde tyd te kom luister.[3] Hulle kon kom luister na lesse in natuur= wetenskap vir st. 5, godsdiens vir st. 4A, Afrikaans vir st. 4B, reken= kunde vir st. 3 en geskiedenis vir st. 2 op 17 Februarie 1971. Die by= woning van ouers was 5, 7, 9, 8 en 9 onderskeidelik. Ouers is 'n week later genooi na lesse in die twee gr. i-, twee gr. ii- en twee st. 1 - klasse wat deur gemiddeld 8 ouers per klas bygewoon is. 'n Rekord is nie gehou van watter ouers by sowel 'n senior- as 'n juniorklas besoek afgelê het nie.

---

3) Die aanvanklike plan was dat ouers op geslotebaantelevisie in die saal alles sou waarneem, dog na drie maande van onderhandelinge op die dag toe die ouers daar is, het die betrokke verteenwoordiger "iets" vergeet en is daar afgesien van hierdie hulpmiddel. Onderwysers was hierop bedag en het ouers in hulle klaskamers ontvang. Geen ouer was bewus van die "krisis" nie.

/180.

Word dit buite rekening gelaat, beteken dit dat 86 van die beskikbare 104 nie-werkende moeders hulle belangstelling getoon het, 'n persentasie van 87,7.

Die proefneming is nie herhaal nie, omdat dit vir onderwysers iets nuuts is en hulle moontlike inmenging van ouers vrees.

Tallè van hierdie ouers het getuig van die interessantheid van lesse wat hulle bygewoon het, van onderwysers se geduld en die groot taak wat hulle verrig. Geen afbrekende kritiek van enige aard is verneem nie.

Wanneer geslotebaantelevisie geredelik beskikbaar is, behoort dit aangewend te word vir ouers om na lesse te luister en alles waar te neem. Hierdie aspek behoort meer aandag te geniet, omdat dit ook moontlik in volksopvoeding suksesvol aangewend kan word. Lesse in godsdiens, geskiedenis en Afrikaans om enkeles te noem, wanneer dit op video-band opgeneem is, behoort 'n leersame en interessante aand by die skool vir beide ouer en kind te bied.

E. GEVOLGTREKKING

Die persoonlike kontak tussen huis en skool deur onderwysers se huisbesoeke as voogonderwysers het 'n aansienlike verbetering in belangstelling te weeg gebring ten opsigte van die bywoning van algemene vergaderings van die oueronderwysersvereniging ('n verbetering van 17,5% tussen 1969 en 1972 of 35% tussen 1970 en 1971); van die verkiesing van 'n skoolkomitee ( verbetering 2,2% : vermeerdering 60% ), asook die bywoning van boekuitstallings en samesprekings met onderwysers ('n verbetering van 19,5% van die vorige beste naamlik Oktober 1971 tot April 1972).

III. OUERS WAT MET DIE AFRIGTING VAN SPELE HELP

A. RUGBY, KRIEKET, NETBAL

Geen hulp is van 1969 tot 1972 van ouers ontvang ten opsigte van die

/181.

afrigting van rugby, krieket of netbal nie.

B. ATLETIEK

Gedurende 1971 en 1972 het twee ouers 'n paar weke voor die jaarlikse interlaerskoolbyeenkomste gehelp om sekere tegnieke by atlete in te skerp. Voorheen het ouers nie gehelp nie.

C. TENNIS

Die skool beskik sedert Mei 1970 oor twee weervaste tennisbane en behalwe vir onderwyseresse wat toesig oor leerlinge se tennis hou, is dit uitsluitlik ouers se taak om die afrigting waar te neem. In hierdie geval was daar drie dames.

Vanaf Mei 1972 word leerlinge ook op Saterdagoggende afgerig en onder= neem ouers van die tennisklub om minstens een keer per maand ook 'n profes= sionele afrigter vir die kinders beskikbaar te stel.

D. VOLKSPELE

Tot aan die einde van 1968 is volkspele vir kunswedstryde uitsluitlik deur onderwysers afgerig. In Februarie 1969 egter is 'n junior volkspele= laer gestig en behalwe vir die leidster wat 'n onderwyseres is, word die afrigting hoofsaaklik deur ouers waargeneem, waaronder een man.

E. GEVOLGTREKKING

Ten spyte van periodieke versoeke kon geen hulp met die afrigting van rugby, krieket of netbal verkry word nie en is die posisie sedert 1969 onveranderd.

Dit is merkwaardig dat mans in dié spele waar hulle kan help, eenvoudig n[illegible] die tyd of die begeerte het om behulpsaam te wees nie. Dit skyn of die

/182.

man al meer veld verloor as dinamiese opvoedingsfiguur ten koste van die vrou en moeder.

Sover dit tennis en volkspele aangaan, is daar onmiddellik toe hulp nodig was, uitstekende en doeltreffende hulp aangebied. Die hulp met volkspele word nog ewe toegewyd nou reeds in die vierde jaar gegee en met tennis word steeds beter afrigting in die derde jaar gegee.

Die eksperiment het dus sover dit die afrigting van spele betref sake staties gelaat. Daar kan waarskynlik afgelei word dat ouers hul hulp in hierdie verband met groter begrip gee.

## IV. OUERS WAT MET DIE VERFRAAIING VAN DIE TERREIN HELP

Talle mondelinge en skriftelike versoeke is tot ouers gerig vir hulp met voertuie om klippe, grond, mis en plante te vervoer en om te help met betonstroke, krieketnette, ens. Weer eens, waar dit skynbaar die mans geld, met enkele uitsonderings, het die beroepe op dowe ore geval.

Die verfraaiing van die terrein tot in 1970 is uitsluitlik deur die hoof en personeel waargeneem.

Gedurende 1971 het ouers gehelp om 7 verskuifbare pawiljoene op te rig en om die sweiswerk van rugbypale en die raamwerk van krieketnette te doen. Een ouer het in 1971 en 1972 dikwels sy voertuie beskikbaar gestel om aalwyne te gaan haal en het selfs 'n 10 ton-vragwa hiervoor na Cala in die Transkei gestuur. Gedurende dieselfde tyd het lede van die tennisklub, bestaande uit ouers en onderwysers, middele en kragte voorsien om 'n tennisklubgebou op te rig, wat saam met 'n busloods vir 4 bussies, omtrent R11 000 werd is.

Aan fondse om die terrein te verfraai het dit egter nie ontbreek nie en etlike duisende rande is aan plante, grassnyers en onderhoud bestee.

Ouers is skynbaar meer bereid om fondse te gee vir die verfraaiing

/183.

van die terrein as om hulle self, hulle kragte, te gee.

## V. OUERS WAT LEERLINGE BY SPORTGELEENTHEDE HELP VERVOER

Baie ouers verwag dit skynbaar dat die skool verantwoordelik is nie net vir die afrigting van spele nie, maar ook vir die vervoer van hulle kinders.

Gedurende 1969 en 1970 het dit dikwels gebeur dat al die netbal- en rugbyspanne nie vervoer kon word nie en dat een span se wedstryd gekansel= leer moes word.

Wannneer ŉ wedstryd gekanselleer moes word, is dit aan ouers gestel dat hulle nie voldoende vervoer beskikbaar stel nie en is ouers aange= moedig om middele vir bussies te voorsien.

Sedert September 1970 beskik die skool oor twee bussies en in Augustus 1971 is ŉ tweedehandse bakkie aangeskaf.

Daar is geen probleme meer met vervoer nie. Waar die skool ge= durende 1972 twee vriendskaplike atletiekbyeenkomste in Vereeniging en Parys op agtereenvolgende Saterdae bygewoon het, was daar elke keer "konvooie" van 30 voertuie bestaande uit belangstellende ouers.

Ook met volkspele-saamtrekke en -demonstrasies elders saans, is die gebruik van skoolvoertuie tans onnodig, omdat so baie ouers self gaan kyk en leerlinge help vervoer.

Dit wil dus voorkom of ouers op Saterdae en weeksaande in die geval van volkspele, gretiglik help met vervoer, maar dat dit op weeksmiddae wel moeilik is om te help. Die skynbare "laksheid" is dus nie toe te skryf aan onverskilligheid of belangeloosheid nie.

## VI. BYWONING VAN PLAASLIKE FEESTE DEUR OUERS ONDER ANDERE REPUBLIEKDAG, HELDEDAG EN GELOFTEDAG

Die bywoning van plaaslike feeste is ŉ saak wat groot kommer wek.

/184.

Ouers sal nog in redelike getalle funksies van 'n kulturele aard by die skool bywoon, maar feeste buite skoolverband bestaan eenvoudig nie vir die meeste ouers nie. Dit is hier waar die kind 'n ontsettend swak voorbeeld van sy ouer kry, wat niks goed vir die toekoms van ons volk voorspel nie.

Republiekdag op 28 Mei 1971 in die Randse Stadion is deur 10 ouers bygewoon, terwyl "Die goue daeraad" van R.A.U. op 7, 8 en 9 Oktober 1971 deur 8 ouers bygewoon is (die 5 vertonings het bietjie meer as 'n duisend van Johannesburg se Afrikaners gelok).

Die voorgaande syfers van ouers wat teenwoordig was, is vasgestel deur kinders by die skool te vra of hulle ouers daar was. Die getalle kan minder wees, maar dit is onwaarskynlik dat dit meer is.

Met Heldedag word 'n plaaslike kransleggingsfunksie jaarliks by 'n konsentrasiekampkerkhof waargeneem en in die jare 1967, 1968, 1969, 1970 en 1971 was daar nooit meer as 7 - 8 ouers teenwoordig nie. Die navorser kon hierdie getalle vasstel, omdat hyself elke keer teenwoordig was en die skoolouers ken of hulle ten minste kon identifiseer volgens die kinders wat by hulle was.

Dit is nie moontlik om die bywoning van Geloftefeeste vóór 1970 te bepaal nie. Vanaf 1970 egter is hierdie fees gedesentraliseer en plaaslik in 'n sekondêre skool gehou. Uit 'n moontlike 4 000 Afrikaners het daar in 1970 en 1971 38 en 58 mense (kinders ingesluit) onderskeidelik die fees bygewoon waarvan 8 en 10 onderskeidelik ouers van hierdie skool was. Dit was ook moontlik vir navorser om self hierdie gegewens te bepaal, omdat hyself by die reëlings gemoeid was.

Die vraag kan gestel word of baie van die ouers nie dalk elders Geloftefeeste bygewoon het nie. Dit kan so wees, maar wanneer die bywoning van die reedsgemelde ander feesdae in aanmerking geneem word, lyk dit of die

/185.

getalle van 8 en 10 tog die werklike bywoning moet wees.

Oppervlakkig beskou, kan die gevolgtrekking gemaak word dat huis= besoek en al die beärbeiding van die skool geen invloed gehad het nie. Die vraag is of die skool sy boodskap goed tuisgebring het. Eintlik is die onderwyser se belangstelling in hierdie volksbyeenkomste ook nie veel beter as die ouer s'n nie.

Onderwysers sal werklik gemotiveerd moet wees as gevolg van hulle opleiding enersyds en die leiding van hoofde andersyds om ook in hierdie opsig belangstelling by ouers gaande te maak en hulle te aktiveer.

VII. <u>ONDERSTEUNING VAN FUNKSIES VAN KULTURELE AARD</u>

Die skool se speel- en sportterrein, wat aansienlike uitgrawings meegebring het, is eers vroeg in Januarie 1970 voltooi. Gedurende 1969 en 1970 is groot finansiële eise aan ouers gestel en is daar byvoorbeeld in 1970 R10 300 deur die 200 gesinne byeengebring. Gedurende 1970 is tennis- en netbalbane ter waarde van R7 200 opgerig. Daar is dus nie doelbewus op funksies van kulturele aard gekonsentreer nie.

Gedurende 1969-1970 is 8 rolprente vertoon waarvan twee Carfo-vrystellings van opvoedkundige aard was. Dit is deur 110 ouers en 220 kinders bygewoon. 'n Volkspeleaand deur volwassenes is aangebied, waarin drie van die skool se demonstrasiegroepe deelgeneem het en wat deur 120 ouers bygewoon is.

Gedurende 1971 is die volgende funksies gereël en aangebied:

A. 'n Program aangebied deur die Departement Kultuur, bestaande uit 3 kunstenaars en 'n beampte wat 'n praatjie gelewer het oor "Die voorskoolse kind".

Van 400 ouers sou 105 dit bywoon, dog 46 het opgedaag - 'n bywoning

/186.

van slegs 11,5%.

B. 'n Sanguitvoering deur Lucille Ackerman en Francois van Heiningen. Dit is bygewoon deur 110 ouers of 27,5%.

C. 'n Sang- en musiekaanbieding deur die Ridge-groep. Dit is bygewoon deur 60 ouers of 15% en 200 kinders.

D. 'n Volkspele-saamtrek. Bygewoon deur 80 ouers of 20% en 170 kinders.

E. "Jannewariebaai", 'n operette opgevoer deur 'n toneelvereniging van Kemptonpark. Dit is bygewoon deur 130 ouers (32,5%) en 210 kinders.

Soos so dikwels ook met die kerk en Sondagskool gebeur, dink ouers dat as hulle hul kinders na hierdie funksies by die skool stuur, dan voer hulle hul opvoedingstaak behoorlik uit. Min besef hulle dat die kind juis sy ouer se traagheid om 'n deelnemer aan kultuurbedrywighede te wees, gaan navolg.

F. Die jaar 1972 het goed weggespring met 'n orreluitvoering wat deur byna 200 ouers (50%) bygewoon is en waartydens R158 vir biblioteekboeke ingesamel is. By hierdie geleentheid het die hoofsekretaris van die F.A.K. oor die ouer en die skool gepraat.

G. 'n Talente-aand is gehou waartydens ouers self sangitems, 'n verskeidenheid musiekitems en voordragte gelewer het.

Ook hierdie aand is goed bygewoon en ondersteun deur ongeveer 210 ouers (52,5%). Opmerklik was die feit dat die meer ernstige musiek en sang en ook ligte klassieke items volgens die reaksie van die gehoor, meer byval gevind het as byvoorbeeld die konsertina. Die voorsitter van die Federale Raad van Skakelkomitees het 'n kort praatjie gelewer oor sang, musiek en gesonde ontspanning.

H. "Sarie van Mooifontein", 'n operette opgevoer deur 'n toneelvereniging van Kemptonpark het 300 ouers (75%) en 200 kinders gelok.

/187.

## I. GEVOLGTREKKING

Die vraag word dikwels gestel of die gemeenskap vandag so enkelvoudig is dat die skool nog die kultuursentrum of fokuspunt kan wees. Is die moderne behoeftes nie so gedifferensieerd en dus ook die smake, dat die skool nooit waarlik die funksie kan vervul nie?

Om hierop afdoende te antwoord is dit nodig om eers na die gemeenskap se musieksmaak te verwys. Tot ongeveer 1946 het die breë massa van die volk, baie gehou van boeremusiek, van die konsertina, viool en ghitaar. Daar was tientalle komponiste wat voortdurend liedjies gekomponeer het. Die boonste laag het hulle geroepe geag om die musieksmaak van die massa te verbeter. Ongelukkig het daar in hierdie proses van "veredeling" 'n lugleegte aan komposisies van trefferliedjies in Afrikaans ontstaan. Dit is hier waar die "pop"-musiek en ander "wilde" musiek die lugleegte vir duisende van die massa gevul het. Daar moes eerder 'n poging aangewend gewees het om die gehalte van die konsertina-, viool- en ghitaarspel te verhoog as om dit te verdoem het.

Die groot massa van ons mense het tot in die veertigerjare graag na toneelopvoerings gaan kyk. Soos met die musiek, is die gehalte van toneel=aanbiedings ook afgemaak as swak en is daar gepoog om van elkeen meteens 'n opera-liefhebber en -ondersteuner te maak. Ook hier moes Truk en ander organisasies liewer geleidelik die gehalte van opvoerings verbeter het. Tans is die posisie ten opsigte van alle tipes opvoerings kritiek.[4)]

Dit is ons oortuiging, eerstens uit die min belangstelling wat ouers in feeste buite skoolverband toon en tweedens, uit die verbeterde bywoning van kulturele funksies binne skoolverband, dat die skool vandag meer as ooit

---

4) Vgl. 'n Ongepubliseerde toespraak van prof. J.P. de Lange by ge=leentheid van 'n ouervergadering by 'n buurskool in 1971.

tevore 'n kultuurtaak het. Die skool moet die kultuursentrum in sy gemeenskap wees en hy moet desnoods die hulp van kultuurverenigings in= roep om programme te koördineer. Dit is die taak van liggame soos die F.A.K. en Truk, maar ook die staat en die kerk om met die skool saam te werk om gesonde kultuuraktiwiteite by ouers aan te kweek.

In die onderhawige eksperiment blyk dit afdoende dat die aanmoediging en beïnvloeding enersyds deur onderwysers en andersyds deur die lede van die skoolkomitee, oueronderwysersvereniging en klaskomitees soos hulle al= gaande ook hulle taak en verantwoordelikheid duideliker sien, baie te doen het met die groter belangstelling van ouers in hulle skool en sy kulturele aktiwiteite.

Die primêre skool het, of behoort dit te hê, so 'n intieme verhouding met die huis, dat daar byna geen ander instansie of liggaam is waar so baie mense met al hul uiteenlopende smake saamgesnoer en kultureel gevoed kan word, as juis die skool nie.

VIII. ONDERSTEUNING VAN SKOOLFONDSFUNKSIES

Dikwels hoor mens beroepe dat die staat alles moet voorsien by skole, soos saalstoele, gordyne en alles waaraan daar werklik 'n behoefte is. Hierdie mense beweer met groot oortuiging dat dit verkeerd is dat die skool 'n "weeldetuin" of "rykmans"-geriewe moet hê en hulle veroordeel selfs die R-vir-R-stelsel, wat reeds in Transvaal afgeskaf is. Hulle beweer dat die yweraar-hoof sy ambisies bevredig ten koste van die ouers wat meesal maar redelik onbemiddeld is.

Daar is reeds aangedui dat gratis onderwys een van die baie belangrike oorsake is waarom ouers so min aan die opvoeding en onderwys van skole deelneem. Indien die staat in al die behoeftes moet voorsien, sal ouers

/189.

se belangstelling waarskynlik nog meer afneem. Dit beklemtoon maar weer eens dat baie mense graag soveel moontlik wil ontvang met so 'n gering moontlike teenprestasie. Omdat mense belasting betaal, meen hulle dat hulle verder geen geldelike verpligting teenoor die skool het nie. Die vraag is of die reggesinde ouer sy selfrespek kan behou as alles maar net deur die owerhede vir hom gedoen word.

Wanneer mens ook die sogenaamde weeldetuine en rykmansgeriewe by skole in oënskou neem, kan die vraag gestel word of kinders nie beter gaan leer en goed gaan ontwikkel waar hulle in 'n rustige omgewing, omring van plante en struike is nie, as in 'n skoolterrein waar net die karigste is.

Met die eksperiment het bearbeiding en beïnvloeding van November 1970 af hier nie 'n verskil gemaak nie en het die inkomste soos weldra sal blyk, konstant en voldoende geblyk.

Aan die skoolkomitee, oueronderwysersvereniging en ouers is altyd sekere mikpunte gestel, byvoorbeeld 'n klavier, saalstoele, saalgordyne, bussies vir die vervoer van leerlinge, 'n bakkie, 'n klubgebou en voertuig=loods, pawiljoene, sprinkelbesproeiing, weervaste tennis- en netbalbane, ens.

Met die instelling van klaskomitees in 1971 is egter klasfunksies in plaas van 'n kermis gehou. Dit het meegebring eerstens, dat baie meer ouers aktief gewerk het as wat gewoonlik met kermisse die geval is. Tweedens, het individuele onderwysers slegs 4 - 5 weke gehelp met klas=funksies, waar hulle voorheen maande lank moes help kontroleer met werkkaartjies, kompetisies, kontrole van eiers, suiker, ens.

Daar is nooit werklik probeer om vas te stel hoeveel ouers 'n kermis ondersteun nie, want baie ouers stuur ook net hulle kinders. Talle ouers is ook tevrede om hulle verpligtinge af te maak met 'n donasie van geld of goedere, dog hulle teenwoordigheid by die skool, wat dikwels vir die

/190.

opvoeding van hulle kinders baie meer werd is, word steeds gemis.

Die finansiële ondersteuning van 'n gemotiveerde skoolgemeenskap is nietemin merkwaardig en is vir die verskillende jare soos volg: 1968 – R9 200; 1969 – R8 600; 1970 – R10 300; 1971 – R8 800, 'n totaal van R36 900 in vier jaar. Vaste bates en hulpmiddels ter waarde van meer as R30 000 is deur slegs 200 gesinne in dié tydperk tot stand gebring.

Soos voorheen aangedui, woon tweederdes van die skoolgemeenskap in subekonomiese huise en is die ouers redelik onbemiddeld. Is dit wat tot stand gebring is, onnodig? Is dit maar net 'n uitbuiting van ouers deur 'n ambisieuse hoof?

In die lig van die argumente wat reeds genoem is, kan moontlike gevolge van die rykmansweelde en weeldetuin genoem word.

A. Die skoolterrein met sy 600 inheemse bome en struike en 600 aalwyne het die prys van die Transvaalse Tuinbouvereniging vir die besversorgde en mooiste skoolterrein in Johannesburg ontvang.

1. Die kinders van die skool het self al dikwels gehelp klippe optel en onkruid uithaal.
2. Die plante, bome, gras, insekte, ens. is van gr. i af voorwerpe van studie in omgewingsleer en natuurwetenskap.
3. Die inheemse plante is almal geïdentifiseer en sedert 1971 word 'n boekprys uitgeloof aan die kind wat die meeste bome en struike kan identifiseer.
4. Leerlinge ontwikkel 'n liefde vir ons inheemse plantegroei en vir die natuur en sien tog ook 'n Hoërhand in die skepping van elke plant en blom.
5. Die "mooi" omgewing skep 'n rustigheid wat uiters bevorderlik is vir elke kind se ontwikkeling. Hulle is besonder rustig en gedissiplineerd. Ook onderwysers meen dat die tuin kalmerend op hulle inwerk.

/191.

6. Leerlinge, onderwysers en ouers is trots op hulle skool en wys dit graag aan vriende en familie.

B. Met die fondse tot sy beskikking, kon die skool netjiese en duursame atletiekdrag, sportdrag en volkspeledrag vir kinders aankoop. Geen at= leet voel selfbewus oor 'n eie verbleikte rokkie of 'n gestopte onderhempie nie; inteendeel elkeen voel op sy gemak en gemotiveerd. Die leerlinge het op alle sportgebiede ver bo die gemiddelde presteer sedert 1967, bv.:

1. Met die gemiddelde inskrywing van 330 leerlinge het die skool die afgelope 4 jaar met interlaerskoolbyeenkomste nog nooit laer as derde gekom nie, terwyl dit die vierde kleinste skool is uit 10 deelnemende skole.
2. In 1972, met 'n vriendskaplike atletiekbyeenkoms te Parys, het die skool eerste gekom teen skole met die volgende inskrywings: 1 000 +, 700+, 600+ en 400+.
3. Ná een jaar ervaring van liga-krieket, wen die eerste span alle wedstryde.
4. Besondere prestasies is ook met rugby, tennis en netbal behaal.
5. Met skoolkore en volkspele is talle sertifikate en trofeë verower.

C. Die terrein en ander geriewe wat deur ouers aan hulle kinders beskik= baar gestel is, het dié verdere mooi gevolg dat die skoolbesoek van die skool sedert 1969 elke jaar die beste is van al die skole in hierdie skool= raadsgebied.

Dit is sterk te betwyfel of leerlinge die hoogtes sou kon bereik het, wat wel bereik is, as hulle nie ook die besef gehad het nie dat elkeen van hulle 'n daadwerklike aandeel, saam met hulle ouers, in al die geriewe van die skool gehad het. Deur die opofferinge van ouer, kind en onderwyser

/192.

is 'n lojaliteit teenoor hulle skool ontwikkel wat moeilik bereik sou kon word as daar vir die staat gewag moes word om geriewe daar te stel.

Wanneer ouers voor 'n uitdaging in belang van hulle kinders gestel word, is hulle bereid om te gee, soms selfs tot dit seermaak.

Ouers kan, deur die regte voorligting en mits die skool waarlik vir sy taak opgewasse is, ook ten opsigte van hul opvoedingstaak alles tot beswil van hul kinders gee.

## IX. ANDER UITVLOEISELS VAN DIE EKSPERIMENT

Die volgende belangrikste uitvloeisels het uit die reorganisasie voortgespruit:

Eerstens het die getal ouers wat aktief aan die skool se aktiwiteite deelgeneem het as verkose lede van die vorige 22 bestuurslede van die oueronderwysersvereniging, vermeerder tot 110 bestuurslede van klaskomitees (10 bestuurslede per klas).

Tweedens, waar die bestuur van die oueronderwysersvereniging in vorige jare 16 - 18 lede gekoöpteer het om met kermisse en ander funksies te help, kon die 11 klaskomitees die hulp van 'n verdere 110 en meer ouers inroep. Minstens 220 ouers (55%) teenoor die vorige 40 (10%) het self help voorberei met die verskillende funksies.

Derdens, kon daar deur die stelsel van klaskomitees, staat gemaak word op byna 100% steun van al die ouers, wat nie voorheen altyd moontlik was nie.

Vierdens, het ouers soos dit hoort, verantwoordelikheid aanvaar om fondse in te samel en is elke onderwyser se tyd slegs gedurende 4 - 5 weke van die jaar daarmee in beslag geneem.

### A. KLASKOMITEES

Die klaskomitees het besliste voordele meegebring waarvan die

/193.

volgende die belangrikste is:

1. Waardevolle en nuttige apparaat is deur ouers gemaak vir klasse soos staanders vir flennie-borde en tru-projektors, rakke vir tydskrifte, ens.

2. Verskeie klaskomitees het ken-mekaar-aande gereël wat by die skool aangebied is en waar ouers van dieselfde klas nader kennis gemaak, gesels en saam verversings geniet het.

3. Van die dagbesture van klaskomitees het daarvan werk gemaak om elke ouer van hulle klasse op te soek met die oog op hulle steun en samewerking.

4. Een van die belangrikste gevolge is dat ouers waardevolle ervaring kon opdoen as voorsitters, ondervoorsitters, sekretarisse en bestuurslede van vergaderings. Baie kon hulle skugterheid oorkom, kon hulle talente openbaar en kon leer om te organiseer, met ander woorde leiers onder ouers is ontdek en hulle het geleentheid gekry om te ontwikkel. Maar ook onderwysers kry die geleentheid om te ontwikkel, te organiseer en om mense=verhoudings op te knap.

Enkele nadele verbonde aan klaskomitees is die volgende:

1. Die komitees is meer ingestel op die sigbare, op geldmaak, en is nie sterk bewus van die kulturele en opvoedingstaak nie.

2. Die individuele onderwysers moet self baie sterk kultuur- en roepings=bewus wees om die betrokke besture te lei.

Hierdie stelsel is ingevoer, omdat die nood juis aan die Witwatersrand, waar die toekoms van die Afrikaner en die Blanke nou beslis word, so groot is. Die stelsel behoort in enige skool hier toegepas te kan word en behoort 'n kentering in die sienswyses van baie ouers oor die opvoeding en onderwys te weeg te bring. Die grootste voorwaarde is dat onderwysers met hulle opleiding deeglik kennis maak met al die vereistes wat aan 'n onderwyser-opvoeder gestel word. Só 'n goedopgeleide en geïnspireerde

onderwyser behoort dan met die besielende leiding van sy hoof op sy beurt sterk leiding te gee aan die ouers van sy klaskomitee. Hierdie lede sal dan self, net soos die klasonderwyser, persoonlike kontak met ander ouers van die klas maak. Daar moet nouer kommunikasie tussen skool en huis wees en dit is die skool se taak om die kontak te bewerkstellig, enersyds deur middel van die voogonderwysstelsel en andersyds deur middel van die klaskomitees. Met volharding behoort ouers weer naderhand te besef dat hulle die vernaamste opvoeders is en 'n onvervangbare verantwoorde=likheid ten opsigte van al die aspekte van die opvoeding van hulle kinders het.

B. ONTVANGS- EN ONTHAALKOMITEE

Hierdie komitee bestaan uit 44 lede met sy dagbestuur wat sake in ooreenstemming met die konstitusie reël.

Hier is merkwaardige diens gelewer. Die onderwyser(-es) wat in beheer is van atletiek, rugby, netbal, krieket of tennis, laat slegs die voorsitster vooraf van die verwagte getal spelers en beamptes weet. Die komitee het uit eie middele al die eetware voorsien, terwyl al die drink=goed soos koeldrank, tee en koffie deur die skool verskaf is. Die komitee het die hele bediening waargeneem.

Omdat 7 verskuifbare pawiljoene aan die begin van 1971 in gebruik geneem is, is 3 vriendskaplike atletiekbyeenkomste voor die "interlaer"-byeenkoms aangebied. Die ontvangs- en onthaalkomitee het gedurende 1971 die volgende getalle spelers en beamptes onthaal:

| Sportsoort | Deelnemers | Beamptes | Totaal |
|---|---|---|---|
| Atletiek | 751 | 132 | 883 |
| Rugby | 540 | 42 | 582 |
| Krieket | 210 | 28 | 238 |
| Tennis | 80 | 20 | 100 |
| Netbal | 210 | 39 | 249 |
| Totaal | 1,791 | 261 | 2,052 |

/195.

Die juniorvolkspelelaer het 'n eie bestuur en met die twee plaaslike saamtrekke het hulle hul eie bediening waargeneem.

In 1972 duur die goeie werk van hierdie komitee voort.

Die voordele kan nie genoeg na waarde geskat word nie en slegs enkeles word aangestip:

1. Onderwysers het geen kommer oor onthale nie en is slegs gashere en gasvroue van besoekende beamptes en -kinders.
2. Deurdat die verantwoordelikhede gedeel word deur 44 dames, dra nie een 'n te swaar las nie en kry elkeen maar hoogstens drie beurte per jaar.
3. Hierdie dames ondervind met reg 'n gevoel van trots en tevredenheid, omdat hulle die skool as 't ware verkoop en groot welwillendheid versprei.
4. Kinders van hierdie ouers en ook ander leerlinge ontvang 'n goeie voorbeeld van diensvaardigheid.

C. HULP IN DIE BIBLIOTEEK

Die skool het nie 'n voltydse bibliotekaresse nie en die onderwyseres wat vir die biblioteek verantwoordelik is, is ook voltyds klasonderwyseres. Vóór 1971 moes die onderwysers elke jaar help om kaarte vir nuwe aanwinste gereed te kry, om tydskrifte te versorg, ens.

Ná die instelling van klaskomitees moes elke komitee een verteenwoordiger aanwys wat in die biblioteek moes help. Hierdie hulp is gretiglik aangebied en gedurende 1971 is 79 ure deur moeders in die biblioteek deurgebring. Die verantwoordelike bibliotekaresse het elke keer gesorg vir heerlike tee in die middae. Haar bevindinge oor ouerhulp is soos volg:

1. Hulle was gretig om te help en te leer.
2. Die ouers was besonder noukeurig en netjies.
3. Hulle het besonder vinnig gewerk.

/196.

Ook in hierdie opsig is onderwysers vrygestel van werk wat net so goed, indien nie beter nie, deur ouers gedoen kon word. Hierdie ouers kon ook 'n beter insae van die werk in die skoolbiblioteek, die organisasie daarvan en van die verskillende boeke en hulpmiddels wat tot die skool en kinders se beskikking is, verkry.

In 1972 duur hierdie goeie diens voort.

D. HULP MET SKOOL- EN ONTWIKKELINGSFONDSE

In Januarie 1968 is 'n skoolfonds- en ontwikkelingsfondskaart in gebruik geneem wat elke einde van die maand aan die oudste kind van elke gesin gegee word. 'n Noukeurige rekord word deur die sekretaresse van die skool van die oudste kinders in elke gesin van elke klas gehou.

Die onderwysers moes dikwels tot 7 dae ná die einde van elke maand spook en spartel om die kaarte terug te kry, die geld te kontroleer, aan die sekretaresse te oorhandig en kwitansies vir skoolfonds uit te skryf. Veral die eerste twee dae het dit minstens 25-30 minute van hulle tyd in beslag geneem en het dit altyd 'n lastigheid gebly.

In 1971, met die instelling van klaskomitees, moes elke klaskomitee twee dames aanwys wat hierdie pligte beurtelings moes onderneem. Hulle het dan slegs die kaarte met die koeverte en geld by elke klas ontvang en dan die geld en kaarte gekontroleer, waarna kwitansies uitgereik is.

Dit het spoedig geblyk dat nie elke moeder in die wieg gelê is om klerklike werk te doen nie en dat die administratiewe kant skade ly as gevolg van foute en talle verduidelikings. Twee knap dames was bereid om al om die ander maand hiermee te help en dit het uitstekend gewerk.

Die gevolg is dat onderwysers van 'n irriterende verpligting vrygestel is en ook dat hierdie twee ouers prakties kon ondervind hoe frustrerend dit is as al die ouers nie binne twee dae hulle kaarte terugstuur nie.

/197.

E. KULTUURAKTIWITEITE

Die kultuurkomitee bestaan uit die dagbestuur van die oueronderwysers= vereniging. Laasgenoemde het vóór 1971 al die funksies en aanbiedings van uiteenlopende aard onder sy beskerming geneem. Wanneer die kultuur= komitee besluit oor 'n aanbieding, moet die oueronderwysersvereniging help met verversings, ens. Omdat albei dagbesture dieselfde persone is, het dit gou geblyk dat dit 'n duplisering van werksaamhede en eintlik 'n onnodige komitee is. Alles wat die kultuurkomitee beoog, word ewe doel= treffend deur die dagbestuur van die oueronderwysersvereniging gedoen.

Dit is gevind dat baie leiding gegee moet word om aan die kulturele en opvoedkundige doelstellings van die oueronderwysersvereniging uitvoering te gee. Ook hier is dit 'n saak van opvoeding.

X. PROBLEME WAT OP NAVORSING WAG

Met hierdie studie is gepoog om die ouer se plek en taak in die onderwys en opvoeding te bepaal. Uit die aard van die saak moes ook die skool se opvoedingstaak as medeopvoeder van die kind bepaal word. Waar daar verder aangedui is dat die skool die ouer se opvoedingstaak grootliks oorgeneem het, het dit uit die navorsingbevindings geblyk dat die skool nie opgewasse is vir hierdie taak nie. Tewens die skool kan nooit die ouer as vernaamste opvoeder vervang nie. Die skool is skynbaar dié instansie wat uit die aard van sy samestelling die beste in staat behoort te wees om die ouer op sy pligte te wys. Die skool se opvoedingstaak en hoe dit na behore uitgevoer kan word, is 'n wesenlike probleem wat ernstige aandag verdien. Navorsing daaroor moet ook aandui hoe tekortkominge uitgeskakel kan word.

Op die godsdienstige, kulturele, maatskaplike, staatkundige en opvoedkundige terreine word voortdurend pogings aangewend om die ouer

/198.

belang te laat stel in alle sake wat die opvoeding van sy kind raak. Navorsing behoort gedoen te word oor hoe die talryke instansies hulle pogings kan koördineer om die beste resultate te verkry.

'n Dringende probleem wat navorsing vereis, is Christelik-nasionale onderwys. As Christelik-nasionale onderwys in Transvaalse primêre skole slegs in die teorie bestaan, is dit dringend noodsaaklik dat metodes aan=gedui moet word hoe om dit in alle onderwys prakties te implementeer. As dit slegs in die teorie bestaan, kom die verdere kwelvraag navore of die Afrikaner werklik 'n Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing het.

## XI. FINALE BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Daar is in geslaag om te bewys:

A. Dat die opvoedingstaak van die ouer grootliks deur die skool oorge=neem is, maar dat die skool om verskeie redes nie opgewasse vir die taak is nie.

B. Dat die skool vanweë 'n gebrek aan opvoedkundige insig, 'n gebrek aan 'n Christelik-nasionale inslag en belewing en 'n gebrek aan geroepenheid nie in staat is om die ouer tot die besef te bring dat hy steeds die vernaamste opvoeder is nie.

C. Dat die skool se positiewe beïnvloeding oor 'n tydperk van 18 maande deur middel van inligtingstukke, praatjies en persoonlike kontak, meegebring het dat ouers groter belangstelling in kultuuraktiwiteite binne skoolverband getoon het. Daar is egter nie geslaag om groter belangstelling in buiteskoolse kultuuraktiwiteite mee te bring nie. Volksopvoeding op 'n ongekende skaal sal ook deur die staat en kerk onderneem moet word.

D. Dat ouers graag by die skool wil help en dat met die nodige aan=

moediging en belangstelling van die skool se kant af ouers glad nie ongeneë is om skouer aan die wiel te sit nie. Vaders moet egter begin selfondersoek instel.

E. Dat onderwysers met die nodige voorligting en kennis met blymoedigheid opvoeders en idealiste is en opgewasse kan wees indien die owerhede aandag gee aan die gebreke soos in hoofstuk 4 genoem.

F. Dat ouers graag ook as opvoeders die beste opvoeders wil wees, maar dat dit 'n langdurige, volhardende, aanhoudende en daarby landswye taak moet wees, indien die Christelike beskawing en die Blankedom hier moet voortbestaan. Wat oor 'n tydperk van 70 jaar verkeerd gegaan het, kan nie binne enkele jare reggestel word nie. Daar moet egter nou 'n begin gemaak word.

/BYLAES.

/200.

DOEL EN ROEPING VAN DIE "SKOOL"

(a) Wat is Christelike en nasionale onderwys?

Deur wetgewing is vasgelê dat ons onderwys Christelik en nasionaal is.

(b) Wat is 'n Christelike skool?

Daar is 'n groot verskil tussen godsdiensonderwys en Christelike onderwys, tussen 'n skool bloot met godsdiensonderwys en 'n Christelike skool.

Om die skool met Bybellees, sang en gebed te open, maak van 'n skool nog nie 'n Christelike skool nie. Die gees en rigting van 'n skool word eerder bepaal deur die lewensopvatting wat vertolk word in die ander vakke gedurende die res van die dag. Vergelyk die doelstellings in Natuurwetenskap, Geskiedenis, Aardrykskunde, Gesondheidsopvoeding, ens.

'n Skool is Christelik as die godsdiens deur die kind en onderwyser in gees en rigting oorgedra word op al die onderwys en aktiwiteite van die skoollewe.

(c) Wat is nasionale onderwys?

L.W. Dit is nie 'n verbintenis met 'n politieke party nie. 'n Skool het nasionale onderwys wanneer 'n gesonde nasionalisme in die onderwys bestaan wat uiting vind in liefde en waardering vir 'n eie vaderland, geskiedenis, godsdiens, taal – dinge waarop elke volk groots is, wat sy eie is en geen ander volk s'n nie en verder, die kultuur uit eie bodem onderskei, ken, waardeer en uitbou. Die skool moenie apart van die volkslewe staan nie, maar wel daarbinne en moet krag en besieling uit eie bodem put.

(d) Wat is die einddoel van ons onderwys in ons Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing?

Vir ons as Calvinistiese volk is daar een allesomvattende, finale en

/201.

altydgeldende einddoel vir alle vakke of aktiwiteite van die skool, vir die hele skoolstelsel en opvoedingsproses, geneem uit die Woord van God, nl. OM GOD TE KEN EN TE EER. Joh. 17:3,4 en Rom. 1:21. Die kind word gelei tot volwassenheid, tot 'n ewewigtige volwassene, wat sy ankers stewig in die Woord van God en in ons nasionale lewe het.

Bykomende doelstellings is die ontwikkeling van die kind se ver= stand, sy denke, verskillende vaardighede, sy karakter en alles wat by karaktervorming ingesluit word.

Is die voorgaande ons praktiese wêreld- en lewensbeskouing? Dit moenie vir ons wees soos iemand dit uitgedruk het nie, nl. "Gaan na die skool. Die kinders is daar, die onderwysers is daar, die leer= planne is daar, die gebou is miskien goed toegerus, daar is miskien goeie metodes, en dissipline, maar daar is geen mikpunt of doel nie - buiten miskien om eksamens deur te kom."

(e) Deut. 6:4-7 is ook die skool se taak. As die skool wat godsdiens be= tref, neutraal of anti-Christelik is, is die volk dit ook weldra.

(f) SKOOL EN SY UITDAGING: Onderwyser as Volksleier.

Status kan die onderwyser maklik verkry deur iets van binne na buite uit te straal. Daar is geen ander professie waar die mens meer bevrediging kan verkry as juis in die onderwys nie. Ons is in 'n posisie, veral vandag, waar ons deur ons begeesterdheid, idealisme en vertroue kan help om 'n geestelik sterk volk te vorm! Watter ander beroep verkeer in so 'n posisie? Wie kan ons status van ons wegneem.... behalwe onsself?

Die skool moet

(1) moontlike leiers onder ouers identifiseer en hulle oplei: dis 'n aanhoudende proses;

(2) 'n verskil in sy gemeenskap bewerk. As die gemeenskap

/202.

negatief is, belangeloos is, min belangstelling toon in alle sake (godsdiens, kultuur, staatkundig), moet die skool leiding neem en gee en die gemeenskap positief maak en belangstellend in alle sake.

Verder moet die skool nog die volgende in ag neem:

(3) Na elk van die twee wêreldoorloë is na die onderwys as middel gegryp om dit wat deur die oorlog ontwortel is, weer in die regte bane te plaas;

(4) die oordrag van kultuur en aktiewe oorname, deelname en uitbouing daarvan word wêreldwyd as een van die belangrikste take van die skool beskou;

(5) onderwys is seker die belangrikste nasiebehoudende krag;

(6) ons onderwys en opvoeding is op die volksaard en tradisie gefundeer, nl. Christelik-nasionaal;

(7) ONDERWYS MOET DIE EISE VAN DIE MODERNE TYD SORGVULDIG BESTUDEER - ALLES WAT BEPALEND IS VIR DIE LEWE VAN DIE VOLGENDE GESLAG;

(8) DIE ONDERWYSER MOET VOLKSLEIER WEES VIR DIE JONG GESLAG. "Alleen hy is innerlik bekwaam om op te voed wat ten volle deelneem aan die hele kultuurlewe van sy nasie en sy tyd."

(g) Onderwyser, kind en ouer

(1) Onderwyser en kind

(i) Die kind het volkome vertroue en geloof in die onderwyser se onpartydigheid en regverdigheid. Die kind plaas die onder= wyser op 'n troontjie en aanvaar hom van die begin af as min of meer onfeilbaar.

(ii) Die onderwyser is 'n karakterontwikkelaar - die kind is dan 5½ uur per dag in die skool (buitemuurse bedrywighede uitge= sluit).

/203.

(iii) Die onderwyser is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die toekomstige burgers van ons land.

(iv) Die onderwyser moet kinders leer om hulle vrye tyd nuttig te bestee.

(v) Die onderwyser moet verantwoordelikheid by die kind kweek.

(vi) Die besielde onderwyser kan rigtings en waardes by die kind tuisbring en aanspoor.

(2) Onderwyser-ouer-kind: Waarde van ouer-onderwysersamesprekings.

(i) Ouer-onderwysersamesprekings is deel van die moderne onderwyser se verantwoordelikheid. Die kind bestee byna al sy tyd by die huis en op skool, en dit is noodsaaklik dat ouer en onderwyser die beste middele vir die kind se ontwikkeling voorsien.

(ii) 'n Mens wonder of 'n onderwyser ooit 'n kind kan verstaan sonder om sy ouer te ken en met die ouer te gesels. 'n Onderwyser kan slegs die intieme familielewe ken deur met ouers te gesels.

Hoe kan 'n mens weet wat 25 - 35 kinders dink sonder samesprekings? Wat 'n kind se gevoelens vir sy ouers ook mag wees, dit het vir die onderwyser betekenis, want hy sal die kind verstaan. VOOGONDERWYS, as dit toegepas word soos dit hoort, het tot die kind se voordeel waarde.

(iii) Samesprekings tussen ouer en onderwyser bring mee dat die twee dele van 'n kind se lewe (die lewe by die huis en die lewe by die skool) nader aan mekaar kom. Hoe meer ouer en onderwyser mekaar verstaan, hoe minder sal die kind hierdie kant toe en daardie kant toe getrek word deur mense wat nie besef wat die verskil is tussen die twee lewes wat hulle verwag die kind moet lewe nie. OUER EN SKOOL HET DIESELFDE BELANG: DIE KIND EN SY WELVAART.

/204.

(iv) Die skool as opvoeder moet die plek van die ouer wat weens sy werk hierdie taak verwaarloos, inneem <u>en</u> wat vanweë tradisie dit in elk geval aan die skool oorlaat.

(v) Die onderwyser moet afsprake vir huisbesoek maak en sodoende beter kennis maak en goeie verhoudinge bevorder. <u>Die onderlinge steun van ouer en onderwyser gee aan die kind meer stabiliteit en sekuriteit.</u>

(vi) Hoe meer die kind die onderwyser respekteer, hoe meer sal hy by die onderwyser se onderwys en opvoeding baat. Die <u>goeie verhouding tussen ouer en onderwyser vermeerder die kind se vertroue in beide huis en skool.</u>

Deur positief te wees, deur roepingsbewus en idealisties te wees, moet ons as skool in nederigheid en vertroue, ons Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing by ouer en kind tuisbring. Dan sal ons volksdiens lewer, dan <u>moet</u> daar 'n kentering intree in ons volkslewe, dan sal ons status hê wat niemand van ons kan wegneem nie.

BYLAE A2

DIE MIDDELE VIR SEDELIKE ONTWIKKELING

L.W. Moet gelees word saam met en na Inligtingstuk nr. 1/1971 aan ouers.[1)]

Die taak van die ouer is in die genoemde stuk aangedui, dog die samewerking van elke onderwyser is 'n noodsaaklike vereiste!

Elke onderwyser is 'n draer en vertolker van sedelike waardes in die oë van die leerling en is steeds besig, binne sowel as buite die skool, om die waardes aan sy leerlinge oor te dra. Sy taak as opvoeder is dus geensins met die formele onderwys afgehandel nie. In sy handel en wandel, ook buite die klaskamer, is hy nog voortdurend besig om sy leerlinge ten goede of ten kwade te beïnvloed. Die samewerking van die hele personeel is dus van die grootste belang ten einde 'n gesonde sedelike standaard te stel en te handhaaf.

Geen skool kan daarin slaag indien die onderwyser, soos vandag in toe= nemende mate geredeneer word, "reg het op sy eie persoonlike lewe" en in sy daadwerklike gedrag verloën wat hy in sy amptelike hoedanigheid ver= kondig. Nog veel nadeliger sal sy invloed wees indien hy in sy optrede as onderwyser in die skool onverskillig staan teenoor sedelike waardes. Elke onderwyser moet voortdurend besef dat alle onderrig terselfdertyd ook sedelike onderrig inhou en dat daar geen regverdiging bestaan vir 'n sogenaamde neutrale standpunt nie.

Die personeel van laerskool XX het nog altyd 'n gesonde en skoon humorsin gehad, positief saamgewerk, sonder twis en tweedrag en het behalwe vir dit wat op hierdie terrein pryk, ook veel op die opvoedingsvlak bereik. Laat ons as opvoeders werklik saamstaan en saam stry in geloof en mekaar bemoedig!

---

1) Vgl. Bylae B1, p. 235-237.

BYLAE A3

DOELSTELLINGS IN DIE ONDERWYS EN OPVOEDING

1. In 1967 het dit wet geword dat ons skole Christelike en nasionale onderwys het.

Christelik en nasionaal is onlosmaaklik en prof. Strauss definieer dit soos volg: "Christelik-nasionale onderwys is onderwysende opvoeding tot Christelik-nasionale volwassenheid, deur gehoorsaamheid aan alle Christelike beginsels."

2. Christelik-nasionale wêreld- en lewensbeskouing

Dit is 'n lewensbeskouing wat spruit uit die lendene van Geus en Hugenoot, meer as 300 jaar gelede en is Calvinisties.

Dit is 'n wêreld- en lewensbeskouing wat deur die Afrikaner en Afrikaneronderwyser daagliks oral belewe word, tot eer van God en tot heil van ons land. Dit wat ons bely, moet deur woord, daad en voorbeeld gestalte vind.

3. Hoofdoelstelling

Die hoofdoelstelling en einddoel vir ons as Calviniste in die onderwys en opvoeding is om die kind na Jesus Christus te lei.

4. Bykomstige doelstellings

Bykomstige doelstellings is die ontwikkeling van die verstand, karakter, denke, vaardighede.

5. Christelik-nasionale onderwys in die verskillende leergange

Doelstellings en metodes in verskillende vakke gaan vanuit ons Christelik-nasionale lewensbeskouing.

Die volgende voorbeelde word byna woordeliks aangehaal:

(a) Godsdiensonderrig. (Handboek van Leergange vir die Laerskool, 1964: bl. 16-17).

(i) Die leergang is gebaseer op die Bybel as die geïnspireerde Woord van God.

(ii) Die Skrif is Christosentries en daarom moet die onderrig ook so wees.

(iii) Die vormende waarde van godsdiensonderrig mag nie onderskat word nie. Dit omvat die ontwikkeling van die hele mens tot eer van God op alle lewensterreine, o.a. godsdienstige, sede= like, verstandelike, estetiese, sosiale en liggaamlike.

Onder wenke in verband met die metodiek word genoem dat die onderwyser die einddoel van die vak nooit uit die oog moet verloor nie, naamlik dat elke les die kind steeds nader aan 'n lewende, praktiese geloof in Christus, en so tot kennis, liefde en diens van God sal bring.

Oor die onderwyser self, word gesê dat die gelowige onderwyser nie net tot die verstand van die kind nie, maar ook tot die hart sal spreek.

(b) Gesondheidsopvoeding. (bl. 3-4. Nuwe leergang vir Gesondheidsop= voeding in die laerskool.)

"Om die kinders onder die indruk te bring van die wonderlike samestelling en funksionering van die menslike liggaam as 'n skep= ping en 'n tempel van God". Gesondheidsopvoeding in sy geheel kan beskou word as die primêre skool se jeugweerbaarheidsprogram.

(c) Kunsvlyt (bl. 152)

By kunsvlyt se waarde, betekenis en doel as skoolvak, word o.a. aangedui: "Wanneer hy (die kind) geskep het, ontstaan daar by hom 'n gewaarwording van voldaanheid. Dit is goed vir sy geestelike ontwikkeling."

(d) Liggaamlike opvoeding (bl. 252)

Twee van die sewe doelstellings is om by die kind "gesonder lewens= gewoontes" en "aanneemlike gedragskodes" te kweek.

(e) Geskiedenis. (bl. 4-5. Leergang vir Geskiedenis in die Laerskool, 1966).

Van die doelstellings is onder meer

(i) om by die leerling belangstelling, besieling en liefde vir

die vak te wek en te ontwikkel sodat hy geprikkel word om meer aangaande sy eie volk sowel as van andere te wete te kom.

(ii) Geskiedenis is in die eerste plek 'n <u>vormingsvak</u> en nie 'n <u>kennisvak</u> nie en daarom moet die hoofdoel met Geskiedenis altyd in die lig van die algemene opvoedingsdoel gesien word.

(iii) Om die nadruk te laat val op die vorming en ontwikkeling van die persoonlikheid en karakter van die leerling, sy vermoëns, kragte en bekwaamhede. Moreel word die leerling gevoed deur die sedelik-godsdienstige bespreking van goed en kwaad.

(iv) Om by die leerling tuis te bring dat die hede 'n erflating van die verlede is, dat die toekoms weer deur die hede bepaal word en dat kennis van die verlede noodsaaklik is om die hede te belig, en om sodoende die hedendaagse lewensomstandighede en probleme beter te verstaan en te verklaar.

(v) Om op stelselmatige en simpatieke wyse die instellings, tradisies, volksgewoontes en gebruike, historiese oorblyfsels en prestasies en alle geestelike en kulturele waardes van die mens van die verlede, sowel as van die hede, te leer ken en agting en waardering vir die nalatenskap van die voorgeslagte te hê.

(vi) Om die leerling tot die besef te bring dat die welsyn van ons land die verantwoordelikheid van elke burger is.

(vii) Om die nasionale gevoel, opregte vaderlandsliefde, eerbied teen=oor vlag, volkslied, taal en alles wat eie aan 'n volk is, by die leerling te ontwikkel.

(f) <u>Omgewingsleer</u>. (Leergang vir Omgewingsleer gr. i en ii, 1966, bl. 4).

(i) In hierdie vak moet die leerlinge bewus gemaak word van en

hulle bewondering moet vir die grootsheid, skoonheid en orde in Godskepping gewek word.

(ii) Hulle moet gelei word tot dankbare en waarderende toe-eiening en aanvaarding van die gawes van God en die verpligtinge wat dit vir die mens meebring.

(iii) Liefde, agting en trots moet gewek word teenoor ouers, familie, ou-mense, bure, die medemens, eie nasie en land; agting vir eie klere, voedsel, eie en ander se besittings, plante en diere.

(g) Algemene Wetenskap. (Leergang 1967 - grade - st. 5, bl. 1).

Die laaste van ses doelstellings is: Om "die leerling te lei om die wondere en die skoonheid van die natuur te waardeer en om die Almag van die Skepper daarin te sien."

(h) Aardrykskunde. (Leergang 1966 - bl. 6-8).

Een van die belangrikste doelstellings is die volgende: Die wek, onderhou en versterking van belangstellings wat verband hou met die kennis van die aarde en die volke wat daarop woon, deur middel van:

(i) 'n mate van insig in die onderlinge afhanklikheid van die verskillende Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe: sosiale verhoudinge, bevolkingsdigtheid en -verspreiding, godsdiens, sedes, gewoontes, bestaansmiddele, voeding, ongeletterdheid, ens.;

(ii) 'n mate van insig in die onderlinge afhanklikheid van volke met die gepaardgaande internasionale verhoudinge en probleme bv. rasseprobleme, voeding, handel, ens.;

(iii) 'n besef en aanvaarding van die mens se verantwoordelikheid om die aarde met sy bodemskatte te bewerk en te bewaar vir volgende geslagte, d.w.s. die goeie nakoming van ons rentmeesterskap;

(iv) die wek van bewondering en eerbied vir die grootsheid en

/210.

orde van die aarde as skepping van God.

Van sosiale- en persoonsvorming word onder meer gesê:

(v) deur begrip en waardering vir sy eie mense moet die kind leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir belange groter as eie belang, binne sy omgewings- en volksgemeenskap, maar tewens ook voorberei word op aanvaarding van daardie verantwoordelikheid vir gemeenskappe buite sy volksgemeenskap;

(vi) deur die onderrig van Aardrykskunde ontmoet die kind, direk en indirek, God se skepping en skepsels: die aarde en sy mense. Dit moet so geskied dat by die kind bewondering en eerbied vir die grootsheid van die skepping gewek en bestendig word en waardering, begrip en liefde vir sy medeskepsels gevorm word: eers die eie en dan die volkere.

6. Hoofgrondslag en doel volgens leergange. (bl. 2 van die Blouboek).

Die basiese opvoedkundige beskouing (filosofie) waarop die primêre onderwys in Transvaal gebou is, is o.m. die volgende:

(a) Die algemene vorming van die hele kind, dit wil sê die ontwikkeling van sy verstandelike-, morele en religieuse, sosiale, emosionele, estetiese en liggaamlike aspekte as integrerende dele van 'n harmoniese geheel.

(b) Die erkenning van die bestaan van individuele verskille tussen leerlinge ten opsigte van hulle verstandsvermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheidstruktuur en liggaamlike eienskappe.

Die doel met primêre onderwys is

(a) die algemene vorming van die hele kind;

(b) die voorbereiding van die kind vir sy verdere onderwys en opvoeding.

Hierdie twee doelstellings het dan te doen met die gesonde groei en ontwikkeling van die hele kind ten opsigte van sy verstandelike, fisiese, estetiese, religieuse en morele, sosiale en emosionele ontwikkeling.

7. Christelike en nasionale skool

Uit die vorige doelstellings en oogmerke is dit duidelik dat 'n Christelike skool in al sy vakke en buitemuurse bedrywighede 'n Christelike gees sal uitstraal. Omdat Christelik en nasionaal onlosmaaklik is, sal dieselfde vir die nasionale skool geld.

Die opvoeder (onderwyser) sal self ook deur eie deelname positief midde-in die kulturele lewe staan.

8. Die onderwyser as volksopvoeder

(i) Die onderwyser moet volksleier vir die jong geslag wees.

(ii) Onderwys is seker dié belangrikste nasiebehoudende krag.

(iii) Die oordrag van kultuur en aktiewe oorname, deelname en uitbouing daarvan word wêreldwyd as een van die belangrikste take van die skool beskou.

(iv) Die skool (onderwysers) moet 'n verskil teweegbring in die gemeenskap, en negatiewe gesindhede ten opsigte van godsdiens, kultuur en die staat, omskep in positiewe gesindhede en aktiewe deelname.

(v) Niemand kan iets gee wat hy self nie het nie, daarom, indien die onderwyser ander wil besiel, moet hy self binne die volk staan en op alle terreine dien.

BYLAE A4

VOOGONDERWYS

1. Naam van kind: ______________________ Geb. dat. ____________

2. Adres: ______________________ Tel.: ____________

3. Vorige skool: ______________ Dat. hier toegelaat: ____________

4. Stds. reeds gedruip: ____________ I.K.: 1. ________ 2. ______

5. Skoolwerk: (Goed, Gem., Swak): 1. ________ 2. ______ 3. ______

4. ________ 5. ______

6. Geliefkoosde vakke: 1. ______________ Stokperdjies: 1. ________

2. ______________ 2. ________

3. ______________ 3. ________

4. ______________ 4. ________

7. Buitemuurse bedrywighede: 1. ________ 2. __________ 3. ________

8. Beoogde beroep: 1. ______________ 2. __________ 3. ________

9. Leef vader: __________ Sy beroep: ____________________

10. Sy werksplek: 1. ____________ 2. ______________ Tel. ______

11. Leef moeder: __________ Haar beroep: ____________________

12. Haar werksplek: 1. ____________ 2. ______________ Tel. ______

13. Hoeveel broers: ______________ Hoeveel susters: ____________

Hoeveelste kind: ______________

14. Huislike omstandighede: (behoeftigheid, huislike probleme, ouer-kind-verhouding, ens.)

______________________________________________

______________________________________________

15. Gesondheidstoestand: ______________________________

16. Liggaamsgebreke: ______________________________

17. Algemene gedrag: 1. ______________ 2. ______________

18. Voorkoms en netheid: 1. ______________ 2. ______________

/213.

19. Afwykings: ______________________________

20. Goeie eienskappe: ______________________________

21. Ander prestasies: ______________________________

22. Skoolbesoek: 1. __________ 2. __________ 3. __________

4. __________ 5. __________ 6. __________

23. Hulp nodig: ______________________________

______________________________

______________________________

BYLAE A5

PERSONEELOMSENDBRIEF 1/1971

Dames en here,

In verband met voogonderwys. moet ek u bedank vir wat u doen. Om voog te wees is om vader of moeder te wees. U ken elke kind met sy/haar besondere omstandighede reeds deeglik. Vir die volgende onderwyser(-es) is dit egter noodsaaklik dat u alles wat tot hulp en voordeel van die kind kan strek op die voogstaat aandui.

Dit is waar ons beroep (roeping) hom onderskei van alle ander beroepe, naamlik dat ons die kind vir baie ure onder ons sorg het en 'n werklike studie van hom kan maak. Met daardie kennis kan ons hom tot positiewe volwassene lei. Ons is professionele opvoeders en die kind se probleme by die skool, sy huis, sy liefdes en afkeure, belangstellingsfere, emosies, aktiwiteite, ens. is middele tot ons beskikking om hom koers te gee.

Deur 'n studie te maak van besonderhede wat reeds op 'n staat verskyn, het u goeie insae in elke kind. MAAR U SAL DIT AANVUL, IETS NUUTS ONTDEK EN DIE KIND OOREENKOMSTIG BENADER.

Wanneer ons die verskillende hoofde van die staat van 1 - 23 in oënskou neem, sal die grade-dames gedurende die eerste jaar (gr. i) nrs. 6, 7 en 8 voorlopig uitlaat.

Van st. 1 af moet 6 en 7 aangedui word EN KAN DAAR VOORTDUREND GEWYS WORD OP DIE NOODSAAKLIKHEID OM UNIVERSITEIT TOE TE GAAN (beoogde beroep). L.W. Ons kan kinders se aandag nooit genoeg daarop vestig dat ons land die beste breinkrag nodig het nie, en al sou 'n kind 'n messelaar wil word of enige ander ambag wou beoefen, moet hy die hoogste kwalifikasies daarvoor kry! Net ons beste is goed genoeg vir ons Republiek; in die toekoms meer as ooit tevore!

St. 3 tot 5 moet kinders se I.K. aandui. Dit dui aan waartoe 'n kind in staat behoort te wees. Maar dit beteken nie dat 'n kind met 'n lae I.K. noodwendig swak is nie!! So 'n kind presteer dikwels bo sy vermoë.

'n Outjie met 'n I.K. van 85 kry bv. 7 uit 10 vir spelling en die een met 'n I.K. van 120 kry ook 7 uit 10. Dan het eersgenoemde beslis goed presteer, maar laasgenoemde nie. Die eerste outjie behoort geprys te word en die ander outjie aangespreek te word.

Al die ander hoofde moet volledig voltooi word en veral nr. 14 (huis=like omstandighede) ten opsigte van huislike probleme, ouer-kind-verhouding. Om te sê swak, baie goed, gemiddeld is niksbeduidend nie. As dit swak is, moet dit gemotiveer word! Bv.: Stel die ouer belang in die kind se vordering, of in sy skool, kom die ouer met oueraande of klasbesoeke skool toe, igno=reer hy u as medeopvoeder ens. HIERDIE INLIGTING IS NOODSAAKLIK, OMDAT ONS DAN DIE VOLGENDE JAAR MET HUISBESOEK LIEWER KONSENTREER OP DIE MEER NEGATIEWE OUERS.

HULP NODIG (nr. 23) : Gee ons hierdie hulp? Roep ons ook ander se hulp in om 'n verbetering te laat intree?

TEN SLOTTE:

(1) As 'n kind van gr. i af 'n probleem het met rekenkunde (L.W. spesi=fiseer sy besondere probleem) of skrif (L.W. wat is die probleem in skrif) of lees (L.W. Wat? Letteronderskeiding? Onthou ons nog die toetse vir woordblindheid, swak oë, doofheid, ens.?) en hy kom in st. 5 en daar is geen verbetering nie, DAN HET ONS IN ONS ONDERWYS MISLUK.

(2) As 'n kind in st. 1 of 2 gedragsafwykings toon en hy het dit nog in st. 5, het ons ook in ons opvoeding misluk.

(3) Alle veranderings moet deur opeenvolgende voogde (onderwysers) aangebring word en ons hoogste ideaal moet steeds wees om verbeterings en positiewe groei te bewerkstellig.

(4) Elke kind is 'n kosbare soekende siel en ons is in 'n posisie om te help - dit is ons hoogste roeping in die onderwys. Sterkte!

HOOF.

/216.

BYLAE A6

VOOGONDERWYS

"DOEL EN WESE VAN VOOGONDERWYS

1. Voogonderwys moet gesien word as 'n poging om die huislike opvoeding buite die huislike sfeer voort te sit en aan te vul. Soos met alle op=voeding en onderwys, stel voogonderwys hom ten doel om die kind op die weg na volwassenheid te help en te lei.

2. Elke onderwyser moet onder alle omstandighede opvoeder wees, wat im=pliseer dat hy die kind goed genoeg moet ken om elke opvoedingsmoment ten volle te benut. Hierdie opvoedingsfunksie word deur die voogonderwyser in die klas, op die sportveld of waar ookal uitgevoer, en so beoefen hy in der waarheid voogwerk.

3. Elke onderwyser moet voogwerk sien as 'n stelsel of funksie waardeur die opvoedingstaak van die onderwyser sorgvuldig beplan, duidelik omskryf en sterk beklemtoon word.

DIE VOOGONDERWYSER

4. Met die oog op doeltreffende funksionering van die stelsel word be=paalde vooggroepe aan bepaalde voogonderwysers toegewys.

5. In die primêre skool is die klasonderwyser uit die aard van sy voort=durende kontak met sy leerlinge en die opvoedingswerk wat hy as sodanig doen, die aangewese voogonderwyser." .....................................

"9. Elke voogonderwyser moet die voogtaak as roeping aanvaar en moet dit sien as 'n voortdurende opvoedingstaak wat nie in die bestek van 'n registerperiode volvoer kan word nie, maar wat binne sowel as buite die skool voortgesit moet word.

DIE TAAK VAN DIE VOOGONDERWYSER

Die opvoedingstaak van die voogonderwyser word nader omskryf ten einde die verskillende komponente van sy taak te ontleed.

(a) Sy eerste taak is om sy leerlinge deur belangstelling te leer ken.

(i) Aspekte waaroor inligting ingewin moet word:-

(aa) Die kind se huislike agtergrond en sy omgewing.

(bb) Sy persoonlike belangstelling en toekomsgerigtheid.

(cc) Sy gesondheidstoestand en liggaamsgebreke, indien enige.

(dd) Sy persoonlikheidseienskappe.

(ee) Sy sosiale verhoudinge en die grootte en kwaliteit van sy vriendekring binne die skool.

(ff) Sy persoonlike voorkoms, houding en maniere en sy skolastiese vordering.

(ii) Aangewese middele om kennis oor die kind in te win:

(aa) Waarneming van die kind binne die klasverband. 'n Studie van die kind se reaksie op alle opvoedingsituasies is 'n groot bron van inligting.

(bb) Waarneming van die kind buite die klasverband. Die voogonderwyser moet te alle tye daarop ingestel wees om waar te neem hoe die kind hom op spontane wyse buite die klaslokaal, op die sportvelde en in die verenigingslewe openbaar.

(cc) Raadpleging.

Kennis kan ook ingewin word oor die kind deur raadpleging met die personeel, ouers, ander instansies en met die leerlinge self. Doelbewuste kontak moet met ouers tydens toevallige of beplande ontmoetings by die skool gemaak word.

(b) 'n Tweede belangrike taak van die voogonderwyser is om te alle tye

sy leerlinge met raad en daad by te staan en daarop ingestel te wees om elke opvoedingsmoment ten volle te benut. Die volgende situasies skep geleent=hede hiervoor:-

(i) Die oriëntering en tuismaking van nuwe leerlinge.

(ii) Leerprobleme soos gebrek aan konsentrasie, foutiewe studiegewoontes, swak vordering, ens.

(iii) Gedragsprobleme of negatiewe gesindhede.

(iv) Omgangsprobleme en gebrek aan sosiale aanpassing.

(v) Gesondheidsprobleme.

(vi) Probleme wat in verband staan met 'n afwykende voorkoms.

(vii) Probleme ten opsigte van vryetydsbesteding.

(viii) Behoefte aan leiding by die keuse van vriende.

(ix) Behoefte aan leiding ten opsigte van toekomsplanne.

(c) Al die onderhandelinge met leerlinge in die vooggroep moet die stempel dra van 'n ouer-kind-verhouding. Formele, onpersoonlike hantering van situasies moet vermy word. Geleenthede moet geskep word vir informele praatjies of vir toevallige gesprekke met individuele leerlinge.

(d) Die voogonderwyser is primêr verantwoordelik vir sy eie vooggroep, maar moet daarop ingestel wees om elke opvoedingsmoment wat spontaan ont=staan of wat doelbewus geskep word, ook buite sy vooggroep ten volle te benut." ..........................................................................

..........................................................................

"DIE LEERLING-VOOGONDERWYSER-VERHOUDING

16. Die leerling-voogonderwyser-verhouding is die kern van die saak.

17. Die vooggroep moet volle vertroue in hulle voogonderwyser hê, hom sien as eerlike, simpatieke en regverdige mens, hom aanvaar as leier en hom beskou as vriend en raadgewer. Die individuele leerling moet hom beskou

/219.

asof hy die plek van die ouer vervul, die leerling moet weet dat hierdie onderwyser in hom persoonlik belangstel en dat hy met probleme na hom kan gaan.

18. As die verhouding gesond is, sal leerlinge hulle normaalweg na hom wend met hulle probleme.

VOOGWERK EN HUISBESOEK

Die Departement beskou huisbesoek van groot waarde vir die suksesvolle implementering van voogonderwys, maar is bewus van die veelvuldige probleme wat dit inhou.

DIE PLEK VAN DIE HOOF IN VOOGWERK

Daar bestaan groot geleenthede vir die hoof om die beleid wat in die breë opvoedingsprogram van die skool opgeneem is te implementeer binne die raamwerk en organisasie van voogwerk.

Die belangstelling, inisiatief en inspirasie wat van die hoof uitgaan, sal grotendeels die sukses met voogwerk bepaal."

pp. 118-123. Hoofstuk 13, Transvaalse Onderwysdepartement - Handleiding vir Skoolorganisasie, Mei 1970.

BYLAE A7

VOOGONDERWYS : HUISBESOEK BY OUERS EN SAMESPREKINGS TUSSEN ONDERWYSER EN OUER

Algemene doeleindes van ouer-onderwysersamesprekings

1. Om huis en skool in staat te stel om die behoeftes van die kind op die mees effektiewe wyse te bevredig.

2. Om 'n werkende meelewende verhouding met ouers te verkry tot die beste voordeel en belang van die kind.

3. Om twee-rigting kommunikasie tussen huis en skool te verkry.

4. Om ouers te help om te verstaan watter rol onderwys/opvoeding speel in ons moeilike tydsgewrig, die waarde van die eie voorbeeld, en die kwaad van kritiek wat voor die kind uitgespreek word.

5. Om maniere aan die hand te doen hoe ouers hul kinders kan help om suksesvol te wees op skool en om nuttige burgers van ons land te word.

6. Om gemeenskaplike mikpunte vir die kind te kry, tuis en op skool, vgl. veral ons Christelik-nasionale lewenswyse en wat dit alles behels.

7. Om die onderwyser te help om begrip van die kind se verhouding tot sy ouers, broers, susters en ander familielede te verkry.

8. Dat die onderwyser die familie se verwagtinge van die kind kan be= gryp; sy roetine, belangstelling, buiteskoolse aktiwiteite en emosionele houding tuis.

9. Om vas te stel wat die ouers se reaksie en gesindheid teenoor die skool is.

Sommige moets en moenies vir onderhoude en samesprekings met ouers

1. Wees waarheidliewend en eerlik.
2. Respekteer ouers se vertroue.
3. Moenie geskok lyk oor enigiets nie.

/221.

4. Moenie gou gevolgtrekkings maak nie.

5. Wat ouers sê, moet ernstig opgeneem word.

6. Moenie gebiedend wees nie.

7. Moenie in argumente betrokke raak nie.

8. Vermy geykte onderwysterme!

9. Wees simpatiek-begrypend, maar nie sentimenteel nie.

10. Wees bereid om eerlike bewondering vir wat ouers doen, uit te spreek.

11. Bied ouers die geleentheid om oor dié dinge wat hulle raak en kwel te gesels.

12. Wees bereid en gereed om te verduidelik.

13. Laat dit merkbaar wees dat dit nie van ouers verwag word om al die (en alleen) aanpassings te maak nie.

14. Moenie oor ander kinders praat nie, of een kind met ander kinders vergelyk nie. Dit is baie onprofessioneel.

15. Moenie ander onderwysers met ouers bespreek nie, tensy die opmerkings van 'n komplimenterende aard is.

16. Moenie die skool of die Departement se administrasie of beleid verkleineer of neerhalende aanmerkings van die skoolomgewing maak nie.

17. Moenie ouers probeer doodpraat nie.

18. Moenie ouers in die rede val om u eie punt te probeer stel nie.

19. Moenie 'n saak te ver voer met 'n ouer wat nog nie gereed en in staat is om die doeleindes van die samesprekings te begryp nie.

20. Moenie persoonlike vrae aan ouers stel wat hulle in die verleentheid kan stel nie. Slegs inligting wat tot voordeel van die kind strek, is belangrik. Vrae wat bloot uit nuuskierigheid gestel is, is onvergeeflik.

21. Na samesprekings, moenie vertroulike inligting herhaal nie. Dit is uiters onprofessioneel en kan erg skadelik vir die ouers of die kind

/222.

wees.

22. Spoor ouers aan om entoesiaties vir hul skool te wees en om belang te stel sodat elkeen kan sê: "Dit is ons geliefde skool. Almal van ons werk daar, almal van ons tel daar, almal van ons het 'n aandeel in die sukses. Elkeen van ons het verskillende kragte, talente en bekwaamhede om na die skool te bring. Ons deel hierdie gawes van ons in 'n gees van onderlinge aanvaarding en betrokkenheid en ons strewe om saam te werk in geloofsvertroue tot beswil van ons kinders."

Moedig ouers aan om na vergaderings en byeenkomste by die skool te kom, want dit het oneindig baie voordele vir elke kind. DIT MOET GOED TUISGEBRING WORD.

HOOF.

BYLAE A8

Mnr./Mev./Mej. ______________________, klas- en voogonderwyser(-es) van u kind, ______________________________ wil graag op ________________ om ______ nm. nader met u kennis maak en wil u graag besoek. Dit is uiters belangrik dat ouer en onderwyser saamwerk tot voordeel van u kind.

Onderwyser(-es) ________________ Hoof. ________________

ANTWOORD: Dit is in orde en ek verwelkom u besoek.

__________________________

Ouer se handtekening.

/224.

BYLAE A9

## KLASKOMITEE : KONSTITUSIE

(Subkomitee van die oueronderwysersvereniging).

A. BESTUUR:

1. Voorsitter (-ster)
2. Ondervoorsitter (-ster)
3. Sekretaris (-esse)
4. Sewe bykomende lede
5. Klasonderwyser(-es) is lid in raadgewende hoedanigheid en sal die

bestuur verwittig van behoeftes, probleme, ens.

B. BYEENKOMSTE

(1) Notules van vergaderings sal gehou word.

(2) Die grondslag van die komitee is Christelik-nasionaal en vergaderings word met gebed geopen en gesluit.

(3) 'n Kworum is die helfte plus een van die komitee.

(4) Die klasonderwyser(-es) sal in oorlegpleging met die Dagbestuur (voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris) datums van vergaderings reël.

C. ALGEMEEN

(1) Die sekretaresse sal 'n naamlys met adresse en telefoonnommers van lede hou.

(2) 'n Naamlys met adresse (en die naam van elke kind teenoor ouers se naam) van elke ouer in die klas word gehou.

D. DOELSTELLINGS

(1) Die komitee sal te alle tye positief en met oorgawe vir die kinders van die skool die beste probeer gee, deur eie deelname in al die aktiwiteite van die skool.

(2) Die komitee sal op aanbeveling van die klasonderwyser(-es) ouers gaan spreek wat nie die nodige belangstelling in hul skool toon

/225.

nie. Hulle sal op 'n taktvolle wyse aangemoedig word om deel te neem.

(3) Die komitee sal klasfunksies reël en fondse insamel op dieselfde amptelike wyse as met kermisse, met dien verstande

(i) dat geen loterye of enige vorm van gelukspele toelaatbaar is nie,

(ii) dat geen drank op die terrein toegelaat word nie,

(iii) dat die hoof van die skool geen korrespondensie in verband met die funksiereëlings sal voer nie,

(iv) dat kollektelyste die amptelike stempel van die skool sal dra en behoorlik gekontroleer word, daar dit ook geouditeer word.

(4) Die komitee sal hom verder ten doel stel om

(i) die las van fondsinsamelings, wat eintlik die ouer se plig en voorreg is, van die onderwyser se skouers te neem deur be= voegde ouers aan te wys wat skoolfondse en ontwikkelingsfondse sal ontvang en daagliks aan die sekretaresse oorbetaal.

L.W. Daar is 11 klaskomitees en daar kan onderling gereël word watter dames dan deur die skool elke maand kwitansies uit= skryf. Twee dames sal dus een keer per jaar 2 of 3 dae aanwend hiervoor.

(ii) Ouers te gaan spreek om R5,00 skoolfonds te betaal (dit moet eintlik in Januarie betaal word) en waar geen of baie min ont= wikkelingsfonds betaal word, ook daar te bemoedig.

(5) Die komitee sal ook help om hulpmiddels te maak of te laat maak, op aanbeveling van die klasonderwyser(-es).

(6) Die komitee sal lede of ouers aanwys wat beurtelings in die biblioteek kan help met die inskrywing van boeke, voltooiing van kaarte, ens.

(7) Die komitee sal hom beywer om hulp te verleen met afrigting van

spele (rugby, atletiek, netbal, krieket, volkspele, tennis) en ontvangs en onthaal van besoekende spanne.

(8) Die komitee sal ander ouers aanmoedig om saam met hul kinders sang- en musiekaande by die skool by te woon en ook volks- en ander feeste by te woon saam met kinders.

DIT WAT ONS SAAI, SAL ONS MAAI! Die kind sal lief wees vir sy kerk, sy taal, sy land en sy volk. wanneer elke volwassene dit deur die voorbeeld wys en wanneer daar nooit negatiewe en afbrekende kritiek voor die kind op enige wyse uitgespreek word nie.

DIT IS DUIDELIK DAT KLASKOMITEES DIENS LEWER, DIENS AAN HULLE SKOOL EN KINDERS EN DAT GEEN OUER ENIGE SEGGENSKAP HET OOR DIE INTERNE REëLINGS OF PROFESSIONELE AANGELEENTHEDE VAN DIE SKOOL NIE.

In hierdie gees word vertrou dat elke kind se lewe by die huis en by die skool, een lewe sal wees, deur samesprekings tussen ouer en onderwyser.

BYLAE A10

PROSEDURE MET VERGADERINGS

(Leidraad om vergaderings te lei).

1. Open met gebed.

2. Voorsitter(-ster) verwelkom lede en vra of daar enige verskonings is. Die sekretaris(-esse) skryf verskonings neer.

   Verskonings ........................................ (name van lede)

   Teenwoordig ................................. (name van teenwoordiges)

3. Voorsitter (-ster) vra Sekretaris(-esse) om vorige notule te lees.

4. Vra of dit reg genotuleer is. Indien daar veranderings is, teken die Voorsitter en Sekretaris by die veranderings.

   'n Voorsteller en sekondant word gevra dat die notule korrek genotuleer is, waarna die Voorsitter en Sekretaris die notule teken.

5. Sake uit die notule, as daar is, word bespreek.

6. Agenda (of sakelys) word afgehandel.

   L.W. Die Dagbestuur sal 10 dae vóór die vergadering deur middel van die sekretaresse, kennis gee van 'n vergadering met 'n sakelys. Sake wat nie op die sakelys is nie, word onder algemeen bespreek.

7. Die vergadering word met gebed gesluit.

   L.W. (1) Daar moet altyd iets positiefs op vergaderings bespreek en gedoen word - anders sal belangstelling kwyn. Niemand wil in elk geval tyd mors om niks te doen nie!

   (2) GEEN BESPREKINGS OOR DIE SKOOL SE INTERNE SAKE OF PROFESSIONELE AANGELEENTHEDE WORD TOEGELAAT NIE. OUERS MAG NIE INMENG MET ONS SAKE NIE, DIT SAL GLAD NIE GEDULD WORD NIE! Waar u on= seker is, spreek hoof!

   Wees in elk geval ferm dog simpatiek.

BYLAE A11

WENKE AAN ELKE ONDERWYSER IN VERBAND MET KLASKOMITEES. JANUARIE 1971.

1. Open self met gebed of vra vooraf 'n man of dame om dit te doen.

2. Verwelkom ouers baie hartlik en bedank hulle vir hul belangstelling.

3. Verwys ouers na die ouervergaderings van 11 en 12 November 1970 en die inligtingstuk wat aan alle ouers beskikbaar gestel is, en veral na die volgende waarhede:

(i) Sedert 1910 het die idee al meer gegroei dat die staat vir die onderwys en die opvoeding verantwoordelik is.

(ii) Dat ouers al gewoond geword het daaraan dat die skool fondse moet insamel, die skool (onderwysers) alleen afrigting moet doen, die terrein moet verfraai, grootliks moet sorg vir die godsdienstige en kulturele opvoeding van die kind. MAAR, die skool kan nooit die plek van die ouer inneem nie, by die skool kan daar nooit die intieme huislike atmosfeer heers nie.

(iii) Die kind volg die voorbeeld wat die volwassene stel, na. Is die volwassene nie pligsgetrou nie, sal die kind dit ook nooit wees nie. Is die volwassene heeldag vol negatiewe kritiek teenoor die staat, kerk en skool, sal die kind dit ook wees en daarby baie swak leer en nooit die hoogtes bereik wat 'n ouer graag sou wou sien nie.

4. Waar beide ouers werk, sien hulle hul kinders hoogstens 4 uur per dag (dit is wakkerbly-ure). Daarteenoor is die kind $5\frac{1}{2}$ uur per dag onder direkte toesig by die skool. DAN IS DIT MOS LOGIES DAT DIE OUER, NAAS SY HUIS, DIE MEESTE VAN SY AANDAG EN TYD AAN SY KIND SE SKOOL BESTEE DEUR

(i) alle funksies gereeld by te woon,

(ii) saamtrekke wat in belang van die kind handel, by te woon,

/229.

(iii) die onderwyser heelhartig te steun en by te staan,

(iv) nie af te breek wat die skool opbou nie, net soos die skool nie wil afbreek wat die huis opbou nie.

5. Met hierdie gees en gesindheid wil ons diepgaande belangstelling by alle ouers wek om die skool te steun sodat ons kinders werkende en waardige burgers van ons land kan word, wat 'n vaste vertroue het in God en 'n geloof wat onwankelbaar is.

Vir skool en huis om te preek, help niks nie! Ons kan slegs slaag indien ons self die voorbeeld stel deur saam met ons kinders ons kerke te besoek, saam musiek- en sangaande by die skool by te woon, saam na ons plaaslike feeste te gaan en aan ons kinders toon dat ons hul skool en sy werksaamhede waardeer deur gereeld daar te wees wanneer ons genooi word!

Elke ouer tel hier, elke ouer is belangrik hier, elke ouer het talente en kragte om aan te bied! Elke ouer bou saam aan ons skool en aan ons kinders se toekoms. Elke ouer lewer so volksdiens en naastediens en vervul sodoende sy Godgegewe roeping as ouer in ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

Laat ons in geloof en vertroue en met 'n diensmotief alles vir ons kinders gee en laat ons sien watter wonderlike uitwerking dit op hulle gaan hê.

6. Ons sal nou oorgaan tot die verkiesing van 'n klaskomitee. Dit is wenslik dat 'n Skoolkomiteelid ook op hierdie bestuur dien.

NADAT 'n komitee verkies is, LEES B, C EN D van die konstitusie aan teenwoordiges voor.

(1) 'n Oorgetrekte skrif (groot) dien as notuleboek met die onderwyser(es) se naam, st. en klasnommer daarop.

(2) Notule word geneem.

(3) Slegs besluite word genotuleer.

(4) 'n Presensielys word altyd gesirkuleer en by elke vergadering se

/230.

notule ingeplak (verskonings word aangedui).

(5) Die 10 komiteelede moet elkeen 'n lys van die name, adresse en telefoonnommers (en kind se naam) van die ouers in die klas hê.

(6) Bepaal dadelik 'n datum vir die volgende vergadering, waar

(i) die komitee reeds met ouers kan gaan praat wat sonder verskoning hierdie eerste vergadering nie bygewoon het nie,

(ii) die komitee alreeds take kan ontvang en rapporteer wie sal help met spele, hoe fondse ingesamel kan word, ens.

(7) Kies twee dames wat kan help met skool- en ontwikkelingsfonds. L.W. 22 dames uit die 11 komitees sal aangewys word en 2 sal elke maand (d.w.s. een keer per jaar) help.

(8) Kies twee dames wat in die biblioteek kan help.

(9) Kies 4 dames wat kan help op die Ontvangs- en onthaalkomitee wanneer spanne ons besoek!! Hulle vorm die aparte ONTVANGS=KOMITEE.

BYLAE A12

KULTUURKOMITEE : KONSTITUSIE

A. 1. Voorsitter
2. Ondervoorsitter
3. Sekretaris(-esse)
4. Twee addisionele lede
5. (Hoof bykomstige lid).

B. 1. Die grondslag is net soos die Konstitusie van die oueronderwysers= vereniging Christelik-nasionaal en vergaderings sal met gebed geopen en beëindig word.

2. Hierdie komitee is 'n subkomitee van die bestuur van die oueronder= wysersvereniging.

3. 'n Kworum is die helfte plus een van die lede.

4. (a) Die komitee se hooftaak is om sang-, musiek-, dames- en jeugaande te reël.

(b) Om kunsuitstallings te reël.

(c) Om immigrante-aande te reël en hulle by ons te probeer inskakel.

(d) Om sprekers te kry wat kort en bondig sal gesels oor sake wat elke ouer en onderwyser raak en WAAR OUERS IN GESPREK KAN KOM.

(e) DIE GROOT DOEL IS OM OUER EN KIND SAAM TE LAAT GENIET, GRATIS - OM ONS ALMAL GEESTELIK STERKER WEERBAAR TE MAAK EN VERAL ONS KINDERS, DEUR DIE EIE VOORBEELD WAT ONS STEL!

(f) Lede van hierdie komitee sal saam met ander lede van die bestuur en lede van die klaskomitees en ander ouers wat positief is, probeer om die ouers wat moontlik onverskillig staan te lei en te be= moedig om aan al die skoolaktiwiteite tot voordeel van elke kind en tot heil van ons land en volk deel te neem.

5. Die hoof sal aanvanklik leiding gee.

BYLAE A13

ONTVANGS- EN ONTHAALKOMITEE : KONSTITUSIE

(Subkomitee van die oueronderwysersvereniging)

A. Komitee bestaan uit voorsitster, ondervoorsitster, sekretaresse en 41 lede.

(Elke klaskomitee wys 4 lede aan wat op hierdie komitee dien, dus 44 lede).

B. Doelstellings en verantwoordelikhede:

(i) Om besoekende ouers, onderwysers en leerlinge op eg boerewyse te verwelkom, tuis te laat voel en te onthaal.

(ii) By die aankoms van 'n span word tee en/of koffie en 'n koekie in die personeelkamer vir besoekende ouers en onderwysers aangebied.

(iii) Hulle word genooi om ná die byeenkoms weer iets te kom geniet.

(iv) Die leerlinge wat kom word ná die byeenkoms saam met ons deelnemers by die kunsvlytkamer met koeldrank of koffie of tee met toebrood=jies of koek onthaal.

Die onthaalkomitee saam met ons skool se onderwysers, leer ons kinders taktvol om eers die besoekertjies te bedien en dán neem hulle deel.

(v) Met vriendskaplike atletiekbyeenkomste (waar verversings verkoop word) sal die komitee nogtans

(1) ouers wat amptelik help en hulle skool se onderwysers by aankoms trakteer,

(2) alle beamptes gereeld van iets te drinke voorsien, en

(3) ná afloop van die byeenkoms, die besoekende ouers, onderwysers en deelnemers onthaal.

C. Die dagbestuur

(1) sal reël hoeveel en wie van die 44 lede by elke geleentheid sal help;

/233.

(2) sal ook reël wie wat moet voorsien en wat voorberei moet word;

(3) sal bereid moet wees om op kort kennisgewing soms alles in ge=reedheid te kry;

(4) moet 'n naamlys van die 44 lede kry van die 11 verskillende klas=komitees. Ons motief is diens en ons dra en verdra mekaar op die komitee, ons bemoedig mekaar, ons lei mekaar en ons toon aan alle besoekers dat ons gasvry is en dien!

(5) moet noukeurig rekord hou van die beurte van elke lid sodat niemand 'n té swaar las dra nie en die verantwoordelikhede eweredig versprei word.

BYLAE A14

Mnr. en mev. ______________________________

U word uitgenooi om op __________ dag, __________________ 1971,
'n les by te woon van mnr./mev./mej. ____________________________ wat
om __________ vm. aangebied word in klaskamer nr. ________

Die les gaan oor ________________________________________

L.W. (1) Deur u belangstelling en teenwoordigheid sal die kind-ouer-onderwysers-verhouding verbeter, tot voordeel van die kind.

(2) U is ons gas en baie welkom.

(3) In die klaskamer en in die skool is daar een leermeester, naamlik die onderwyser(-es).

Laat weet asb. of u kom, sodat sitplek vir u ingeruim kan word.

Klasonderwyser(-es) ______________________ Hoof ________________

---

Ondergetekende sal op ____________________, om _____ vm. teenwoordig kan wees. Ek begryp dat ek op geen wyse kan en mag inmeng in die professionele aangeleenthede van die skool nie.

Datum: ____________________ ____________________________

Handtekening van ouer.

BYLAE B1

## OPVOEDINGSTAAK VAN HUIS EN SKOOL

### Die middele vir sedelike ontwikkeling

Sedelike opvoeding in die volle betekenis van innerlike organisasie bly die ruggraat van alle opvoeding van die mens. God is self die bron daarvan, die Bybel "die Woord" waardeur dit geopenbaar word en die leer en lewe van Christus die verwesenliking daarvan. Die godsdiens is en bly die belangrikste middel tot sedelike opvoeding en ontwikkeling. In die handel en wandel van Jesus Christus, word die sedelike waardes deur die lewende voorbeeld van die sedelik volmaakte persoonlikheid vertolk.

Die lewende voorbeeld is van deurslaggewende betekenis vir die kind se sedelike ontwikkeling! MAAR DAAR IS INVLOEDE WAT DIE KIND SE ONTWIKKELING NIE NET ONDERMYN NIE, MAAR SELFS VERNIETIG!

Die nadelige invloed van onoordeelkundige kritiek op, of minagtende optrede teenoor draers en vertolkers van die sedelike waardes in die teen=woordigheid van kinders, kan nooit genoeg beklemtoon word nie.

Ouers praat bv. minagtend van die predikant (kerk), die onderwyser (skool), regeringsleiers (die regering), volkshelde (volk) of enige leier of bekleër van gesag in die gemeenskap. Deur dit te doen is hulle onwille=keurig besig om die sedelike waardes wat deur die godsdiens, die onderwys, die staatsinstellings, die volkstradisies, ens. beklemtoon word, te onder=myn. DIE KIND KAN NOG NIE ONDERSKEI TUSSEN DIE MENSLIKE DRAER VAN DIE WAARDES (OUER) EN DIE WAARDES SELF NIE, en verloor sy eerbied vir die waardes self heel gemaklik saam met sy eerbied vir die ouer. (WAAR ANDERS KOM DIE SOGENAAMDE OPSTANDIGHEID VAN DIE JEUG VANDAAN?).

Dit ly geen twyfel nie, soos ons reeds in Suid-Afrika vandag meer as ooit belewe, dat die sedelike verval baie nou met hierdie bedenklike verskynsels saamhang. Waar die godsdiens geminag of verwerp word en die nasionale ge=

/236.

skiedenis en letterkunde onteer en die leiers en gesagsbekleërs in 'n gemeenskap beswadder word, bly daar geen bron van sedelike waardes en besieling tot hulle waardering en handhawing meer oor nie.

Dit is noodsaaklik dat gesonde samewerking tussen die skool, die huis, die kerk en die gemeenskap as geheel moet heers. Ontbreek die gemeenskaplike doel en samewerking, dan spreek dit vanself dat die sedelike opvoeding van die jeug daaronder sal ly.

Kommunisme en doofmiddels

Weet u -

(1) dat Rooi Sjina (volgens mnr. Lo, Nasionalistiese Sjina se Konsul-generaal in Johannesburg) byna 800 000 000 Amerikaanse dollars jaarliks aan buitelandse valuta onwettig "verdien" met die smokkel van opium, morfien en heroïene?

(2) dat hul "verdienste" uit dwelmmiddels na ander Westerse lande onbekend is, maar honderde miljoene rand moet beloop?

(3) dat hierdie middels redelik maklik bekombaar in Johannesburg is, omdat soveel meer skepe van die Ooste by ons hawens aandoen?

(4) behalwe om vreemde valuta te verdien DIT DIE OOGMERK VAN DIE KOMMUNISTE IS OM DIE WESTERSE WêRELD TE VERNIETIG? En is Suid-Afrika nie 'n aanloklike prys nie?

Die skrywers het gevind dat die meeste dwelmverslaafdes

(1) reeds voor hul tiende jaar dagga of sterk drank begin gebruik het,

(2) geld en geskenke ontvang het toe hulle graag liefde en aandag en ferme leiding wou gehad het,

(3) geen sedelike ontwikkeling kon ervaar het nie. Daar word nêrens eens gepraat van huisgodsdiens nie.

Mag ons onsself nooit verwyt nie; laat ons na ander 'n helpende hand uitsteek terwille van ons eie en ons volk se kinders en hulle voortbestaan!

---

VERWYSING : OPVOEDING EN ONDERWYS deur J. de W. Keyter: Uitgewers Nasionale Boekhandel, 1961.

VERWYSING : THE BROKEN LINK deur Brian Rose & Bryan Chilvers: Uitgewers Nasionale Boekhandel Bpk., 1969.

<u>BYLAE B2</u>

Geagte mnr. en mev. ______________________________

Ons lewe vandag in 'n wêreld wat gedurig verander! Ons as volwassenes vind dit self moeilik om ons voete te vind en by hierdie veranderinge aan te pas. In hierdie omstandighede moet ons ook nog ons kinders probeer reg lei.

Elke ouer ken sy/haar kind van geboorte af. U weet van die eerste glimlaggie, die eerste kruipslag, die eerste treetjies wat gegee is. U ken elke probleem en behoefte van u kind. Die onderwyser weer ken ook u kind, maar nie <u>so intiem nie</u>! Daar is 'n ander band tussen onderwyser en kind as tussen ouer en kind! MAAR, beide ouer en onderwyser wil graag die beste onderwys en opvoeding aan elke kind gee. DAAROM is dit so uiters noodsaak=lik dat ouer en onderwyser mekaar se hande moet neem en tot gesprek kom. Ons is dit aan ons kinders verskuldig.

Aanstaande jaar D.V. wil ons geleentheid skep waar huis en skool mekaar werklik op die opvoedingsvlak kan vind. Ondergetekende het reeds toestemming van ons Inspekteur van Onderwys gekry om hiermee voort te gaan.

WAT DIT IS, sal ek graag aan u verduidelik en u is baie welkom om vrae aan my te stel, om wenke aan die hand te doen en om u menings vrylik te lug.

Dit sal besonder waardeer word as u op 11 November 1970 of 12 November 1970 om 7/30 nm. in die saal kan wees. Die byeenkoms is heeltemal informeel en op vriendskaplike voet en sal nie lank duur nie.

Vriendelike groete,

HOOF.

---

Stuur asb. terug aan Hoof, Laerskool XXX.

Ek sal op ______________________________ teenwoordig kan wees.

______________________________
Handtekening van ouer.

BYLAE B3

Geagte ouers,

Die bygaande inligtingstuk is saamgestel om u gedagtes te prikkel, om daaroor te besin en met moontlike oplossings na vore te kom.

In die verskillende klaskomitees wil ons graag samesprekings hê tussen ouers - u kan daar waardevolle wenke gee en ook oplossings. Elkeen se mening het groot waarde en om gedagtes te wissel prikkel die mens se belangstelling.

U voorsitter en die betrokke klasonderwyser(-es) sal u mettertyd nooi om 'n komiteevergadering by te woon.

U is ook welkom om sekere onderwerpe vir bespreking voor te stel.

Dankie vir u belangstelling. Wees verseker dat u saamwerk om 'n steeds beter gees en gesindheid by Laerskool XXX te bewerkstellig.

Die uwe,

HOOF.

/240.

BYLAE B4

DIE GESIN – VANDAG

Die hedendaagse mens het geen tyd en rus nie. Ons moet nog aanpas in hierdie tydvak, die wêreld opnuut ontdek, self opgevoed word en terselfdertyd ons kinders lei en opvoed!! Ons ouers kon ons opvoed in 'n tyd wat nie verskil het van hoe hulle opgevoed is nie. In die vorige twee eeue saam het dinge nie soveel verander as in die afgelope dertig jaar nie.

Die probleme wat ons ondervind, is deur onsself geskep. Al die vooruitgang, tegnologiese en ander veranderinge is die produk van die menslike brein.

Geweldige eise word vandag aan die mens gestel. Juis omdat die kinders uitgestuur word in 'n wêreld met soveel eise, moet die fondamente in die huis eers dubbel goed gelê word. Juis omdat die onpersoonlike massa, die masjien en fabriek, die koue, harde, saaklikheid en die gejaag na geld en goed daarbuite die mens se ewewig so versteur, het hy die helende afsondering in die intieme kring van die huisgesin dubbel nodig. Die eerste behoefte is nie nuwe aanpassings nie, maar stabiliteit en gevestigheid.

Daar moet groter waardering wees vir die hooffiguur in die huis, naamlik die vrou en moeder. Sy is die grootste bindingskrag in die huisgesin en moet daarvoor haar eer ontvang. Behalwe die moeder, moet elke gesinslid 'n taak hê. 'n Gemeenskaplike taak is die belangrikste bindingskrag in enige mensegroep.

In die huisgesin ontvang elke lid van die gesin persoonlike erkenning en waardering, en daardeur word die voortbestaan van die gesinslewe gewaarborg. Omdat die vrou dikwels nie erkenning kry nie, wil sy haar elders uitlewe – gaan sy werk en dan ten koste van die huweliks- en gesinslewe.

Vroue-arbeid is 'n inherente deel van die ekonomiese bedrywighede van ons

/241.

bevolking; dit word so aanvaar. Ook die vrou se aandeel in ons same= lewing is onmisbaar! Maar as die werkende moeder van veral voorskoolse kinders, sou weet watter geestelike skade deur haar afwesigheid tuis die kinders berokken word, sou sy haar optrede beslis wysig. Sy is 'n vername opvoeder - hoe kan sy in die nuwe omstandighede aan die kinders se opvoeding reg laat geskied?

Die werkende moeder het gekom om te bly. In dié omstandighede moet elke gesin besin oor hoe die kinders die beste opgevoed kan word.

(1) Ouers moet genoeg tyd hê, of tyd maak of tyd afstaan vir rustige toegewyde omgang en meelewing met hul kinders, sodat die kinders die belang= stelling, waardering en liefde van hul ouers keer op keer geestelik kan ervaar. Wat die kinders betref, is dit die beste wyse waarop die ouers hul tyd kan belê. "Moenie so hard werk om vir julle kinders 'n geldelike belegging te maak nie, belê liewers 'n bietjie meer van julself en jul tyd in jul gesin - die dividende is groter en meer lonend."

(2) Spanning tussen ouers werk steurend op die huislike kring.

(3) Die voorbeeld van die ouerlike lewenshouding en lewenswandel is van groot betekenis.

(4) Deur die huislike kring moet die kind kennis maak met ons kultuur= goedere, deur die regte leesstof, musiek, ens. en die kind moet op die regte wyse inskakel in opbouende kulturele en vryetydsbedrywighede.

(5) Die godsdienstige opvoeding van die kind word die beste behartig in die godsdienstige atmosfeer wat in die huisgesin heers. Dit word be= vorder deur die ouerlike voorbeeld, deur huisgodsdiens te beoefen; deur gereelde gesamentlike kerkbesoek; deur die Christelike voorbeeld van naasteliefde in die gemeenskap te stel.

(6) Vrye tyd moet nuttig bestee word. Daar is oormatige nadruk op spel, sport, ontspanning, sensasie. Vrye tyd word veels te min vereen= selwig met nuttige en waardevolle werk.

/242.

Die man en sy verpligtinge

(1) Die man is volgens die skeppingsordinansie die hoof van die vrou en die hoof van die gesin. Dit beteken hy is die hoogste gesagsdraer in die gesinsgroep, maar nie die enigste nie, want in sy gesagsuitoefening teenoor die kinders staan sy vrou hom by.

(2) Hy is die beskermer van die belange van sy vrou en kinders en moet toesien dat aan hulle reg geskied.

(3) Hy het 'n regmatige plig ten aansien van die tug van hul kinders, en hy kan hierdie verantwoordelikheid alleen tot nadeel van sy kinders op sy vrou afskuif.

(4) Die man moet ook die vrou in die versorgingsarbeid bystaan. Hy be= hoort nie toe te laat dat bediendes hom van hierdie verantwoordelikheid onthef nie.

(5) Hy het saam met die vrou 'n opvoedingstaak; en hy mag nie toelaat dat sy buitehuislike belange die nakoming van hierdie taak, in die wiele ry nie.

Vryetydsbesteding

1. Nuusblaaie, strooibiljette en groot verligte kennisgewings lok die gesin of sommige van sy lede na sportbyeenkomste (motorwedrenne, stamp= karre, rugby, atletiek) en vermaak (bioskoop, buitelandse sanggroepe).
IS DIT GESONDE VERMAAK EN ONTSPANNING?

2. Die korter werkweek lok gesinne na die viswaters en vakansieoorde. Daar is nou in naweke meer verkeer op ons paaie, meer padongelukke en minder mense in ons kerke.

3. Al die instansies probeer geld vir die gesin se vermaak invorder ten koste van die gesin se geestelike geluk. Daar is nie tyd vir kulturele "ontspanning" nie.

4. Alles geskied ten koste van die saam werk van die gesin, die saam beplan, die saam geniet van die geestelike dinge.

/243.

BYLAE B5

WENKE MET BESOEKE AAN OUERS

1. Beklemtoon lojaliteit teenoor die kind se skool en sy onderwysers.

(a) Met enigiets waaroor 'n ouer beswaard voel, kan hulle met vrymoedigheid 'n afspraak met die hoof maak, of met die klasonderwyser.

(b) Om vóór die kind die onderwyser of skool neer te haal, het net vir die kind nadelige gevolge.

2. Naas die ouerhuis, spandeer die kind die meeste van sy tyd by die skool. Ouers moet dus ook naas hul huis en werk die meeste belangstelling in hulle kind se skool toon. Dit is maar twee of drie keer per kwartaal wat ouers se teenwoordigheid by die skool verlang word.

3. Ouers moet self aanvaar dat die skool ook hulle skool is: elke ouer moet voel hy/sy deel in die lief en leed van hulle skool.

4. Elke ouer het 'n bydrae om te lewer deur talente en gawes, deur hulp te verleen en aan te bied. Elke ouer se wesentlike belangstelling en teenwoordigheid, wanneer nodig, kan hulle skool en hulle kind net bevoordeel.

5. Die lewe vandag is maar taamlik liefdeloos - hier, met samekomste, leer ouers mekaar ken, leer onderwysers en ouers mekaar ken en waardeer, en strek wedersydse gesprekke net tot voordeel van die kind en van 'n mens self.

6. Ouers en skool het net één belang en dit is die welsyn van die kind. Deur in aparte wêrelde te leef en te beweeg, kan huis en skool onmoontlik die beste vir 'n kind gee en trek elkeen in 'n ander rigting.

7. Die onderwyser is die grootste bondgenoot van die ouer. Neem mekaar se hande, aanvaar die onderwyser as u goeie vriend. Die onderwyser wil u ook as goeie vriend aanvaar.

8. Onderwysers doen aan die begin van elke jaar huisbesoek omdat hulle u samewerking soek, belangstel in u kind en u hulp nodig het. Steun u kind se onderwyser, waardeer hulle taak en sê dit soms vir hulle. Hulle is

/244.

mense wat 'n bietjie waardering hoog waardeer.

9. LAAT DIE NUWE OUERS BAIE WELKOM VOEL.

10. Vermy besprekings (wanneer u uitgelok word) van ander ouers, ander kinders en van onderwysers. Wees positief, selfs ook wanneer (on-) geregverdigde kritiek gelewer word.

11. Onderwysers sal nie aan ouers voorskryf hoe om hulle sake by die huis te reël nie en daarom sal ouers ook nie aan die skool voorskryf hoe die interne en professionele sake hier gereël moet word nie. Laat ons mekaar net wedersyds vertrou en bystaan.

BYLAE C1

OUERVERGADERING : 11 EN 12 NOVEMBER 1970

DIE OUER SE TAAK EN ROEPING IN DIE ONDERWYS EN OPVOEDING

Hierdie byeenkoms gaan oor ons kinders. Ons kinders is ons kosbaarste besitting. Elke ouer se wens is dat sy kind as volwassene

(1) 'n goeie betrekking sal beklee,

(2) 'n ewewigtige en nuttige persoon vir sy samelewing sal wees,

(3) bo alles 'n Christen-gelowige mens sal wees.

Geen ouer begeer dat

(1) sy kind 'n drankverslaafde of dwelmverslaafde sal wees nie,

(2) sy kind 'n woesteling en traak-my-nie-agtige persoon sal wees, wat geen respek vir God of sy gebod sal hê nie.

Besef ons dat geen geld in die wêreld 'n goeie betrekking kan koop nie of 'n ewewigtige persoonlikheid nie of Christen-gelowigheid nie?

Ons kan daardie mooi dinge vir ons kinders verkry net deur die voor=beeld wat ons self stel.

Dis nodig dat ons 'n keer deeglik oor onderwys en opvoeding besin.

DIE OUER AS OPVOEDER

Die ouer is die vernaamste opvoeder en niemand kan hom vervang nie. Die skool en kerk is aanvullende opvoeders. Die ouer se gesindheid teenoor sy kerk, sy taal, sy volk, sy land, sy skool, ens. en die voorbeeld wat hy op alle vlakke stel, volg die kind na.

Vóór daar skole was, was die ouer die onderwyser en die opvoeder. Later het ouers sáám hul kinders laat leer en nog later toe dit te omvangryk geword het, het die staat skole oorgeneem.

Belangriker as die historiese plek van die ouer as opvoeder, is die Bybelse opdrag in Deut. 6:4-7: "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n ewige

/246.

Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees, en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

Ook Efesiërs 6:4 : "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."

SKOOL AS OPVOEDER

Die skool is aanvullende opvoeder en sit die ouer se taak voort. Ons het Christelike en nasionale onderwys wat deur wetgewing vasgelê is, omdat dit histories ons wêreld- en lewensbeskouing is.

Die skool het vandag die taak van die huis en kerk grootliks oorgeneem. Prof. Van Rooy het namens die Afrikaanse Calvinistiese Bond voor 'n Gekose Komitee van die Volksraad in 1961, die volgende gesê: "'n Saak wat in die afgelope halfeeu vir die onderwys baie nadelig gewerk het, is die gebrekkige uitoefening van die ouerreg en die skromelike verwaarlosing van die ouerlike plig by die onderwys en opvoeding van sy kind........

Dit is vandag die neiging by die meeste van die ouers om afskeid te neem van hul kinders sodra hulle skool toe gaan. Dit is nie ooreenkomstig die plig van 'n ouer nie ......... Dit is vir my 'n betreurenswaardige feit dat dit nodig is om die ouer op sy plig in hierdie verband te wys. In Transvaal, byvoorbeeld, is daar voldoende geleentheid vir die ouer om sy invloed te laat geld, maar hierdie geleenthede word, helaas, skromelik ver=waarloos. Om die toedrag van sake teen te werk is dit ons mening dat ons volk in sy geheel opgevoed moet word om te besef dat die ouer wel 'n plig het teenoor sy kind, en teenoor die onderwys van sy kind."

Prof. Keyter skryf in 1941 reeds: "Ons volk verkeer in 'n waansinnige selftevredenheid en laat-maar-loop-solank-dit-met-my-goed-gaan-lewensbe=skouing. Ons is baie keer luidrugtig in ons volksverheerliking en só

/247.

karig in ons volksdiens."

Daar is talle opvoedkundiges van naam wat hierdie mening huldig, naamlik dat die skool grootliks die onderwys- en opvoedingstaak van die ouer oorgeneem het.

WAAROM IS DAAR GEBREKKIGE BELANGSTELLING IN ONDERWYSSAKE?

Prof. Bingle het in 1961 die volgende redes voor die Gekose Komitee aangevoer:

(i) Politieke stryd sedert 1910. Vir die Afrikaner was dit tot vandag toe 'n verbete politieke stryd, want hiervan het sy identiteit as volk afgehang. Daar was volgens sy mening geen ander saak wat hiermee gelyk staan nie.

(ii) Ekonomiese stryd. Van 1910 tot 1945 was ons volk uiters arm. Hierdie armoede was só oorweldigend dat daar nie belangstelling in die onderwys was om dit enigsins te beïnvloed nie.

(iii) By die armoede het gratis onderwys gekom. Die ouer was maar te bly om van sy ekonomiese verpligtinge van die onderwys vry te kom - die kind is aan die Staat se skole oorhandig en onbewus het die houding gegroei dat daarmee vanselfsprekend alle reg op die onderwys prysgegee moet word.

(iv) Laer- en middelbare onderwys word as só onbelangrik geag dat die parlement dit nooit eers ter tafel neem nie, wat onteenseglik die indruk skep dat dit nie teen enige van die ander staatsdepartemente opweeg nie.

(v) Plaaslike liggame het slegs adviserende magte, en ouers het besef dat onderwys slegs 'n saak van die staat is wat vir hom gedoen word en waar= aan hy nie hoef mee te doen nie.

In 1970 het dit hoog tyd geword dat ons volk sy plig ken en nakom ten opsigte van ons kosbaarste besitting, naamlik ons kinders. Later meer hieroor.

/248.

## DIE EINDDOEL VAN DIE OPVOEDING VAN DIE CALVINISTIES-CHRISTEN-GELOWIGE

Daar is vir ons as Calvinistiese volk een allesomvattende, finale en altydgeldende einddoel in die opvoedingsproses, naamlik "om God te ken en te eer." Ons moet ons kinders lei en die weg wys om kinders van God te word.

Met ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is ons doel dan om die kind verder te help om 'n gebalanseerde volwassene te wees, met liefde vir die volkseie - liefde vir sy volk, taal, land, geskiedenis, kultuur; 'n persoon wat meedoen en self kultuur skep en 'n denkende wese wat sy vryheid positief aanwend.

Sien ons hierdie einddoel en ander doeleindes raak? Of is eksamen=uitslae die begin en einde en enigste doelwit? Die hoof moet gevorm word, ja, maar die hart, die hele kind moet ons onverdeelde aandag geniet.

## HUIDIGE TYDSGEWRIG

Dit het al tradisie geword dat die skool

(i) moet sorg vir die godsdienstige en kulturele opvoeding van die kind,

(ii) alle spele moet afrig en kinders moet vervoer,

(iii) die terrein moet verfraai, bome plant, rugbyvelde moet aanlê, ver=beterings moet aanbring, ens.,

(iv) juis kinders moet laat optree by funksies van skole, of by volks=feeste sodat ouers teenwoordig kan wees.

Die kind moet opgevoed word om die ouer op te voed sodat die ouer sy kind kan opvoed. Die skool is beslis 'n opvoedingsinrigting, 'n aan=vullende opvoeder van die ouerhuis, maar kan nooit die plek van die ouer inneem nie.

Die enigste ware opvoeding is nie mooi praatjies nie, maar die voorbeeld wat die opvoeder stel, enige opvoeder, of dit nou ouer of onderwyser is.

/249.

Paulsen sê: "Alleen hy is werklik innerlik bekwaam om op te voed wat ten volle deelneem aan die hele kultuurlewe van sy nasie en sy tyd."

EIE VOORBEELD

(i) Wanneer ons ons kinders kerk toe stuur en self wegbly, het dit vir die kind waarde? Sal hy as volwassene sy kerk besoek?

(ii) As ons die kind na 'n volksfees stuur - het dit vir hom waarde?

(iii) As ons ons moedertaal vermoor - sal die kind waarde daaraan heg en op sy taal trots wees?

(iv) Ons leer die kinders om ons land skoon te hou! Het dit waarde as volwassenes by sportbyeenkomste en wanneer hulle op reis is, die wêreld vol bemors?

(v) Ons leer die kinders padveiligheid! Het dit waarde wanneer sy ouer roekeloos bestuur en alle padveiligheidsmaatreëls oortree?

DIE EIE VOORBEELD HET BAIE WAARDE. Een goeie voorbeeld het meer waarde as 'n duisend vermanings en tienduisend sedepreke.

VRYHEID

Ons in die Republiek van Suid-Afrika is vandag so vry soos nooit van te vore nie! Vry om ons baas na sy peetjie te stuur, vry om te koop wat ons wil, te doen wat ons wil, vry om te kritiseer soos ons wil. En veelal word hierdie kritiek teenoor die kerk, die staat, die skool, die buurman, ons volkstradisies vrylik voor die kind uitgespreek! Die arme kind het onmiddellik 'n bevooroordeelde gesindheid en die aantal potensiële beterweters en meelopers groei aan!

Daardie vryheid wat ons geniet, moet ons positief gebruik!

Daar is vandag te veel meelopers, praters en kritici in Suid-Afrika, wat nooit 'n vinger verroer om iets te doen nie. Ons in Suid-Afrika is al meer geneig om tevrede te voel as ons 'n bedraggie vir 'n saak gee, vir die kerk, die skool, 'n party, liefdadigheid. Maar ongelukkig bly die konstruktiewe arbeid, die werklike meedoen agterweë.

AANSLAE VANDAG

Besef ons werklik dat die magte van die Bose ons vandag teister deur middel van die Kommunisme, Liberalisme, permissiwiteit? Besef ons dat

(i) aanslae teen ons kerke stadig maar seker besig is om te slaag en dat ons eintlik self daaraan meedoen? Meedoen, deur weg te bly van ons kerke, nie huisgodsdiens te hou nie en Deut. 6 : 4-7 nie na te kom nie?

(ii) ons gesinslewe verbrokkel;

(iii) ons godsdiens en tradisies as oudmodies afgewater word;

(iv) doofmiddels 'n doelbewuste poging deur sekere magte is om die moraal van ons mense af te takel?

(v) ons skole, ook wel deeglik ondermyn word? Die verwysing na "onnies", die neerhalende aanmerkings oor onderwysers, die aanvalle en kritiek wat skole moet verduur? IS DIT DIE DANK WAT 'N OUER BETUIG AAN SY GROOTSTE BONDGENOOT IN DIE OPVOEDING VAN SY KIND?

Die skool is vandag die voorste linie in hierdie geestelike stryd. En ouers moet hulle kragte saamsnoer en een met die skool wees!

U en my kinders moet môre oormôre die land regeer, dan is die meeste van ons 2 meter onder die grond.

Sal hulle geestelik weerbaar wees?

Die ouer moet weer sy regmatige plek inneem - Keyter sê: "SONDER DIE GESIN STERWE DIE SIEL VAN DIE VOLK; SONDER DIE GESIN WORD DIE OPVOEDING VAN SY SIEL BEROOF."

VOORSIENING VIR OUERDEELNAME IN ONDERWYS/OPVOEDING VAN SKOLE

Die Ordonnansie maak voorsiening dat ouers hulle ten volle in die onderwys en opvoeding van 'n skool kan uitleef.

Die skoolkomitee is die amptelike ouerliggaam. 'n Hulpkomitee is die Oueronderwysersvereniging.

Die vernaamste funksie van 'n skoolkomitee is om medeseggenskap te hê in die aanstelling van onderwysers, om toe te sien dat onderwysers aangestel word wat ons Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig en prakties uitlewe. Dit is Christelik-nasionaal omdat die skool 'n voort=setting van wat in die huis belewe word, is.

Verder is die skoolkomitee en die oueronderwysersvereniging diens=organisasies. Hulle lewer diens aan hul skool en ouergemeenskap en hulp aan die hoof en personeel om goeie ouer-onderwysersverhoudinge, te skep en te bevorder. Verder ook om belangstelling in onderwys en opvoeding te bevorder en om saam met die hoof en personeel oningeligte ouers te lei.

Daar is skoolkomitees en selfs oueronderwysersverenigings wat dink hulle is die "base" van 'n skool, die "base" van die hoof en onderwysers; dat hulle opdragte aan die hoof kan gee en beheer het oor die interne reëlings en professionele aangeleenthede van 'n skool.

Hoofde en personele is alleen verantwoording verskuldig aan die Inspekteur en Direkteur van Onderwys, en aan hulle gewete!

'n Skoolkomitee en 'n oueronderwysersvereniging het 'n groot roeping en plig en onbeperkte geleenthede tot diens!

GESINDHEID TEENOOR 'N SKOOL

Wanneer ons 'n skool sien, behoort elkeen te kan sê: Dit is my geliefde skool. Daar word ons denke geleer, ook gevoelens, gedrag en 'n lewenswyse wat ons self en ons gemeenskap sal verbeter. Almal van ons werk daar, almal van ons tel daar, almal van ons het 'n aandeel in die sukses. Elkeen

van ons het verskillende kragte, talente en bekwaamhede om na die skool te bring. Ons deel hierdie gawes van ons in 'n gees van onderlinge aan= vaarding en betrokkenheid en ons strewe om in geloofsvertroue saam te werk tot beswil van ons kinders.

Ek het gepraat met elke ouer in Suid-Afrika. Baie is skuldig, baie is onskuldig. Nou praat ek met die ouers van Laerskool XXXX.

Na aanleiding van die voorgaande kan ek as medeopvoeder vra: hoe was ons belangstelling en ondersteuning van Republiekfeeste, van die jaarlikse kranslegging by die Turffonteinse Konsentrasiekerkhof, ons Taal=fees, Fees van die Grond, ons belangstelling met die verkiesing van 'n skoolkomitee, die bywoning van ouervergaderings. Word ons kinders geestelik deur ons voorbeeld verryk?

Toe daar aan die begin van die jaar uitnodigings gestuur was aan al die ouers van hierdie skoolraadsgebied, tussen 40 000 en 50 000 ouers, om 'n vergadering by xxxxxx by te woon oor "Die krisis in die Onderwys" het slegs 30 ouers dit bygewoon. En dit terwyl skole leegloop!

Weet u wat onderwysers alles moet sluk? Alles moet doen en maar net verdra? Salaris is nie al nie! En as daar nie spoedig 'n kentering in gesindhede teenoor skole kom nie, sal steeds meer onderwysers die diens ver=laat. Kan u u indink wat dan van hierdie geslag kinders gaan word?

By hierdie skool probeer ons na die beste van ons vermoë om ons skool=kinders volgens ons Christelik-nasionale lewensbeskouing op te voed. Wan=neer ons dit nie doen nie, het die skoolkomitee die reg om my daaroor aan te spreek en kan hulle selfs die Direkteur daaromtrent inlig. Let wel, dames en here, hierdie lewensbeskouing is die voortsetting van die ouer se beskouing.

Maar wanneer ons optrede by die skool indruis teen 'n ouer se opvatting wat nie Christelik-nasionaal is nie, moet daardie ouer my nie verkwalik as ek 'n dowe oor aan hom leen nie.

Ons moet iets doen en ons kan iets doen! Op finansiële gebied het ons baie bereik. Ons kan trots en dankbaar wees. Ons het byna R20 000 in $3\frac{1}{2}$ jaar aan noodsaaklike dinge by die skool bestee. Ons is die Here innig dankbaar daarvoor. As ons dit op finansiële gebied kon doen, kan ons ook op opvoedkundige gebied suksesvol wees.

Die kinders van hierdie skool is trots op hulle skool. Ek glo die

/254.

oorgrote meerderheid ouers is ook trots op hulle skool.

Die grootste taak en uitdaging vir die skoolkomitee, oueronderwysers=vereniging, elke ouer en onderwyser wil ek vanaand duidelik probeer stel.

Normaalweg sou die skool net 'n voortsetting wees van die ouer se opvoedingstaak by die huis. Is dit altyd so?

Word die kind nie soms gedwing om twee lewens te voer nie, een by die huis en 'n ander by die skool?

Die kind bring die meeste van sy tyd by die huis en by die skool deur. Dit is mos genoeg rede waarom huis en skool mekaar moet ken, waarom die kind net een lewe moet voer! Naas die huis is die skool die belangrikste plek vir die kind. Dan is die skool mos die plek waar u, naas u huis, die meeste van u krag moet inwerp.

As ouer ken u u kind van sy geboorte af. U ken hom intiem! Die onderwyser ken u kind ook, maar kan hom nooit so goed ken soos sy ouer nie. U kennis en die onderwyser se kennis, wanneer dit saamgevoeg word, moet mos net eenvoudig tot voordeel van die kind strek.

Om hierdie eenheid te bewerkstellig, gaan ons aanstaande jaar D.V., soos volg te werk.

Ouers gaan skriftelik uitgenooi word om gedurende skoolure 'n klas te besoek. (Toestemming van Inspekteur van Onderwys).

U sal byvoorbeeld so 'n uitnodiging ontvang om op 'n Dinsdag om 11 vm. stiptelik die Natuurwetenskaples vir st. 5 by te woon. U sal antwoord of u kom of nie. Daar sal u dan 'n toeskouer wees, u kind sien werk en reageer. U gaan die onderwyser beter leer ken en hy vir u; u gaan u kind in ander omstandighede beter leer ken, en die kind gaan u belangstelling meer waar=deer. Ook die onderwyser en kind gaan nouer met mekaar klaarkom. Die kind gaan beter leer. Hierdie ouer-onderwyser-kind-verhouding gaan dieper betekenis kry.

Maar, daar gaan gereeld ouer-onderwyser samesprekings wees. Ons het voog=onderwys, waar elke klasonderwyser die voog van die kinders in sy klas is.

Daardie intieme kennis van die kind, deur die onderwyser, is net tot voordeel van die kind.

Ons wil ook rolprentopnames maak (ons het nog nie 'n kamera nie) van wat in klasse aangaan, waar ouers met onderwysers gesels, ouerbyeenkomste, sportbyeenkomste, en dit met oueraande vertoon. So wil ons elke ouer se belangstelling prikkel.

Dan moet ons ook klaskomitees hê. Elke klas moet 'n ouerkomitee van 10 lede hê, met 'n voorsitter(-ster) en sekretaris. Die komitees sal in samewerking met die voogonderwyser kyk watter apparaat kan gemaak word om in die klas te gebruik, kan op sekere dae in die biblioteek help, kan ouers nader om te help met afrigting en kan help om die onderwysers se taak te verlig met fondsinsamelings.

Weet u dat van Januarie tot Desember elke onderwyser elke dag met fondse besig is? Behalwe skoolfonds en ontwikkelingsfonds, is dit gelde vir tydskrifte, fotos, driehoekboekies of werkkaarte, beloftes vir die kermis of kontrole van bestanddele, stapwedstryd, rolprentvertonings, ens.

En weet u dat dit glad nie die onderwyser se taak is om fondse in te samel nie? Dis wel die ouer se verantwoordelikheid en voorreg!

Die skoolkomitee en oueronderwysersvereniging werk ten nouste saam met die klaskomitees.

Die oueronderwysersvereniging het hul een doelstelling bereik te wete finansies. Daar is die ander doelstellings van ontvangs van spanne, afrigting van spele, reël van kultuuraande en uitnooi van sprekers.

Die oueronderwysersvereniging gaan subkomitees hê.

Ontvangskomitee: Daardie komitee ontvang besoekende rugby- of netbal=spelers, atlete, ens., en onthaal die besoekende onderwysers, ouers en spelers.

Afrigtingskomitee: Hulle vind ouers wat kan help met die afrigting van rugby, netbal, krieket, en as hulle nie gevind kan word nie, moet afrigters gevind word wat dit teen vergoeding kan doen.

/256.

Kultuurkomitee: Om ons doel in die opvoeding te bereik, om daardie mooi ideale vir ons kinders te bereik moet ons al ons gewig agter hierdie komitee gooi. Die kultuurkomitee sal reël vir:

1. Sang- en musiekaande (gratis) waar ouer en kind saam kan kom geniet.
2. Die vertoning van opvoedkundige rolprente.
3. Dames-aande.
4. Jeugaande.
5. Boeke- en kunsuitstallings.
6. Uitnodiging van sprekers oor probleme wat u en my raak in verband met ons kinders; die menings van deskundiges.

Hierdie komitees het ons volle ondersteuning nodig. U is dit aan u kind verskuldig om deur u belangstelling en deur u teenwoordigheid saam met u kind, hom/haar te laat ontwikkel tot 'n positiewe, ewewigtige mens, wat waarde gaan heg aan die dinge wat vir ons almal dierbaar is. U kind se skool, u kind eis dit van u om belang te stel in 'n inrigting waar hy, naas u huis, die meeste van sy skoollewe deurbring.

Maar verder, u is dit aan uself verskuldig om u vir hierdie klas- en ander komitees verkiesbaar te stel. U het miskien nog nie voorheen die geleentheid gehad om in een of ander komitee te dien nie. U is bang of u dink u is onbekwaam! U leierseienskappe het nog nooit die kans gehad om te ontwikkel nie. Hier kan u ontwikkel, hier kan u op meer wyses 'n positiewe krag in ons gemeenskap word.

Ons allesoorheersende motief moet wees DIENS! Ons lewer diens, ons gee onsself! Ons werk nie vir eer of beloning nie. Ons is net besig om ons hoogste roeping te vervul, naamlik om deur die genade van die Here ons kinders die weg deur die eie voorbeeld te wys.

Laat ons maar nie te veel agter ons doopbelofte "van laat onderrig" skuil nie.

/257.

Eendag moet elkeen van ons voor die Regterstoel verskyn en ons sal nie kan sê dis die kerk of die skool se skuld nie. Die regverdige Regter sal van u en my rekenskap eis.

Laat ons in geloof en vertroue hierdie uitdaging aanvaar! Dit kan nie later gebeur nie. Kom aanstaande jaar na die vergadering, stel uself be= skikbaar, kom wanneer u uitgenooi word.

In 1942 het dr. E. Greyling al gesê dat die onderwys een van die be= langrikste vormende faktore in die lewe van 'n volk is. As die skool neu= traal of anti-christelik is, is die volk dit ook weldra.

Die skool moet opvoed om in die behoeftes van die hele samelewing te voorsien.

Geagte ouers, dit is nodig om hierdie dinge eerlik in die gesig te staar, om te vergeet wat agter is, en om met 'n nuwe visie mekaar se hande te vat en elkeen van ons vat Jesus se deurboorde hand en gaan saam vorentoe.

Baie van ons is miskien nog nooit daarop gewys wat die diepere beteke= nis van huis en skool is nie. Op ons wat hier teenwoordig is, rus die taak om ander ouers by te staan en in te lig.

As onderwyser en opvoeder het ek 'n dure plig. Deel van daardie plig probeer ek vanaand vervul. Moontlik gaan dit my nie baie populêr maak nie. Ek weet een ding en dit is dat deur die gebede en harde werk van vele, is hier reeds baie tot stand gebring. Deur die gebede en volharding van u en my gaan ons ons hoogste roeping in die onderwys en opvoeding hier vervul.

Ek dank u dames en here.

/258.

BYLAE C2

GRADE (1971)-ONTHAAL : 25 NOVEMBER 1970

Baie welkom aan "ou" ouers wat reeds hier kinders het. 'n Besondere welkom aan ons nuwe ouers.

Dit is altyd met 'n mate van heimweë dat 'n mens dink 'n kind gaan nou vir die eerste keer skool toe. Dit is die begin, buite die huis, wat na volwassenheid heen lei.

Welkom ook aan die kindertjies. Mooi luister, niks praat nie, dan kyk julle wat die outjies doen wat sommer nou die dag in die skool gekom het.

Verlede jaar het ons die eerste keer ouers só ontvang en dit het goeie resultate gelewer. Een uitwerking was dat geen kind gehuil het toe hulle vanjaar skool toe gekom het nie.

Die hoofdoel van die byeenkoms is om die beste omstandighede te pro=beer skep tussen huis en skool, waar elke kind so goed moontlik kan leer en ontwikkel.

Wanneer ons hier klaar is, sal ek aan u 'n afskrif gee van 'n "gesprek" wat ek op 11 en 12 November 1970 met ons bestaande ouers gevoer het. Bestudeer dit asseblief.

Op hierdie stadium wil ek net sê dat naas u huis, bring u kind die meeste van sy tyd by die skool deur. Omdat dit só is, moet 'n ouer die meeste van sy kragte en sy tyd by die skool en al sy aktiwiteite inwerp. Die skool is u grootste bondgenoot in die onderwys en opvoeding van u kind.

Weer eens baie welkom, hoop u geniet hierdie uurtjie.

Item: Volkspele; gr. i tot st. 1.

Praatjie deur mev. Smit, grade-onderwyseres.

Item: Slagorkessie.

Ek wil nie lank wees nie en wil net die volgende onder u aandag bring:

/259.

1. Wanneer begin 'n kind leer?

2. In watter omstandighede leer hy op skool die beste?

3. Wat benadeel en vertraag goeie leer?

4. 'n Paar algemene sakies.

Ek gaan nie honderde feite, oorsake en gevolge aan u voorhou nie. Net enkele gedagtes noem wat die ondervinding in skole is.

WANNEER BEGIN 'N KIND LEER?

Hy leer van sy geboorte af.

Hy leer sy moeder se stem ken, begin later waarneem, na dinge gryp, na geluide luister, ens.

Teen 'n kind se vierde jaar is die grondslag in sy ouerhuis reeds ten opsigte van sy gesindheid teenoor gesag, dissipline, godsdiens, leer=gierigheid, sindelikheid, en dies meer, gelê.

Die skool is aanvullende opvoeder en bou daarop voort. Wanneer die kind skool toe kom, het hy al lankal geleer om te leer, en leer hy nou net nuwe dinge.

Waar die grondslag by die huis nie goed gelê is nie, veral ten opsigte van leer, kan 'n kind onryp wees en 'n bietjie sukkel en kan hy in sy eerste jaar druip.

Daarom moet ons as ouers nooit ongeduldig wees wanneer kleuters van 2 tot 5 en ander kinders gedurig met vrae kom nie. Deur vrae te vra leer hulle! (Waar kom ek vandaan? KAAPSTAD.)

Wanneer hierdie outjies aanstaande jaar skool toe kom, word die leer net voortgesit. Waar enetjie sukkel, sal ons u gou laat weet, sodat ons alles moontlik kan probeer om leer te laat vorder.

IN WATTER OMSTANDIGHEDE LEER 'N KIND OP SY BESTE?

Daar is drie baie belangrike dinge wat tel, naamlik of hy veilig voel, sy gesindheid (lojaliteit) teenoor sy juffrou en skool, en sy ouer se

/260.

gesindheid teenoor die juffrou en skool.

'n Kind leer op sy beste wanneer hy veilig voel, en hy voel veilig wanneer hy weet

(a) sy ouers het hom lief,

(b) dat hulle streng en regverdig is,

(c) dat hulle in hom belangstel,

(d) dat hulle tyd en aandag aan hom bestee,

(e) dat hy aangemoedig word en, wanneer hy soms teleurstel dit nie die einde van die wêreld is nie!

IS ONS AS VOLWASSENES SO DANIG ONFEILBAAR?

(f) dat daar nie meer van hom verwag word as waartoe hy in staat is nie.

MAAR wanneer 'n kind in vrees lewe en onveilig voel, sukkel hy. Ook in die skool probeer ons daardie veiligheid gee.

LOJALITEIT. (Gesindheid teenoor skool).

U en ek verwag van ons kinders en ons leer hulle so, om lojaal teenoor hulle huismense te wees. Hulle moet hul boeties en sussies verdedig; hulle moenie uit die huis uit praat nie.

By die skool leer ons die outjies om lief en trots op hulle skool te wees, om lojaal te wees, om hul beste vir hul skool te gee.

Sy wêreldjie word nou groter - eers was dit net die huis - nou word dit die skool en 'n paar honderd ander kinders.

Algaande kring sy lojaliteit uit na sy stad, sy vaderland en die volk waaraan hy behoort.

U MOET OOK DIE OUTJIE AANMOEDIG OM DIE BESTE VIR SY SKOOL TE GEE. Dan leer hy mooi!

Ongelukkig kry 'n mens dit dat 'n ouer byvoorbeeld kla die juffrou is

te kwaai, die punte is te laag, skoolfonds word gevra en nou word hierdie kritiek voor die kind uitgespreek. Die ouer se voorbeeld en gesindheid word deur die kind nagevolg. Watter kind kan nou goed leer as sy onderwyser en skool sle gemaak word? Wie anders as net die kind ly skade?

KIND SE GESINDHEID TEENOOR JUFFROU

Die kind leer die beste wanneer hy vertroue in sy juffrou het. Sy juffrou is dan 'n heldin en kan niks verkeerd doen of sê nie.

Deur kritiek uit te spreek of die juffrou sleg te maak, SKOK DIE OUER DIE KIND SE VERTROUE IN SY JUFFROU. Nou voel hy onveilig en het hy wantroue. Hy leer nie goed nie en het dalk nie weer vertroue in ander onderwysers nie.

Onderwysers begaan ook foute. Ten spyte van hul opleiding, is geen onderwyser 'n volmaakte wese nie.

Wanneer 'n ouer ongelukkig voel, moenie sommer stoom afblaas nie. Die onderwyser gaan geen skade ly nie - net die arme kind ly skade!

Kinders kom met die snaakste storietjies by die huis aan. Hulle het 'n groot verbeelding.

Voorbeeld. Guy Fawkes: Naamlose moeder skakel my. Kinders moes in die saal hande opsteek wat klappers op 5 November geskiet het en het toe in die kan toor slae gekry. WAT WEL GEBEUR HET IS dat 'n paar seuns klappers skool toe gebring het, en hulle het slae gekry.

Met die ouervergadering van 11 en 12 November 1970 het ek hierdie selfde saak genoem. Die ouer het nie die moed gehad om eers vergadering toe te kom nie, hoewel sy skriftelik die uitnodiging aanvaar het.

In die Republiek is ons skole Christelik-nasionaal, OMDAT DIT 'n voortsetting van die huis se gesindheid is.

Wanneer ons hier nie Christelik-nasionaal optree nie, kan u my aanspreek. MAAR WANNEER DIE HUIS SE GESIGSPUNT VERSKIL met wat Christelik en nasionaal is, gaan ek nie my skool en personeel laat intimideer nie. Dit net terloops!

U en ek ken kinders. Moenie sommer gevolgtrekkings maak nie. Maak eers seker wat die posisie is. Skryf 'n briefie aan die juffrou.

Ons leer die kinders om lojaal te wees! Doen u dit ook.

Elke bobbejaan is baas op sy eie krans. Daarom, wanneer u 'n juffrou wil spreek, kom eers na my toe. Twee redes daarvoor:

1. U kan dalk lank gesels oor u Jannie en 30 ander kinders verloor werk wat nooit ingehaal kan word nie.
2. Ouers boelie soms 'n onervare juffrou.

Ek aanvaar alle verantwoordelikheid by die skool en dit is etiket om u eers aan te meld. Ek is elke dag beskikbaar vir ouers van grade vanaf 1.05 tot 2.00 nm. Gedurende skoolure alleenlik as 'n afspraak gemaak is.

ALGEMEEN

Ons stuur dikwels omsendbriewe aan ouers. Daar is altyd 'n skeurstrokie wat u moet teken, afskeur en terugstuur aan die juffrou. Dis om te verseker dat u die brief gekry het. Vermy boodskappe met u kind - skryf liewer 'n briefie.

Neem deel aan ons vergaderings, bied uself aan. Aanstaande jaar gaan ons alles moontlik doen om ouer en onderwyser bymekaar te bring. Lees asseblief wat hier staan, dink daaroor na en u sal verbaas wees.

Vir 70 jaar word daar gepraat, het dinge ontwikkel. Hier gaan ons iets doen, en ons kan slegs iets doen deur onsself in hierdie moeilike wêreld terwille van ons kinders aan ons skool te gee.

Ek glo u sal met lus en vasbeslotenheid u gewig by ons inwerp. Mag u kinders en u baie gelukkig by ons ou skooltjie wees. As u en ek genade nodig het in die opvoeding van ons kinders, hoeveel het die onderwyser nie nodig nie. Bid vir hulle en vir my. Dankie.

/263.

BYLAE C3

Geagte ouers,

Op versoek van die ouers wat die jaarlikse algemene vergadering van die oueronderwysersvereniging op 27 Januarie 1972 bygewoon het, word die bygaande weergawe van 'n praatjie vir u inligting gestuur.

Die uwe,

HOOF.

DIE SKOOL SE TAAK

Wat verwag 'n ouer van 'n skool? Mooi rapporte? Goeie sportprestasies? Sertifikate en trofeë vir allerhande ander prestasies?

As 'n ouer dit verwag, is hy heeltemal reg. Maar as dit die enigste dinge is wat 'n ouer van die skool verwag, is dit 'n baie groot fout.

Die grondslag van onderwys en opvoeding berus op die vorming van die HELE kind. Nie net die verstandelike en liggaamlike moet aandag kry nie, maar ook die godsdienstige ontwikkeling van die kind, die etiese, die kulturele, die estetiese, die emosionele en karakterontwikkeling. Wat karakterontwikkeling betref, word probeer om die volgende karaktereienskappe tuis te bring en te ontwikkel: eerlikheid, pligsgetrouheid, vriendelikheid, opregtheid, lojaliteit, stiptheid, bedagsaamheid, ens.

Die uiteindelike of hoofdoelstellings egter, in ons Christelik-nasionale onderwys is om God se kinders na Hom te lei en om die kind in sy ontwikkeling te lei tot 'n nuttige burger van sy land wat alles vir sy land en volk feil het.

Om al hierdie doelstellings te bereik besoek klasonderwysers (as voogonderwysers) elke ouer, sodat elke kind as individu geken en gehelp kan word.

/264.

Volgens die onderwysordonnansie is elke onderwyser gedurende skoolure eintlik 'n plaasvervangende ouer van sy natuurlike ouers. Die onderwyser is dan vader of moeder van die kind en tree ten opsigte van gesag, tug, aandag, liefde, dissipline en opvoeding, op soos 'n normale ouer dit sal doen.

Die onderwyser is dus meer as net 'n deskundige wat somme en spelling vir die kind leer. Hy is leier van die kind. HY IS DIE OUER SE GROOTSTE VRIEND EN BONDGENOOT. HY HET U STEUN EN SAMEWERKING ALTYD NODIG.

Maar onderwys is 'n geloofsaak waaraan die onderwyser toegewy is, want hy is besig met die opvoeding van sy volk se kinders. Hy is die bouer van 'n volk.

U het gelees van die "University Christian Movement". Dit is maar een van talle aanslae wat gemik word teen goeie orde. Inderdaad heers daar 'n geweldige koue oorlog wat teen die gees van die mens gerig is. Daar is 'n koue oorlog tussen idees en idiologieë, tussen die leuen en die waarheid en dis die skool se taak ook om die kind te leer om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Die skool moet ook rigting en koers aandui. Ná elke wêreldoorlog was dit oor die wêreld so! Vandag, ook in ons Republiek, meer as ooit tevore, moet die skool rigting aandui.

Die skool moet onomwonde sê dat ons mense en ons volk sal ondergaan as ons liefde vir 'n gemaksugtige lewe bó strewe en harde werk stel; as voorspoed bereik moet word teen enige prys; as ons veiligheid vóór plig stel! Iemand het gesê: "Om hard te werk is om 'n heldedaad te verrig!"

Dr. A.L. Kotzee sê as die skool sy taak reg aanpak, is dit die magtig=ste kultuur- en beskawingsmiddel in enige land.

Dit is soos die onderwysers van Laerskool xxxxx hulle taak en roeping sien. Maar ons sal magteloos wees as ons in hierdie groot roeping nie die morele en daadwerklike steun van elke ouer het nie. NIEMAND KAN DIE OUER OOIT AS DIE GODGEGEWE NATUURLIKE OPVOEDER VAN SY KIND VERVANG NIE -

/265.

OOK NIE DIE SKOOL NIE.

Daarom kan die skool in sy opvoedingstaak slegs sukses hê as elke ouer kan sê HIERDIE IS OOK MY SKOOL, NET SOOS DIT ELKE KIND EN ELKE ONDERWYSER SE SKOOL IS. Wanneer ouer en onderwyser SAAM STAAN, SAAM WERK, SAAM BESIN, DAN IS DIT WERKLIK EERS SKOOL. Dán sien ons sake eenders en kan ons boog op sukses onder die leiding van die Here.

AS HIERDIE SKOOL IN SY OPVOEDINGSTAAK GROOT HOOGTES GAAN BEREIK, HET U TEN VOLLE 'N AANDEEL DAARIN. Maar as ons net ingestel is op mooi rapporte en sportprestasies EN OPVOEDING vergeet, het u ook DAARIN 'n aandeel.

Die besoeke aan ouers elke jaar deur onderwysers, en vanjaar ook deur skoolkomiteelede aan nuwe ouers, is 'n eerlike poging om elke ouer se belangstelling in sy/haar skool te prikkel terwille van sy/haar kind: U KIND WIL U HIER BY U SKOOL Hê. Die onderwyser en skoolkomitee wil u ook hier hê.

Kom luister na die praatjies deur deskundiges hier - u en ek kan van hulle leer.

Steun u grootste bondgenote, die onderwysers, in die ontwikkeling van hierdie pragtige kinders van ons skool.

Waar onderwysers en skoolkomiteelede met hulle besoeke niks anders as die grootste welwillendheid gevind het nie, kan ons met so 'n gesindheid van ONS skool werklik 'n sentrum maak (en gaan ons dit ook doen met geloof en harde werk), waar ons kinders tot sterk karaktervaste burgers van ons Republiek kan gedy en ontwikkel.

/266.

BYLAE D1

Ds. ______________________________

Geagte heer,

'n Soortgelyke brief as hierdie een word ook gerig aan predikante van die ander twee susterskerke.

Dit word besef dat kerk en skool vandag, meer as ooit tevore, ten nouste moet saamwerk. Ons is bewus van die aanslae wat wêreldwyd, en ook in ons land, teen die gees van die mens gemaak word. Ons is ook daarvan bewus dat duisende kinders in ons land slegs in skole met gods=diens in aanraking kom en dat tienduisende slegs sporadies kerke besoek.

Elke onderwyser het 'n geweldige verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike ontwikkeling van die kind, en dan word hulle nog so dikwels ook ongeregverdig gekritiseer en aangeval.

Dit sal so baie beteken vir elke onderwyser as u moontlik een keer per jaar of meer dikwels ook, 'n welwillendheidsbesoekie aan elke skool bring waar moontlik van u gemeentekinders is, en 'n koppie tee gedurende 'n lang pouse met die personeel geniet. Dit is iets anders as om die skool te open, want by so 'n informele samekoms kan u dan elke onderwyser ontmoet, gesels en belangstel. Daar kan dan net 'n kort "toesprakie" van bemoediging in 'n paar woorde tot hulle gerig word wat afgesluit word met 'n ewe kort gebed.

Ek is daarvan oortuig dat hierdie persoonlike kontak en belangstelling van die kerk se kant, elke onderwyser geestelik wonderlik sal versterk en bemoedig.

Of dit reeds die gebruik by ander skole is, weet ek nie, en ook nie of al die hoofde daarmee sal saamstem nie. As u 'n gunstige mening daaroor kan uitspreek, kan ons dit D.V. as 'n voorstel indien by die Skolewaaksaam=heidskomitee.

/267.

Graag wil ek aan u egter 'n ope uitnodiging rig om enige dag 'n koppie tee hier saam met ons te kom geniet. Ons lang pouse is van 11.45 vm. tot 12.00 nm. Om te verseker dat al die personeellede ook teenwoordig is en om miskien iets ekstra te voorsien, kan u asseblief vooraf laat weet wanneer u kom.

Dit word besef dat van ons predikante tot ses en meer skole het (ook buite die gemeentelike grense) waar hulle skoolopenings waarneem en dat hierdie brief nog 'n verdere "plig" meebring.

Wees verseker dat u gunstige oorweging van hierdie uitnodiging hoog op prys gestel sal word.

Agtend,

Die uwe,

HOOF.

/268.

# B R O N N E L Y S


ANIEL, J. Wat het geword van ons "natuurlike" ouers? Buurman, 2(1), September-November 1971.

BAILARD, VIRGINIA & STRANG, RUTH. Parent-teacher conferences. New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1964.

BEKKER, J.P. Voorsittersrede gelewer by S.A.O.U.-kongres 1971. Die Unie, 68(2), Augustus 1971.

BEUKES, D.P.M. Godsdiens in die huisgesin. Handhaaf, 9(1), September 1971.

BINGLE, H.J.J. Memorandum aan Gekose Komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staatsrukker, Mei 1962.

BLYTH, DONALD J. Working with parents in disorganized urban community areas: The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

BONEKAMP, ALF. Milieu moeilijkheden. Haarlem, Uitgeverij De Toorts, 1962.

BOT, A.K. Tug en dissipline. Ouer en kind. Pretoria, N.G. Kerk-uitgewers, tweede druk, s.j.

BOWLEY, A.H. Child care : a handbook on the care of the child deprived of a normal home life. Edinburgh, Livingstone, 1951.

________ Everyday problems of the school child. Edinburgh, Livingstone, 1948.

________ The natural development of the child : a guide for parents, teachers, students and others. Edinburgh, Livingstone, derde uitgawe, 1953.

BREDELL, H.C. Evaluering van onderwysers, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, T.O.D., s.j.


/269.

BUEHLER, CHARLOTTE. Childhood problems and the teacher. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1953.

BÜHRMANN, M. VERA. Die huisgesin en sy emosionele sekerheid. _Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961_. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

BURGER, J.F. Namens S.A. akademie vir wetenskap en kuns. _Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag_. Pretoria, Die Staatsdrukker, Mei 1962.

BURT, CYREL. Mental and scholastic tests. Londen, Staples Press, vierde uitgawe, 1962.

CHANDLER, B.J. Education and the teacher. New York, Dodd, Mead & Co., 1961.

CHEETHAM, R.W.S. Huisgesin en emosionele sekerheid. _Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961_. Pretoria, N.G. Kerk=boekhandel, s.j.

CILLIERS, S.P. Gesinslewe in oorgangsproses. _Verslag van die gesins=kongres Pretoria 4-7 April 1961_. Pretoria, N.G. Kerk Boek=handel, s.j.

COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1944.

__________ Nasionale onderwys. _Onderwysblad_, LXXVIII(836), Julie 1971.

__________ Ons en ons kinders. Bloemfontein, Sacum, tweede druk, 1949.

CRONJé, A.P. Die opvoedkundige waarde van geslotebaantelevisie. _Onderwys=bulletin_, XIV(1), Maart 1969.

CRONJé, G. Die formulering van gesinsbeleid. _Verslag van die gesins=kongres Pretoria 4-7 April 1961_. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

_____________ Die oorgang van die patriargale huisgesin na die klein huisgesin by die Afrikaner. Handhaaf, 8(10), Junie 1971.

_____________ Die vrou en die gesin. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

CRONJé, G. & GROENEWALD, G.F. Voorbereiding vir die gesinslewe. Ouer en kind. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

DE JAGER, H.T. Menseverhoudinge in die onderwys. Onderwysblad, LXXVII(832), Julie 1970.

DE LANGE, Prof. J.P. Ongepubliseerde toespraak by 'n buurskool in 1971.

DE VILLIERS, A.R. Die godsdienstige taak van die huisgesin. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4 - 7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

DIE TRANSVALER, 34(234), 6 Julie 1971.

DIE TRANSVALER, 35(5), 6 Oktober 1971.

DIE TRANSVALER, 35(21), 25 Oktober 1971.

DIE TRANSVALER, 32(11), 13 Oktober 1971.

DIE TRANSVALER, 35(165), 13 April 1972.

DIE SKOOLKOMITEE EN SY BETEKENIS, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, Staatsdrukker, 1958.

DIE VADERLAND, XXXV(10633), 19 April 1971.

DIE VADERLAND, XXXV(10692), 29 Junie 1971.

DIE VADERLAND, XXXVI (10827), 8 Februarie 1972.

DOUGLAS, H.R. Why visit homes? The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

DOWELL, PATTIE S. What school personnel may expect of parents. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.


/271.

DU PLESSIS, S.J. Pragmatistiese tendense in Transvaalse laeronderwys. Potchefstroom, ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, 1971.

DU TOIT, G.J. Die onbekende onderwyser. Onderwysblad, LXXVIII(834), Januarie 1971.

________ Die onderwyser (en aspekte wat hom raak). Onderwysblad, LXXVII(832), Julie 1970.

________ Hulde aan die onderwyser. T.O. Nuusbrief, nr. 30, Desember 1970.

DUVENAGE, A.P.C. My kind = R10,00. Die Vaderland, XXXV(10694), 2 Augustus 1971.

EFRAEMSON, MARGARET W. Togetherness can be built. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

ERASMUS, L.S. Die nasionale idee in die onderwys met besondere verwysing na Suid-Afrika. Stellenbosch, ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, 1954.

FINE, BENJAMIN. The modern family guide to education. Garden City, New York, Doubleday, 1962.

FRANDSEN, ARDEN H. How children learn : an educational psychology. New York, Mc Graw-Hill, 1957.

GOUWS, H.T. Jeugmisdaad : die belangrikheid van die ouerhuis en die skool by die voorkoming daarvan. Rehabilitasie, 9(2), Junie 1965.

GREYLING, E. Christelike en nasionale onderwys, deel I. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941.

________ Christelike en nasionale onderwys, deel II. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941.

GROENEWALD, E.P. Suiwer menslike verhoudings. Verslag van die gesins= kongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboek= handel, s.j.

/272.

HANDBOEK VAN LEERGANGE VIR DIE LAERSKOOL, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1964.

HANDLEIDING VIR HOOFDE EN VERSLAG, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1969.

HANDLEIDING VIR HOOFDE VAN SKOLE IN DIE VOORKOMING EN BEKAMPING VAN DIE VERDOWINGSMIDDELGEVAAR, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, T.O.D., 1971.

HANDLEIDING VIR SKOOLORGANISASIE, Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, T.O.D., 1970.

HAVIGHURST, R.J. & NEUGARTEN, B.L. Society and education. Boston, Allyn & Bacon, tweede uitgawe, 1962.

HEFFERNAN, HELLEN & TODD, VIVIAN E. Elementary teachers' guide to working with parents. New York, Parker Publishing Co., 1969.

HENNE, JEAN. Communication between principal and parents. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

HERZOG, ELIZABETH. Children of working mothers. Washington, U.S. Government Printing Office, 1960.

HODGES, Jnr. HAROLD M. The acquisition of personality : a sociological perspective. Education and society. Columbus, Ohio, Charles E. Merrill Books, 1963.

KEYTER, J. DE W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942.

__________ Gesinsontwrigting - die aard en omvang. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerk=boekhandel, s.j.

__________ Opvoeding en onderwys. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1936.


/273.

KILIAN, C.J.G. Die opvoedingsdoelstelling en die betekenis daarvan vir die onderwyser. Onderwysblad, LXXVIII(836), Julie 1971.

KOHNSTAMM, Ph. De nieuwe school. Groningen, P. Noordhoff, 1925.

KOTZEE, A.L. Die ideaal in ons onderwys. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.

________ Die ouer se taak. Onderwysnuusflitse, 25(14), Desember 1970.

________ Dissipline in ons skole. T.O. Nuusbrief, nr. 31, Januarie 1971.

________ Die Transvaler, 34(55), 3 Desember 1970.

________ 'n Ideaal vir ons jeug. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1971.

________ 'n Toekomsblik. Onderwys-bulletin, XIV(4), Desember 1969.

KOTZEE, A.L. & STEYN, G.H.A. 'n Verslag van 'n sending na oorsese lande, deel 3. Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, Voor= trekkerpers, 1965.

____________ 'n Verslag van 'n sending na oorsese lande, deel 6. Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria, Voortrekkerpers, 1965.

KURSUS IN ORGANISASIE, BESTUUR EN LEIERSKAP VIR HOOFDE VAN LAERSKOLE. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1969.

LANGENHOVEN, H.P. Die verband tussen prestasies in die nuwe S.A. groep= verstandstoets en omgewingsfaktore. Stellenbosch, ongepubli= seerde D.Phil.-tesis, Desember 1957.

LANGDON, GRACE & STOUT, IRWING W. Teacher-parent interviews. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

LEERGANG VIR AARDRYKSKUNDE IN DIE LAERSKOOL. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1966.

LEERGANG (FINALE) VIR ALGEMENE WETENSKAP VIR DIE LAERSKOOL. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1967.

LEERGANG VIR GESKIEDENIS IN DIE LAERSKOOL. Pretoria, Transvaalse Onder= wysdepartement, 1966.

LEERGANG (NUWE) VIR GESONDHEIDSOPVOEDING IN DIE LAERSKOOL, st. 1-5. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1971.

LEERGANG VIR OMGEWINGSLEER IN DIE LAERSKOOL. Pretoria, Transvaalse Onder= wysdepartement, 1966.

LEIGHTON, R.E. Opvoeding van die kind in die gesinslewe. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

LEONARD, EDITH M., e.a. Counseling with parents. New York, MacMillan Company, 1954.

LIGHTNER, YVONNE. What do parents expect of elementary schools? The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

LINDBERG, LUCILLE. What do we communicate? The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

LÜCKHOFF, DS. J.R. Brief van 11 Januarie 1971.

MAYS, J.B. Education and the urban child : Social research series. Liverpool, The University Press, 1962.

McCREARY, ANNE. Intergroup relations in the elementary school. Education and society. Columbus, Ohio, Charles E. Merrill Books, 1963.

McLEAN, DONALD. Your child and the school. Melbourne, F.W. Cheshire, s.j.

MURFIN, H.C.G. Die onderwyseres van die jare '70. Onderwysblad, LXXVIII(836), Julie 1971.

NEL, B.F. Die psigologie van die onderwyser. Amsterdam, Swets & Zeitlinger Boekhandel, 1947.

NEL, B.F. & NAUDé, H.J. Die kleuter of voorskoolse kind. *Ouer en kind*. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

NEL, J. Onderwyser as sleutelfiguur. *T.O. Nuusbrief*, nr. 29, November 1970.

OLSEN, EDWARD G., e.a. School and community. Englewood Cliffs, New York, Prentice-Hall, tweede uitgawe, 1958.

ONDERWYS IN SUID-AFRIKA. *Die 1961 Onderwys-paneel*, eerste verslag. Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1963.

OOSTHUIZEN, C.J. Die aandeel en invloed van die ouers en hulle opvat= tings en menings insake sekere onderwysvraagstukke. Pretoria, *ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling*, Universiteit van Suid-Afrika, 1943.

PAUW, S. Die gesinslewe in 'n oorgangsproses. *Verslag van die gesins= kongres Pretoria 4-7 April 1961*. Pretoria, N.G. Kerkboek= handel, s.j.

______ Die funksies van die huisgesin. *Ouer en kind*. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

PELLISIER, G.M. Die godsdienstige taak van die huisgesin. *Ouer en kind*. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

PIETERSE, J.E. Ek en my huis. *Handhaaf*, 8(10), Junie 1971.

______ Jong mense verwerp alle gesag. *Die Transvaler*, 34(232), 3 Julie 1971.

PRINS, S.J. Kerksheid, persoonlikheidstrekke en agtergrond by die vroegvolwassene. Pretoria, *ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-tesis*, Universiteit van Suid-Afrika, 1965.

PRINSLOO, M.J.M. Die gesin as arbeidsgemeenskap. *Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961*. Pretoria, N.G. Kerk= boekhandel, s.j.

/276.

__________ Memorandum aan die Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staatsdrukker, Mei 1962.

RAATH, R.J. Memorandum van die interkerklike komitee vir onderwys en opvoeding van die Hollands-Afrikaanse kerke in Suid-Afrika. Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staats=drukker, Mei 1962.

REDAKSIE. Onderwys in diens van die Republiek. Onderwysnuusflitse, nr. 27, Junie 1971.

RIENSTRA, Y. Kind, school en gezin. Groningen, Walters, 1962.

ROSE, BRIAN & CHILVERS, BRYAN. The broken link. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1969.

ROSSLEE, D.D. Onveranderlik in 'n "veranderende" wêreld. Handhaaf, 8(1), September 1970.

ROUX, GERHARD. Die positiewe benutting van ons vrye tyd. Handhaaf, 8(4), Desember 1970.

ROUX, J.W.T. Buitemuurse bedrywighede in die primêre skool. Onderwys=blad, LXXVIII(837), Oktober 1971.

RUPERT, ANTON. Vereistes van konstruktiewe leierskap. Kursus in organi=sasie, bestuur en leierskap vir hoofde van laerskole. Pretoria, Transvaalse Onderwysdepartement, 1969.

SANDSTRÖM, C.I. The psychology of childhood and adolescence. Londen, Methuen, 1966.

SARASON, S.B. Anxiety in elementary school children : a report of research. New York, Wiley, 1960.

SCHOLTZ, G.D. Geestelike sterkte kan die vyand oorwin. Die Transvaler, 34(201), 28 Mei 1971.

__________ 'n Swart Suid-Afrika? Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1964.


/277.

SCHOLTZ, I.P. Die Transvaler, 34(302), 23 September 1971.

SCHREUDER, FRED. Tips voor de ouders van de studerende jeugd. s'-Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij, s.j.

SCHUTTE, B.C. Die roepingsgedagte in die opvoedkunde en opvoeding. Onderwysblad, LXXVIII(837), Oktober 1971.

SMITH, P.M. Memorandum aan Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staatsdrukker, Mei 1962.

SNIJDERS, H.J.C. Memorandum namens die F.A.K. aan Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staatsdrukker, Mei 1962.

SNYDER, DUDLEY C. Leadership in staff relationships. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

SONNEKUS, M.C.H. Ons kinders en hulle probleme. Onderwysblad, LXXVIII(836), Julie 1971.

SPIES, P.G. VAN Z. The selection of prospective student teachers in the Republic of S.A. National bureau of educational and social research : Research series, No. 30. Pretoria, Government Printer, 1965.

STRAUSS, H.J.C. Christelik-nasionaal en C.N.O. Bloemfontein, Sacum, 1969.

__________ Christelike wetenskap en Christelike onderwys. Bloem= fontein, Sacum, 1964.

__________ Die etenstafel. Handhaaf, 9(1), September 1971.

STOTT, D.H. Unsettled children and their families. Londen, University of London Press, 1956.

STRATING, H.H. Die beroepsarbeid van die vrou. Ouer en kind. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

/278.

STROM, ROBERT. Family influence on school failure. The educational digest, XXX, Februarie 1965.

SWART, M.J. Staanplek en standpunt. Handhaaf, 8(12), Augustus 1971.

THERON, ERICA. Opvoeding tot burgerskap. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

THOM, H.B. Die F.A.K. en sy huidige taak. Handhaaf, 7(12), Augustus 1970.

________ Ouer en onderwyser. Handhaaf, 8(2), Oktober 1970.

T.O. NUUSBRIEF, nr. 29, November 1971.

T.O. NUUSBRIEF, nr. 31, Januarie 1972.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT ORDONNANSIE NR. 29 VAN 1953.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Ontwikkeling van personeel. Pretoria, T.O.D., 1969.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT : Omsendminuut 58 van 8 Junie 1972.

TREURNICHT, A.P. Onder die soeklig. Johannesburg, S.A.U.K., s.j.

VAN DER WALT, C.P. Die taak van die ouergemeenskap in die onderwys=situasie. Onderwysblad, LXXVIII(837), Oktober 1971.

VAN ROOY, D.J. Memorandum van die Afrikaanse Calvinistiese beweging. Gekose komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die nasionale onderwys-adviesraad verslag. Pretoria, Die Staats=drukker, Mei 1962.

VAN WYK, J.H. Die Christelike skool. Studiestuk nr. 7 van die Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, 1971.

VAN ZYL, A.J. Die vrye tyd van die huisgesin. Ouer en kind. Pretoria, N.G. Kerkuitgewers, tweede druk, s.j.

VAN ZYL, G.J. Die gesin as arbeidsgemeenskap. Verslag van die gesins=kongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboek=handel, s.j.

________ Die naskoolse jeug. Ouer en kind. Pretoria, N.G. Kerk=uitgewers, tweede druk, s.j.

/279.

VENTER, I.J. Idealisme in die onderwys. Onderwysblad, LXXVIII (834), Januarie 1971.

VENTER, P.W. Die diens van barmhartigheid. Verslag van die gesinskongres Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, s.j.

VERSLAG VIR DIE JAAR WAT GEËINDIG HET OP 31 DESEMBER 1969. Transvaalse Onderwysdepartement. Perskor, s.j.

VILJOEN, GERRIT. Afrikanerleier praat padlangs. Huisgenoot, XLII(2537), 20 November 1970.

VILJOEN, G. VAN N. Godsdiens en kultuur. Handhaaf, 8(3), November 1970.

WALL, W.D., e.a. Failure in school : Unesco Institute for Education. Hamburg, 1962.

WALTER, RALPH. The parent school team. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

WOODRUFF, MYRA. Important elements in parent participation. The national elementary principal : parents and the schools, XXXVII(1), September 1957.

## O P S O M M I N G

Niemand kan die ouer as vernaamste opvoeder vervang nie.

Die skool het nog altyd as aanvullende opvoeder van die kind gedurende skoolure opgetree.

Deurdat die staat al meer vir die ouer gedoen het onder andere deur die instelling van vry onderwys, het die idee by baie ouers posgevat dat die skool alleen verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders is. Dit word deur die gebrekkige ouerdeelname in die verkiesing van skoolkomitees en skoolrade asook in die swak bywoning van oueronderwysersbyeenkomste en saamtrekke van kulturele aard by skole bewys.

By al sy uiteenlopende verantwoordelikhede het die skool nou ook die ouerlike opvoedingstaak van sy kind deels oorgeneem.

Die skool is egter nie vir hierdie taak opgewasse nie, omdat onder andere onderwysersopleiding studente nie volkome vir hulle roeping toerus nie.

Die skool behoort nietemin die beste in staat te wees om mettertyd ouers te laat besef dat hulle nooit doeltreffend as vernaamste opvoeders vervang kan word nie en dat daar ruim geleentheid in Transvaal bestaan dat hulle hul ten volle in die opvoeding en onderwys van hul kinders kan uitleef.

Deur doelbewuste voorligting sal ouers hulle pligte nakom. Hierdie ondersoek het ook bewys ná aanhoudende voorligting, dat ouers groter belang=stelling in die verkiesing van die besture van die skoolkomitee en ouer=onderwysersvereniging toon. Ouers het nie net in groter getalle byeenkomste van kulturele aard by die skool bygewoon nie, maar het ook groter belangstel=ling in boekuitstallings en ouer-onderwysersamesprekings getoon. Ouers het ook meer sinvol met die afrigting van verskillende spele en met die ont=haal van besoekende spanne gehelp. Daarbenewens is hulp in die biblioteek

/281.

verleen, is hulpmiddels vir onderwysers gemaak en het ouers hulle reg= matige verantwoordelikheid ten opsigte van fondsinsamelings aanvaar.

Volksopvoeding is egter dringend nodig en behalwe die skool, sal ook die staat, kerk en kultuurliggame moet saamwerk en hul pogings in hierdie verband koördineer.

# SUMMARY

Nobody can take the place of the parent as the principal educator.

The school has always acted as supplementary educator of the child during school hours.

Because the state has given more and more to the parent inter alia the establishment of free tuition, many parents have been taking it for granted that the school alone is responsible for the education of their children. This is substantiated by the poor parent participation in the election of members for school committees and school boards, as well as the poor support of parent-teachers association meetings and gatherings of a cultural nature at schools.

In addition to all its divergent responsibilities the school has now also partially taken over the parent's educational task of his child.

The school is, however, not equal to this task because inter alia teacher training does not adequately equip students for their vocation.

The school should nevertheless be in the best position in due course to make parents realise that they can never effectively be replaced as principal educators. They must also realise that ample opportunities exist in Transvaal where parents can partake in full in the education and tuition of their children.

By means of purposeful guidance parents will do their duty. This research has proved clearly that after continuous guidance had been given, parents have shown more interest in the election of members of the school committee and the parent-teachers association. Not only did more parents attend meetings of a cultural nature at the school, but they also showed more interest in book displays and parent-teacher conferences. There was also more significance in their coaching of different games and in the entertainment of visiting teams. In addition, assistance was given in

/283.

the library, many teaching aids were made for teachers and parents as= sumed their rightful responsibility with regard to the collection of funds.

However, education on a national scale, is necessary. Apart from the school, the state, the church and cultural bodies must co-operate and co-ordinate their efforts in this respect.